

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



SAKELYS vir die SESDE SINODE gehou te Pretoria

9 – 14 Augustus 1993

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die Sinode oor sake daarin besluit het nie.*

Inhoudsopgawe

1. INHOUDSOPGAWE	i
2. VOORWOORD	ii
3. ORDEREËLINGS	iii
4. DAGPROGRAM	v

VERSLAG VAN

5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE	1
6. VERTEENWOORDIGER BY BYBELGENOOTSKAP	10
7. KOMITEE VIR RADIO- EN TV-UITSENDINGS	12
8. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE	14
9. KURATORIUM	22
10. KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING	28
11. JEUGKOMMISSIE	46
12. KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING	60
13. KOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE	75
14. KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS	77
15. KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE	80
16. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE	85
17. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK	86
18. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME	88
19. KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING	102
20. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE	105
21. AD HOC-KOMMISSIE: VOLKEREVERHOUDINGE	140
22. KOMMISSIE VIR FINANSIES	144
23. KOMMISSIE VIR ARGIEF	154
24. AD HOC-KOMMISSIE: "EKKLESIA"	156
25. AD HOC-KOMMISSIE: VROUEAKSIE	159

Ordereëlings

1. Waarnemende Voorsitter ooreenkomstig KO Bepaling 41E totdat Voorsitter gekies is: Dr E. Friis.
2. Waarnemende Skriba totdat Skriba verkies is: sal deur die SKK aangewys word.
3. Opening deur waarnemende Voorsitter: Skriflesing, sang en gebed.
4. Verwelkoming deur:
 - 4.1 Waarnemende Voorsitter.
 - 4.2 Voorsitter, Kerkraad APK Pretoria-Oos.
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe.
6. Konstituering.
7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers.
8. Kennisname van Ordereëls vir Kerklike Vergaderings – word as gelese beskou.
9. Verkiesing (Artikel 40 en Bepaling 41B)
 - 9.1 Voorsitter (wat na verkiesing stoel inneem).
 - 9.2 Ondervoorsitter.
 - 9.3 Skriba.
 - 9.4 Hulpskriba.
 - 9.5 Aktuaris.
10. Benoeming van tydelike kommissies (voorlopige indeling deur SKK-Dagbestuur volgens voorkeure en bekwaamhede deur afgevaardigdes vooraf op vorm Sin.3 aangedui).
11. Vaststelling van Sakelys Dagprogram.
12. Openingsrede deur Voorsitter van vorige Sinode.
13. Verslae van Permanente Kommissies.
14. Nagmaal op uitnodiging van APK Pretoria-Oos.
15. Verslae van Tydelike Kommissies vir
 - A. Kerkregtelike Sake
 - AA. TSKK
 - B. Finansies
 - C. Jeug en Verbondsonderrig
 - D. Barmhartigheidsdienste
 - E. Kapelaansdienste
 - F. Argief
 - G. Formuliere en Liturgie
 - H. Gemeentelike Bediening
 - I. Kerkleer en Etiese Norme
 - J. Besluiteregister van Sinodale besluite vir aandag van Kerkrade en Ringe
 - K. Kerkmusiek en Kerksang
 - L. Mediaskakeling
 - M. Onderwys en Opvoeding
 - N. Samestelling van Permanente Kommissies
 - O. Ringsgroepering
 - P. Sending en Evangelisasie
 - Q. Algemene Sake
 - R. Verlofaansoeke
 - S. Notule
 - T. Literatuuruitstalling
 - U. Foto's
 - V. Geloofsbriewe

Dagprogram

LET WEL:

1. Die Sinode is geslote vir openbare media totdat die vergadering moontlik anders daaroor besluit.
2. Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlof-kommissie aansoek doen op die voorgeskrewe vorm.

MAANDAG 9 AUGUSTUS 1993

- 09:00–12:00 Registrasie: 1. vir Sinode/RKA en 2. vir verblyf.
Let wel: Registrasie moet voor 12:00 afgehandel wees!
- 12:00–13:00 Kommissie vir Geloofsbriewe stel ná registrasie verslag op.
- 13:00–14:00 Etenspouse.
- 14:00 Sinodesitting neem 'n aanvang en program verloop soos in Ordereëlings punte 1–11 en 13.
- 15:50 Verlofaansoeke en aankondigings.
- 16:00–16:30 Koffiepouse.
- 16:30–17:40 Amptelike ingebruiksneming – Brookshuis.
- 18:00–19:00 Aandete.
- 19:00–20:00 Verslag van Sentrale Kerkekommissie 2.
- 20:00–20:45 Openingsrede.
- 20:45–21:15 Teepouse.
- 21:15 Tydelike Kommissies vergader.

DINSDAG 10 AUGUSTUS 1993

- 07:00–08:00 Ontbyt.
- 08:00–08:20 Bidstond.
- 08:20–08:30 Aankondigings en reëlings.
- 08:30–10:30 Konstituering as RKA en verslag van Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA).
- 10:30–11:00 Teepouse.
- 11:00–12:45 Verslag van die BRKA.
Verkieëling van 5 lede met sekundi vir BRKA.
- 12:45–13:00 Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag.
- 13:00–14:00 Etenspouse.
- 14:00–15:45 Konstituering as Sinode.
Verslag van die Kuratorium.
- 15:45–16:00 Aankondigings.
- 16:00–16:30 Koffiepouse.
- 16:30–17:30 Verslag van Sentrale Kerkekommissie 3.
Verslag van Komitee vir Radio- en TV-uitsendings.
- 17:30–18:00 Mediaverslag, verlofaansoeke, aankondigings.
- 18:00–19:00 Aandete.
- 19:00–19:30 Behandeling van notule van vorige dag.
- 19:30–20:30 Verslag van Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig.
- 20:30–21:00 Teepouse.
- 21:00 Tydelike Kommissies vergader.

WOENSDAG 11 AUGUSTUS 1993

- 07:00–08:00 Ontbyt.
- 08:00–08:20 Bidstond.
- 08:20–08:30 Aankondigings en reëlings.
- 08:30–09:00 Verslag van Tydelike Kommissies.

15:45–16:00	Aankondigings.
16:00–16:30	Koffiepouse.
16:30–17:30	Vergadering van Ringsgroepe om streeksverteenwoordigers op SKK aan te wys.
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings.
18:00–19:00	Aandete.
19:00–19:30	Behandeling van notule van vorige dag.
19:30–20:30	Nagmaalsviering.
20:30–21:00	Teepouse.
21:00–21:15	Konstituering van Permanente Kommissies.
21:15	Konstituering van BRKA.

SATERDAG 14 AUGUSTUS 1993

07:00–08:00	Ontbyt.
08:00–08:20	Bidstond.
08:20–08:30	Aankondigings, reëlings, uitdeel van notule van vorige dag.
08:30–09:30	Verslae van Tydelike Kommissies.
09:30–10:00	Behandeling van notule van vorige dag.
10:00–10:30	Mediaverslag, en sake wat oorstaan.
10:30–10:40	Dankbetuigings.
10:40–10:50	Mosies.
10:50–11:00	Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.

Verslag: Sentrale Kerkekommissie

Tydperk: 21 Oktober 1991 tot 15 April 1993

1. PERSONEEL

1.1 Lede deur die vyfde Sinode verkies

Prof. W J G Lubbe, dl. M C Adendorff, I A Brink, dr. C I van Heerden, prof. F A H van Staden. Sekundi in die volgorde: dl. A Boshoff, D R Schwartz, A S van Jaarsveld en J A du Plessis.

1.2 Verteenwoordigers deur Ringsgroepe benoem:

Noord-Kaap:

Primarius: Ds. N R J van Zyl

Sekundus: Di. P G Stans, P B Müller

Oos-Kaap:

Primarius: Ds. G G le Roux

Sekundus: Ds. J H van Vuuren, oudl. Z van Rensburg

Wes- en Suid-Kaap:

Primarius: Ds. H B Heymans

Sekundus: Ds. W F Liebenberg, ds. S Botes

Vrystaat:

Primarius: Ds. J N Joubert

Sekundus: Dr. G J J Labuschagne, ds. J D van der Merwe

Natalia:

Primarius: Ds. C J J van Rensburg

Sekundus: Ds. E G Mouw, oudl. S J S du Preez

Noord-Tvl:

Primarius: Ds. D J Malan (Dirk)

Sekundus: Dr. J H Ellis, ds. S D Nel

PWV:

Primarius: Ds. N J Rautenbach

Sekundus: Ds. A J Taute, ds. D J Malan (Danie)

Wes-Tvl:

Primarius: Ds. M P Taute

Sekundus: Di. J J Venter (Kosie), D R Schwartz

Oos-Tvl:

Primarius: Ds. Attie Boshoff

Sekundus: Oudl. W L V Fick, oudl. C Keyter

Etosha:

Primarius: Ds. H C Venter

Sekundus: Dr. E M Viljoen, diak. A C Visagie

1.3 Dagbestuur

Op sy eerste vergadering het die SKK sy dagbestuur as volg verkies:

Voorsitter: Prof. W J G Lubbe

Ondervoorsitter: Dr. C I van Heerden

Skriba: Ds. M C Adendorff

Hulpskriba: Ds. I A Brink

Addisionele lid: Ds. N J Rautenbach

2. VERGADERINGS

Die SKK het tot op 26 Maart 1993 sewe vergaderings gehou en wel op 21/10/91, 18/11/91, 5/2/92, 5/5/92, 30/7/92, 20/10/92 en 26/3/93.

By elke vergadering is verslag gelewer oor die werksaamhede van die subkomitees en/of verteenwoordigers wat onder toesig van die SKK werk.

2.1 Dagbestuur

Verslag oor die werksaamhede van die Dagbestuur is gereeld aan die SKK gedoen. Die Dagbestuur het tot op 15 April 1993 18 keer vergader.

2.2 Publikasiekomitee

Die Dagbestuur tree op as Publikasiekomitee en het aan die SKK verslag van sy werksaamhede gedoen. By elke vergadering van die Dagbestuur is 'n verslag oor publikasies in behandeling geneem. 'n Volledige verslag sal in die addendum verslag van die SKK aan die Sinode verskyn.

2.3 Verteenwoordigers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Kyk Bylae SKK/1

AANBEVELING

2.3.1 Die Sinode keur die verspreiding van die verslag van die Bybelgenootskap goed.

2.4 Verslag van die Komitee vir Mediaskakeling

Kragtens sy Lasgewings funksioneer die Dagbestuur van die SKK as Kommissie vir Mediaskakeling. As Kommissie is o.a. die volgende sake hanteer:

Die Voorsitter van die Dagbestuur het op versoek oor die Radio opgetree en die Kersgroeite van die APK aan die luisteraars oorgedra.

Beswaar is verskeie kere gemaak teen sedoedermynende programme wat op SAUK-TV gebeeldsaai is.

Nuusberigte is aan die Pers gegee en die Voorsitter het op vrae in "Die Kerkbode" geantwoord.

3.5 Begroting

(Hand. bl. 335)

Die begroting is op 20 Oktober 1992 volgens opdrag opgestel.

3.6 Brief aan die owerheid

(Hand. bl. 336 en 344)

Die saak is deur die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding afgehandel.

3.7 Dooplidmaatregister

(Hand. bl. 344)

'n Konsep Dooplidmaatregister is na die Argiefkommissie vir hulle kommentaar gestuur. Advies van die KKS oor art. 4A word ook afgewag alvorens met die drukwerk begin kan word.

3.8 Volkereverhoudings

(Hand. bl. 345)

Hierdie verslag is afgehandel deur die betrokke kommissie met die verskyning van die boek: "Skriflig op Kerk en Volk"

AANBEVELING

3.8.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissielede wat verantwoordelik was vir die skrywe van die boek "Skriflig op Kerk en Volk".

3.8.2 Die Sinode aanvaar die standpunte in "Skriflig op kerk en volk" as rigtinggewende standpunte vir die Kerkverbond en dra dit aan die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Etiese norme op om steeds aandag aan die sake soos in die boek behandel, te gee.

3.9 Majoor Jonker

(Hand. bl. 350)

'n Brief is aan die SAP geskrywe ten einde vas te stel of majoor Jonker (tans kolonel Jonker) nog op uitnodiging as spreker kan optree. Die Kommissaris van Polisie het geantwoord dat Luit. Kol. Jonker steeds "selektief" toegelaat word om sekere groepe van tersaaklike inligting aangaande Satanisme te bedien.

3.10 Plek van Sinodesitting

(Hand. bl. 355)

Die SKK het besluit om die sitting vir 1993 weer in Pretoria te hou. Die oorwig van gemeentes in die Transvaal maak dit meer ekonomies en die hantering van die administrasie in Pretoria is makliker.

3.11 Herderlike brief

(Hand. bl. 369)

Die brief is afgehandel en versprei.

3.12 Onderhandelinge met die SAUK

(Hand. bl. 348)

Onderhandelinge met die SAUK word gevoer deur die Radio- en TV-komitee en verslag word deur hulle gedoen.

3.13 Goedkeuring van die sinodenotule

(Hand. bl. 369)

Die notule van die laaste gedeelte van die sinodesitting is saam met die Kuratorium, KKS en die BRKA goedgekeur.

3.14 Vaartbelynde kommissievergaderings

(Hand. bl. 348)

Die SKK het besluit om te volstaan met die huidige werkswyse van die SKK. Daar is wel daarin geslaag om minder vergaderings te hou.

4. OPDRAGTE VAN DIE 1990 SINODE

4.1 Verslae oor Islam, Hindoeïsme, Bevrydingsteologie, Satanisme en Demone

(Hand. bl. 498, 1990)

Die opstel van pamflette vir verspreiding is na die PKKEN verwys en daar word nog gewag op hulle reaksie.

AANBEVELING

4.1.1 Die Sinode betreur dit dat die pamflette nog nie verskyn het nie gesien die lang tydsvloer sedert die hantering daarvan en herhaal sy opdrag vir die druk van die pamflette soos saamgestel deur die PKKEN en gedruk deur die Publikasiekomitee.

4.2 Onderwys

(Hand. bl. 612, 1990)

Afgehandel onder 3.6.

4.3 Ontmoet die APK en sending

(Hand. bl. 673, 1990)

Die saak is afgehandel en het in die hersiene uitgawe van "Ontmoet die APK" verskyn.

12. HULP AAN GEMEENTES

Gedurende die tydperk sedert die vorige Sinode is gemeentes gehelp met R178 321.

13. BIDDAE

Gereelde versoeke om die hou van biddae is ontvang van Kerkrade, lidmate en die owerheid.

Die SKK het die volgende biddae gereël:

19/01/92 – dag van verootmoediging

14/10/92 – biddag om reën en vrede

09/02/93 – dag van verootmoediging

Aan die volgende biddae wat deur die Regering versoek was, is nie deelgeneem nie:

05/06/92 – biddag om vrede

28/03/93 – biddag om vrede en verootmoediging

AANBEVELING

13.1 Die Sinode roep alle gemeentes op om steeds in diepe ootmoed en biddend voor God te leef met erkenning van sy almag en genade.

14. VYFJARIGE VIERINGE

'n Feesprogram ter viering van die vyfjarige bestaan van die APK is in Pretoria gehou. 'n Huldigingsbundel oor prof. WJG Lubbe en 'n Gedenkbundel oor die ervarings van 'n paar leraars met hulle aansluiting by die APK, is by die geleentheid bekend gestel. Die Stigtingsakte is deur stigterslede onderteken terwyl oorkondes aan lede van die onderskeie komitees wat voor en tydens stigting gefunksioneer het, oorhandig is.

AANBEVELING

14.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om tydig op te tree ten einde 'n program te reël vir die 10-jarige feesvieringe in 1997.

15. GIDEONS VAN SUID-AFRIKA

'n Onderhoud is met lede van die Gideons van Suid-Afrika gehou. Hulle het hulle werkswyse aan die Dagbestuur van die SKK verduidelik. Hulle besoeke aan gemeentes het ook ten doel om hulle werk te propageer en fondsinsameling is nie die doel van sodanige besoeke nie. Van die fondse deur hulle ge-in word 83% aan Bybelverspreiding spandeer.

16. PREEKVERGUNNING

Verskeie gemeentes het die SKK genader om vergunning dat leraars uit ander kerke preke mag waarneem. In die meeste gevalle is die toestemming daartoe verleen. Dit het tog ook onder die aandag van die SKK gekom dat sommige gemeentes sonder toestemming van die SKK of die Kuratorium die Sinodale besluit ignoreer.

AANBEVELINGS

16.1 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die besluit "Wie mag preek in APK" steeds van krag is en nagekom moet word.

16.2 Die Sinode versoek die kombinasie Messina/Weiße om te verduidelik waarom 'n leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk die kombinasie op 'n voltijdse basis bedien.

Ring	Aantal gemeentes		Belydende lidmate		Dooplidmate		Totaal	
	1991	1992	1991	1992	1991	1992	1991	1992
Oranje Vrystaat								
Bethlehem	7	7	1 038	1 100	528	524	1 566	1 624
Bloemfontein	6	9	1 381	1 542	529	629	1 910	2 171
Brandfort	6	6	691	754	308	331	1 330	1 452
Cornelia	5	5	681	689	268	267	949	956
Graniet	6	6	906	986	424	466	968	1 097
Hennenman	6	6	628	728	340	369	668	665
Memel	4	4	440	459	228	206	999	1 085
Totaal	40	43	5 765	6 258	2 625	2 792	8 390	9 050
Persentasie afwyking				8,55%		6,36%		7,87%
Kaapprovinsie								
Beaufort-Wes	9	8	802	833	324	357	1 126	1 190
Clanwilliam	5	5	311	366	121	129	432	495
De Aar	6	6	305	357	148	161	453	518
Kimberley	8	8	1 001	1 152	445	456	1 446	1 608
Olifantshoek	8	8	759	874	433	472	1 192	1 346
Somerset-Oos	10	11	628	665	209	258	837	923
Stellenbosch	6	6	438	586	102	139	540	725
Steynsburg	7	7	242	231	108	113	350	344
Totaal	59	59	4 486	5 064	1 890	2 085	6 376	7 149
Persentasie afwyking				12,88%		10,30%		12,12%
Namibië								
Etosha	5	6	271	343	134	171	405	514
Totaal	5	6	271	343	134	171	405	514
Persentasie afwyking				26,57%		27,61%		26,91%
GROOTTOTAAL	226	229	29 787	32 962	13 000	14 066	42 898	47 028
Persentasie afwyking				10,66%		7,28%		9,63%

17.3 Opmerkings

17.3.1 Vanweë die feit dat Ringskribas nie die statistiek betyds ingestuur het nie is gegewens in baie gevalle vanaf die F-1 vorm van die afdeling Finansies van die Kerkkantoor verkry. Hierdeur is baie tyd onnodig in beslag geneem.

17.3.2 'n Persentasiegroei van 9,63% is in die tydperk behaal. Dit is egter verontrustend dat die groei in dooplidmaatgetalle slegs 7,28% was.

17.3.3 Die Ring van Etosha spog met die hoogste groei alhoewel hulle lae getalle het. Die Kaap toon ook 'n bogemiddelde groei.

17.3.4 Dit val op dat sommige Ringe uit slegs vier gemeentes en ander uit 12 bestaan.

17.3.5 In die Transvaal is 111 gemeentes en 29 085 lidmate wat beteken dat meer as 50% van die lidmate in die provinsie woonagtig is.

17.3.6 'n Negatiewe groei was slegs in drie Ringe ondervind. In Middelburg, Hennenman

Motivering

'n Vlaag van moord, roof en ander misdade bedreig onskuldige mense en daagliks word tale op wrede wyse vermoor. Die hande van die S.A.P. en ander regsinstellings is gebind deur opdragte waardeur die voltrekking van die doodstraf nie meer voltrek word nie, tot na die instelling van 'n tussentydse regering waarna dit na alle waarskynlikheid sal verval. Selfs die agtervolgings van oortreders in die Oos-Vrystaat is laat vaar (Patriot: 08/01/1993 bl. 1 kolom 2).

18.2.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode versoek die SKK om 'n skrywe te rig aan die persoon van die Staatspresident, mnr F.W. de Klerk, om ernstig beswaar te maak teen 'n beleid van regsverdeling. Hy moet daarop gewys word dat die Staat wet en orde moet handhaaf (Rom. 13 en NGB art. 36).

18.3 Ring van De Aar i/s Toekoms van CVO-skole

Die Ring besluit dat:

Die SKK met die regering in gesprek tree oor die toekoms van CVO skole in die nuwe bedeling sodat die reg van privaat en kerkskole in 'n nuwe grondwet beskerm kan word.

Motivering

Dit is belangrik dat die reg op CVO skole beskerm sal word in die nuwe grondwetlike bedeling.

18.3.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode keur dit goed dat die SKK in gesprek tree met die regering oor die toekoms van CVO en kerkskole indien 'n nuwe grondwet wel opgestel word.

18.4 Ring van Beaufort-Wes i/s Geboortedatum van leraars in Kerkjaarboek

Dat 'n predikant se geboortjaar in hakies agter sy naam in die jaarboek aangegee word.

Motivering

Dit maak dit vir 'n gemeente duidelik op ongeveer watter skaal 'n predikant tans in diens is, wanneer 'n gemeente deur die jaarboek gaan om name vir 'n groslys saam te stel vir beroeping. In die geval van jong en klein gemeentes waar finansies 'n rol speel by beroeping, kan hulle 'n aanduiding kry of hulle 'n spesifieke predikant kan bekostig aldan nie, of misken met 'n beperkte opdrag kan beroep. Dit sal nie raadsaam wees om bv. 'n man van 35 jaar oud met beperkte opdrag te beroep nie, aan die ander kant kan hulle dink dat 'n predikant nog op 'n redelik lae skaal is, dan het hy dalk al erkenning gekry vir diensjare waar hy voorheen bv. skool gehou het voordat hy predikant geword het.

18.4.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

19. BEGROTING

Die volledige begroting van die SKK verskyn in die verslag van die Finansiële Kommissie en kan daar bespreek word.

20. SLOT

Hiermee vertrou die SKK dat hy sy opdragte na verwagting uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here toe op sy werksaamhede.

PROF. WJG LUBBE (VOORSITTER)

DS. IA BRINK (WAARNEMENDE SKRIBA)

met die versoek dat hulle hul bydraes sal oormerk vir die 1953 Bybelvertaling en deur hul plaaslike gemeentes kanaliseer.

4. VERDERE AANBEVELINGS DEUR U VERTEENWOORDIGERS

4.1 AANBEVELING: BELASTING

Die Sinode bring dit onder die aandag van Gemeentes dat skenkings aan die Bybelgenootskap van die belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking vir 'n maksimum bedrag van R500 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ookal die grootste is).

4.2 AANBEVELING: BEMAKINGS

Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg en dit te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953 Bybelvertalings.

4.3 AANBEVELING: BESKIKBARE 1953 BYBELVERTALINGS

Die Sinode besluit om dit onder aandag van gemeentes te bring dat die volgende 1953 Bybel-eksemplare op datum van hierdie verslag beskikbaar is:

<i>Gewone standaard uitgawe</i>	<i>R13,47</i>
<i>Grootdruk gewone uitgawe</i>	<i>R29,01</i>
<i>Grootdruk luukse uitgawe</i>	<i>R202,92</i>
<i>Semi-luukse uitgawe</i>	<i>R72,53</i>
<i>Luukse uitgawe</i>	<i>R148,20</i>
<i>Kanselbybel</i>	<i>R222,30</i>
<i>Ritssluiters uitgawe</i>	<i>R212,45</i>
<i>Wit leer uitgawe</i>	<i>R171,00</i>
<i>Skuwerteks oortreksel (plastiek)</i>	<i>R46,13</i>

5. BENOEMING VAN VERTEENWOORDIGERS BY STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

5.1 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die betrokke Ringsgroepe op om tydens hierdie Sinodesitting twee verteenwoordigers met sekundi elk van die volgende streekraade aan te wys: Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth. Een primarius- en sekundus-vertteenwoordiger wat vir elke streekraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees.

5.2 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir die samestelling van Kommissies op om die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes te verkry en aan die skriba van die Sinode te besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating as verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die onderskeie Streekraade van die Bybelgenootskap.

6. SLOT

Hierdie verslag is opgestel en voorgelê aan die Sinode in opdrag van en namens u twee primarii-vertteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Johannesburg Streek, tw. Oudl. G.C. Cruywagen en Ds. W.A. Jooste.

Hiermee vertrou ons dat ons ons taak volvoer het en bid die Sinode die leiding van die Heilige Gees toe.

DS. W.A. JOOSTE
(PRIMARIUS VERTEENWOORDIGER)

4. BELEID VIR SKAKELING MET RADIO EN TV

Die aangeleentheid geniet nog aandag.

5. AANBEVELINGS

5.1 Kontinuering van opdragte

Die Sinode keur die optrede van die komitee vir Radio- en TV-uitsendings goed en kontinueer die opdragte van die vorige Sinodes.

5.2 Die Sinode dra dit aan die Radio- en TV-komitee op om 'n behoeftebepaling te doen ten einde te bepaal of die verspreiding van 'n periodieke klankkasset met nuus en ander programme, asook kassette met preke vir die kerkverband nodig is.

5.3 Klankatелjee

Die Sinode gee opdrag dat indien die behoeftebepaling vir klankkassette groot blyk te wees die komitee moet voortgaan met die ondersoek na die moontlikheid vir die inrigting van 'n klankatелjee en of op 'n ander wyse in die behoefte voldoen kan word.

6. BESKRYWINGSPUNT

6.1 Ring van Somerset-Oos – Audio-klankkasset

Die Sinode besluit om daadwerklik daartoe oor te gaan om 'n biblioteek met videobande asook audio-kassette te begin, veral met preke van

APK-leraars, sodat verafgeleë gemeentes wat nie oor leraars beskik nie, daarvan gebruik kan maak op 'n leen-basis.

Motivering

Veral ons kleiner gemeentes op die platteland het die probleem dat hulle nie die dienste van 'n gereelde leraar tot hulle beskikking het nie. Video-bande met preke van ons leraars asook audio-kassette kan dan by huisdienste en andersins daartoe bydra dat 'n sinvolle erediens op 'n Sondag tot beskikking van veral die kleiner gemeentes is. Ouderlinge en voorgangers by eredienste het dikwels die probleem dat die beskikbare preekbundels van APK-leraars gou-gou opge-“preek” raak en daar dan tot allerlei ander heenkomes oorgegaan word. In sommige gevalle gebeur dit selfs dat daar slegs 'n erediens gehou word wanneer 'n leraar wel beskikbaar is.

6.2 Aanbeveling van die Radio- en TV-Komitee

Die Sinode word verwys na aanbeveling 5.2 wat oor dieselfde saak handel.

7. SLOT

Die Sinode word seën toegebid op al sy werksaamhede.

M C ADENDORFF

N J RAUTENBACH

F A H VAN STADEN

3.1.6 Assistentrekenmeester,
mnr LJ Korkle.

3.1.7 Rekenaaroperatrise in Afdeling
Finansies, mej JG Bresler.

3.1.8 Assistentadministrateur,
mnr PG de Jager
Algemene administrasie.

3.1.9 Klerk vir Versending en
Bemarking (Publikasies),
mnr E van Zyl.

3.1.10 Sekretaresse/tikster,
mev A Alester
Halfdagpos.

3.1.11 Ontvangsdame/liaasseerklerk,
mev GA Booyens.

3.1.12 Spysenier, mev E Brummer.

3.1.13 Rekenaaroperatrise/klerk
(Finansies en Publikasies),
mev JC Erasmus.

3.1.14 Assistentversendingsklerk,
mnr BA Coetzee.

3.1.15 Uitgewersassistent,
mev SC Maré.

3.1.16 Tikster/klerk, mej E Nicklbauer.

3.1.17 Faktotum/opsigter,
mnr PA van der Merwe

Hy is verantwoordelik vir algemene Instandhouding van die drie BRKA-eiendomme in Pretoria. Verder verrig hy diens as inwonende en voltydse opsigter van Brookshuis.

3.2 Tydelike Hulp

Die BRKA het volmag aan die Direkteur verleen om volgens eie oordeel tydelike hulp aan te stel.

3.2.1 Skoonmaakdienste, mev A Walsh.

3.3 Behoeftes vir Administrasie en Onderhoud

Die BRKA het deurlopend voorsiening gemaak in die noodsaaklike behoeftes van die Sentrale Kerkkantoor vir sover dit administrasie en onderhoud geld. (Kyk verslag van FK oor uitgawes.)

3.4 Verskuiwing van Sentrale Kerkkantoor na Brookshuis

Na verwagting sal die administrasie van die Sentrale Kerkkantoor einde Mei 1993 na Brookshuis verskuif. (Kyk ook Verslag van Boukomitee, Bylae BRKA/A.)

4. DIENSVOORWAARDES

4.1 Salarisse

'n Salarisverhoging van gemiddeld 12.05% is op 1/3/1992 toegestaan, en op 1/3/1993 is 'n verdere verhoging van 10% toegestaan aan kantoorpersoneel.

Traktementskale van predikante in sinodale diens is aangepas volgens die voorgestelde skale.

4.2 Die Kaapse Mediese Plan

Die ledegeld is in die verslagtydperk tweemaal verhoog. Die jongste verhoging van 20% het op 1/1/93 in werking getree en gemeentes is daarvan in kennis gestel.

Die BRKA het 'n komitee aangestel vir ondersoek na alternatiewe vir die Kaapse Mediese Plan.

Ná diepgaande ondersoek en vergelyking met alternatiewe skemas het die komitee aanbeveel dat die Kaapse Mediese Plan behou word.

4.3 Die APK-Pensioenfonds

4.3.1 Pensioenfondsbydraes

In 'n poging om predikante tegemoet te kom vir die pensioenverliese as gevolg van oorkoms na die APK, is verskeie opsies ondersoek, onder andere pensioenbydraes méér as 20% van die salaris. Heelwat probleme het egter opgeduik en soos in omsendbriewe 24/1992 en 36/1992 aangedui, word bydraes bereken op 20% van die werklike salaris.

4.3.2 Ouderdomsgrens

Alle werknemers van die APK onder die ouderdom van 65 is, volgens kontrak met Sanlam, verplig tot lidmaatskap.

Op eie versoek kan 'n lid reeds op 55 aftree met pensioen. Hy bly egter lid van die pensioenfonds. Lede kan ook op eie versoek ná ouderdom 65 aftree. 65 word egter as normale aftree-ouderdom beskou volgens hierdie pensioenfonds.

1. ondersoek in te stel na die hoeveelheid persone wat geplaas kan word
2. die behoefte te bepaal wat bestaan aan sodanige verblyf
3. tariewe wat geld vir vergelykbare losies
4. die verskaffing van etes en die implikasie daarvan.

Die Voorlopige Beheerraad is later vervang deur 'n Permanente Beheerraad. (Kyk Verslag van die Beheerraad, Bylae BRKA/B.)

5.3.3 Koste

Die BRKA het besluit om die rente-opbrengs wat die belegging by 'n finansiële instelling kon verdien, te verhaal in die vorm van losiesgeld wat die inwoners betaal. Die belegging word steeds beskou as langtermynbelegging en hoewel die verwagte rente nie tydens die eerste enkele jare verhaal word nie sal verhogings in losiesgeld meebring dat heelwat meer as die verwagte rente na verloop van ongeveer 5 jaar wel verhaal word. Intussen moet die losiesgeld tred hou met dié van soortgelyke verblyf.

5.3.4 Toekomsblik

Vir die huidige behoeftes is die Jeugtuiste soos wat hy staan voldoende.

Binne die grense van redelike moontlikhede word vir die toekoms ook beplan.

Die bestaande sonering bepaal die volgende

1. dat 50% van die totale oppervlakte (2052 m), bebou mag word. Tot dusver is 23% bebou
2. dat tot op hoogte van drie verdiepings gebou mag word
3. dat die perseel slegs vir gewone woondoeleindes gebruik mag word.

Ds JN Joubert (Argitek) adviseer soos volg: 'n Hersoneringsaansoek hoef slegs ten opsigte van die woondoeleindes gerig te word, en wel vir "spesiale woondoeleindes". Dit geniet aandag. (Kyk ook Bylae BRKA/B, Verslag van die Beheerraad van die Jeugtuiste.)

AANBEVELING

1.1 Die RKA keur die aankoop en aanwending van die Jeugtuiste (Farendenstraat 426) goed.

1.2 Die RKA boekstaaf sy waardering vir die betekenisvolle werk van die Beheerraad.

5.4 Vaalterrein naby Parys (OVS)

Die BRKA het, volgens opdrag van die vorige RKA, voortgegaan met ondersoek na die

moontlike ontwikkeling van hierdie terrein. (Kyk Verslag van Vaalterreinkomitee, Bylae BRKA/C.)

5.5 Corpus Christi (net langs Brookshuis)

Die BRKA het nie verder aandag gegee aan die moontlike aankoop van hierdie eiendom nie aangesien dit aan die mark onttrek is.

5.6 Registrasie van eiendom

Al die vaste eiendom genoem in 5.1, 5.2, 5.3, 5.4 hierbo is geregistreer in die naam van die RKA.

5.7 Ongevalledekking vir ongevale op RKA-eiendom

Die BRKA is verseker ten opsigte van openbare aanspreeklikheid tot die bedrag van R500 000.

6. FINANSIES

6.1 Invordering van gelde: 15%-bydraes

Die BRKA het gereeld in verbinding gebly met plaaslike kerke in verband met gelde verskuldig kragtens sinodale besluite.

AANBEVELINGS

1. Die RKA boekstaaf sy waardering jeens kerkrade wat getrou en stiptelik hulle verskuldigde bydraes oorbetal aan die Sentrale Kerkkantoor.

2. Die RKA neem kennis van kerkrade wat agterstallig geraak het om verskillende redes maar waardeer dit dat hierdie kerkrade hulle goedgesindheid getoon het deur aanneemlike afbetalingsreëlings ten opsigte van agterstallige oorbetalings aan die BRKA te tref.

3. Die RKA neem kennis dat sekere kerkrade agterstallig was op 31 Mei 1993 soos in die aanvullende sakelys aangetoon, neem met teleurstelling kennis dat hierdie kerkrade geen afbetalingsreëlings met die BRKA getref het nie, en besluit op gepaste stappe teen hierdie kerkrade.

6.2 Fondse onder beheer van die BRKA

6.2.1 Die BRKA administreer alle fondse onder sy beheer deur kanalisering, aanwending en belegging daarvan. Beleggingsdeskundiges word geraadpleeg en daar word gedurig oorleg gepleeg met die FK in die verband.

Verslag van die Beheerraad van die APK-Jeugtuiste (1992–1993)

1. PERSONEEL

1.1 Voorlopige Beheerraad (Bhr)

Ds AP Viljoen (APK Pretoria-Sentraal) –
Voorsitter

Ds AJ Taute (BRKA) – Ondervoorsitter

Ds MC Adendorff (BRKA)

Ds NJ Rautenbach (BRKA)

Prof FAH van Staden (Kuratorium)

Mnr CJ de la Rey (BRKA)

Mnr PG de Jager (BRKA)

1.2 Permanente Beheerraad

Ds AP Viljoen (APK Pretoria-Sentraal) –
Voorsitter

Ds AJ Taute (BRKA) – Ondervoorsitter

Oudl. JF du Plessis (BRKA)

Mnr CJ de la Rey (BRKA)

Mnr PG de Jager (BRKA) – Sekretaris

Twee persone, een man en een dame, uit die
geledere van die inwoners.

1.3 Dagbestuur van Beheerraad

Die Voorsitter, sekretaris en die Voorsitter van
die HK het opgetree as Dagbestuur.

2. VERGADERINGS

Die Beheerraad (Bhr) het van 13/5/1992 tot
30/4/1993 drie en sy Dagbestuur veertien ver-
gaderings gehou.

3. VERSLAG AAN BRKA

Aan elke BRKA-vergadering is verslag gelewer
van Beheerraad-werksaamhede.

4. BESETTING

4.1 Die BRKA het die voorkeurlys vir besetting
soos volg bepaal:

- a. Teologiese studente van die APK
- b. Admissante van die APK
- c. Voltydse studente (APK-lidmate)
- d. Deeltydse studente (APK-lidmate)
- e. Werkende jongmense (APK-lidmate).

Die Bhr probeer hieraan voldoen sover maksi-
mumbesetting hom toelaat.

4.2 Tans (na ombouing) kan 15 inwoners ge-
vestig word.

4.3 Die waglys van voornemende inwoners
groeï steeds.

4.4 Een vertrek, wat ook as kantoor van die Be-
heerraad dien word aan APK Pretoria-Sentraal
verhuur as Kerkkantoor.

5. ONDERHOUD

Die BRKA het die beleid van selfwerksaamheid
neergelê. Die inwoners behartig die skoon-
maak en instandhouding van huis, tuin en
swembad.

Waar onderhoud egter verder gaan as skoon-
maak of skoonhou, is dit die taak van die Fak-
totum. Tot dusver is meeste van laasgenoem-
de take deur die Boukomitee hanteer.

6. REGLEMENT, HUISREËLS EN NAAM

Hierdie sake geniet die aandag van die
Huiskomitee.

7. SPYSENIER

'n Spysenier is per dienskontrak aangestel, en
etes word bedien volgens 'n spyskaart soos
voorsien deur die Departement Voedseltechno-
logie van die Technikon Pretoria.

8. ANDER GERIEWE

8.1 'n Geskikte telefoondiens, swembad en
boorgat is tot inwoners se beskikking.

8.2 Sekuriteit

Diefwering en veiligheidshekke is toepaslik
aangebring.

9. FINANSIES

Kyk by verslag van Kommissie vir Finansies
(FK).

10. Hiermee vertrou die Beheerraad dat hy sy
opdrag tot bevrediging van die BRKA uitgevoer
het.

DS AP VILJOEN (VOORSITTER)

MNR PG DE JAGER (SKRIBA)

wat deur gemeente van Graniet self ontwikkel kan word. Die komitee beveel aan dat alternatiewe moontlikhede ondersoek moet word deur onder andere met die volgende instansies in verbinding te tree en surplus/nie-gebruikte terreine van hulle te ondersoek vir moontlike aankoop:

- Dept. Openbare Werke
 - * surplus/vakante skole, kolleges en universiteite
 - * Weermagkampe
 - * eiendomme van ander staatsdepartementte
- Eskom
 - * ou dorpe soos Camden, Kragbron, Blinkvlei, ens.
 - * opleidingsterreine
- Denel (Krygkor)
 - * fasiliteite in onbruik
- Spoorwet – (Propnet)
 - * opleidingsentrums ens.
- Telkom
- Ander kerkinstansies
- Plaaslike Owerhede
- TLU
- Provinsiale Administrasies en S.D.R.

Indien sodanige terreine geïdentifiseer is, moet 'n studie van elke terrein met kosteberamings lgedoen word voordat enige koop aangegaan word of enigsins oorweeg word. Ondersoek moet deur kundiges onderneem word.

Naskrif

Die sub-komitee wil net die Vaalrivierterreinkomitee se aandag daarop vestig dat die be- raamde koste vir 'n indringende ondersoek en kostebepaling vir die uitvoerbaarheid en wens- likheid van die ontwikkeling van die Vaalrivier- terrein op R100 000,00 geskat word wat span- deer moet word voordat enige besluit in ver- band met die ontwikkeling van sodanige terrein geneem word.

5. AANBEVELINGS

5.1 Die RKA skenk ernstige oorweging aan die daarstelling van 'n Trustfonds met die oog op die verkryging van reeds ontwikkelde geriewe of 'n kompleks soos beoog by die Vaalterrein t.w. vir konferensie-, akkommodasie- en restou- rantgeriewe.

5.2 Die RKA notuleer sy waardering teenoor die subkomitee van professionele persone en rig dit ook per brief aan hulle.

6. Hiermee vertrou die Vaalterreinkomitee dat hy sy taak tot bevrediging van die BRKA uit- gevoer het.

PROF WJG LUBBE (VOORSITTER)

MNR PG DE JAGER (SKRIBA)

BYLAE BRKA/CC

Tentatiewe Kosteberaming

1. Fase	1	2. Fase 2	
1.1 Dienste		2.1 Akkommodasie 1 300	
– elektrisiteit	R 925 000,00	slaapplekke	R13 000 000,00
– water (7km @ R50/m: 150)	R 350 000,00	2.2 Voltooiing van jeugterrein	
– riool (7km @ R100/m: 150)	R 700 000,00	plus karavaanpark	R 1 000 000,00
– pompe en pompstasies (riool)	R 75 000,00	2.3 Dienste vir ouetehuis/ aftreeoord	R 600 000,00
– paaie/stormwater/diens en erwe	R 400 000,00	2.4 Res van dienste	
1.2 Geboue		– elektrisiteit	R 900 000,00
– sinodale sentrum (1 300 sitplek)		– siviele dienste	R 500 000,00
plus eetgeriewe/kombuis	R 2 500 000,00	Totale fase 2	R16 000 000,00
1.3 Terrein		3. Addisionele koste nie in berekening gebring nie	
– grondwerke en ablusieblokke vir Graniet jeugterrein	R 500 000,00	3.1 Professionele fooie (15%):	R3 200 000,00
Totaal fase 1	R 5 450 000,00	3.2 Eskalasie 16% per jaar	
		3.3 Terreinverfraaiing en landskapwerk	
		3.4 Onderhoudskoste	

6.2 Vyfde Leerstoel

Die Kuratorium is na behoorlike ondersoek en rype beraad op grond van die onderstaande motivering oortuig van die dringende noodsaaklikheid vir die instelling van 'n vyfde leerstoel aan die Teologiese Skool vir 'n selfstandige departement Praktiese Teologie (Diakoniologie).

6.2.1 Daar word tans 37 vakke vanuit ses departemente aan die Teologiese Skool onderdig, verdeel onder die vier dosente in die verhouding van 11, 9, 8 en 9 wat 'n besondere las op elke dosent plaas;

6.2.2 daar bestaan die behoefte om die onderdigperiode van sekere vakke te verleng wat die las sal verhoog en wat nie tans uitvoerbaar is nie;

6.2.3 elke dosent behartig die vakke in die departement waarin hy spesialiseer, terwyl die vyfde departement tussen twee dosente verdeel word met 'n vakkeverhouding van 5 en 2, en die sede departement te wete Praktiese Teologie deur al vier dosente behartig word in die verhouding van 2, 3, 2, 1;

6.2.4 die vakke in die departement Praktiese Teologie is van wesenlike belang in die praktyk van die bediening en alhoewel elke dosent sy beste lewer in die lesingaanbieding is dit, met die uitsondering van 'n vak of twee, nie 'n spesialisasie van die dosente nie en bevorder die fragmentering ook nie die onderrig nie;

6.2.5 die een teologiese dissipline is so belangrik soos die ander, sodat gelykwaardigheid en volwaardige opleiding essensieel is, ook dus ten opsigte van die praktiese vakke;

6.2.6 die vakke in die departement Praktiese Teologie word soos elke kenner weet al meer gespesialiseer, so seer so dat min teoloë selfs vandag meer in al die praktiese vakke spesialiseer, maar net in een of twee, sodat die onderrig in die Praktiese Teologie om 'n spesialis vra om reg aan die onderrig te laat geskied;

6.2.7 'n spesialis in die Praktiese Teologie sal die huidige dosente in staat stel om in groter mate in hulle eie departement te spesialiseer, intensief nuwere rigtings en ontwikkelings te bestudeer en 'n eie sterk Gereformeerde teologie te vestig in 'n periode van verliberalisering en humanisering van die teologie;

6.2.8 dit sal geleentheid bied aan die teologiese dosente om essensiële vakliteratuur te publiseer;

6.2.9 dit is reeds in die RSA bewys dat die Teologiese opleiding aan die Teologiese Skool van

sodanig absoluut hoë standaard is, wat ten alle koste minstens gehandhaaf moet word, dat 'n vyfde leerstoel in die Praktiese Teologie, wat soos hierbo aangetoon nog nie ten volle gespesialiseer tot sy reg kom nie, net die standaard sal verhoog tot voordeel van die opleiding en bediening;

6.2.10 daar is 'n toename in die getal teologiese studente en dit blyk dat die meerderheid afgestudeerdes en studerendes besondere belangstelling toon in een of meer praktiese vakke met die begeerte tot spesialisasie wat spesialisbegeleiding vereis;

6.2.11 elke volwaardige Teologiese Skool of Fakulteit het vanweë die belangrikheid van gespesialiseerde onderrig in die praktiese vakke die noodsaaklikheid van 'n selfstandige leerstoel besef en gevul.

6.2.12 AANBEVELING 2

Die Sinode besluit om 'n vyfde leerstoel vir Praktiese Teologie aan die Teologiese Skool in te stel met ingang van 1 Januarie 1994 en dra dit aan die Finansiële Kommissie op om daarvoor te begroot.

6.3 Teologiese Dae

Die Kuratorium het in samewerking met die Raad van dosente twee Teologiese Dae gehou, respektiewelik oor die "Prediking" op 5 Februarie 1992 en "die kerk se taak met betrekking tot gespesialiseerde hulp ten opsigte van mense in nood" op 3 Februarie 1993.

6.4 Verdere Teologiese Opleiding (VTO)

Die Kuratorium het in samewerking met die Raad van dosente gedurende 19 en 20 Augustus 1992 'n VTO-kursus oor die "prediking" vir predikante in Pretoria aangebied, wat ongelukkig nie veel belangstelling ontlok het nie, dog deur die kursusgangers baie gewaardeer is.

AANBEVELING 3

6.4.1 Die Sinode besluit in beginsel dat die teologiese opleiding van dienende predikante in die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband nie geëindig het of voortaan sal eindig met legitimasie of by beroepbaarstelling in die Afrikaanse Protestantse kerkverband nie en dat voortgesette teologiese opleiding derhalwe noodsaaklik is en benut moet word.

AANBEVELING 4

6.7.1.1 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeentes en lidmate vir donasies aan die Teologiese Skool se Biblioteekfonds om veral nuwe publikasies aan te koop.

6.7.2 Vestiging

By die opstel van hierdie verslag was 'n inventaris nog nie voltooi nie, hoofsaaklik weens gebrek aan ruimte om die boeke uit te stal, maar die totaal is volgens skatting ongeveer 12 000. Skenkings het afgeneem, sodat hoofsaaklik aankoop moet word teen ongelukkig baie duur pryse.

6.7.3 Ruimte

Weens gebrek aan ruimte om uit te stal, was die meeste boeke tot nou toe in kartondose geberg en dus ontoeganklik vir gebruik. Dit is veral jammer dat die boekery van prof. AH van Zyl (3 231), met sy waardevolle Ou Testamentiese boeke vir langer as 'n jaar in kartondose geberg moes word.

'n Lokaal word nou ingerig om as 'n volwaardig toegeruste biblioteek te dien.

6.7.4 Hulp aan studente

Aangesien nuwe en tweedehandse boeke by boekwinkels baie duur is, is waardevolle teologiese boeke, veral kommentare en stelle, waarvan die biblioteek reeds twee kopieë of stelle besit, van predikante aankoop en vir dieselfde prys aan die studente beskikbaar gestel, wat die geleentheid aangryp het as 'n belangrike diens om eie boekery te vestig, sonder verlies vir die biblioteekfonds.

6.8 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Admissie- en teologiese studente word vanuit hierdie enigste studiefonds met studieleninge gehelp na die mate dat die sterkte van die fonds dit toelaat. Aangesien donasies beperk is en leningterugbetalings deur die eerste afgestudeerde studente en studente wat studies gestaak het nou begin geskied, is die fonds hoofsaaklik afhanklik van die sinodale begroting.

AANBEVELING 5

6.8.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes en individue wat die afgelope twee jaar bygedra het tot die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

6.9 Studente

6.9.1 Teologiese studente

6.9.1.1 Sedert die vorige Sinode het drie teologiese studente afgestudeer te wete di. HF Jooste, TJ Verryne en PJ van Rensburg. Daar is tans nege teologiese studente: GCD Stoltz (sesde jaar); PA Gomes (sesde jaar — oorkom vir die finalejaarstudie van die Teologiese Fakulteit afd. A, UP met prysgawe van die BD-graad aangesien hy hom nie langer kan versoen met sekere Skrifbeskouings en standpunte in die Fakulteit nie); DJ van der Linde (sesde jaar, vroeëre student aan die Teologiese Fakulteit afd. B, UP om teologiese studie af te rond, sekere praktiese werk waaronder 'n proefpreek af te handel en die derdejaarverhandeling te skryf); WA Burger (vyfde jaar); WJ Gagliano (vyfde jaar — 1992 oorgeskakel vanaf die NH Kerk); JDJ van Rensburg (vyfde jaar) en (mej.) L van Wyk (vyfde jaar — 1992 oorgeskakel vanaf die NH Kerk); J Rossouw (vierde jaar) en WJA van Schalkwyk (vierde jaar).

6.9.1.2 JM de Wet en PG Kruger wat as teologiese studente gekeur is, het nie met hul studies voortgegaan nie.

6.9.2 Admissiestudente

6.9.2.1 Die volgende studente het vir die studiejaar 1993 geregistreer:

GR Bester (BA III UP); A Swanepoel (BA III RAU); CJ Bezuidenhout (BA II UOVS); JE Emerich (BA II Unisa); dr. T Roos (BA Unisa); A Burger (BA I UP); GF de Bruin (BA I UP); A Hough (BA I UP); A Swart (BA I UP); SP van Staden (BA I UP); (mej.) E Senekal (BA II UOVS); LJ van Wyk (BA I UP); W Wessels; JP Duvenage (Grieks en Hebreeus).

6.9.2.2 Die volgende studente het studies gestaak:

JSS Ballot; EA Claassen; JD Lötter; JM Roets; PJ van der Nest; CJH van Wyk.

AANBEVELING 6

6.10 Die Sinode bemoedig die studente, veral die admissante, om met groot toewyding en verantwoordelikheid as geroepenes te volhard met hulle studies.

AANBEVELING 7

6.11 Die Sinode spreek staande sy innige dank teenoor die Here uit wat die afgelope vyf-en-'n-half jaar die Teologiese Skool in alle opsigte so wonderlik geseën het met dosente, studente, ruimte, fondse ens. sodat met dankbaarheid

AANBEVELING 9**10.2.3 Die Sinode besluit om**

die beskrywingspunt nie goed te keur nie; en spreek sy ernstige misnoeë uit oor die krasse bewoording waarin die beskrywingspunt gegiet is; en die feit dat indien die bewoording in die Sakelys gepubliseer word 'n wanbeeld van die werksaamhede van die Kuratorium as verantwoordelike kommissie van die Sinode op hierdie wyse die wêreld ingestuur word; en versoek die betrokke ring om meer diskreet te handel met beskrywingspunte van dusdanige aard.

10.2.4 Motivering

- * Die krasse bewoording waarin die beskrywingspunt gegiet is, is nie 'n kerklike vergadering waardig nie;
- * die inhoud van die beskrywingspunt is 'n totale wanbeeld van die werklikheid asof die Kuratorium, as kommissie van die Sinode, absoluut onverantwoordelik is in die uitvoering van sy sinodale opdrag in verband met die keuring en toelating van predikante tot die AP kerkverband;
- * dit die indruk skep asof die Kuratorium sonder behoorlike ondersoek en grondige keuring, met ignorering van die heil van die totale kerkverband predikante uit ander kerkverbande ongeag negatiewe faktore sondermeer as predikante in die AP kerkverband toelaat;
- * die inhoud van die beskrywingspunt ongegrond is;

- * die Kuratorium ten opsigte van elke aansoek ten volle rekening hou met arts. 59.3.2 en 59.3.3 van die Kerkorde 1992-uitgawe en dit streng toepas;
- * rekening moet daarmee gehou word dat eg-skeiding nie in art. 59.3.3 sonder meer as 'n ergerlike sonde vermeld word waaromtrent net die Sinode ten opsigte van herstel in die amp kan oordeel en herstel verleen nie, so dat dusdanige gevalle, wat absolute uitsonderinge onder aansoekers was, desondanks streng volgens meriete deur die Kuratorium beoordeel is.

11. BEGROTING

Kyk vir die begroting van die Kuratorium met aanbeveling in die Verslag van die Sinodale Finansiële Kommissie.

12. SLOT

Die Kuratorium vertrou dat hy sy opdrag volgens art. 10 van die Kerkorde 1992 en sy Lasgewing, Kerkordeboek, p. 116 pt. M bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here op sy sitting, beraadslagings en besluite toe.

DS A BOSHOF (SR) (VOORSITTER)

PROF DR FAH VAN STADEN (SKRIBA)

3.3.3 Skolingskursus – geloofsekerheid

Dr. W A Burger en sy eggenote is besig met die samestelling van die kursus/handleiding.

3.3.4 Handleiding vir kerklike opsig

Prof R Maré is versoek om 'n soortgelyke handleiding saam te stel, maar dit is nog nie afgehandel nie.

3.3.5 AANBEVELINGS

3.3.5.1 Die Sinode boekstaaf sy dank aan dr. W A Burger vir die samestelling van die handleiding vir diakens, en bring dit dringend onder kerkrade se aandag.

3.3.5.2 Die Sinode kontinueer sy opdragte t.o.v. die samestelling van handleidings vir siekebesoek, geloofsekerheid en kerklike opsig aan die Permanente KGB.

3.4 Pinksteronderwerpe

Die kommissie het die afgelope twee jaar leraars genader met die oog op die uitwerk van die onderwerpe. Ons vertrou dat dit tot seën was.

3.4.1 AANBEVELING

Die Sinode boekstaaf sy dank aan die leraars wat die Pinksteronderwerpe uitgewerk het.

4. SUSTERSWERKSAAMHEDE

4.1 Susterswerksaamhede as deel van die KGB se lasgewing

4.1.1 Na die besluite van die 1991-sinode in verband met die bestaan van die "Vroueaksie" (Hand. p. 369, pt. 157.3), het die KGB, in lyn met sy lasgewing (KO p. 112, pt. 5), aandag aan die susterswerksaamhede (S.W.) gegee.

4.1.2 Die fundering van die betrokkenheid van die KGB by die S.W. kan as volg weergegee word:

4.1.2.1 In die motivering tot die terreinafbakening van die kommissie vir gemeentelike bediening, wat tot die sinodale besluit in 1990 (Sakelys p. 389 – 393; Hand. p. 563, pt. 3.1.4.1) geleidelik het, is die susters se werksaamhede reeds as deel van die KGB se terrein gesien.

4.1.2.2 Die KGB se lasgewing (KO. 1991, p. 112, pt. 5) lui onder andere as volg:

"die opbouing van die gelowige in sy verhouding tot God en sy naaste;

toerusting van die amp van die gelowiges in hul roeping tot dienslewering in diens van God."

Wanneer die besluite van die 1991-sinode i.v.m. die S.W. met die kommissie se lasgewing vergelyk word, dan kom die verhouding tussen die susters se plaaslike dienswerk en die kommissie duidelik na vore:

Ook die toerusting van die susters vir hulle gemeentelike dienswerk (1991 pt. 157.3.1.7; 3.3.3; 3.3.4; 3.3.7) lê volledig op die terrein van die KGB (sien bo). Met ander woorde, net soos al die ander sake wat op die gemeentelike terrein lê (nl. ampte, opsig, lidmaattoerusting, huweliksverryking, ens.) die aandag van die KGB vra, net só gee hierdie kommissie aandag aan die toerusting van die susters op plaaslike en nasionale vlak binne die raamwerk van die sinodale besluite vir die uitvoering van hulle taak binne die gemeente.

4.2 Riglyne vir Susterswerksaamhede

4.2.1 In die lig van 4.1, het die kommissie konsepriglyne vir S.W. in gemeentes van die APK saamgestel met die oog op:

- * Kommentaar en aanbevelings aan die KGB;
- * Om voorlopig in die dringende behoefte vir riglyne aan kerkrade te voorsien met die oog op die ordening van S.W. in gemeentes.

Hierdie riglyne is aan alle kerkrade voorsien. Net een kerkraad het met kommentaar gereageer en dit is reeds in die riglyne ingewerk.

Met die aanbieding van die riglyne, is dit egter die kommissie se oortuiging dat die aktiwiteite binne die gemeente *nie* so gereglamenteer moet word dat die "letter" inisiatiewe "doodmaak" nie. Dit is die "gees" wat "lewend" maak (2 Kor. 3:6).

4.2.2 Bylae KGB/A bevat die *Konsepriglyne vir Susterswerksaamhede in Gemeentes van die APK*.

4.3 Fondse

4.3.1 Die "Vroueaksie" het na die 1991-besluit die KGB as volg geadviseer met die oog op die verdeling van die fondse wat in hul kas oorgebly het:

Handleiding, kaartjies en drukwerk	R 7 000,00
Reiskostes en administrasie	3 674,00
Brookhuis se kombuis	2 000,00
Willie Lubbe studiefonds	2 000,00
Surplus	4 000,00
Totaal	R18 674,00

trek Woordverkondiging in die algemeen skeef met die klem eensydig op die belang van die mens en ten koste van God.

3. Die feit dat God se saak en sy gebooe en insettinge nie meer geëer en gerespekteer word nie, vind neerslag in die toenemende en reeds byna volslae verwarring oor goed en kwaad, en die verval van geestelike en sedelike norme in ons hedendaagse samelewing.

God het reeds in sy raadsplan die straf uitgemeet vir dwaling deur die volk en sy leiers en daarom word die aanspreek van die afval van God, en gevolglike geestelike nood van hulle buite die Kerk, ons opdrag en uitdaging.

“... maak dissipels van al die nasies ...”

“... die een verlore skaap ...”

“... die een verlore penning ...”

4. God is getrou. In sy Woord belowe Hy dat Hy ons paaie sal gelyk maak as ons sy insettinge hou en Hom voor die nasies bely.

Ring van Naboomspruit.

7.1.2 AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt i.v.m. die roeping van die kerk goed.

7.2 Toelating van gaste by nagmaal

7.2.1 Die Synode beschließt das:

1. Wanneer 'n lidmaat van kerk (gemeente) A (binne AP Kerkegroepering) in kerk B as gas Nagmaal wil gebruik, neem hy, indien enig-sins moontlik, 'n aanbevelingsbrief van sy Ouderlingevergadering of van die Voorsitter en Skriba van sy Ouderlingevergadering saam, wat soos volg lui:

"Die Voorsitter

Ouderlingevergadering

Kerk B

Adres Kerk A

Datum

Geagte Broeder

AANSOEK OM AS GAS SAAM MET U GEMEENTE NAGMAAL TE GEBRUIK

Hiermee word getuig dat

(naam van betrokke lidmaat/lidmate van Kerk A) belydende lidmaat/lidmate in hierdie gemeente is. Hy/sy/hulle het te kenne gegee dat hy/sy/hulle graag by u eersvolgende Nagmaalsgeleentheid as gas/gaste toegang tot die tafel van die Here sal wil hê.

Hierdie Ouderlingevergadering beveel hulle ingevolge Bp. 43C van die KO van harte by u aan.

Mag u 'n geseënde Nagmaalsviering hê.

U broeder in die Here

SKRIBA/VOORSITTER”

2. Wanneer lidmaat A in 'n ander erkende kerkegroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) saam Nagmaal wil gebruik, voorsien die Ouderlingevergadering 'n soortgelyke aanbevelingsbrief aan hom.
3. Lidmate moet van tyd tot tyd vanaf die kassel aangemoedig word om gelowiges wat uit ander erkende kerkegroeperinge (APK, NGK, ARK, NHK, GKSA) by 'n AP Kerk (gemeente) as gas Nagmaal wil gebruik, aan te spoor om 'n aanbevelingsbrief van hulle eie Ouderlingeraad te bekom.
4. Indien 'n Ouderlingeraad geen brief van 'n aansoeker uit die eie kerkegroepering ontvang nie, moet die Ouderlingevergadering persoonlike getuienis uit eie geledere of uit eie gemeente oor die aansoeker bekom. Die ideaal moet egter nagestreef word dat 'n aanbevelingsbrief liewer ingedien word.
5. In die geval van die *kinders (of ouers) van lidmate* wat as gaste aansoek doen, moet die Ouderlingevergadering soepel in optrede wees indien daardie lidmate hulle familieledede aanbeveel.
6. Geen aansoeker uit 'n ander erkende kerkegroepering (APK, NGK, ARK, NHK, GKSA) sal as gas by 'n AP Kerk toegelaat word sonder 'n aanbevelingsbrief nie.

Motivering

1. Bep 33A van die KO reël dat die Ouderlingeraad, indien moontlik, voor elke Nagmaalvergadering om te handel oor sake deur KO Arts. 21, 43, 44 en 50 – 59 gedek. Art. 43 handel oor die doop en die nagmaal.
2. Wanneer lidmate hulle kindjie in 'n ander gemeente wil laat doop, is hulle verplig om 'n toestemmingsbrief van hulle eie Ouderlingevergadering te hê (Bep 43A). Dit is nie net nodig ter wille van die administrasie in verband met die uitreiking van 'n doopseël nie, maar óók omdat die eie Ouderlingevergadering getuienis oor die lidmate moet lewer. Bep. 43A praat van “lidmate, wat nie onder sensuur is nie”. Dááror handel die toestemmingsbrief.
3. Wat die diepste beginsel by die een sakrament (die doop) is (nl. die eie Ouderlingevergadering wat die lidmate ken en onder wie se sorg en tugbevoegdheid die lidmate val, moet getuienis lewer), moet dit ook by die ander sakrament (die nagmaal) wees.
4. Bep. 43C reël dat die Ouderlingevergadering van elke gemeente toesig hou oor die nagmaalstafel. Die Heidelbergse Kategismus

kel. Koste moet deur die konferensiegangers gedelig word. 'n Komitee kan aangewys word met opdrag om net die volgende konferensie te reël."

1.8.2.2 "Die Sinode beveel aan dat susters nie bydraes van 50c per lidmaat sal maak tot die sentrale kas van die Susters nie aangesien 15% van hulle bydraes reeds aan die SKK gestuur word. Die Susters moet liever by die SKK aansoek doen om fondse indien iets nodig is vir hul organisasie."

1.1.2 Besluite van 1991

(Hand. Sinode 1991, p. 369, pt. 157.3)

"Die Sinode besluit:

3.6 dat susters voortaan landwyd gekoördineerd soos volg mag optree:-

3.1.1 Susters van AP kerkde landwyd mag van tyd tot tyd binne 'n ringsgebied, of op nasionale vlak, in konferensie byeenkom genaamd APK Susterskonferensie.

3.1.2 Die susters van 'n plaaslike gemeente of enkele naburige gemeentes onder leiding van die plaaslike kerkraad/rade kan sodanige konferensie reël en alle susters-lidmate van alle gemeentes via "Die Boodskapper" volledig daarvoor inlig en hulle uitnooi.

3.1.3 Die konferensiegangers wys vir daardie konferensie 'n voorsitter en sekretaresse aan, wat die ordereelings moet hanteer.

3.1.4 Tydens die konferensie kan in breë trekke vir 'n volgende konferensie beplan word (plek, tema, sprekers, verdere program-items, ens.) en 'n spesifieke gemeente kan versoek word om as gasheer op te tree. 'n Sekundusgemeente word ook aanbeveel.

3.1.5 'n Konferensie kan egter

- geen bindende besluite neem nie
- geen komitees benoem nie
- geen aksies van stapel stuur nie
- geen publikasies laat verskyn nie
- geen fondsinsamelingsprojekte loods nie

omdat die bedoeling en behoefte is dat daar net maar gekonfereer word. Agterna kan 'n oorsig, opgestel deur (bv.) die voorsitter en/of sekretaresse, oor die konferensie in "Die Boodskapper" verskyn, sodat lidmate van alle gemeentes, veral belanghebbendes, volledig oor die verloop daarvan ingelig kan word. Ter afhandeling van sake voortspruitend uit die konferensie sal die Voorsitster en sekretaresse saam met die reëlingskomitee van die afgelope konferensie optree, met koöptering van 2 of 3 kundige persone indien nodig.

Indien publikasies ter sprake is, word die samewerking van die SKK se Publikasiekomitee gesoek.

3.1.6 Nadat die konferensie afgeloop en sy doel gedien het, funksioneer daar geen tussen-tydse óf permanente Algemene Komitee of skakelkomitee nie.

3.1.7 Sodanige konferensie moet net een doel hê: om die betrokke susters deur kruisbestuiving van gedagtes, werksmetodes, ens., vir die dienswerk in hulle plaaslike gemeentes te stimuleer en toe te rus, waar die susters in hulpdiens aan hul eie plaaslike kerkraad hulle ten volle kan uitleef in die groot variasie van take wat deur hulle kerkraad aan hulle opgedra of deur die susters geïnisieer word (ná goedkeuring deur die kerkraad).

3.2 Dat susters se plaaslike aktiwiteite binne hulle eie gemeentes, prinsipieel en prakties, vir bestudering en advies-aan-kerkrade verwys word na 'n Ad hoc-kommissie bestaande uit dr W A Burger, ds I A Brink, ds A S van Jaarsveld, ds J A du Plessis, dr C I van Heerden en ds J J Venter, wat aan die volgende Sinode verslag moet doen. Hierdie kommissie moet ook aandag gee aan daardie gedeeltes van dr W A Burger se mosie wat verdere aandag benodig.

3.3 Dat die KKS se prinsipieel-gefundeerde aanbevelings van 1990, soos hieronder aangehaal, die amptelike standpunt van die Sinode word:

"Die Sinode besluit

3.3.1 dat aangesien kerklike lidmaatskap in beginsel volgens die Skrif (Ef. 4, 1 Kor. 12, Rom. 12), die Belydenisskrifte (NGB arts. 30 en 32, H. Kat. vrae en antwoorde 55, 104 en 124), die beginsel van die Gereformeerde Kerkreg en art. 3, bepalinge 3.1 tot 3.9, arts. 4, 5, 10, 22.1, 22.3 e.a. van die Kerkorde 1989 net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is en nie aan die kerkverband nie;

3.3.2 dat derhalwe 'n belydende lidmaat nêr regte, voorregte en bevoegdhede tot optrede in sy plaaslike kerk het ooreenkomstig die artikels en bepalinge van die Kerkorde en onderworpe aan die opsig van die kerkraad – dit geld ook vir die besondere ampte van ouderling, diaken en bedienaar van die Woord, vgl. arts. 15, 20, 21, 22 e.a.;

3.3.3 dat dit die taak van die kerkraad is om volgens Ef. 4:11 – 16, Hand. 20:28, 1 Tim. 3:5, Kerkorde arts. 14, 20, 21, 44, 48 al die belydende lidmate (en dooplidmate) te versorg, toe te rus, te aktiveer en te organiseer om diensbaar

Ook die toerusting van die susters vir hulle gemeentelike dienswerk (1991 pt. 157.3.1.7; 3.3.3; 3.3.4; 3.3.7) lê volledig op die terrein van die KGB (sien bo). Met ander woorde, net soos al die ander sake wat op die gemeentelike terrein lê (nl. ampte, opsig, lidmaattoerusting, huweliksverryking, ens.) die aandag van die KGB vra, net só gee hierdie kommissie aandag aan die toerusting van die susters op plaaslike en nasionale vlak binne die raamwerk van die sinodale besluite vir die uitvoering van hulle taak binne die gemeente.

Hiermee is die KGB nie 'n nuwe "Algemene Komitee" nie, maar gee hy aandag aan die toerusting van die susters t.o.v. hulle aktiwiteite binne die gemeente.

2. RIGLYNE VIR SUSTERSWERKSAAMHEDE BINNE DIE GEMEENTE

2.1 Inleidend

Die stigting van die APK het meegebring dat ou beginsels weer nuut ondersoek is en daarmee herwaardeer is. Die nadere bepaling van die begrip "Kerk", en daarom ook die plek van susterswerksaamhede in die gemeente, is 'n goeie voorbeeld.

Die noodsaaklikheid vir 'n handleiding lê onder andere in die volgende:

Na die stigting van die nuwe gemeentes ontstaan die behoefte onder die susters om ook georganiseerd/geordend op te tree.

Klein gemeentes wat nog nie oor die dienste en leiding van 'n eie leraarspaar beskik nie, het die behoefte aan leiding in hierdie verband.

Die eiesoortigheid van die ordening binne die APK bring mee dat vorige strukture nie sonder meer binne die gemeente toegepas kan word nie.

Elke gemeente rig sy werksaamhede in volgens sy eie behoeftes en kan daarom nie van buite af voorgeskryf word hoe hy homself moet organiseer nie.

2.2 Riglyne

2.2.1 Strewe: – Ps. 100:2 vat die doel en gesindheid van die susterswerksaamhede mooi saam in die woorde: "Dien die Here met blydskap!" In die lig van Efes. 4:11, 12 ("En Hy het sommige gegee . . . om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus") word die lidmaat opgeroep en geïnspireer tot 'n oorfloedige lewendeur die Heilige Gees.

2.2.2 Gemeentekomitees

Die gemeentekomitee is die hart en siel van die APK se susterswerksaamhede. Hier op plaaslike vlak, kry elke gemeente se susters die geleentheid om 'n eie komitee volgens eie behoeftes te kies. Geen gemeente se susters kan doeltreffend funksioneer as hulle nie 'n komitee het wat kan toesien dat alles ordelik gereël word nie.

2.2.2.1 Hoe kan 'n gemeentekomitee lyk?

'n Gemeentekomitee kan bestaan uit:

- * voorsitter
- * ondervoorsitter
- * sekretaresse
- * tesourier
- * addisionele lede soos nodig.

2.2.2.2 Die gemeentekomitee

- * word jaarliks op 'n algemene vergadering deur die susters per geslote stembriefie verkies;
- * stel 'n jaarprogram op;
- * administreer die susterswerksaamhede se fondse en lewer gereeld verslag aan die susters sowel as aan die kerkraad;
- * die gemeentekomitee kan kwartaaliks byeenkom, maar ook as sake opduik wat aandag verlang;
- * die gemeentekomitee kan nie besluite neem nie, maar kan aanbevelings maak wat voorgelê word aan die susters tydens die algemene vergaderings vir hul kennisname en goedkeuring;
- * betrek soveel as moontlik susters by al sy aktiwiteite;
- * hou gereeld (indien moontlik maandeliks) algemene byeenkomste.
- * Indien verkies, kan komiteelede, die verantwoordelikheid aanvaar vir 'n algemene byeenkoms. Sodoende betrek u meer susters.

2.2.2.3 Die tesouriere

- * Die tesouriere hou noukeurig boek van die Susters se finansies. Geld kan by die kassier van die Kerkraad inbetaal word, of as u 'n eie rekening het (met toestemming van die Kerkraad) moet dit jaarliks geouditeer word.

2.2.2.4 Algemene vergaderings

Die hou van algemene vergaderings motiveer die susters tot meer betrokkenheid by gemeentelike bedrywighede, is leersaam, bring geestelike verryking en ontgin talente in eie geledere. Daar ontdek die susters dikwels hulle gawes wat hulle kan aanwend tot die uitbreiding van die koninkryk van God. Hier word huishoudelike sake bespreek en die susters raak bewus

meentelede, mans, vrouens en kinders mekaar beter leer ken en die gemeenskap van die heiliges ervaar. Betrek nuwe lidmate en besoekers deur hulle spesifiek vir 'n koppie tee te nooi. Menige lidmate het al getuig dat hulle gou deel voel van die hart en siel van die gemeente rondom die teetafel. U kan 'n lys saamstel van skinkbeurte volgens wyke, sodat elkeen 'n beurt kry.

2.3.2 Begrafnisse

Hierdie is 'n baie hartseer en dikwels onverwagte gebeure en enige hulp en bystand word opreg waardeer. Skakel dadelik met u leraar as u van 'n sterfgeval in die gemeente te hore kom. Die betrokke wyksleidster/blokleidster beplan saam met die familie en diakonie sodat daar nie duplisering plaasvind nie. Sy vind uit wat die behoeftes is ten opsigte van:

- * Teeskink na die begrafnis.
- * Verskaffing van verversings en/of etes aan die bedroefde familie.
- * Versorging van kinders, vervoer na skool en ander aktiwiteite.
- * Bystand na die begrafnis.

2.3.3 Bybelstudie

'n Baie belangrike deel van die susterswerk-saamhede is Bybelstudie. Dit kan in wyksverband/groepsverband gehou word.

Bybelstudiehandleidings

Maak seker van die oorsprong en inhoud van die handleidings en of dit deur die APK goedgekeur word. Daar is reeds etlike handleidings beskikbaar wat deur ons eie predikante geskryf is, u kan dit met groot vrymoedigheid gebruik. (As u onseker is, vind uit by een van ons leraars.) Dis altyd beter om 'n handleiding te gebruik as om sommer "self" die Bybelstudie te hanteer.

2.3.4 Blomme

Blomme is en bly 'n wonderlike manier om die Here te loof en uiting aan u gevoelens te gee. U kan 'n blommekomitee kies wat beurte maak vir blomme in die kerk. Dit werk ook goed as die wyk wie se skinkbeurt dit is, ook sorg vir blomme. Gebruik gerus wat in u tuine beskikbaar is. 'n Potplant lyk ook mooi. Blomme lyk altyd mooi by eredienste, spesiale geleenthede soos Nagmaal, Goeie Vrydag, belydenisaflegging, Pinkstersondag, Kersfees, bevestiging van kerkraad, doop.

2.3.5 Bejaardes

- * U kan met 'n diens aan bejaardes in die gemeente begin met kerkraadsleiding en toestemming.
- * Kies 'n komitee in samewerking met die diakonie, wat die verantwoordelikheid het om na die bejaardes om te sien.
- * Reël byvoorbeeld gesellige middae, musiek-aande, ens. volgens u behoeftes.
- * Bied hulp aan met vervoer, inkopies, besoeke aan dokter.
- * Besoek bejaardes gereeld.

2.3.6 Polisie, dienspligtiges en burgermag

Gee aandag aan die susters wie se mans soms vir lang tye weg is om elders diens te lewer.

2.3.7 Algemene vergaderings

2.3.7.1 Kan gehou word volgens eie omstandighede in 'n gemeente (bv. maandeliks, of kwartaalliks, gedurende die week, saans of soggens na die erediens).

2.3.7.2 Gemeentekomiteelede kan beurtelings verantwoordelikheid neem vir 'n vergadering. Sy reël dan vir die spreker, die opening met Skriflesing en gebed, die dankwoord en geskenk aan die spreker. Die voorsitter kan die sake hanteer wat voortspruit uit die notule en ook ander sake op die sakelys.

2.3.7.3 Terwille van interessantheid en meelewing kan algemene vergaderings afgewissel word met minder formele byeenkomste, bv. besoeke as groep by die hospitaal se chroniese afdeling, 'n moeder- en dogteraand ens.

2.3.7.4 Ten opsigte van onderwerpe vir bespreking by algemene vergaderings kan u in gedagte hou dat die susters ook hier toegerus kan word vir hulle dienswerk as gelowige (priester, profeet, koning) binne die gemeente. Dit kan aansluiting vind by die kerkraad se kommissiewerk t.o.v. die jeug, sending en evangelisasie, diens van barmhartigheid en aktuele sake.

2.3.7.5 Gebruik kundige meentelede vir die aanbidding van onderwerpe indien u so verkies.

2.3.7.6 'n Aantreklike en mooi versierde vergaderlokaal skep die regte atmosfeer as verlengstuk van die besondere aard van u byeenkoms.

2.3.7.7 Goeie voorbereiding vir u byeenkoms is noodsaaklik vir 'n sinvolle ervaring van die gemeenskap van die gelowiges.

Korrektiewe toesig: Die rol van kerke

INLEIDING

Sekere ingrypende veranderinge binne die Departement van Korrektiewe Dienste het die afgelope tyd plaasgevind wat ook ingrepe kan maak op die kerke se taak t.o.v. hulle lidmate/aanhangers.

Die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens se naam is op 20 Desember 1990 verander na die Departement van Korrektiewe Dienste. Die Wet op Korrektiewe Dienste (1991) het in werking getree en is 'n wysiging van die Wet op Gevangenis (1959). Die Departement het met die wetswysiging naas sy bestaande bestuur en beheer oor die toepassing van gevangenisstraf op gevangenes ook die verantwoordelikhede bygekry vir die bestuur en beheer van 'n stelsel van gemeenskapsgebaseerde vonnisse as alternatiewe tot gevangenisstraf. Korrektiewe toesig is een so 'n strafopsie.

Enkele gedagtes rondom korrektiewe toesig word voorts uitgelig naamlik die aanleidende faktore, die beginsels waarop dit gebaseer is, die toepassing en die voordele daarvan en die moontlike geleenthede wat dit vir kerke bied.

DEFINISIE

'n Vonnis van korrektiewe toesig word aan geskikte oortreders opgelê wat die vonnis binne die gemeenskap uitdien onderhewig aan die monitering van hulle gedrag en die nakoming van gestelde voorwaardes met die oog op hulle rehabilitasie.

Die begrip "korrektiewe toesig" kan met die buitelandse begrip "probation" vergelyk word met die uitsondering dat korrektiewe toesig in die RSA slegs verwys na 'n vorm van ondertoesigstelling wat deur die beamptes van die Departement van Korrektiewe Dienste gelewer word.

DOEL

Die doel van korrektiewe toesig is om persone wat hulle vonnisse in die gemeenskap uitdien, te beheer, te moniteer en te rehabiliteer.

BEGINSELS

Die toepassing van korrektiewe toesig berus onder andere op die volgende:

- a. Die gemeenskap se belange, betrokkenheid en verwagtings word in ag geneem.

- b. Gevangenisstraf as sanksie word slegs toegepas as 'n laaste uitweg.
- c. Korrektiewe toesig word hoofsaaklik toegepas op 'n persoon wat andersins by 'n gevangenis opgeneem sou word en nie op iemand wat vrygestel sou gewees het nie.
- d. Die oortreder moet die toesigvoorwaardes wat op hom van toepassing is, kan nakom.
- e. Sinvolle professionele en ander dienste moet beskikbaar wees om die oortreder se herinskakeling te bevorder.
- f. Genoegsame en effektiwe wetlike en geregtelike waarborge moet bestaan om die toepassing en bestuur van korrektiewe toesig te verseker.
- g. Die klem by korrektiewe toesig val op rehabilitasie en nie op vergelding en straf nie en daarom is dit nie nog 'n vorm van gevangenisstraf nie.
- h. 'n Stabiele en omgeegemeenskap is 'n gunstige omgewing vir korrektiewe toesig.
- i. Werkgeleenthede moet bestaan.

AANLEIDENDE FAKTORE

Baie faktore het bygedra tot die veranderde beleid:

- (aa) Voortdurende diepgaande plaaslike en oorsese navorsing.
- (bb) Wêreldwye en plaaslike kommer oor die negatiewe groeipatroon van die gevangenisbevolking.
- (cc) Die toepassing van gevangenisstraf het slegs in 'n sekere mate in die strafmotiewe van vergelding van 'n gepleegde onreg en die beskerming van die gemeenskap geslaag. Daar is weinig of geen rekening gehou met skadevergoeding aan die slagoffer en die herstel van vrede nie.
- (dd) Die pogings om die gevangene te help rehabiliteer word grotendeels in die wiewe gery deur die hoë gevangenisbevolking, hoë bedryfskoste en die tekort aan fondse, die tekort aan mannekrag en veral kundige mannekrag, en die uitwerking van die gevangenissubkultuur op 'n mens in 'n krisis.
- (ee) Die suksesse wat in ander lande behaal word met gemeenskapsgebaseerde vonnisse as alternatief vir die gevangenisstraf.

- * 'n Gemeenskap waarin die heerlikheid van in-Christus-te-wees deurstraal en gloei in versorgende meelewing met en diensbetoon aan die oortreder.
- * 'n Gemeenskap waarin die kwade nie toege-
reken word nie, maar voor God gebring word vir vergifnis en dan beskou word as afgehan-
del, as bedek deur die bloed van Jesus Christus, en dat versoening tussen oortreder en God, en gemeenskap, en slagoffer en sy familie moontlik is.
- * 'n Gemeenskap waarin die liefde daadkrag-
tig woon en lewe in die opvang van die een-
sames, die ween met die wenendes, die julg met die wat bly is, die besoek en versorging van die oortreder.
- * Aanvaarding dat die plaaslike gemeente en die kerk se organisatoriese opset beskikbaar is om hulp aan die oortreder te verleen. So het die Kerk in Suid-Afrika gekeurde, op-
geleide, geestelik toegeruste ampsdraers wat die roeping aanvaar het en gereed is om die oortreder te begelei: onder andere pre-
dikante, ouderlinge, diakens, leiers, kerklike maatskaplike werkers, pastorale sielkundiges en beraders. Hierby is daar talle geroepe en toegeruste lidmate wat gewillig is om te help.
- * Kennis van die feit dat daar ook reeds verskeie kerklike hulpentrums en kantore van verskeie denominasies is wat toegerus is om oortreders te bedien van hulp oor 'n breë spektrum van persoonlike probleme. Hierdie kerklike instellings sluit o.a. in oue-
tehuise, kindertehuise, kerklike skole, hospita-
le, kampgronde, sentrums vir die behandel-
ing van alkohol- en dwelmmiddelverslaafdes, ander tehuise onder kerklike beheer, kerklike eiendomme/-gronde, kerkkantore met ad-
ministratiewe personeel en beraders.

Met aangestelde werkers verbonde aan en beskikbaar by hierdie kantore skep dit 'n uitstekende kontakpunt om kommunikasie voort te sit.

KERKLIKE BETROKKENHEID/ GELEENTHEDE VIR DIE KERK

Wanneer in detail gekyk word na die stelsel van korrektiewe toesig sal dit duidelik word wat-
ter geleentheid daar vir die kerk bestaan wat die kerk kan benut.

1. Raadgewende hoedanigheid

'n Nasionale Adviesraad oor Korrektiewe Dienste gaan later vanjaar geskep word om die Minister en die Kommissaris te adviseer oor beleidsake en ook spesifieke sake rondom die

taak van die Departement. Die Raad sal saam-
gestel word uit verskeie kundiges uit die
privaat-, openbare- en regs-wêreld en dit kan
kerkleiers insluit.

Hierdie Raad is 'n belangrike adres vir die kerk
indien hy die Departement van advies wil be-
dien veral rondom die impak van gemeen-
skapsgebaseerde vonnisse op die gemeen-
skap.

Korrektiewe Rade sal op streeks- of plaaslike
vlak deur die Minister aangewys word uit lede
van die Departement en privaat persone uit die
betrokke gemeenskap. Die Rade sal oor 'n ver-
skeidenheid van sake wat direk met die funk-
sies van die Departement in verband staan met
Bevelvoerders of Streekskommissarisse kan
beraadslaag en hulle adviseer. Die oogmerke
van die Raad is om die doeltreffende herin-
skakeling van die vrygelate gevangene/toesig-
geval in die gemeenskap te verseker en om gro-
ter gemeenskapsbetrokkenheid te verkry deur
steun en wedersydse begrip tussen die korrek-
tiewe sisteem en die gemeenskap te vestig en
uit te bou.

Kerkleiers kan met die Rade skakel.

2. Inrigtingskomitee

Inrigtingskomitees is by elke gevangenis in-
gestel om aanbevelings rakende die veilige
aanhouding van gevangenes, hul inskakeling
by behandelingsprogramme, die spoedige be-
loning van positiewe of die bestrawwing van
negatiewe gedrag, strafvermindering, en die
vrylating van gevonniste gevangenes te maak.

Godsdienstwerkers/geleentheidskapelane kan
reeds insette lewer by die Komitee ten opsig-
te van lidmate se godsdienstige lewe by wyse
van bywoning van sittings of verslaggewing.

3. Inligtingsprogramme

Die Departement kan voorsiening maak vir die
aanbieding van voorligtingsprogramme vir per-
sone wat deur die hof daartoe beveel is. Die
voorligting sluit in lesings oor misdaadvoorko-
ming, oorsake van misdaad en afwykende ge-
drag en die gevolge daarvan. Die kerk kan ook
soortgelyke programme aanbied om misdaad
te voorkom en te bekamp.

4. Verskaf van Inligting

Die kerke kan op versoek van die assesserings-
beampte waardevolle inligting ten opsigte van
lidmate/aanhangers verskaf by

- * die voorvonnisondersoek oor 'n oortreder se
geskiktheid vir korrektiewe toesig as vonnis
of ander beskikkingsmoontlikhede

13. Ondersteuning

Die sleutelrol van die kerk is om ondersteunend teenwoordig te wees by sy lidmaat en sy naasbestaandes in nood. Die oortreder en sy naasbestaandes kan staatmaak op sy kerk se ondersteuning. Dieselfde geld ook vir die slagoffer van misdaad en sy naasbestaandes.

14. Voorbereiding en Navorsing

Voordat die kerk en veral die plaaslike gemeente hom kan aanbied as 'n hulpbron is voorbereiding noodsaaklik.

Eerstens sal die leiers van die kerk 'n duidelike visie moet hê vir die konsep van rehabilitasie eerder as straf en vergelding. Die leiers sal hulle moet verbind aan die visie anders sal enige praktiese pogings weinig sukses behaal.

Daarna sal die leiers definitiewe stappe moet neem om 'n omgeegemeente te word waar gevonniste persone, oudgevangenes en hulle familie en vriende welkom is en die gemeente hom in solidariteit vereenselwig met die oortreder. En dit mag beteken dat aandag gegee sal moet word aan vals aannames soos byvoorbeeld mense gaan gevangenis toe omdat hulle doelbewus misdaad pleeg – en omdat hulle so gekies het, moet hulle gestraf word.

Ander realiteite sal verduidelik moet word. Die grootste persentasie mense in die gevangenis het hulle tot misdaad gewend as gevolg van die gebrek aan sosiale, ekonomiese, opvoedkundige en werkseleenthede. Hulle is seergemaakte mense en moet gelei word om geleenthede te benut.

Verder sal die kerk moet aanvaar dat nie alle oortreders in gevangenis moet beland nie. Vir sommige mag dit selfs skadelik wees.

Die bogenoemde geleenthede wat aan die kerk gebied word om 'n versorgende alternatief daar te stel mag nie onderbeklemtoon word nie maar moet by die gemeente aanbeveel word.

Aangesien gemeenskapsgebaseerde vonnisse so 'n nuwe veld van geleenthede vir die kerkbeheerliggame en plaaslike gemeentes is, is dit noodsaaklik dat weë ondersoek moet word om betrokke te raak by korrektiewe toesig.

Alternatiewe vir korrektiewe toesig en alternatiewe vonnisse moet ondersoek word. Meer en meer skeppende denke moet in die kerk plaasvind. Met die aanvaarding van so 'n rol sal die kerk in gesprek moet bly met die staat.

Daar behoort 'n voortdurende strewe te wees vir 'n regverdige straftoematingsmodel.

15. Uitdaging

Die kerk het 'n taak en roeping, 'n onontkombare opdrag om voort te gaan om die ontslane gevangene en die toesiggeval geestelik te versorg. Dit is die kerk se reg en voorreg. Die kerk het die toesiggeval en parolee "nodig" om sy roeping te vervul (Matt. 25 v 34 – 40).

Die oudgevangene en toesiggeval het die kerk ook nodig in sy nuwe rol as oudgevangene en toesiggeval tydens een van die grootste kristiese in sy lewe. Hierin het hy 'n geestelike tuiste, 'n brug, 'n halfwegstasie nodig in sy pad om weer 'n volwaardige mens te wees binne nuwe lewensverbande. Om die woorde van Paulus te gebruik (Filemon 15, 16) "miskien was hy 'n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry, nou nie langer as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broeder . . . as 'n mens en as broer in die Here . . ."

Die bystand en leiding van ander instansies is belangrik maar kan nie die plek wat die kerk se hulp inneem, vervang nie. As die kerk hom nie bemoei met die oudgevangene en toesiggeval nie, dan is daar min hoop vir hom. Verwerping deur die kerk word beleef as 'n verwerping deur God – en hy werp homself weer op misdaad.

Die Departement van Korrektiewe Dienste leun baie sterk op die kerk in sy opheffingstaak. En as die seldeur en gevangenisdeur vir 'n gevangene oopgemaak word en die oortreder onder toesig geplaas is, wil die Departement voor hom die geopende deur van die kerk sien sodat daar 'n druk verkeer sal wees van broers uit die gevangenis en onder korrektiewe toesig wat broers in die Here in die kerk sal vind.

16. Verspreiding

Hierdie inligtingstuk kan gedupliseer of verwerk word vir verdere verspreiding.

KAPELANE: DEPARTEMENT KORREKTIEWE DIENSTE

Hoofkantoor

Privaatsak X136
PRETORIA
0001

Genl-maj F J Ollewagen Tel. (012) 2070029/484
A K Godsdienssorg
Kol J J F Bezuidenhout Tel. (012) 2070393/205
Ds L C Swart Tel. (012) 2070484/029

Streek I: Natalstreek

Ds J Kruger Tel. (031) 867377

Durbangevangen

Privaatsak X1

WESTVILLE 3630

Ds P J Fourie Tel. (0341) 31110

Glencoegevangen

Privaatsak X02

GLENCOE 2930

Ds J M Myers Tel. (0331) 456293

Pietermaritzburggevangen

Privaatsak X9022

PIETERMARITZBURG 3200

Streek	Plek	Landdrosdistrik
Suid-Kaap P/Sak X3064 WORCESTER 6850	Worcester	Worcester Tulbach Wolseley Laingsburg Sutherland Ceres Montagu Robertson Caledon
	George	George Mosselbaai Oudtshoorn Unionsdale Calitzdorp Knysna Ladismith
Natal P/Sak X9022 PIETERMARITZ- BURG 3200	Pietermaritz- burg	Pietermaritzburg Camperdown
	Durban	Durban Chatsworth Pinetown Verulam
Vrystaat en Noord-Kaap P/Sak X20547 BLOEMFONTEIN 9300	Bloemfontein	Bloemfontein Brandfort Petrusburg Botshabelo
	Kimberley	Kimberley Warrenton Jacobsdal Barkly-Wes Boshof Douglas
Sentraal-Transvaal P/Sak X2 BRYANSTON 2021	Krugersdorp	Krugersdorp Roodepoort
	Modderbee	Alberton Benoni Brakpan Boksburg Germiston Kempton Park Springs Nigel Heidelberg

Streek	Plek	Landdrosdistrik
	Johannesburg	Johannesburg Randburg
Oos-Transvaal P/Sak X7208 WITBANK 1035	Middelburg	Middelburg Witbank Moutse Groblersdal
	Nelspruit	Nelspruit Witriver Sabie Lydenburg
Noord-Transvaal P/Sak X393 PRETORIA 0001	Zonderwater	Bronkhorstspuit Cullinan
	Pretoria	Soshanguve
	Brits	Brits
	Warmbad	Warmbad
	Pietersburg	Pietersburg Tzaneen
Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal P/Sak X30 KROONSTAD 9500	Kroonstad	Kroonstad Koppies Parys Edenville Lindley Vredefort Welkom Odendaalsrus Hennenman
	Klerksdorp	Klerksdorp Potchefstroom Ventersdorp Viljoenskroon Bothaville Oberholzer
	Vereeniging	Vereeniging Vanderbijlpark Meyerton
Oos-Kaap P/Sak X6055 PORT ELIZABETH 6000	Oos-Londen	Oos-Londen King Williamstown Komga
	Port Elizabeth	Port Elizabeth Uitenhage Kirkwood Hankey Humansdorp
Wes-Kaap P/Sak X4 TOKAI 7966	Paarl	Paarl Wellington Stellenbosch Malmesbury Somerset Wes Strand
	Kaapstad	Kaapstad Belville Wynberg Simonstad Goodwood Kuilsrivier

weeg moet word as 'n tema vir een van die Teologiese Dae wat gereël word.

3.1.3.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis dat die bearbeiding van die jeug onder die aandag van die Kuratorium gebring is vir oorweging as tema vir een van die Teologiese Dae en versoek die Kuratorium om, in die lig van die feit dat die jeug (voorskool tot naskool) so 'n groot deel van die APK se lidmaattal uitmaak, dringend hieraan aandag te gee.

3.1.4 Hersiening van die pamflet "Reëls bedoel as riglyne vir Verbondsonderrig"

(Handelinge, Vyfde Sinode, p. 322, pt. 3.3.4.)

Hierdie pamflet is in sy geheel hersien. Sien Bylae JV/2 vir die hersiene weergawe.

3.1.4.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die hersiene pamflet "Die beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig" goed en versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om toe te sien dat dié pamflet, so ver moontlik, in die hand van elke Verbondsonderrigvoorganger kom.

3.1.5 Handleidings vir Jeugaktiwiteite

(Handelinge, Vyfde Sinode, p. 322, pt. 3.3.5.)

Die opstel van handleidings vir gebruik by jeugbyeenkomste geniet deurgaans die aandag van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig. So het "Programsketse vir Hoërskool en Naskoolse Jeug I" reeds verskyn terwyl nommer II DV voor die einde van 1993 sal verskyn. Ook sal daar DV voor einde 1993 'n aantal programsketse vir die Junior Verbondsjeug in 'n boekie verskyn.

Wat betref die boek oor speletjies wat sinvol by jeugbyeenkomste aangewend kan word is daar ook al ver gevorder en indien alles volgens plan verloop sal dié boekie ook DV voor einde 1993 verskyn.

3.1.5.1 AANBEVELINGS

1. Die Sinode neem met dank kennis van die werk van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig rakende die opstel van die programsketse en handleidings.

2. Die Sinode beveel hierdie programsketse met groot vrymoedigheid by leraars en jeugleiers aan vir gebruik in hulle bediening met die jeug.

3.1.6 Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe

(Handelinge, Vyfde Sinode, p. 422, pte. 4.1.2, 4.1.3.)

Die Vyfde Sinode het die volgende rakende Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe goedgekeur (Handelinge, p. 422).

1. Kerkrade, Ringe en Ringsgroepe word dringend versoek om aandag te gee aan die organisasie van sodanige kampe.
2. Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig word versoek om handleidings daar te stel wat gebruik kan word vir die reël van sodanige kampe.
3. Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig word versoek om 'n naambank van kundige en belangstellende leraars daar te stel wat genader kan word om met sodanige kampe te help.
4. Belangstellende predikante moet met die Voorster van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig skakel en hulle name deurgee.

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig het hierdie besluite in 'n artikel in die April 1992-uitgawe van "Die Boodskapper" onder die aandag van ons lidmate gebring en dit weer in die Mei 1993-uitgawe van "Die Boodskapper" herhaal. Ook is die nodige handleidings deur dr. JH Ellis opgestel. Verder het daar advertensies vir en verslae van Skoolverlaterskampe in "Die Jeugboodskapper" verskyn.

3.1.6.1 AANBEVELINGS

1. ***Die Sinode neem met dank kennis van dit wat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig alles gedoen het ten einde hierdie unieke, maar belangrike kampe onder die kerk se aandag te bring.***
2. ***Die Sinode spreek sy kommer uit dat sodanige kampe nog nie voldoende landswyd aangebied word nie en versoek weer eens kerkrade, ringe en ringsgroepe om dringend aandag te gee aan die organiseer van sodanige kampe.***
3. ***Die Sinode bring dit onder die aandag van die kerk dat handleidings vir die reël van sodanige kampe by die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig beskikbaar is.***

3.2 Nuwe Sake

3.2.1 "Die Verbondsgesprek"

Aan die begin van 1992 het die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig 'n skrywe van 'n predikant ontvang waarby aangeheg was 'n artikel

4.1 Slegs ongesensureerde belydende lidmate wat 'n aktiewe belydenis van kindskap van die Here gemaak het en dit met sy/haar lewe bevestig, mag van die Kerkraad toestemming ontvang om Verbondsonderrig aan te bied.

Motivering

'n Katkisant soek bevestiging van wat hy/sy in die VBO leer, in die lewe van sy leerkrag en sy ouers.

4.1.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van Olifantshoek oor geloofsekerheid by VBO-personeel en wil kerkrade (ouderlinge) se aandag weer eens daarop vestig (KO artikel 21) om erns te maak met wie betrokke is by die aanbied van Verbondsonderrig.

Die Sinode besluit dat

4.2 geen kind wat nie kwalifiseer vir 'n VBO seël aan die einde van die jaar mag bevorder word tot 'n volgende jaargang nie.

Motivering

- a. Slap lidmate word tans binne ons kerk gekweek, aangesien katekisasie onder die indruk verkeer dat hoe hulle ook al die leerplan hanteer (goed of sleg) hulle word in elk geval bevorder tot 'n volgende jaargang!
- b. 'n Gebrek aan getrouheid in die bywoning van en meelewing in die klas impliseer 'n ernstige gebrek aan kennis van die Woord van God.

Hierteen moet ernstig gewaak word.

4.2.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van Olifantshoek oor bevordering van swak presteerders in VBO-klasse en bring dit onder aandag van kerkrade (ouderlinge, KO artikel 21) om ernstig te waak oor die bywoning van die Verbondsonderrigklasse deur die kinders en versoek kerkrade om die reëls vir puntetoeëkenning soos vervat in "Die beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig" streng na te kom.

Die Sinode besluit dat

4.3 'n standaardtoets vir standaard 2 – 9 jaarliks deur eksterne eksaminatore opgestel sal word, maar na die aflegging van die toetse, deur personeel in die VBO van 'n plaaslike gemeente nagesien word.

Motivering

Effektiewe getuigenis na buite met 'n gebrekkige kennis van Gods Woord is onmoontlik.

4.3.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van Olifantshoek oor standaardtoetse vir VBO en versoek kerkrade (ouderlinge, KO Artikel 21) om in samewerking met die Verbondsonderrigvoorgangers uitvoering te gee aan die evaluering van kinders soos uiteengesit in "Die beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig".

5. BEGROTING

Die kommissie begroot vir twee vergaderings vir 1994 waarvan die reiskoste na beraming R8 000,00 sal wees.

5.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die begroting van R8 000,00 goed.

6. SLOT

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vertrou dat hy die afgelope twee jaar die werk aan hom toevertrou asook alle ander werksaamhede deur die kommissie aangepak, tot bevrediging van die Sinode en die kerk in geheel afgehandel het en bid elke gemeente van die APK die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

DR JH ELLIS (VOORSITTER)

DS AP VILJOEN (SEKRETARIS)

kan raak met Satanisme dat dit by hulle kan uitloop op ekstremisme en 'n verabsoluttering van die stryd teen die duiwel.

Dit sal die Kerk in sy benadering tot hierdie saak dus betaam om te sorg dat Christus en nie die duiwel nie, die fokuspunt moet bly. Dit is immers Hy wat die mens verlos en bevry van die mag van die Bose. Die boodskap van hoop en bevryding, verlossing en vergiffenis, moet altyd die speerpunt wees van die Kerk se boodskap aan die mens al is hy skepties of ekstremisties in sy siening van die bestaans-werklikheid van die Satan in al sy werke.

Omdat Satanisme 'n probleem is wat toeneem in omvang, is dit duidelik dat ons Kerk in sy verband sy lidmate hierteen sal moet waarsku en die nodige voorligting sal moet verskaf. Mense draai dikwels teleurgesteld weg van die Kerk as hulle nie gehelp word nie. Hulle soek dan dikwels hulp by groepe met vreemde geestelike en onskriftuurlike beskouinge. By die opleiding van teologiese studente moet daar ook dringend aandag aan hierdie saak geskenk word. Hulle moet op 'n kundige wyse onderrig in hierdie verband ontvang.

Predikante en kerkraadslede moet ook nie onkundig gelaat word in hulle benadering en hantering van Satanisme nie. Sou 'n predikant of die kerkraad daarmee te doen kry, moet ont-hou word, dat die pastorale werk altyd sy fun-dering het in die werk van die goddelike Drie-eenheid, met die verlossingswerk van Christus as vertrekpunt.

'n Ernstige waarskuwing moet tot ons jong-mense gerig word om Satanisme nie ligtelik op te neem of daarmee te eksperimenteer nie. Die mens is in 'n heel besondere sin op God en die wêreld van sy goddelike openbaring aan-gewys, maar toon andersyds ook weer 'n open-heid vir die duiwel en sy duistere magte. Dit is die dure les wat die paradys ons geleer het.

Ons jongmense moet geestelik so geskool wees dat hulle die Satan in al sy openbarings-vorme sal herken, al is dit dan in die kleed van 'n skynbaar onskuldige speletjie. Ons leef inderdaad in die era wat in 2 Tim. 3:2 – 5 gete-ken word.

Die taak van die kerk sal ten diepste daarin lê om ons jeug te leer om eerstens te waak teen onkunde, om tweedens die vyand te ken in sy verskillende vorme en om derdens okkultiese "besmetting" te vermy. Laasgenoemde kan verkry word deur betrokke te raak by okkultie-se speletjies of bedrywighede. Die doelwit van Satanaanbidders is om ons jongmense doel-bewus te mislei en te verlei, sodat wanneer

hulle wakker skrik, daar geen omdraaikans is nie. Die resultaat van so 'n lewe is geloof in die bese magte wat weer moet lei na 'n totale goddelose en wettelose lewenshouding. Ener-syds kan 'n jongmens wat met die duiwelse leerstellinge besmet is, verval in een of ander heidense godsdiens of andersyds versink in 'n soort perverse gesinkretiseerde verdraaiing van die Christelike leerstellinge wat fanaties nagejaag word. Dit kan maklik weer uitmond in 'n massaselfmoord soos al in die buiteland plaasgevind het.

Uiters belangrik is dat ons jeug geleer sal word om die Woord korrek te vertolk en getrou uit te leef in volle gehoorsaamheid aan die opdrag-te wat daarin vervat is. As die Bybel reg ver-staan en streng gehoorsaam word, kan die Sa-tan en sy leerskare miskien nog menslike me-ninge en interpretasies sistap, maar hulle sal nooit een bars in die ondeurbreekbare verde-diging van Gods Woord kan maak nie.

Wanneer ons al hierdie dinge gesê het, moet ons weet dat daar baie groot versigtigheid aan die dag gelê moet word, wat betref skoling aan die jeug. Menige jongkind het al van die ver-bondsonderrig terug gekom met angs in die hart omdat die leerkrag skrikwekkende beel-de van die Satan en sy magte geskilder het. Daar is ook 'n baie groot neiging by volwasse-nes wat bewus geword het van die gevare van Satanisme, om ons kinders in aktiwiteite en verantwoordelikhede in te rangeer waarvoor hulle nóg die geestelike volwassenheid nóg die ervaring het. Dit sal nie alleen afbrekend inwerk teenoor hulle eie geestelike lewens nie, maar dit kan ook rampspoed inhou vir die werk van die Here wat in en deur die Kerk gedoen word.

Ons moet aan ons jongmense al die verant-woordelikheid en kennis gee wat hulle in staat is om te dra, maar daar moet tog seer sekerlik gelet word op die ontwikkelingstadium waarin die kind verkeer en die bevatlikheid wat daar-mee gepaard gaan. Veral is belangrik die staat van emosionele ontwikkeling (selfs oor of on-der ontwikkeling). 'n Klein outjie in 'n substan-derd sal verskrik word deur die beeld en die vermoë van die Satan wat aan hom voorgehou word. Die een in standerd drie of vier mag meer skepties daarteenoor staan. Die tiener sal dit baie interessant vind, maar kan maklik op 'n afdwaalpad gelei word. Die student met sy ra-sionaliteit sal wik en weeg en as hy 'n Gere-formeerde Bybelse fondament het, dienoor-eenkomstig optree.

2. DIE DOEL VAN DIE ONDERRIG

Die hoofdoel moet wees om aan die kinders

simbole op hulle skooltas en pennesakkies aan te bring. Aan hulle moet gesê word: Jy doen dit miskien heel onskuldig, maar vir hulle is dit 'n teken om op jou te konsentreer. So maak hulle dan ook gebruik van die magte van misleiding, sy dit op geestelike/Godsdienslike vlak of op staatkundige vlak. Hulle doen dit ook op die persoonlike vlak deur die mag van twyfel en nuuskierigheid.

Die kinders moet gewys word op die gevare van rook, drank, seksuele losbandigheid, ensovoorts, as oortreding van die sesde gebod.

As deel van die inhoud van die lesse moet die kinders ook nog die volgende weet:

3.1 Hulle moet weet dat die Sataniste konsentreer op die jeug deur middel van die aanbidding van lesings en klasse in die okkulte.

3.2 Hulle moet weet dat hulle konsentreer op eensames, oningeligtes, nie-meelewende lidmate, kwesbare lidmate, vroue en kinders.

3.3 Hulle moet weet dat die Sataniste absoluut teen die Kerk werk, ook teen eredienste, bidure en geestelike byeenkomste, ensovoorts.

3.4 Hulle moet weet dat hulle indiwidue sover wil kry om te breek met volk, gesin, Kerk en taal. (Voorstanders van die New Age en Satanisme vertoon 'n voorliefde vir Engels.)

3.5 Hulle moet weet dat hulle die Kerk en die samelewing onkundig wil hou in verband met hulle metodes. Hiervoor gebruik hulle die weerhouding van informasie of boeke wat die gevare daarvan uitspel.

3.6 Hulle moet weet dat hulle jou wil losmaak van die mag en die krag van God en die Heilige Gees en dat hulle konsentreer op die sogenaamde mag wat in die mens self is.

3.7 Hulle moet weet van die skinderstories wat deur hulle versprei word om Christenleiers (Kerk en Volk) af te takel; die gevaar van metodes van uitlokking tot immorele dade en die gevaar van vervloeking.

3.8 Hulle moet weet hoe om maats/mense/volwassenes te hanteer wat hulle wil verlei, manipuleer en dreig.

3.9 Kinders moet geleer word hoe om daaruit te kom as jy daarin betrek word. Hulle (Sataniste) beweer dat jy jou nooit kan losmaak van hulle nie. Dit is nie waar nie! Christus verlos jou eenmaal en vir altyd.

3.10 Hulle moet weet van die gevare verbonde aan Sataniëse rituele waarby jy onwetend ingesluit word. Hier word gedink aan dinge

soos: bloed drink, mense en diere vleis eet, die teenwoordigheid van die bese geeste, ensovoorts.

3.11 Hulle moet weet van hulle doel om mense te onderrig in idees wat in stryd met die Bybel is.

3.12 Hulle moet weet van die gevaar van leesstof, koerante, tydskrifte en boeke oor hierdie onderwerp. Daar is selfs sogenaamde geestelike leesstof wat gevaarlik is.

3.13 Hulle moet weet hoe om die Bybel "as die swaard van die Gees" te hanteer.

3.14 Hulle moet weet wat die belangrikheid van Godsdiens, stiltetye en geestelike groei is (Efes. 6:6).

3.15 Hulle moet die weg van saligheid ken en tot kindskap gelei word.

3.16 Hulle moet die mag van voorbidding leer ken.

Dit is ook belangrik dat die vrae van kinders deeglik en kundig beantwoord word. Die kategeet moenie onkunde, onsekerheid, ongeloof of skeptisisme openbaar nie.

4. AANBEVELINGS IN VERBAND MET SILLABUSSE

Uit gesprekke met Welsynsbeamptes, Polisie-offisiere, Onderwysers en Akademici, het dit duidelik geblyk dat die gesprek oor of onderrig in die gevaar van Satanisme en sy aanverwante vertakkinge, nie uitgestel moet word tot die kategismusklassie nie. Daar is dringend daarop gewys dat rekening gehou moet word met die feit dat kinders op 'n baie vroeë stadium daarmee in aanraking kom of daarmee gekonfronteer word. Majoor Rabalt van die S.A. Polisie te Bloemfontein, sê dat daar al gevalle gerapporteer is van kinders wat op agtjarige ouderdom betrokke geraak het. Hy meen dat dit nie onmoontlik is dat kinders van 'n laer ouderdom ook daarby betrek kan word nie. Kaptein Heerden van Niekerk, dienspligkapelaan 1 SDB, Bloemfontein, het vanweë sy ervaring met aanhangers van Satanisme, aanbeveel dat die oordra van kennis in verband met die gevare daaraan verbonde, nie later as by Standaard 2 moet begin nie.

Formele onderrig in hierdie verband moet aanvanklik lig en inleidend wees met slegs die deurgae van basiese Skrifondersteunde feite. Dit moet gaandeweg verdiep tot die openbaring van werklikhede soos dit vandag beleef word. Uiteindelik moet die bondgenootskap tussen Satanisme, die okkulte, die strewe na

Die Beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig

Verbondsonderrig is die amptelike werk van die kerk aan sy gedoopte en ongedoopte lidmate om hulle op te bou in hulle persoonlike geloof sodat hulle God persoonlik kan leer ken en in die openbaar belydenis van hulle geloof kan doen met die oog op deelname aan die sakramente en voorts om as verantwoordelike en mondige lidmate van die kerk as getuies van Jesus Christus in die wêreld hulle roeping te kan uiteleef.

1. ALGEMEEN

1.1 Die ouers is in die eerste instansie verantwoordelik vir die Verbondsonderrig van hulle kinders. Die kerkraad is verantwoordelik vir die Verbondsonderrig wat aan die dooplidmate van die gemeente gegee moet word.

Die ouderlinge is medeverantwoordelik saam met die bedienaar van die Woord vir die Verbondsonderrig wat aan die gedoopte en ongedoopte lidmate van die gemeente gegee word.

Ander voogde wat aangestel word, moet deur die kerkraad goedgekeur word. Hulle moet ongesensureerde lidmate wees. Periodiek moet by die kerkraad verslag gedoen word oor die werk.

1.2 Die Verbondsonderrig vorm 'n deel van die jeugarbeid van die kerk en moet geïntegreer word met die georganiseerde jeugwerk van die gemeente.

1.3 Slegs die amptelike leerboeke wat deur die Publikasiekomitee uitgegee is in opdrag van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk, mag in die Verbondsonderrig gebruik word.

2. VEREISTES WAT DEUR DOOPLIDMATE NAGEKOM MOET WORD

2.1 Getroue bywoning van die klasse.

2.2 Getroue erediensbywoning.

2.3 Getroue lesvoorbereiding en uitvoering van werksopdragte soos deur die onderwyser opgedra.

2.4 Meelewing in die klas deur aandag, die vra van vrae en deelname aan bespreking.

2.5 Die aflegging van toetse wanneer dit gereël word.

2.6 'n Voorbeeldige lewenswandel wat getuig van liefde vir die Here, sy Woord en kerk.

2.7 Inskakeling by die Verbondsjeug-aksies.

3. KLASSE IN DIE VERBONDSONDERRIG

3.1 Daar is die volgende afdelings in die Verbondsonderrig:

1. Die Kleuterafdeling (3 – 5 jaar oud)
My eerste werkboek Deel 1
My eerste werkboek Deel 2

2. Die Juniorafdeling
Graad 1/Sub A (6 tot 7 jaar oud)
Leer en vertrou 1
Graad 2/Sub B (7 tot 8 jaar oud)
Leer en vertrou 2
Standaard 1 (8 tot 9 jaar oud)
Leer en vertrou 3
Standaard 2 (9 tot 10 jaar oud)
Leer en glo 1
Standaard 3 (10 tot 11 jaar oud)
Leer en glo 2
Standaard 4 (11 tot 12 jaar oud)
Leer en glo 3

3. Die Senior-afdeling
Standaard 5 (12 tot 13 jaar oud)
Leer en lewe 1
Standaard 6 (13 tot 14 jaar oud)
Leer en lewe 2
Standaard 7 (14 tot 15 jaar oud)
Leer en lewe 3
Standaard 8 (16 tot 17 jaar oud)
Leer en lewe 4

4. Belydenisklas (16 tot 17 jaar oud)
Leer en lewe 5

3.2 Praktiese reëlins

1. Kinders word in klasse ingedeel óf volgens skoolstandaard óf volgens ouderdom. Klasse

óf vooraf by die onderwyser verskoning maak óf later die verskoning van die ouer met vermelding van die rede, aanbied. As die onderwyser tevrede is dat dit 'n wettige rede is, teken hy 'n R (rede) in die register aan en dit beteken dat die kind sy punte vir bywoning verdien. Indien 'n kind afwesig is sonder verskoning of wettige rede, word 'n A (afwesig) in die toepaslike blokkie aangeteken en verbeur hy sy punte. Indien ouers op uitsonderlike kere oor naweke weggaan en die kind(ers) saamneem, en die ouers onderneem om self aan die kind(ers) onderrig te gee oor die betrokke les, en ook daarvan verslag kom doen aan die onderwyser, kan die punte op die kind se kaart aangeteken word. Van so 'n vergunning moet egter nie misbruik gemaak word nie.

Die afwesigheid van 'n kind behoort deur die onderwyser opgevolg te word deur by die ouers navraag te doen. Indien die rede vir afwesigheid tot bevrediging vasgestel is, maak hy 'n regmerk op die kaart in die kolom "afwesigheid opgevolg".

5. ERKENNING VIR GETROUHEID

Aangesien dit 'n belangrike beginsel is om aan 'n kind wat getrou en meelewend in die Ver-

bondsonderrig is, erkenning daarvoor te gee, word die volgende stelsel van diplomas en seëls aangebied.

Hierdie diplomas en seëls is nie 'n beloning of iets wat verdien word nie, maar slegs 'n wyse waarop die kerk sy goedkeuring gee aan die kind se getrouheid, hom daarin aanmoedig en só sy waardes help vorm. Aan die anderkant, kan 'n kind wat nie getrou was nie, nie verwag om 'n diploma of seël te ontvang nie. Om 'n seël terug te hou, beteken dat die kind leer dat hy nie met ontrouheid kan wegkom nie en dat getrouheid nie goedkoop is nie.

'n Kind ontvang jaarliks die toepaslike seël vir sy standerd of ouderdom, en as hy een seël verbeur, word 'n oop spasie op die diploma gelaat. Twee seëls mag nie gelyktydig aan 'n kind gegee word nie.

Kinders in die Kleuterafdeling (voorskoolse klasse) ontvang aan die einde van sy/haar eerste jaar van bywoning 'n diploma (biddende kinders) wat spesiaal vir die doel ontwerp is. Indien 'n kind vir 'n tweede (self 'n derde jaar!) ook nog in dié klassie is, ontvang hy/sy 'n spesiale seël (met 'n lantern-embleem) wat op die diploma geplak word en waarop die jaartal aangedui word.

Die diplomastelsel vir die Juniorafdeling

Gr 1/Sub A 6/7 jr	Gr 2/Sub B 7/8 jr	St 1 8/9 jr	St 2 9/10 jr	St 3 10/11 jr	St 4 11/12 jr
Diploma met eerste geel seël	Oranje seël	Rooi seël	Turkoois seël	Liggroen seël	Donkergroen seël

Die diplomastelsel vir die Seniorafdeling

St 5 12/13 jr	St 6 13/14 jr	St 7 14/15 jr	St 8 15/16 jr	St 9 16/17 jr
Ligblou seël	Donkerblou seël	Ligpers seël	Silwer seël	Goue seël

Afrikaanse Protestantse Kerk.

sertifikaat vir bywoning van:

Junior Verbondsjeug.

Toegeken aan: -----
vir die jaar: -----



Uit die mond van kinders en suigeling
het U vir U lof berei. Matt. 21:16b.

AANBEVELING

3.3.1 Die Sinode neem kennis en bevestig sy begeerte dat die kanale vir toekomstige skakeling met die Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad, oop sal bly.

4. SKRYWE VAN DIE KERKRAAD VAN MEMEL

4.1 Van die kerkraad van Memel is inligting ontvang oor 'n kursus in die Lozanov leermetode wat op Vrede aangebied is, asook 'n versoek om dit, met die nodige waarskuwing, onder Sinode se aandag te bring.

Hierdie benadering vorm deel van 'n "suggestopedie" as 'n leermetode en is, volgens voorlopige verslae, besig om veld te wen, veral in die sektor van die informele onderwys. Soos die naam aandui, steun dit sterk op suggestie in die leerproses en maak dus 'n baie sterk aanspraak op die onbewuste. Baie aandag word gegee aan 'n vriendelike leeromgewing, ontspanningsoefeninge, die speel van barokmusiek en die versekering deur die opvoeder dat die opvoedeling oor die potensiaal beskik om 'n wenner te kan wees. Volgens 'n inligtingstuk van die Natalse Onderwysdepartement word die volgende ook as baie belangrik geag: "(the) role of deep reflection, prayer, meditation, faith — opening up, building self-image." Visualisering en rituele handelinge word ook aangewend (Better Learning through Suggestopedia, 1989, p. 5, 8), terwyl leerlinge in 'n ander proefneming (vgl. Uschi Felix in Per Linguam, vol 4, no. 2, 1988, p. 24 v.) in 'n Duitse kursus Duitse persoonlikhede moes aanneem.

As 'n holistiese benadering, maak die metode ook van bekende voorwaardes vir goeie kommunikasie en vir die leerervaring gebruik. Sy uniekheid lê waarskynlik in die byna direkte appèl op die onbewuste; op die "oopmaak" van die onbewuste vir die inname van leerinhoud.

Volgens voorlopige navorsingsresultate slaag dié metode klaarblyklik goed daarin om korttermyn onderrigdoelwitte effektief te haal — in sekere gevalle heelwat "beter" as die konvensionele metodes. In ons beoordeling, moet ons ons egter nie slegs deur pragmatiese oorewegings laat lei nie, maar in die eerste plek deur die prinsipiële. Dan kom vrae soos die volgende na vore:

1. Watter aannames skuil agter hierdie metode? Dat die mens basies goed is en as sodanig oor die potensiaal beskik om uit homself 'n wenner te word?

2. Aan die hand van watter norme word die metode voltrek? Waartoe moet ons verbeter en wat lê ons aan as die maatstawwe aan die hand waarvan ons die verbetering bereik? Watter soort meditasies, gebede, visualisering, ens. word bedoel? Gee die onderwyser daarin leiding (watter?) of word dit aan elke leerling self oorgelaat?
3. Wat is die langtermyn effek van die metode? Kan dit dalk deur die voortdurende skoling tot 'n "oop" onbewuste veral die kind (wat juis nog nie 'n volwasse, kritiese beoordelingsvermoë ontwikkel het nie) se vermoed meer ontvanklik maak vir allerlei ongewenste invloede — waaronder die demoniese? Dit is byvoorbeeld bekend dat die verbeelding en visualisering in okkultiese kringe aangewend word (vgl. Hunt en McMahon: The Seduction of Christianity, 1985, p. 8,9). Ons kon nie 'n bewys daarvoor kry dat hierdie effekte genoegsaam getoets is alvorens die metode toegepas is nie.

4.2 AANBEVELING

4.2.1 Die Sinode verwys die stuk van Memel na kerkrade en versoek hulle om verbondsouers en opvoeders te waarsku teen die Lozanov leermetode en ander soortgelyke metodes. 'n Gelowig-kritiese benadering moet gevolg word en die moderne "sielkundige" metodes moet vermy word. Metodes

1. **waarin die strewe tot menslike selfverseenliking buite-om die grondige erkenning van ons sondige aard (vgl. H.K. So.3) en die verlossing slegs in Jesus Christus, openlik of verswê voorgehou word. Sulke metodes lê in die verlengde van die moderne humanisme en bied 'n gerieflike aanknopingspunt vir die "New Age"-beweging.**
2. **waarvan die Christelik-antropologiese kwaliteit nog nie deeglik getoets en beproef is nie. Sommige van dié metodes kan byvoorbeeld die onbewuste besonder vatbaar maak vir suggestiewe indrukke van buite waardeur ongewenste inhoude probleemloos aan die ontvanger oorgedra kan word. Veral die kind, wat nog besonder vatbaar vir sulke indrukke is, kan moontlik daardeur "geskool" word om gemaklik toeganklik te raak ook vir ander invloede — waaronder die demoniese.**

5. SKRYWE VAN DIE RING VAN MEMEL

Die kommissie het 'n skrywe van die Ring van Memel ontvang waarin die kommissie versoek word om aandag te gee aan die Model C-skole.

2. Dit is ook 'n opdrag in die Bybel, dat ons nie met aanhangers van ander godsdienste gemeenskap mag hê nie.
3. As ons die opdrag van die Drie-enige God nie sou nakom nie en ander gode aan Hom gelyk sou stel, sal Hy toelaat dat ons as volk vernietig word.

AANBEVELING

8.4.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Kerkraad van Nelspruit waarvolgens die regering versoek moet word om Christelike onderwys te handhaaf. Daar is al reeds 'n brief aan die Minister geskryf in die verband. Die Sinode roep egter alle ouers op om betrokke te raak by die opvoeding van hul kinders. (Kyk oproep onder punt 9.)

9. OPROEP AANBEVELING

9.1 Die Sinode roep kerkrade op om toe te sien dat verbondsouers

- a. **daadwerklik uitvoering gee aan hulle verbondsbelofte om hulle kinders in die leer van die Kerk te onderrig en laat onderrig. Om hieraan te voldoen, moet verbondsouers betrokke wees by die bestuur en beheer van hulle kinders se skole ten einde die Christelike karakter van die skole te bewaar.**
- b. **Waar moontlik aangemoedig word om hulle kinders na CVO-skole te stuur, en hulle beywer vir die oprigting en instandhouding van CVO-skole.**

9.2 In die lig van die verdwyning van Godsdiensonderrig uit die leerplanne van staatskole, versoek die Sinode kerkrade dat die Verbondsonderrig toenemend groter aandag ontvang.

10. BRIEF AAN MINISTER VAN ONDERWYS EN KULTUUR

Die kommissie het sy opdrag uitgevoer soos versoek deur die Vyfde Sinode en 'n brief aan die betrokke Minister geskryf om te verneem wat die plek van Christelik-Volkseie Onderwys is in die nuwe afgekondigde onderwysmodelle. Die brief is geskryf op 6/2/92 en tydens die kommissie se laaste vergadering op 12/3/93 is daar nog nie antwoord ontvang nie. 'n Opvolgbrief is weer geskryf.

11. SLOT

Die kommissie is dankbaar dat hy op hierdie besondere akker, juis in hierdie tyd, diensbaar kon wees en vertrou dat hy die belange van ons

Kerk en van die Koninkryk, op hierdie terrein, na behore behartig het.

DR. HJ SMITH (VOORSITTER)

BR. FJ VAN RENSBURG (SKRIBA)

Die Minister van Onderwys en Kultuur
Administrasie Volksraad
Privaatsak X727
PRETORIA
0001

18 Maart 1993

Agbare Minister

SEKSVOORLIGTING OP SKOOL

Die vyfde Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het hierdie kommissie opdrag gegee om hierdie skrywe aan u te rig oor bogenoemde aangeleentheid.

Die Sinode teken ernstige beswaar aan teen die aanbied van seksvoorligting op skool.

Hierdie besware, wat primêr, prinsipiële en opvoedkundig gefundeerd is, word gerugsteun deur wêreldwye navorsingsbevindinge wat bo alle twyfel daarop dui dat die genoemde onderrig nie net gefaai het om die vrome doelstellings wat daarmee beoog word te bereik nie, maar dat dit inderwaarheid tot groter sedeloosheid en morele verval onder veral die jeug aanleiding gegee het.

Na aanleiding van die opdrag van die Sinode aan die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding van die Afrikaanse Protestantse Kerk, het hierdie kommissie die leerplanne van verskeie provinsiale onderwysowerhede in die RSA verkry, indringend deur 'n paneel deskundiges laat bestudeer en geëvalueer en tot die volgende gevolgtrekking gekom:

1. Met die uitsondering van die inhoud en benaderingswyse wat in een van die verkreeë leerplanne vervat is, kan baie ernstige prinsipiële en opvoedkundige besware teen die leerplanne van al die ander onderwysdepartemente ingebring word.

Intussen het dit onder die aandag van die Kommissie gekom dat selfs in die uitsonderingsgeval van die een onderwysdepartement, waarna hierbo verwys is, 'n absoluut onaanvaarbare video-opname oor seksonderrig by skole in die betrokke provinsie vertoon word, wat radikaal afwyk van die "amptelike" departementele benadering en inhoud soos in die leerplan uiteengesit.

GRONDWET VAN DIE BEWEGING VIR CHRISTELIK-VOLKSEIE ONDERWYS

1. NAAM

Die naam van die Beweging is "Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys" (afgekort tot BCVO) hierna genoem "die Beweging".

2. GRONDSLAG

Die Beweging rus op die grondslag van 'n besondere beskouing van Christelik-volkseie onderwys soos verwoord in die dokument "Die Christelik-volkseie Onderwysmodel" en toegeleg in die aangehegte bylaes A en B.

Die dokument en sy bylaes A en B is 'n integrerende deel van hierdie grondwet.

3. TAAL

Die taal van die Beweging is Afrikaans.

4. DOELSTELLING

Die Beweging beywer hom vir

4.1 die werwing van lede ter bevordering van suiwer Christelik-volkseie onderwys;

4.2 die ontwikkeling en inwerkingstelling van 'n suiwer Christelik-volkseie onderwysstelsel vir die Boere-Afrikanervolk;

4.3 die oprigting en bedryf van CVO-onderwysinstellings op voorskoolse, laerskool-, hoërskool- en tersiêre vlak waar onderrig van 'n hoogstaande gehalte voorsien sal word;

4.4 bystand aan CVO-onderwysinstellings;

4.5 die uitbouing van 'n Christelik-volkseie onderwysfonds;

4.6 die verkryging van steun van goedgesinde organisasies hier te lande en oorsee.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Die volgende kan lede van die Beweging word

5.1.1 'n CVO-instelling of die Beheerliggaam van 'n CVO-instelling

5.1.2 CVO-werkkomitees wat CVO daadwerklik bevorder en die oprigting van CVO-instellings beoog

5.1.3 Ouers van kinders en van jongmense by CVO-instellings

5.1.4 Huisgesinne wat hulle vir CVO beywer

5.1.5 Enkelinge wat hulle daadwerklik vir CVO grondslag en doelstellings beywer

5.1.6 Instansies wat hulle daadwerklik vir CVO grondslag en doelstellings beywer.

5.2 Vereistes vir lidmaatskap

Van 'n lid word verwag om

5.2.1 die grondwet van die Beweging te onderskryf;

5.2.2 in die geval van 'n Beheerliggaam van 'n CVO-instelling (5.1.1) die dokument "Die Christelik-volkseie Onderwysmodel" en sy bylaes in geheel 'n integrerende deel van die instelling se eie grondwet te maak;

5.2.3 daadwerklike medewerking vir die saak van die Beweging te gee;

5.2.4 die vereiste aansoekvorm vir lidmaatskap in te vul en te onderteken;

5.2.5 die toetreegeld en ledegeld soos deur die Beweging van tyd tot tyd bepaal, te betaal;

5.2.6 homself/haarself aan die toesig en dissipline van die Beweging soos in die grondwet bepaal, te onderwerp.

5.3 Toekenning van lidmaatskap

Lidmaatskap en erelidmaatskap van die Beweging word toegeken deur die Hoofbestuur.

5.4 Erelede

'n Persoon of instansie wat, in plaas van daadwerklike medewerking, sy morele en geldelike steun aan die Beweging gee, kan 'n erelid word.

5.5 Stemreg

Alle lede van die Beweging het stemreg. Erelede het raadgewende stem.

5.6 Beëindiging van lidmaatskap

'n Persoon hou op om lid van die Beweging te wees wanneer

6.2.2.7 Die Hoofbestuur oorweeg aansoeke om lidmaatskap van die Beweging en keur aansoeke om lidmaatskap goed of af.

6.2.2.8 Die Hoofbestuur sorg vir die opstel van ordereëls vir vergaderings.

6.2.2.9 Die Hoofbestuur voer beheer oor die geldsake van die Beweging en lewer 'n geouditeerde verslag daarvoor aan die Kongres.

6.2.2.10 Die hoofbestuur bou die ledetal van die Beweging so sterk moontlik uit.

6.2.2.11 Die Hoofbestuur beywer hom daarvoor dat die reg van die ouer tot die opvoeding van hul kinders in die grondwet van die land ingeskryf word.

6.3 Uitvoerende Komitee (UK)

6.3.1 Die Uitvoerende Komitee word deur die Hoofbestuur uit sy lede by die eerste vergadering van 'n Hoofbestuur gekies.

6.3.2 Die Uitvoerende Komitee bestaan uit 5 lede, naamlik 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter, 'n sekretaris, 'n penningmeester en 'n bykomende lid.

6.3.3 Die Uitvoerende Komitee is 'n komitee van die Hoofbestuur en is aan die Hoofbestuur verantwoordelik.

7. GELDSAKE

7.1 Die finansiële jaar van die Beweging loop van 1 Januarie tot 31 Desember.

7.2 Die Hoofbestuur moet 'n geouditeerde finansiële verslag aan die Kongres voorlê.

7.3 Niemand mag in die naam van die Beweging geldelike verpligtinge aangaan sonder goedkeuring van die Hoofbestuur nie.

7.4 Alle geld moet per kwitansie ontvang word.

7.5 Die Kongres of die Hoofbestuur of die Uitvoerende Komitee moet sover moontlik nie skuld aangaan nie.

8. REGSPERSOON

8.1 Die Beweging is 'n regspersoon afsonderlik van sy lede of bestuursorgane, is in eie naam die draer van regte en verpligtinge, besit die bevoegdheid om in eie naam kontrakte te sluit en enige ander regshandeling te verrig en om in eie naam as eiser en verweerder of as applikant en respondent in regsdinge op te tree.

8.2 Die Beweging bestaan voort tot die ontbinding daarvan, afgesien van 'n wisseling in die samestelling van sy lede of bestuursorgane.

9. ONTBINDING VAN DIE BEWEGING

9.1 Die Beweging mag ontbind indien 60% van sy lede so besluit.

9.2 Die Beweging kan vrywillig gelikwideer word deur 'n besluit geneem ooreenkomstig artikels 199 & 349 van die Maatskappywet (Wet 61/1973), en waarvan kennis gegee is ooreenkomstig 6.1.7 hierbo.

9.3 In geval van ontbinding of likwidasie van die Beweging word alle bates, na die betaling van skuldeisers, oorgedra aan 'n ander organisasie (insluitend CVO-onderwysinstellings) met doelstellings soortgelyk aan die van die Beweging, en wat deur die Kongres aangewys word voor die ontbinding of likwidasie van die Beweging.

9.4 In geval van versuim om 'n aanwysing ingevolge 9.3 hierbo te doen, word die aanwysing deur 'n bevoegde hof gedoen.

2.2.6 Dat inhoud (leerstof) gekies, ontwikkel en ontsluit word volgens *gereformeerde beginsel*.

2.2.7 Kragtens die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die vervlegtheid van menslike verbande

2.2.7.1 die *huisgesin* beskou word as oorspronklike en eerste opvoedingsverband;

2.2.7.2 die *skool* beskou en eerbiedig word as voortsettende, maar eiestandige instelling vir versnelde, formele, vakonderrigkundige opvoedende onderwys;

2.2.7.3 die *onderwys*, hoewel dit nie tot die terrein van die staat behoort nie, tog 'n *saak van aanhoudende sorg vir die owerheid is* kragtens die feit dat die regering die taak het om volksontwikkeling te bevorder deur onder andere die voorsiening van onderwys en die uitoefening van beheer oor die gehalte daarvan;

2.2.7.4 die *kerk* by die opvoedende onderwys betrokke is uit hoofde van sy taak om oor die nakoming van die Bybelse verpligtinge te waak en om die Calvinisties Protestantse (gereformeerde) aard en begroning van onderwys te verseker. Die kerk se inspraak in die opvoedende onderwys geskied ook deur die lidmaatouer.

3. BESONDERE VOLKS-GRONDSLAG VAN CVO

3.1 Volkseie onderwys dui op *volksgebonde* onderwys – onderwys wat binne die verband en op die grondslag van die eie lewens- en wêreldbeskouing en na die eie aard en karakter van 'n bepaalde volk ingerig en bedryf word.

3.1.1 Die Boere-Afrikanervolk

3.1.1.1 is 'n blanke volk wat binne God se raadsplan op Afrika-bodem ontstaan het, maar wat na sy oorsprong en wortels nie van Arika is nie;

3.1.1.2 stam oorwegend uit die Nederlandse, Franse en Duitse volke van die sewentiende eeu en vroeër. Sy mees wesenlike volkstrekke het hulle oorsprong hier. Dit is naamlik 'n Calvinisties Protestantse volk en 'n loot van die Hervorming. Dit is 'n Westerse, eerstewêreldvolk met 'n onmiskenbare Nederlandse inslag;

3.1.1.3 het onder druk van Afrika-omstandighede ander onderskeidende eienskappe ontwikkel, byvoorbeeld sy eie deurleefde geskiedenis, eie tradisies en gebruike, sy eie taal en sy besondere identiteitsbewussyn;

3.1.1.4 het uit sy Calvinisties Protestantse (gereformeerde) geloof 'n sterk en kenmerkende godsdiens-, regverdigheid-, afsonderlikheid-, en vryheidsin ontwikkel. Besonder kenmerkend is ook die roepingsbesef en die intieme band wat tussen identiteit, roeping en vryheid bestaan: Vir ons volk is vryheid Godgehoorsaamheid en roepingsvervulling;

3.1.1.5 is as Geloftevolk ook aan God verbind deur onder andere die Gelofte van Bloedrivier wat uitdrukking gee aan die beskouing dat gebondenheid aan God hoër as ander beginsels staan. Die afgelegde geloftes is plegtige verbintenisse met God wat deur elke dankbare nageslag aanvaar, bekragtig, gehandhaaf en by die jeug ingeskerp moet word;

3.1.1.6 het die Christelik Republikeinse volkstaat as staatkundige ideaal en bestemming.

3.2 Die gevolg van die volksgrondslag vir die CV-onderwys

In die lig van die voorgaande karakterisering van die volk, kan die begrip *volkseie onderwys* soos volg duideliker aangedui word:

3.2.1 Dit is volksgebonde onderwys wat na doel, aard en taak bepaal word deur die Calvinisties Protestantse lewens- en wêreldbeskouing en die eie besondere aard, roeping en kultuur van die volk.

3.2.2 Dit is onderwys wat in gelowige erkentlikheid aan die leiding van God, die geskiedenis van die volk, die godsdiens, die taal en tradisies van ons vaders in ere hou en voortplant.

3.2.3 Dit is onderwys wat die ontsluiting en oordrag van die volkskultuur aan die volksjeug ten doel het en ook daardeur die volk se eie identiteit by die volksjeug wil inskerp.

3.2.4 Dit is onderwys wat op die gebruik van Afrikaans as moeder- en voertaal berus.

3.2.5 Dit is onderwys wat die nodige kundigheid en toerusting vir roepings- en kultuuroordragvervulling by die volksjeug wil vestig.

5.5 Die CVO-skool is 'n *skool wat van die verbondsoer uitgaan* in die opsig dat

5.5.1 dit 'n voortsetting van die opvoeding in die huisgesin is;

5.5.2 dit op die beginsel van ouerverantwoordelikheid by die opvoeding berus; en

5.5.3 dit deur die ouers in beginsel onderneem, tot stand gebring, ingerig en beheer word.

5.6 Die CVO-skool is 'n *vrye skool* in die sin dat

5.6.1 sy selfstandigheid as onderwysinstelling naas ander menslike verbande erken word;

5.6.2 die beginsel gehandhaaf word dat onderwys nie tot die terrein van die staat en dat kinders nie aan die staat behoort nie;

5.6.3 dit in beginsel deur die ouers as selfstandige en selfbepalende onderwysinstelling bedryf word.

5.7 Die CVO-skool is 'n *volkskool* in die sin dat dit binne die volksverband van die volk as volksele skool bestaan. Dit wil 'n volksgemeenskap in die klein (volksgemeenskap-skool) wees met die volgende eienskappe:

5.7.1 Dit berus op die Calvinisties Protestants gereformeerde karakter van die Boerevolksaard.

5.7.2 Dit is geplaas in 'n volksgemeenskap en -milieu.

5.7.3 Dit is 'n volkskultuursentrum.

5.7.4 Dit is gegrondves op selfwerksaamheid, volksarbeidsdiens en volksdiens.

5.7.5 Dit bied basiese vakman- en ambagopleiding vir alle leerlinge.

5.7.6 Dit lê klem op persoons-, volksidentiteits- en skolastiese vorming met sport as aanvullende opvoedingsgeleentheid.

6. DIE CVO-ONDERWYSER

6.1 Die CVO-onderwyser word as 'n kosbare hulpbron in die verwerkliking van CVO beskou. Hy/sy staan in die brandpunt van die onderrigleergebeure en bepaal regstreeks die gehalte van die onderrig en leer en die suiwerheid van die CV-inslag daarvan.

6.2 Derhalwe word beplan dat CVO-skole op 'n besondere wyse die professionele status van die CVO-onderwyser sal erken en sal verrekken in die bestuursopset van die skool.

6.3 Gevolglik sal aan CVO-onderwysers 'n besondere hoë mate van professionele verpligting en verantwoordelikheid opgelê en uiteraard hoë eise aan gehalte onderrig gestel word.

6.4 Van die CVO-onderwyser sal verwag word om die geloofstandpunt en beginselgrondslae van hierdie dokument te onderskryf en uit te leef.

7. SLOT

Christelik-volksele onderwys soos dit in hierdie dokument na grondslag en inslag beskryf en uitgelê is, is vir die Boere-Afrikanervolk onontbeerlik. Vir ons volk beteken dit moontlikheid tot behoud en lewe en vryheid en vernuwing en roepingsvervulling.

Die diepste grond van CVO is

1. liefde vir God en sy Woord;
2. liefde vir ons volk en ons volksele kultuur (soos taal, tradisies, gebruike, geskiedenis) en ons volksele bodem, en
3. agting vir alle volke wat eweneens deur God in aansyn geroep is en wat hul volk en volksele liefhet en koester.

CVO handhaaf ook die beginsel dat volk altyd ondergeskik en diensbaar is aan God en onderworpe is aan die gesag van sy Woord.

BYLAE A

tot Die Christelik-volksele Onderwysmodel

Die kern van die dokument "Die Christelik-volksele Onderwysmodel" word in die volgende vroe saamgevat. Die vraelys dien 'n tweeledige doel, naamlik

1. dat dit 'n deurpunting tot die wesentlike is, en
2. dat dit as toetssteen aangewend kan word om byvoorbeeld egtheid en suiwerheid van siening te bepaal.

na vore kom. Verskille neig om na die oppervlakte te kom by die fynere uitwerk en inwerkingstelling van 'n saak.

Om die redes word 'n verdere verbesondering, verduideliking en toeligting van die CVO-model en meer besonderlik van die begrippe "Christelik" en "Volksele", nodig geag.

2. VERBESONDERING, VERDUIDELIKING EN TOELIGTING

2.1 Die begrip "Christelik"

"Christelik" dui in besonder op *Calvinisties Protestants gereformeerde*. Vir die praktyk van Christelik-volksele onderwys hou dit onder meer in dat:

- Dit uit die Bybel en volgens die verklaring en uitleg van die geloofsleer van die drie Formuliere van Eenheid sal wees.
- Bybelstudie en Bybelgesprek 'n besonder belangrike deel van die onderrigprogram sal wees.
- Bybelkunde en Bybelonderrig volwaardige vakke is.
- Gereformeerde geloof- en sedeleer 'n integrerende deel van Bybelkunde en Bybelonderrig sal wees.
- Gebed 'n sleutel tot heilryke opvoeding is.
- Gewyde sang besonder belangrik is.
- Onderrig (in besonder die vakonderrig) na keuse, ordening en verklaring van leerinhoud in die lig van Gods Woord en volgens gereformeerde beginsel sal wees.
- Dae met 'n Bybel-gereformeerde inslag besondere aandag in die opvoedingsprogram sal geniet, byvoorbeeld Goeie Vrydag en Paasfees, Hemelvaart, Geboortedag van Calvyn (10 Julie), Hervormingsdag (31 Oktober), Die Bybel in Afrikaans (27 Augustus), Geloftedag (16 Desember) en Kersfees (25 Desember).

2.2 Die begrip "Volksele"

"Volksele" dui daarop dat CVO:

- 'n Onderwysbedeling vir één volk is, naamlik die Boere-Afrikanervolk en dié inlyfbare blankes wat by die Boere-Afrikanervolk ingelyf wil wees en hulle met dié volk vereenselwig en sy lewens-, wêreld en geloofsbeskouing hul eie maak.
- 'n Onderwysbeweging is wat 'n onderwysbedeling tot stand wil bring binne die breër verband van 'n volksbeweging wat op sy beurt daarna strewende om ons volk vry te maak deur die skepping van 'n bedeling waarin ons volk onder eie volksowerheid op eie

volksbodem kan leef, sy Godegewe roeping kan vervul en God in vryheid kan dien.

- 'n Onderwysbedeling op 'n volksgrondslag en nie 'n rassegrondslag is nie.
- 'n Onderwysbedeling vir die Boere-Afrikanervolk en nie vir blankes is nie.
- 'n Onderwysbedeling is wat uit die RSA uitstrewende.
- 'n Onderwysbedeling is wat nie partypolitiek verbind is nie.
- 'n Duidelike en onderskeidende eie volksidentiteit behoort te openbaar en nie behoort te skroom om dit te laat blyk nie.

Vir die praktyk van Christelik-volksele Onderwys hou dit onder meer in:

- Dat byvoorbeeld die volgende dae op 'n besondere wyse by CVO-instellings herdenk behoort te word: Majuba-dag (27 Februarie), Volksplantingdag (6 April), GRA-dag (14 Augustus), Krugerdag (10 Oktober).
- Dat simbole en kleure wat gebruik word regstreeks met ons volk se geskiedenis en tradisie verband behoort te hou, byvoorbeeld die Vierkleur, die Vrystaatse vlag, die vlag van die Republiek Natalla; die staatswapens van die Boererepublieke; die Voortrekkerwa; die wawiel, ens.
- Dat skooldrag, skoolembleem en skoollied, ens. 'n duidelik onderskeidende volksheeroms en volksinslag behoort te hê.
- Dat volkshele behoort geëer te word.
- Dat volksgeeskiedenis en volkspolitiek 'n volwaardige en verpligte vak behoort te wees.
- Dat volksgeeskiedenis vertolk behoort te word uit die gesigshoek van
 1. God se beskikking in die ontstaan en lewe van ons volk, en
 2. die Voortrekkerideaal van 'n vrye volkstaat.
- Dat slegs volksele arbeid gebruik behoort te word by die CVO-instellings. (Selfwerkzaamheid is vryheid. Selfwerkzaamheid en die vestiging van 'n gereformeerde arbeidsbeskouing behoort 'n deel van die opvoeding te wees.)

3. BYKOMENDE SAKE

3.1 Inslag en standaarde

CVO-onderwysinstellings behoort te strewende na:

1. 'n Sulwer en egte CVO-inslag en karakter.
2. Die handhawing en verdere verhoging van standaarde deur middel van gehalte onderrig, deur die peil van toetsing en eksaminering en deur die verhoging van bevoororderingsvereistes.

Kommissie vir Kapelaansdienste

1. PERSONEEL

Die volgende lede is deur die Sinode aangewys: dl. MJ Hartzenberg, PA van Zyl, RMJ Britz, JP Bezuidenhout, oudle. JL du Preez en DJ Visser.

Die kommissie het ds. CD Koen gekoöpteer.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het 2 vergaderings gehou, naamlik op 4 Februarie 1992 en 10 Februarie 1993.

3. OPDRAGTE VAN SINODE (Handelinge bl. 327)

Geen.

4. VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE

4.1 Sake verwys in Handelinge van 1991-Sinode

4.1.1 Besoek aan grensgebiede (bl. 327)

Die saak geniet aandag wanneer ter sprake.

4.1.2 Dienspligtiges wat Kerkverband opgee (bl 327)

'n Oproep is in die BoodsAPPER geplaas.

5. VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE DS. CD KOEN (deeltydse Kapelaan 64259377TE) vanaf Januarie 1992 tot Julie 1993

5.1 Ds. Koen is verlede jaar deur die Kapelaan-Generaal as deeltydse Kapelaan aangestel vir die APK ná sekerheidsklaring.

5.2 Verslag van DP's wat gekontak is en op 'n gereelde basis kapelaansperiodes bygewoon het

Inname	Provoskool	P.D. skool	TDK	SAGD	Lugmaggim.	Wonderboom
Jan. 1992	16(1)	4	26(4)	10(1)	2	—
Jul. 1992	19(2)	7(1)	31(6)	8	10(1)	2
Jan. 1993	21(4)	12(3)	58(8)	12(2)	4	4
	56(7)	23(4)	115(18)	30(3)	16(1)	6

[Die syfers tussen hakies is die aantal NDP's in die groep wat nie APK-lidmate is nie, maar getrou en vrywillig kapelaansperiodes bygewoon het.]

Totaal bedien in hierdie tydperk van drie innames: 246(33).

Verslag: Kommissie vir Barmhartigheidsdienste

1. ALGEMEEN

1.1 Personeel

Die volgende personeel is deur die Sinode vir hierdie kommissie aangewys:

Di. AE van den Berg, JM Rheeder, NRJ van Zyl en JAC Erasmus.

Oudle. AGS Gous en CJ Taljaard.

Sekundi: Ds. JJ van der Linde, ds. WF Liebenberg en diaken E Serfontein.

1.2 Vergaderings

Die kommissie het drie vergaderings gehou, op 3 Februarie 1992, 2 Februarie 1993 en 30 Maart 1993.

2. SAKE BEHANDEL

2.1 Behuising vir bejaardes

Die kommissie het indringend aandag gegee aan die kwessie van selfbouskemas as 'n metode van huisvesting vir bejaardes en het dit sover moontlik aanbeveel by gemeentes. 'n Skrywe is deur "Die BoodsAPPER" aan gemeentelêde gerig waarin hulle aangemoedig word om sulke projekte op gemeentelike of ringsvlak aan te pak. Die kommissie het sover moontlik inligting probeer inwin wat later aan belangstellende gemeentes deurgegee kan word.

Na verneem word, is daar reeds 'n paar gemeentes wat met sulke projekte begin het.

2.2 Volkshulp 2000

Bogenoemde is 'n organisasie wat uit die Konserwatiewe Party ontstaan het met die doel om hulp te verleen aan werklose en hulpbehewende volksgenote.

Die organisasie wil noue verbintenis met die APK hê en het 'n versoek aan die kerk gerig om by hulle te affilieer.

Die kommissie het besluit om wel te affilieer en ds. AE van den Berg en ouderling CJ Taljaard is as verteenwoordigers van die kerk aangewys.

Vergaderings is gereeld bygewoon en hierdie instansie voorsien in 'n groot behoefte van volksgenote.

2.3 Hospisvereniging

Die kommissie het kennis geneem van die werk van bogenoemde vereniging deur verblyf te verskaf en ondersteuning te verleen aan terminale pasiënte wat vir lang tye behandeling moet ontvang. Omdat hierdie 'n veelrassige organisasie is, het daar 'n behoefte by lidmate ontstaan aan so 'n organisasie uit ons eie geleedere.

2.3.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om deur sy Kommissie vir Barmhartigheidsdienste 'n skrywe aan alle gemeentes te rig waarin hulle versoek word om 'n adreslys saam te stel van lidmate en/of inrigtings wat ons kerk goedgesind is en bereid is om verblyf en ondersteuning te verskaf aan buitepasiënte en hulle families wat lidmate van ons kerk is.

Motivering

Daar is baie van ons kerk se lidmate wat terminaal raak en soms vir lang tye behandeling moet ontvang op ander plekke en nie duur akkommodasie kan bekostig nie. Familie van sulke pasiënte word hierby ingesluit. So 'n diens uit eie geleedere kan van groot hulp wees.

2.4 Gevangenesbearbeiding

Hierdie is 'n terrein waar daar belangrike werk gedoen word deur ds. AE van den Berg. Hy besoek die gevangenis gereeld en lewer pastoraal diens aan lidmate van ons kerk binne die gevangenis.

Tydens sy besoeke het dit onder sy aandag gekom dat naasbestaendes van baie behoudende Afrikaners en hulle familie wat nie noodwendig APK-lidmate is nie, maar in die gevangenis aangehou word, dikwels behoeftig raak a.g.v. hulle omstandighede.

2.4.1 AANBEVELINGS

2.4.1.1 Die Sinode keur dit goed dat die Kommissie (in samewerking met die BRKA) 'n fonds kan stig waaruit behoeftige lidmate in gevangenis, of hulle familie gehelp kan word.

2.4.1.2 Die Sinode versoek gemeentes om kwartaalliks/jaarliks 'n deurkollekte te hou om

van ander kerkgenootskappe en organisasies tree. Uit voorafgaande blyk dit dus noodsaaklik te wees dat maatskaplike diens die aandag van die Kerk sal geniet.

Alhoewel slegs 'n enkele pos van maatskaplike werker aangevra word, word dit in vooruit sig gestel dat die maatskaplike diens mettertyd so sal uitbrei dat kantore oor die hele land geopen sal word.

3.2.1 AANBEVELING

3.2.1.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die kerkraad van Pretoria-Sentraal.

3.2.1.2 Die Sinode versoek gemeentes om persone met maatskaplike kwalifikasies te identifiseer en ooreenkomste met hulle te sluit om met maatskaplike probleme te help. Gemeentes wat nie oor kundige persone beskik nie, kan

met buurgemeentes wat wel oor sulke persone beskik, ooreenkomste aangaan.

4. BEGROTING

4.1 AANBEVELING

4.1.1 Die Sinode keur 'n bedrag van R10 000,00 goed vir kommissiewerksaamhede in die volgende reses.

5. SLOT

Die Kommissie vertrou dat hy sy taak na die beste van sy vermoë afgehandel het en bid die Sinode seën toe met sy sitting.

DS. AE VAN DEN BERG (VOORSITTER)

DS. JAC ERASMUS (SEKRETARIS)

Vyfde Sinode, om die Sendingbeleid van die APK te hersien en te wysig, waar nodig, en aan die Publikasiekomitee voor te lê vir die druk daarvan in pamfletvorm.

2.1.3 Uitvoer van die sendingopdrag

Die Sinode besluit dat die volgende riglyne vir die praktiese uitvoering van die sendingopdrag vir moontlike gebruik deur die plaaslike gemeente goedgekeur word:

2.1.3.1 Elke plaaslike gemeente kan deur sy lidmate traktate en leesstof, wat deur die kerkraad goedgekeur is, versprei.

2.1.3.2 Bybels, wat aangekoop is in alle tale, kan deur die kerkraad versprei word.

2.1.3.3 Die jeugaksie van elke plaaslike gemeente kan betrek word in die uitwerk van strategie om praktiese uitvoering te gee aan bowermelde sake.

2.1.4 Fondse vir Sending en Evangelisasie

Die Sinode besluit om toestemming aan die KSE te verleen om gemeentes deur "Die Boodskapper" te nader vir fondse wat aangewend sal word vir enige sending en evangelisasie akker.

Motivering

Hierdie aanbeveling is in lyn met die volgende besluit wat by die Vierde Sinode van 1990 geneem is:

"Dat die Sinode op een of ander wyse, gereeld genoegsame fondse begroot vir Sending en Evangelisasiewerk binne en/of buite die RSA" (Handelinge 1990 bl. 440 item 2.2.6).

2.1.5 Geestelike leesstof (vgl. PKKEN 3.7)

2.1.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die geestelike traktate, "Onthou . . . die oordeel na die dood" en "Beroemdes se Laaste Woord" wat vir kommentaar na die PKKEN gestuur is en wat vir publikasie voorberei kan word indien so deur PKKEN aanbeveel word.

2.1.5.2 Die Sinode besluit dat geestelike traktate van ander kerkgenootskappe, wat deur die KSE goedgekeur is, versprei kan word en aan plaaslike gemeentes beskikbaar gestel word.

Motivering

- a Die geestelike traktate slegs Skrifaanhalings bevat.
- b Sodanige leesstof geen dogmatiese aksente bevat nie.

2.1.6 Beleid vir Evangelisasie (Bylae KSE-A aangeheg)

Die Sinode keur die Beleidstuk vir Evangelisasie van die APK goed.

Motivering

- a. In die lig van die feit dat die kommissie se lasgewing uitgebrei is, en naas sending ook 'n evangelisasie opdrag het.
- b. Hierdie Beleidstuk 'n prioriteit is, sodat gemeentes daadwerklik tot evangelisasie gemotiveer kan word.
- c. Ter wille van uniformiteit in die APK.

2.1.7 Die Sinode gee opdrag aan die KSE om *praktiese riglyne* uit te werk t.o.v. evangelisasie, en tydens die reses te laat publiseer in "Die Boodskapper".

3. BESKRYWINGSPUNTE

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.

4. SLOT

Die KSE neem met dank kennis van gemeentes waar daar reeds praktiese uitvoering geskied van die Skrif se opdrag tot sending en evangelisasie, en wil ook elke lid van die KSE bedank vir sy bydrae.

DS. CJJ VAN RENSBURG (VOORSITTER)

DS. JJJ ROODT (SKRIBA)

4. DIE GEMEENTELIKE OF KERKLIKE KARAKTER VAN EVANGELISASIE

Die roeping om evangelisasiewerk te doen is (net soos in die geval van die Sending) aan die hele gemeente as liggaam van Christus, in die samespel van die besondere en algemene ampte opgedra.

Evangelisasie mag dus nie aan die meerdere kerkverband of 'n klompie entoesiaste oorge- laat word nie.

Kragtens Kerkorde artikel 46 van die APK neem die plaaslike kerkraad egter die inisiatief tot evangelisasie.

Dit is die plaaslike kerkraad se taak om die lid- mate toe te rus in hulle getuienistaak, hetsy dit spontaan of georganiseer geskied.

4.1 Spontane evangelisasie

Die eerste en mees natuurlike terrein waar ons deur Hom gebruik word is nie in veraf lande of onder vreemdes nie. Nee, God gebruik en stuur ons net daar waar ons woon, beweeg en waar ons werk. Dit is die eerste akker van evangelisasie.

* Die spontane uitdra van die evangelie ge- skied waar ons tussen ander kerklos mense woon, saam op die bus of trein of motor ry, daar waar ons in dieselfde kantoor of fabriek werk, en waar ons saam tee en etenspouses verwyl, waar ons saam 'n sport bedryf of va- kansie hou.

Saam met die bespreking van die nuus van die wêreld kan ons die nuus van die koninkryk stel, en saam met die koerant kom die Bybel ter sprake, as die mees aktuele antwoord op men- sevragestukke. Hierdie tipe evangelisasie is ongeforsed en val in die gewone gang van die lewe, en is juis daarom so besonder effektief.

Spontane evangelisasie geskied ook deur die *drievoudige amp*. Christus Jesus het by uit- nenemendheid die drievoudige amp van Pro- feet, Priester en Koning gedra.

Elke gelowige verkry egter ook deur geloof in Jesus Christus aandeel aan hierdie drievoudi- ge roeping, wat besonderlik uitkom in evange- lisasiewerk:

As profeet, is dit sy taak om nougeset te luister na wat God in sy Woord spreek, en dan moet hierdie Woord in elke konkrete lewensituasie van die mens duidelik spreek.

As priester, vervul met die liefde van Jesus Christus, tree hy ook in by God die Vader vir die afvallige, kerklos mens.

As koning, word die Christen geroep om die heerskappy van God in sy lewe uit te dra deur die oorwinning oor Satan en sy magte (Rom. 6:14, Efes. 6:10).

4.2 Georganiseerde Evangelisasie

Spontane getuienis is nie genoeg in evangeli- sasie nie, maar moet ook bepland, gekoördi- neerd en gekontroleer geskied.

– Daar moet georganiseer word na die eis van elke omstandigheid. Eerstens moet in die or- ganisering van evangelisasiewerk (projek) ken- nis geneem word van die basiese grondbegin- sels van evangelisasie, en wat ook aansluit by die kerk se eie belydenis.

Tweedens, moet vasgestel word wat die aard en omvang van die toestande, geestelik en stoflik, binne die gemeente is.

Derdens, moet die arbeidsterrein vir evangeli- sasie en sy geestelike nood vasgestel word.

Vierdens, moet daar geen onduidelikheid wees oor die doel van 'n evangelisasie-aksie nie.

– Daar is belangrike rolspelers in die beplan- ning en organisering van 'n evangelisasie ak- sie.

Die *leeraar* is 'n sleutelfiguur in die gemeente. Waar hy besiel is, gemotiveer is, en onderlê is om toerusting te gee, kan hy veel doen om dit oor te dra aan sy gemeente.

Die *kommissie* vir evangelisasie, van die plaaslike gemeente, kan daarenteen baie doen om gegewens vooraf te versamel, en die saak te motiveer.

Die *kerkraad* moet die aanbevelings van die kommissie vir evangelisasie met 'n oop ge- moed aanvaar. Daar moet gewaak word daar- teen om nie die beoogde aksie te probeer dwarsboom deur geldelike oorweginge voort- durend te opper nie.

Die geestelike groei en stoflike seën van 'n ge- meente staan onder andere in direkte verhou- ding met sy visie en betrokkenheid tot evan- gelisasie.

4.3 Organisasie van Evangelisasie en die kerkverband

Die organisasie van evangelisasie kan nie slegs tot een gemeente of individuele ge- meentes beperk bly nie.

Dit is selfs moontlik dat gemeentes in 'n be- paalde ring of ringe in 'n bepaalde stadsdeel of plattelandse gebied, 'n gesamentlike aksie

Verslag: Kommissie vir Formuliere en Liturgie

1. PERSONEEL

Primarii: Di. JH van der Walt (sameroeper), L Skein, JHE Adams, G Smit, JJ (Jurie) Venter.

Sekundi: Di. DJ (Danie) Malan, JH de Jager.

2. LASGEWING

Behalwe algemene lasgewing is die spesifieke lasgewing:

Die Kommissie

1. dra sorg vir die opstel van 'n Kerkboek soos deur die sinodes goedgekeur en behartig alle gewysigde en ongewysigde herdrukke;
2. bestudeer alle besware teen en beskrywingspunte oor die liturgie en formuliere met die oog op advies aan die volgende sinode;
3. beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3. VERGADERINGS

Geen vergadering is gehou nie omdat geen sake op die sakelys sou wees nie. Om koste te bespaar is hierdie verslag telefonies met die personeel bespreek en per pos gesirkuleer.

4. SAKE BEHANDEL

4.1 Geen sake is behandel nie aangesien die vorige kommissie die formuliere en belydenisskrifte aan die Publikasiekomitee oorhandig het. Volgens inligting is die Besondere Belydenisskrifte weer deur die Publikasiekomitee nagegaan. Dit was om taalkundige verskille uit te stryk.

4.2 Beskrywingspunte: Geen.

5. VERSKYNING VAN DIE KERKBOEK

Daaroor sal die publikasiekomitee van die SKK verslag doen.

DS. JH VAN DER WALT (SAMEROEPER)

Daar is besluit

1. 'n Brief word gerig aan die NG Kerk-Uitgewers met:
Versoek om kopiereg vir liedere wat nie verander.
Toestemming waar veranderings beoog word.
Lys van gesange waarvan kopiereg onseker – indien bg. dit hou, word dit gevra.
2. 'n Gelykluidende brief word gerig aan: Jeugkommissie van algemene sinode van die NG Kerk.
3. Enige ander uitgewers gemeld van die NG Kerk.
4. 'n Brief aan Publikasiekommissie (dadelik) waarin ál bogenoemde vervat is.
5. Daar moet dadelik by SAMRO om musiekregte vir ál 100 gesange gevra word (met alternatiewe melodieë).
6. *NB:* Uitstaande fasette soos inhoudsopgawe, rubriekindeling, voorwoord en erkenningslys moet saamgestel en bygevoeg word.
7. *NB:* 'n Volledige stuk, netjies, met ál bogenoemde moet vir die Keurder voorberei word.
8. Detail-opdragte moet vir die drukker opgestel word en 'n kopie daarvan moet aan die Keurder besorg word.

3.2.1.9 'n Liturgiese rubriek – vir gebruik tydens eredienste – word deur ds. Van der Merwe voorgehou en kan 'n nuttige deel van die proefbundel wees.

3.2.1.10 Daar is intussen op prof. R Maré besluit as finale keurder.

3.2.1.11 Ernstige probleme t.o.v. die beoogde sangbundel

Daar is verskeie kere persoonlik, telefonies en per brief met die instansies wat die musiekregte hou, geskakel met die oog om kopiereg en musiekregte vir die beoogde APK-sangbundel te bekom.

Telkens is die antwoord dat daar nie nou uitsluitel daarvoor gegee kan word nie, en dat die saak oorstaan vir 'n komende sinode/algemene sinode.

Die korrespondensie in hierdie verband beslaan 'n boek, en is ter insae.

Dit is duidelik dat daar sonder die verkryging van hierdie regte nie voortgegaan kan word met die uitgee van 'n proefsangbundel nie.

3.3 Koorbundel vir die APK

3.3.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Kommissie vir Kerk sang en -musiek om te werk aan 'n koorbundel vir die APK.

3.3.2 Verslag: Die uitvoer van hierdie opdrag hang saam met die gebrek aan vordering met die proefsangbundel. Kopieregte blyk hier ook 'n verandering te wees.

3.4 Begeleierskursusse

3.4.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Kommissie vir Kerk sang en -musiek om voort te gaan om begeleierskursusse aan te bied as die kommissie daarvoor gevra word.

3.4.2 Verslag: Dit word, waar prakties moontlik, op 'n deurlopende basis gedoen.

3.5 Sangleiding By Sinode

3.5.1 Die Sinode gee opdrag aan die volgende permanente Kommissie vir Kerk sang en -musiek om weer die musiek en sang te beplan vir die volgende sinodesitting in samewerking met die SKK.

3.5.2 Verslag: Dit is aan die voorsitter van die Kommissie opgedra om dit te doen.

3.6 Hersiening van Hallelujaliedere

3.6.1 Die Sinode herhaal sy opdrag aan die Kommissie vir Kerk sang en -musiek om steeds aandag te gee aan 'n grondige hersiening van Hallelujaliedere.

3.6.2 Verslag: Die Kommissie beskou dit as 'n integrale deel van sy opdrag rakende die saamstel van 'n proefsangbundel.

4. AANBEVELINGS

4.1 *Die Sinode neem kennis van die betreuen swaardige feit dat die instansies wat die musiekregte en kopiereg vir ons kerkmusiek hou, nie nou bereid is om hierdie regte oor te dra aan die APK sodat 'n eie sangbundel spoedig die lig kan sien nie.*

4.2 *Die Sinode herhaal sy opdrag aan die Kommissie vir Kerk sang en -musiek om voort te gaan met pogings om genoemde regte te bekom en 'n proefbundel die lig te laat sien. Intussen word die huidige Psalm en Gesangbundel behou as amptelike sangbundel van die kerk.*

5. SLOT

Die Kommissie wens die Sinode 'n vrugbare en geseënde sitting toe.

DS. GG LE ROUX (VOORSITTER)

DS. CD KOEN (SKRIBA)

3.5 Neerdaal na die hel

“Die Sinode besluit dat die woorde “neergedaaal het na die hel” van ons geloofsbelydenis geskrap moet word en soos volg gewysig word: ‘wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, deur God verlaat is, gesterf het en begrawe is, en wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode . . .’ (Sakelys van vyfde Sinode 1991 bl. 98 punt 4.9).

3.5.1 AANBEVELING

3.5.1.1 *Die Sinode keur nie die aanbeveling rakende die beskrywingspunt van die Ring van Germiston i.v.m. “neerdaal ter helle” goed nie.*

3.5.1.2 *Die Sinode besluit dat daar voortaan in die teks sal staan: ‘neergedaaal het na die hel’ met twee voetnotas te wete:*

3.5.1.2.1 *die woorde “neergedaaal het na die hel” kan vervang word met “ter helle neergedaaal het”.*

3.5.1.2.2 *“neergedaaal het na die hel” beteken nie dat Christus in die hel was nie, maar wel dat Hy met liggaam en siel sy ganse lewe op aarde, maar veral aan die kruis, helse angs en pyn verduur het. (Vgl. ant. 44 van die Heidelbergse Kategismus.)*

3.5.1.3 *Die Sinode besluit dat teruggekeer word na die Afrikaanse formulering “neergedaaal het na die hel” en die Nederlandse “ter helle neergedaaal het” as wisselvorm gebruik kan word. Inhoudelik is daar geen betekenisverskil tussen die twee uitdrukkings nie. (Vgl. Studiestuk oor “Neergedaaal het na die hel”, Bylae KEN-4.)*

3.6 Die vrou in die amp

“Die Sinode verwys die beswaarskrif oor ‘Die vrou in die amp’ terug na die PKKEN.” (Handelinge Sinode 1991 bl. 332)

3.6.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit:

3.6.1.1 *Die beswaarskrif oor “Die vrou in die amp” slaag nie.*

3.6.1.2 *Die Sinode besluit om te volstaan by die besluit van die Sinode van 1990 oor die voru in die amp as diaken nl. “Die Sinode besluit om nie die vrou toe te laat tot die amp van diaken nie”. (Handelinge 1990 p. 494.) (Vgl. Studiestuk oor “Die vrou in die amp”, Bylae KEN-5.)*

3.7 Pamflet: Onthou . . . U het ’n afspraak

Verwys na die PKKEN vir beoordeling. (Handelinge 1991 p. 323)

3.7.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat AP Kerke nie van hierdie pamflet gebruik sal maak nie. Verder word besluit dat geen pamflet van enige buite-instansie gebruik sal word nie, maar dat alleen pamflette wat uit eie geledere opgestel en deur ’n sinode van die AP Kerk goedgekeur is, gebruik word. (Vgl. Studiestuk oor “Pamflet: Onthou . . . u het ’n afspraak”, Bylae KEN-6.)

3.8 Verassing

Die Sinode neem kennis van die studiestuk oor verassing en versoek die PKKEN om aanbevelings te doen by die Sinode oor hoe die kerk praktiese sake in verband met verassing moet hanteer. (Handelinge 1991 p. 331 punt 3.5)

3.8.1 AANBEVELING

Die Sinode herhaal sy opdrag aan die PKKEN om aanbevelings te doen by ’n volgende sinode oor hoe die kerk praktiese sake i.v.m. verassing moet hanteer.

3.8.2 Motivering

Kommissielede aangewys het nie die opdrag uitgevoer nie.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 Nie-Ontvanklik

Die volgende is as beskrywingspunte ontvang maar voldoen nie aan die formele vereistes vir Beskrywingspunte nie. (Vgl. KO 1992 Sinodebesluite bl. 124.)

4.1.1 Wysiging van Apostoliese Geloofsbelydenis – Ring van Dendron.

4.1.2 Besware teen SAUK – Ring van Dendron.

4.1.3 Dobbels – Ring van Beaufort-Wes.

4.1.4 Sondagsport – Ring van Beaufort-Wes.

4.1.5 Handves van Mensregte – Ring van Beaufort-Wes.

4.1.6 Waardering t.o.v. SAUK – Ring van Kimberley.

4.1.7 Sabbatsontheiliging – Ring van Kimberley.

Geloofsvryheid en Godsdiensvryheid

1. OPDRAG

“Die Sinode verwys 3.7 terug na die Permanente Kommissie vir KEN, met die versoek om die hele saak te heroorweeg en met ’n aanbeveling(s) na die Sinode te kom. Die Sinode bevestig sy dank jeens die Kommissie vir prikkelende stof wat reeds voorgelê is.” (Handelinge 1990; pt. 3.7.2, bl. 497 en Handelinge 1991; pt. 3.1.1, bl. 94).

2. AANBEVOLE STANDPUNTE (Vgl. 3.1.1)

2.1 Geloofsvryheid en Godsdiensvryheid:

Die ware gelowige in Jesus Christus kan hierdie twee begrippe slegs beoordeel in die lig van die Woord van God en die Belydenisskrifte van ons Kerk.

Uit die aard van dié standpunt moet die twee begrippe beredeneer word vanuit die leer van die Uitverkiesing (vgl. Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1).

2.1.1 Begripsomskrywing

2.1.1.1 Geloof:

Geloof is ’n bepaalde vorm waarin enige individu sy persoonlike godsdienstige oortuigings uitleef en beleef.

Binne die ware Godsdiens (Christelike Godsdiens) beteken dit ’n gewisse kennis en vaste vertroue in die waarhede en beloftes soos vervat in die Woord van God (vgl. Sondag 7, H.K. vr. en ant. 21).

2.1.1.2 Godsdiens

Godsdien is die aanbidding van ’n god. Dit is die pligpleginge waardeur, en leerstellinge waarbinne, ’n god vereer word.

Binne die ware Godsdiens (Christelike Godsdiens) is dit die gemeenskapslewe van die individu en groep (Kerk) met die alleen ware Drie-enige God, volgens die riglyne van die Woord van God.

2.1.1.3 Geloofsvryheid

Dit is die voorreg van die individu om sy geloof volgens eie oortuiging te beoefen, in ’n sondegevalle wêreld.

Binne die ware Godsdiens (Christelike Godsdiens) bestaan daar nie geloofsvryheid in die sin dat die gelowiges ’n keuse tussen God en ’n afgod het nie, want geloof is die band wat die uitverkorene aan ons Drie-enige God bind. Die geloof is die middel (“arms”) waardeur ons Christus ons Regverdigheid, omhels (NGB, art. 22).

2.1.1.4 Godsdiensvryheid

Dit is die reg wat ’n land se owerheid erken dat enige nie-staatsgevaarlike godsdiens in die openbaar bely en beoefen mag word, en dat ’n erediens binne die perke van openbare orde gehou mag word.

Binne die ware Godsdiens (Christelike Godsdiens) bestaan daar nie so iets soos Godsdiensvryheid nie, afgesien van ’n gelowige se keuse van ’n Christelike kerkverband.

Die Woord van God leer baie duidelik, onder andere:

JESAJA 40:18,25: “By wie wil julle God dan vergelyk? Of watter gelykenis naas Hom stel?”

“By wie sal julle My dan vergelyk dat Ek net so kan wees? sê die Heilige”.

JESAJA 43:11,12: “Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie . . . en daar was geen ander god onder julle nie; . . . en Ek is God.”

JOHANNES 14:6: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader, behalwe deur My nie.”

Godsdien svryheid word egter in die praktyk beoefen. In die lig van God se verwerping word daar baie afgode vereer. Dié afgode kan en mag egter nooit gelykgestel word aan ons God nie! Die ware Godsdiens mag nooit gelykgestel word aan die valse godsdiens nie. Daar kan geen sprake van godsdiensgelykheid wees nie. Dit sou lastering van die Naam van God wees.

2.2 Geloofsvryheid en Godsdiensvryheid in die praktyk

Wie deur God uitverkies is, word geroep tot die ware geloof, en leef hul Godsdiensvryheid en geloofsvryheid uit in gebondenheid aan die Woord van God, en is verplig om uitvoering te gee aan die inhoud van art. 28, NGB, deur hul te voeg tot die ware kerk.

Evangelie te verkondig terwyl die gemeent(e)s vir hulle lewensonderhoud sorg;

- * In 1 Kor. 9:6 sê hy eksplisiet hy en Barnabas het die reg om die hande-arbeid na te laat;
- * Volgens 1 Kor. 9:4 het Paulus en Barnabas die vryheid "om te eet en te drink". Dit beteken dat hulle vry is van die gewone werk, sodat hulle al hul tyd aan die saak van die Evangelie kan bestee. Terwyl hulle dit doen, moet die gemeente sorg vir hulle eet en drink, dit is: vir hul lewensonderhoud.

2.4 Die redes word uitgespel waarom Paulus en Barnabas reg het op versorging deur die gemeent(e)s:

- * 1 Kor. 9:1 Hy het die reg, omdat die Here Jesus hom as apostel geroep het (vgl. 2 Kor. 10; Hd. 9:1 – 19, veral vs. 15);
- * 1 Kor. 9:7 'n Soldaat moet tog deur sy owerheid 'n soldy betaal word, want hy dien voltyds as 'n soldaat en is juis daartoe geroep. Hy kan nie 'n deeltydse soldaat wees omdat hy nog ook 'n gewone beroep moet beoefen om vir hom en sy huis te sorg nie.
- * 1 Kor. 9:9 Paulus beroep hom ook op die Ou Testament (Dt. 25:4): selfs 'n os wat gaan dors, lewe van die graan wat hy dors. Daarom mag sy bek nie gemuilband word nie.
- * 1 Kor. 9:11 Iemand wat die geestelike saai, mag by diegene by wie hy saai, stoflike goed maai.
- * 1 Kor. 9:13,14 "Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe".

2.5 In die Ou Testament moes die "gemeente van God", die volk, vir die priesters wat voltydse priesterdiens gedoen het, sorg: Lv. 8:31; 21:22; Lv. 2:3; 6:16 – 18, 26, 29; 7:6, 14 – 16; Nm. 18:9 – 15, 18, ens. ens. Die stam Levi het nie 'n landstreek ontvang nie, maar die HERE het vir hulle gesê: "En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms" (Nm. 18:21). Dit word in vs. 24 – 32 bevestig en verder verduidelik. Vgl. ook Jos. 18:7 – die priesterskap is die erfdeel van die Leviete. Hulle kry nie landerye om te bewerk, of weiveld vir diere nie. Hulle sal lewe uit die tiendes van die volk.

2.6 Die Leviete kon tog later eiendom besit. In Jos. 21:2 – 3 word vertel dat stede met weiveld aan hulle afgestaan is vir hulle vee. Hulle het egter nie landstreek ontvang nie.

2.7 Paulus vertel ook dat gemeentes hom in die saak bygestaan het. Hy skryf dat die ge-

meentes in Macedonië op 'n vrywillige basis gehelp het om hom te onderhou terwyl hy sonder traktering in Korinte gewerk het (2 Kor. 11:7 – 12).

2.8 Die feit dat Paulus by sekere gemeentes van sy reg op onderhoud afgesien het, is geen voorskrif vir die kerk van die Here met die oog op die toekoms nie. Wat was die redes waarom hy van sy reg afgesien het?

- * Hy wou die gemeente nie beswaar nie (2 Kor. 11:9).
- * Hy wou niemand lastig val nie (2 Kor. 11:8).
- * Hy wou toon dat as hy sy apostolisiteit verdedig, dit nie daaroor gaan dat hy vergoeding vir sy bediening soek nie. Hy sal liever dan met sy hande werk as om daarvan verdink te word (1 Kor. 9:15 – 19).
- * In Thessalonika het mense die Here Jesus so gou terugverwag dat sommige van hulle opgehou het om te werk. Paulus spoor hulle aan om te werk – en hy stel die voorbeeld deur self met sy hande te arbeid (1 Ts. 4:11; 2 Ts. 3:9).
- * As dit vir Paulus nodig was, sodat hy geen "hindernis vir die evangelie van Christus" sal veroorsaak nie, sal hy by sy bediening ook handewerk doen.

2.9 Die feit dat Paulus noodgedwonge soms handewerk moes doen om aan die lewe te bly, was selfs vir hom nie die ideaal nie. Hy het egter dié offer in diens van die Here gedoen.

2.10 Die vraag kan gestel word of die gemeentes net verplig was om apostels te onderhou? Geen predikant van vandag kan daarop aanspraak maak dat hy 'n apostel (soos Petrus, Johannes, Paulus, en die ander) is nie – dit sou Rooms en sektaries wees. Het 'n predikant dan nie die reg op lewensonderhoud wat deur die gemeente voorsien moet word nie?

'n Predikant hét die reg. Nie op grond van homself nie, maar as gevolg van die Here se wil in die saak. Paulus redeneer vanuit sy eie konkrete saak (nl. hy is ook 'n apostel), en vanuit die kant van al die apostels wat die reg het – maar dan formuleer hy dit in die algemeen: "So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe". Die Woord "vir die" wys nou nie net op die apostels nie, maar op *almal* wat die Evangelie voltyds verkondig, vir almal wat deur die Here daartoe geroep is.

2.11 Wanneer 'n predikant na 'n gemeente in die AP kerkegroepering beroep word, en hy dit opvolg, moet onthou word:

- * dis die Here wat roep;
- * hy doen die werk voltyds *ter wille van die Evangelie*;

Erkende Kerke

1. BESKRYWINGSPUNT: RING VAN MORGENZON VAN 1991 I.S. ERKENDE KERKE

“Die Sinode identifiseer watter nie-Afrikaanse kerkverbande deur die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) as ‘erkende kerke’ beskou moet word”. (Sakelys: Sinode 1991, p. 97.)

2. OPDRAG

Die Sinode van 1991 het besluit:

“Die Sinode verwys die beskrywingspunt van Morgenzon terug na die PKKEN”.
(Handelinge: Sinode 1991, p. 331.)

3. AANBEVELING

(Kyk Verslag PKKEN 3.4.1.)

4. MOTIVERING

4.1 Alvorens 'n dooplidmaat van 'n AP kerk 'n belydende lidmaat kan word, moet hy eers in die belydenisskrifte van die APK onderrig word, daaroor ondervra word en verklaar dat hy die belydenisskrifte onderskryf. Elke belydende lidmaat moet die leer van die kerk (die belydenisskrifte) ken; hy moet dus weet wat dié leer is waarvan ons glo dat dit suiwer is omdat dit met die Skrif ooreenstem.

4.2 'n “Erkende kerk” (hetsy Afrikaans, hetsy nie-Afrikaans) kan alleen een wees wat presies dieselfde belydenisskrifte as die APK het. Wanneer 'n belydende lidmaat van 'n erkende kerk by 'n APK wil lidmaat word, word hy aanvaar op grond daarvan dat hy in dieselfde belydenisskrifte onderrig is en dus dieselfde leer handhaaf.

4.3 Indien iemand uit 'n ander kerkgroepering wil oorkom na 'n APK, maar sy vorige kerkgroepering handhaaf nie dieselfde belydenisskrifte van die AP kerke nie, moet hy eers (volwasse) verbondsonderrig (wat ook onderrig in die

Kerkorde insluit) deurloop. Dit geld selfs al het sy vorige kerkgroepering ons belydenisskrifte nie verwerp nie. Omdat hy nie in ons leer onderrig ontvang het nie, moet hy eers daarin onderrig word en belydenis van geloof doen.

4.4 Indien iemand 'n erkende kerkgroepering (soos die vyf Afrikaanse Protestantse kerke) verlaat het en hom by 'n nie-erkende kerk gevoeg het, en nou wil inskakel by 'n APK, moet die ouderlingevergadering hom daarvan verwys dat die persoon op hoogte is met die leer van die APK en waarin dit van dié van sy laaste kerkgroepering verskil. Die persoon moet die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf. Die belydenis van geloof, waarvan in Art. 6.2 sprake is, kan in hierdie geval afgetel word óf voor die gemeente, óf voor die Kerkraad, óf voor 'n kommissie van die Kerkraad, soos die Kerkraad mag besluit. Die Kerkraad sal die betrokke persoon se wens in dié verband in ag neem.

4.5 Onderskrywing van die Bybel as die Woord van God, word nie as maatstaf in die formulering van bogenoemde voorgestelde Sinodebesluit gestel nie, eerstens, omdat so 'n onderskrywing te vaag is en arbitrêre interpretasie van die Skrif toelaat; tweedens omdat iemand wat die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar, daarmee (kragtens N.Gb. Arts. 3 – 7) wel bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, ensovoorts.

4.6 Waar 'n kerkgroepering (erkend of nie) bo en behalwe die belydenisskrifte wat die AP Kerke aanvaar het, ook ander belydenisskrifte handhaaf, vergewis die ouderlingevergadering hom daarvan of die bykomende belydenisskrifte met ons belydenisskrifte ooreenstem. Indien daar botsing met ons belydenisskrifte bestaan, sal die persoon daardie afwykings moet erken en verwerp.

4.7 Sover die PKKEN kon vasstel handhaaf slegs die volgende kerkgroeperinge die Drie Formuliere van Eenheid as hulle belydenisskrifte: APK, ARK, NGK, NHK, GKSA.

Ons moet ons geloof in God bely uit God se Woord en nie uit enigiets anders nie.

Ons moet sê wat ons bely en wat ons sê moet die waarheid wees. Ons sê immers vir God en voor God: "Ek glo . . ."

Ons moet ons belydenis toets aan die Woord van God en nie slaafs aan wat ander kerke bely nie.

2. AANBEVELING

Vgl. 3.5.1 in verslag van PKKEN.

3. MOTIVERING VAN PKKEN

3.1 Voorkoms van die begrip "ter helle neergedaal" in die leer van die Kerk soos in die Belydenisskrifte vervat.

Die begrip "ter helle neergedaal" is vervat in die volgende Belydenisskrifte van die Kerk:

3.1.1 Die twaalf artikels:
"ter helle neergedaal".

3.1.2 Die Geloofsbelydenis van Athanasius:
"ter helle neergedaal het".

3.1.3 Die Heidelbergse Kategismus Sondag 16 vr 44:

"vr: Waarom volg daar: ter helle neergedaal?
Antw: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het(a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreklike angs, smarte en verskrikking(b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. (a)Jes 53:5. (b)Ps. 18:5,6; 116:3; Matt. 26:38; 27:46; Heb. 5:7."

3.2 Verklaring van die begrip "neergedaal ter helle".

Daar sou niks van Christus se versoeningswerk volbring gewees het as Hy net die liggaamlike dood alleen gesterf het nie. Dit was teweens noodsaaklik dat Hy die gestrengheid van die wraak van God moes voel sodat Hy God se toorn sou dra en aan sy regverdige oordeel voldoening verskaf. Daarom moes Hy met die leerskare van die hel en die verskrikking van die ewige dood, in stryd, handgemeen raak. In die begrip "ter helle neergedaal" word die onsigbare en onbeskryflike oordeel vervat wat Hy voor God gedra het. Nie alleen die liggaam van Christus is as 'n prys vir ons verlossing oorgelewer nie. Hy het nog 'n ander groter en uitnemender prys betaal. In sy siel het Hy die vreeslike kwellinge gedra van God se kinders wat voor Hom verdoem en verlore was. Daarom sê Jes. 53:5 onder meer: "die straf wat vir

ons vrede aanbring, was op Hom" en Petrus in Hd 2:24: "Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word." Hy noem nie net die dood nie maar vermeld uitdruklik die smarte wat voortspruit uit die vloek en die toorn van God.

Neergedaal na die hel beteken nie dat die Here Jesus letterlik in die hel was nie, maar dat sy lyding so onbeskryflik intens was dat dit nie anders as met die terme "helse lyde" beskryf kan word nie.

3.3 Enkele uittreksels uit die agtergrond van die Apostoliese Geloofsbelydenis

Die oudste bewaarde kommentaar op die Romanum, omstreeks 404 n.C. geskrywe deur Rufinus, gee 'n opsomming van die verskille tussen die simbool van Aquileja en die van Rome. Daaruit blyk dat in laasgenoemde nog nie die woorde "ter helle neergedaal" voorkom nie.

Terwyl die teks van die simbool in die liturgie van Rome eeuelank ongewysig gebly het, is op ander plekke soms iets daaraan gewysig of toegevoeg. Die teks van die Apostolicum soos wat dit tans bekend is (textus receptus) kom voor in 'n geskrif uit die begin van die 8ste eeu.

Sedert die 12de eeu n.C. is die textus receptus amptelik in die Rooms Katolieke kerk in gebruik by die doopsbediening. Die opname van die woorde "ter helle neergedaal" in die Apostolicum is nog steeds 'n omstrede kwesie. Volgens Rufinus kom die woorde voor in die simbool van sy geboorteplek Aquileja, maar nie in die van Rome en ewemin in die belydenisse van die Oosterse kerk. In die Siriese kerk het daar skynbaar 'n formulering bestaan waarin die decensus vermeld word. Die Siriese teoloog Markus van Arethusa was die opsteller van 'n kompromisformule. Dit is in die periode van die groot stryd teen die Arianisme in die 4de eeu aanvaar deur die Sinode van Sirmium 359 en Konstantinopel 360. In hierdie formule was die "ter helle neergedaal" uitdruklik opgeneem as bestanddeel van die belydenis. Blykbaar het dit geen enkele beswaar opgelewer nie. Dit is omrede die decensus algemeen erken as inhoud van die geloof van die kerk al het daar variasie van interpretasie bestaan. Naderhand is hierdie element van die belydenis ook in die Apostolicum opgeneem.

In die Middeleeue het daar 'n algemene oortuiging in die Weste geheers dat die simbool soos in sy tans bekende vorm deur die apostels opgestel is. Rufinus vermeld dit reeds as 'n eerbiedwaardige tradisie dat die apostels nadat hulle die Pinkstergeestes ontvang het by-

Die stelling dat die sinodebesluit die vrou de- gradeer tot 'n tweedeklas mens en Christen en lidmaat van die APK, kom uiteindelik neer op Skrifkritiek en kritiek teen God se ordening vir sy kerk.

4.1.3 Die beswaarskrif beweer daar was reeds in die vroeë Christelike kerk "op grond van die Skrif" diakonesse, met aanhaling van onder meer Bavinck en Ridderbos.

Bavinck meld egter op bladsy 329 slegs dat daar in sekere Skriftekste van diakonesse sprake is. Hy beweer nie dat hulle deel uitgemaak het van 'n diakonie nie! Hy beweer selfs nie dat hulle in die *amp* van diaken gedien het nie. Op bl. 410 word dit duidelik wat Bavinck bedoel: in groot gemeentes, sê hy, het die diakens gebruik gemaak van "de hulp van diakonessen", net soos predikante van katkisasie-meesters en ouderlinge van sieketroosters gebruik gemaak het. Om te beweer dat Bavinck sê vroue het in die diakenamp gedien, is onwetenskaplik. Bavinck beweer slegs dat die diakens wat in 'n *amp* staan, van vroue gebruik gemaak het om te help. Hierdie vroue is diakonesse genoem, maar het nie die *amp* van diaken bekleed nie. (Opmerking: dit moet onthou word dat die woord "diaken" in Grieks nie net slaan op die diakenamp nie, maar ook baie breër: dienaar - kyk verder punt 4.2 hier onder.)

Wat Ridderbos betref, word daarop gewys dat hy nie sê Febe was onteenseglik 'n diakones (vroulike diaken) nie. Dit blyk daaruit dat hy redeneer (bl. 515): selfs al sou Febe nie 'n diakones in die "amptelike" sin van die woord wees nie, het haar hulpbetoon nie wesenlik verskil van die werk wat die diakens gedoen het nie. Wanneer Ridderbos dan wel verder gaan en op bl. 516 die stelling maak dat daar niks in Paulus se briewe is wat verhinder dat die vrou nie ook in die geordende *amp* gestaan het nie, "bewys" hy sy stelling deur te sê dat 1 Tm. 5:9 e.v. melding maak van 'n geordende taak vir weduwees. Ridderbos het sy stelling beslis nie Skriftuurlik bewys nie!

In punt 4.2 hier onder sal aangetoon word waarom nie met Ridderbos saamgestem kan word nie.

Dit is wel belangrik om daarop te let dat iemand soos Jean La Porte (1982: 111) aantoon dat daar eers in die derde eeu n.C. betroubare getuigenis is van diakonesse in die kerk. Uit geskrifte van vóór die derde eeu is daar nie onteenseglike aanduidinge van vroue as diakonesse nie. Vir die eerste 300 jaar was daar dus nie vroulike diakens nie (The role of women in early Christianity)!

4.1.4 Die beswaarskrif beweer dat die sinodebesluit van 1990 die swyggebod foutiewelik interpreteer, by implikasie suggereer dat veelwery toelaatbaar is en inhoud dat geen vrou verbondsonderrig mag gee nie.

Hierdie verregaande afleidings word verwerp sonder om verder daarop in te gaan, aangesien die afleidings nie uit die sinodebesluit (die vrou word nie tot die *amp* van die diaken toegelaat nie) te maak is nie. Dis onbegryplik dat die Kerkraad van Stellenbosch sulke onverantwoordelike en onwetenskaplike stellings kon maak.

4.1.5 Die beswaarskrif voer 'n aantal praktiese besware aan.

Daaroor die volgende:

1. geen vrou (of man) het *regte* as lidmate van Christus se gemeente nie. Die *Skrif* moet leer wat 'n lidmaat mag of nie mag nie – die lidmaat kan nie met eise op grond van inherente statusse of reg kom nie;
2. pragmatistiese argumente (soos die leemtes en vakatures op die kerkraad) is nie gepas in die kerk van die Here ten opsigte van beginselsake nie;
3. die "stryd om die bestaansreg" van vroueak-sies het niks met die vraag of die vrou in die diakenamp mag dien, te doen nie.

4.2 Wat leer die Skrif oor die vrou in die *amp* van diaken?

Dis merkwaardig dat vroue in die Ou Testament by wyse van hoë uitsondering profetesse was (soos Debora – Rig. 4:4 en Hulda – 2 Kon. 22:14 e.v.), maar dat geen vrou as 'n priesteres opgetree het nie.

4.2.2 Dit is geen geheim dat 'n Griekse woord nie oral en altyd dieselfde beteken nie – soos seker in enige taal. "Diakonos" beteken nie oral "diaken" nie en moet dan ook nie oral as "diaken" vertaal word nie. "Diakonos" kan beteken "diaken", maar dit kan ook bloot "dienaar" bedoel. Kyk maar na die volgende tekste:

* Jh. 2:5 – "Sy moeder sê vir die *dienaars*: Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen". Ons kan tog nie vertaal: sy sê vir die *diakens* nie! daar was nog nie diakens nie. Maar dis dieselfde woord wat gebruik word!

* Ook in Jh. 2:9 kry ons dieselfde woord. Die *dienaars* (nie *diakens* nie!) het geweet waar die goeie wyn vandaan gekom het.

* Mt. 22:13 – "Toe sê die koning vir sy *dienaars*: Bind sy hande en voete . . ." Die koning het nie vir sy *diakens* gesê nie – tog is dieselfde woord gebruik wat ons met "diakens" vertaal!

Pamflet: Onthou . . . u het 'n afspraak!

1. OPDRAG

Kritiese beoordeling van die Pamflet in die lig van die Skrif en Belydenisskrifte.

2. AANBEVELING

Vgl. 3.7.1 in die verslag van PKKEN.

3. MOTIVERING

3.1 Globaal beoordeel

Globaal gesproke, is die pamflet regsinnig en dus in orde.

3.2 Minder-ernstige kritiek

Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) word in die aanhalings gebruik. Daarom sal die pamflet nie deur 'n APK versprei kan word nie.

3.3 Ernstige kritiek

3.3.1 Die tekening op die voorblad

Die man wat voor die almanak met 'n kruis oor die tiende getrek, staan, sinspeel op die rooi-letter-dag-gedagte van die sektes – dit wil sê elke mens moet 'n datum kan aantoon waarop hy tot bekering gekom het.

Alhoewel plotselinge bekering wel moontlik is, soos by Paulus en soos vertel in Hd. 13:48, kom die bekering by baie mense geleidelik.

So 'n tekening deug nie op 'n APK-pamflet nie.

3.3.2 Christus is ons Vriend (laaste bladsy)

Mens moet maar altyd vir dié uitdrukking versigtig wees. Christus is nie ons maat nie – Hy is ons God. Hy is wel ons "Vriend" in dié sin dat Hy nie 'n vyand is van die ware kinders van God nie, en dat ons Hom gehoorsaam (Jh. 15:14).

3.3.3 "Hy wag vir jou om na Hom te kom" (laaste bladsy)

Die ernstigste kritiek is teen hierdie sinsnede. Die sinnetjie is in stryd met die Goddelike uitverkiesing. God wag nie vir mense om na Hom te kom nie – Hy dring sy kinders na Hom toe. Of soos Christus self in Jh. 6:44 sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader . . . hom nie trek nie".

Verder hou die sinnetjie die dwaalgedagte in dat God se uitverkiesing deur 'n mens weerstaan kan word – God wag, en dit hang uitsluitlik van die mens af of hy sal kom.

3.3.4 'n Leser wat verdere hulp wil hê

Op bladsy 3 word die leser wat verdere geestelike hulp wil hê, genooi om hom tot Die Dorothea-Sending te wend.

'n APK kan tog nie evangelisasiewerk doen vir organisasies of vir ander kerkegroeperinge nie.

Verslag: Kommissie vir Bybelvertaling

1. PERSONEEL

Drs. S Botes (Voorsitter), prof. HS Theron (Ondervoorsitter), dr. EM Viljoen (Skriba), dr. MJ Eilers (Hulp-skriba), ds. J. Breytenbach, prof. HCG Robbertze, prof. FAH van Staden, dr. E Friis, ds. DR Schwartz, prof. R Maré, prof. WJG Lubbe, ds. JH van der Walt. Op 19 Aug. 1992 word ds. AS van Staden gekoöpteer in die plek van dr. MJ Eilers.

2. VERGADERINGS

Driemaal is vergader en wel op 6 Feb 1992, 19 Aug 1992 en 25 Maart 1993.

3. OPDRAG AAN DIE KOMMISSIE

Die Sinode se opdrag aan die kommissie verskyn in Handeling Sinode 1991, bladsy 341:

'Die Sinode dra dit op aan die kommissie vir Bybelvertaling om ernstig aandag te gee aan die moontlikheid om 'n reeks kommentare te beplan en te publiseer wat die behoudende standpunte van Bybelverklaring beklemtoon.'

Die kommissie het ernstig en diep besin oor die opdrag en het uiteindelik op die volgende onderneming besluit:

3.1 Die doelstelling vervat in die opdrag aan die kommissie kan ook bereik word in die opstel van handleidings of gidse vir die bestudering van Bybelboeke in Bybelstudiereekse. Hierdeur word meer mense bereik en kan deur Skrifgetroue verklaring van die betrokke Skrifgedeeltes hierdie ideaal nog meer effektief bereik word.

3.2 Die moontlikheid van 'n vraerubriek in Die Boodskapper moet ondersoek word. In so 'n geval kan vrae oor probleme met Skrifverklaring of Bybeltekse of vertalingsprobleme ens., gereeld behandel word.

Dit blyk toe egter dat die redaksie van Die Boodskapper praktiese probleme het met die aanbieding van so 'n rubriek op 'n gereelde basis soos bv. elke maand. Daarom sal hulle dit verwelkom as daar eerder op 'n ad hoc basis, d.w.s. soos vrae ingestuur word, dit aan 'n kundige lid van die kommissie te oorhandig om daarop te antwoord en dit dan te publiseer. Hiermee val die kommissie graag in.

3.3 Aan die moontlike daarstel van kommentare is weldeeglik aandag gegee. Die poging word egter gekortwiek deur die praktiese probleem dat daar so 'n beperkte mark is vir kommentare. As die omvang van die werk verbonde aan so 'n kommentaar gestel word teenoor die beperkte getal wat daarvan sal gebruik maak, en ook die drukkoste in aanmerking geneem word, word dit 'n gewaagde onderneming. Die kommissie het dan ook besluit om sy lede wat vir so 'n onderneming kans sien, aan te moedig om voort te gaan daarmee. Maar die vraag na Bybelstudiegids is tans dringender.

Die kommissie wil egter die versekering gee dat die moontlike uitgee van kommentare steeds onder die aandag bly, en dat daar enkele lede van die kommissie is wat met so iets besig is.

3.4 Aanbeveling

3.4.1 *Die Sinode keur die besluit van die kommissie goed om hom voorlopig toe te lê op die uitwerk van gidse vir die bestudering van verskillende Bybelboeke, en beveel dit ernstig by lidmate aan om getrou aan Bybelstudie mee te doen.*

3.4.2 *Die Sinode neem kennis van die feitelike toestand rondom 'n gereelde vraerubriek in Die Boodskapper, maar wil tog lidmate aanmoedig om gereeld vrae na die redaksie van Die Boodskapper te stuur rondom Skrifverklaring en Kerkleer.*

3.4.3 *T.o.v. kommentare wil die Sinode sy waardering uitspreek teenoor diegene wat besig is met die saamstel van sodanige werke, en wil dit aanmoedig om waar moontlik sulke ondernemings aan te pak, gesien die behoefte aan betroubare behoudende kommentare.*

4. WERKSAAMHEDE VAN LEDE VAN DIE KOMMISSIE

4.1 Dr. EM Viljoen onderneem Bybelstudie oor Openbaring. Sy "Leesgids by Openbaring" deel 1, is voltooi en gekeur en word ingehandig vir publikasie.

4.2 Drs. S Botes het 'n Bybelstudie onderneem van die boeke Filémon en Judas. Hy is feitlik gereed om sy studie oor Filémon in te handig.

4.3 Prof. FAH van Staden vorder goed met sy Bybelstudie van 1 Timótheüs.

4.4 Prof. R Maré het reeds ver gevorder met sy reeks van Bybelstudie aan die hand van die Belydenisskrifte. Gedeeltes oor die Heidelbergse Kategismus is alreeds gereed vir publikasie.

4.5 Prof. WJG Lubbe is nog besig met dagstukkies uit Lukas.

4.6 Prof. HCG Robbertze se werk oor Amos is reeds by die drukkers.

4.7 Ds. DR Schwartz is byna klaar met 'n studiestuk oor Obadja.

4.8 Ds. JH van der Walt se werk oor Maleági is byna voltooi.

4.9 Ds. J Breytenbach werk aan 'n Bybelstudie oor Romeine.

4.10 Dr. E Friis se Bybelstudie oor Joël is voltooi en sy kommentaar op Joël is byna gereed.

4.11 AANBEVELING

Die Sinode neem met waardering kennis van die werk gedoen deur die lede van die kommissie en bid hulle seën en sterkte toe met die voortsetting en voltooiing van hulle groot taak.

5. KEURING VAN WERK DEUR KOMMISSIE SE LEDE

5.1 Daar is deur die kommissie besin oor die moontlikheid dat die Publikasiekomitee 'n lid of lede van die kommissie kon benoem as keurder om die publiseringsproses te bespoedig. In hierdie verband is die kommissie egter daarop gewys dat die Publikasiekomitee alreeds van verskeie lede van die kommissie gebruik maak as keurders.

In die lig hiervan het die kommissie besluit om sy eie interne keuring in te bring. Nou kan 'n lid van die kommissie sy voltooië werkstuk direk aan een van die interne keurders uit eie geledere voorlê, waarop die betrokke keurder dan sy verslag saam met die werkstuk aan die Publikasiekomitee sal voorlê. Dit beteken dat daar dan 'n stuk wat reeds 'n proses van keuring deurloop het, voor die Publikasiekomitee kom. Dit kan publikasie bespoedig. Dit lê op niemand 'n verpligting nie, want die laaste beslissing berus nog by die Publikasiekomitee.

As voorlopige interne keurder is deur die kommissie benoem:

Vir die Ou Testament: Prof. HCG Robbertze, dr. E Friis, ds. JH van der Walt.

Vir die Nuwe Testament: Prof. HS Theron, dr. EM Viljoen, drs. S Botes.

Vir die Belydenisskrifte: Prof. WJG Lubbe, prof. R Maré, ds. J Breytenbach.

6. AFKORTINGS VAN NAME VAN BYBELBOEKE

6.1 Die professore van die Ou en Nuwe Testamentiese vakke is versoek om 'n lys van die nuwe standaard en algemeen aanvaarde afkortings van die name van die Bybelboeke aan die lede van die kommissie en die Publikasiekomitee te voorsien. 'n Probleem het egter ontstaan a.g.v. die feit dat nie alle instansies dieselfde afkortings gebruik nie. So verskil die Afrikaanse Spelreëls se afkortings van die internasionaal aanvaardes. Nou is besluit om t.w.v. eenvormigheid die afkortings soos deur die Publikasiekomitee verkies, te gebruik, en om die aanbod van Prof. Lubbe te aanvaar om aan elke leraar so 'n lys van afkortings te stuur.

6.2 AANBEVELINGS

6.2.1 *Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid dat aan elke leraar 'n lys van afkortings van die name van die Bybelboeke soos deur die Publikasiekomitee verkies, gestuur sal word.*

6.2.2 *Die Sinode besluit dat alleen hierdie afkortings gebruik moet word, en om alle misverstand te voorkom, moet voor in elke werk 'n lys van die gebruikte afkortings van die name van die Bybelboeke gepubliseer word.*

7. DAGSTUKKIES VIR JAARBOEK 1994

7.1 Lede van die kommissie is versoek om behulpzaam te wees met die saamstel van die dagstukkies vir plasing in die 1994 Jaarboek. Hiertoe word gewilliglik ingestem en vir kennisname word die werkverdeling weergegee:

Januarie: Dr. EM Viljoen – *Die Profetiese Rede*.
 Februarie: Dr. E Friis – *Psalms*.
 Maart: Prof. HS Theron – *Filippense*.
 April: Ds. JH van der Walt – *Exodus*.
 Mei: Ds. AS van Staden – *Galasiërs*.
 Junie: Prof. HCG Robbertze – *Esegiël*.
 Oktober: Ds. J Breytenbach – *Romeine*.
 November: Ds. DR Schwartz – *Obadja*.

7.2 AANBEVELING

7.2.1 *Die Sinode boekstaaf sy dank vir die bereidwilligheid van die betrokke lede van die*

kommissie om te midde van druk programme die taak te onderneem om dagstukkies op te stel vir die Jaarboek 1994, en bid dat hulle arbeid geseënd mag wees.

8. BESKRYWINGSPUNT

8.1 'n Beskrywingspunt is ontvang vanaf die ring van Etosha soos ingestuur deur die APK Leonardville:

'Die Sinode keur hiermee die opstel van 'n Bybelstudie rondom die drie Formuliere van Eenheid goed en versoek alle kerkrade van die Afrikaanse Protestantse Kerke om toe te sien dat hierdie Bybelstudie deur soveel as moontlik lidmate deurgewerk word. Die Sinode keur ook verder goed dat die Bybelstudie stap vir stap in Die Boodskapper behandel word.'

Motivering

Daar heers groot onkunde onder die meeste van ons belydende lidmate rondom die gereformeerde leer en veral meer spesifiek rondom die uitverkiesingsleer soos vervat in die Dordtse Leerreëls. Om waarlik gereformeerde kerke te kan wees, is dit noodsaaklik dat elkeen van ons lidmate dit moet verstaan en hom/haarself daarmee vereenselwig.

8.2 AANBEVELING

8.2.1 Die Sinode keur die opstel van 'n Bybelstudie rondom die drie Formuliere van Eenheid goed en versoek alle kerkrade van die Afrikaanse Protestantse Kerke om toe te sien dat hierdie Bybelstudie deur soveel as moontlik lidmate deurgewerk word. Die Sinode keur ook verder goed dat die Bybelstudie stap vir stap in Die Boodskapper behandel word.'

8.2.2 Die Sinode gee opdrag aan die kommissie vir Bybelvertaling om die nodige gids vir Bybelstudie rondom die Formuliere van Eenheid so spoedig moontlik op te stel.

9. BESINNING OOR VOORTBESTAAN VAN DIE KOMMISSIE

9.1 Daar is ernstig besin oor die voortbestaan al dan nie van die kommissie. Die kommissie het gevoel dat die besluit van die Sinode van 1991 nuwe moontlikhede open. Dit kan die sinvolle voortbestaan van die kommissie tydelik verleng. Indien daar egter 'n duideliker opdrag

kom wat desnoods 'n naamsverandering kan insluit, kan dit meebring dat hierdie kommissie waardevol in diens van die Sinode kan wees.

9.2 AANBEVELINGS

9.2.1 Die Sinode besluit dat die naam van die kommissie voortaan sal wees: Kommissie vir BYBELVERKLARING.

9.2.2 Die kommissie sal bestaan uit minstens 12 lede, waarvan 4 kundiges sal wees m.b.t. die Ou Testament, 4 kundige lede m.b.t. die Nuwe Testament, en 4 lede wat kundiges is m.b.t. Dogmatologiese vakke en veral die Belydenisskrifte.

9.2.3 Die Sinode pas sy vorige opdrag soos volg aan: Die Sinode dra dit aan sy kommissie vir Bybelverklaring op om die APK te voorsien van Skrifgetroue materiaal wat gebruik kan word by Bybelstudie. Die studiemateriaal moet die ortodokse gereformeerde standpunte m.b.t. Skrifverklaring en Kerkleer duidelik weerspieël. Ook word aan die kommissie opgedra om waar moontlik kommentare te publiseer.

10. BEGROTING

Die kommissie begroot vir die volgende uitgawes vir die nuwe jaar:

Reis-, Verblyf- en Administratiewe	
kostes:	R9000
Publikasies, ens.	R4000
Totaal –	R13000

11. SLOT

Dit was 'n voorreg om die Here van ons kerk tot diens te wees, om 'n bydrae te lewer wat tot opbouing van ons lidmate se geestelike lewe kan dien. Ons dank die Sinode vir die geleentheid. Seën word die vergadering op sy verdere werksaamhede toegebid.

U dienswillige dienaars.

Namens die Kommissie:

DRS. S BOTES

PROF. HS THERON

DR. EM VILJOEN

Verslag: Sinodale Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

1. PERSONEEL

Ds. AS van Jaarsveld (Voorsitter), prof. R Maré (Ondervoorsitter), ds. JA du Plessis (Skriba), ds. IP du Preez (Hulpskriba), prof. FAH van Staden, dr. EM Viljoen, di. MJ Hartzenberg, PK Roodt, PA van Zyl, L de Waal, G. Smit, oudle, AJ Pienaar, CN Coetzee.

2. VERSLAG AAN DIE SINODE

Die verslag van die Sinode is opgestel deur ds. JA du Plessis, ds. IP du Preez en oudl. AJ Pienaar.

3. VERGADERINGS

Die KKS het sewe keer vergader.

4. KERKORDEWYSIGINGS

4.1 Wysiging van Art. 3 van die Kerkorde

AANBEVELING

Die Sinode van 1993 besluit om Art. 3 van die Kerkorde te wysig.

Die redaksie lui tans:

Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm. 10:9 – 10), wat die belydenis leer **en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.**

Art. 3 word gewysig om so te lees:

Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm. 10:9 – 10), wat die belydenis, leer **en hierdie Artikel in die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.**

(Die wysiging is deur kursivering aangedui.)

4.1.1 Motivering

1. Met die nuwe formulering word dit wat van die begin af eintlik bedoel is, weergegee.

2. Na die wete van die KKS slaan geen Gereformeerde kerkgroepering sy kerkorde so hoog aan dat lidmate op dieselfde vlak aan die kerkorde gebind word as aan die Skrif en die belydenisskrifte nie. 'n Kerkorde is ondergeskik aan die Skrif, en aan die belydenisskrifte. Alhoewel alle kerkrade en lidmate aan die Kerkorde gebind is, word 'n kerkorde makliker gewysig as die belydenisskrifte, omdat 'n kerkorde nie net SKrifbeginsels vir die kerkregering verwoord nie, maar óók organisatoriese aangeleenthede reël. Lg. word na gelang van die eise van die tyd en omstandighede gewysig.

3. Alhoewel die belydenisskrifte wel verander mag word (nl. as bewys word dat iets daarin in stryd met die Skrif sou wees – dan móét die onderhawige gedeelte in die belydenisskrif verander word), staan ons belydenisskrifte al meer as 300 jaar vas. Daarteenoor is wysigings aan ons Kerkorde nog op elke sinode aangebring. Mag 'n lidmaat nou redeneer dat toe hy lidmaat by 'n APK geword het, 'n bepaalde reëling in die KO gegeld het, en dat hy daarom nie 'n wysiging aanvaar nie – hy ag hom slegs gebonde aan dit wat gegeld het toe hy lidmaat geword het?

4. Die bedoeling met “en Kerkorde” in Art. 3 was nie dat elke onderdeel van die KO onveranderd sou bly nie. Afgevaardigdes na die betrokke sinode wat dié formulering goedgekeur het, was besorg daaroor dat die onderskrif by die naam van die kerk in kerkverband nie verander mag word nie en dat elke nuwe lidmaat dit onvoorwaardelik moet onderskryf dat elke Afrikaanse Protestantse kerk 'n kerk van Christus onder blankes sal wees en bly. Die saak is nie debatteerbaar nie, maar baie ander kerkorde-artikels wel. Die besluit dat die AP kerkgroepering een sou wees van kerke vir blankes, moet beskou word as wesenlik vir die ontstaan en voortbestaan van die kerke (gemeentes); dit moet beskou word as 'n wesenlike element in die “oprigtingsakte”.

5. Sou 'n lidmaat bv. ernstig beswaard voel teen 'n artikel soos Art. 2 van die Kerkorde (en redeneer dat dit oorbodig is), kan 'n kerkraad rustig met so 'n lidmaat saamlewe totdat 'n volgende sinode aan sy beswaar aandag gegee het. Selfs al sou daardie sinode die lidmaat nie gelyk gee nie, sal sy ouder-

lingevergadering hom nie maklik oor sy standpunt onder sensuur plaas en uit die gemeente ban nie – hy sou dalk onbepaald verdra kon word. Sou hy egter nie met Art. 3 (wat tegelyk Art. 1 impliseer) saamstem nie, sal dit op tug en uitbanning moet uitloop indien daar nie by hom verandering kom nie. Hy sou dan hoegenaamd nie meer by 'n APK inpas nie. Dit geld ook van seker ander artikels.

6. In die ondertekeningsformuliere vir predikante en vir ouderlinge en diakens word almal daaraan gebind om die *belydenisskrifte* te onderskryf (nie die Kerkorde nie!); hulle mag niks strydig daarmee in die geheim of openlik spreek nie. Daarteenoor worstel ons maar almal met ons Kerkorde om dit te verbeter en mekaar te slyp. Ons het egter van die begin af ooreengekom om nie oor die feit dat ons Gereformeerde kerke (gemeentes) van Christus onder blanke Afrikaners sal wees, enige verskil te hê nie – dis waarvoor ons kerkgroepering tot stand gekom het. Die nuwe formulering van Art. 3 gee juis uitdrukking daaraan.
7. Dit is nie die bedoeling om te beweer, of selfs te impliseer, dat iemand na willekeur 'n streep deur artikels van die Kerkorde mag trek nie. Al wat bedoel word, is dat elke lidmaat aan elke woord in die belydenisskrifte gebind is; daarteenoor kan hy, terwyl hy wel ook aan alles in die Kerkorde gebonde is, hom tog vir verandering van die Kerkorde beywer. Sekere Kerkorde-artikels is sterk redaksioneel of organisatories – dit is egter nie die geval met enige artikel in die belydenisskrifte nie.

4.2 Bepaling 11B.1.6

AANBEVELING 2

Die Sinode besluit:

Aan die end van die bepaling voeg die volgende woorde by: "behalwe soos bepaal in Artikel 19".

Motivering

As die gemeentes gesamentlik beroep kan Bepaling 11B.1.6 nie beding word in die kombinasie-ooreenkoms nie, want Artikel 19 beheer dan die ontbinding en die posisie van die predikant.

4.3 Bepaling 12D

AANBEVELING 3

Die Sinode besluit:

Skrap die woord "konsulent" in reël 3 van die Bepaling.

Motivering

Die konsulent is volgens Bep. 37F.2.2 net die Voorsitter van die kerkraadsvergadering wanneer 'n klag teen die predikant van sy konsulentgemeente gelê word. Kyk Bepaling 14D en Art. 34.

4.4 Bepaling 14A

AANBEVELING 4

Die Sinode besluit:

Voeg by Bep. 14A die volgende (net voor die laaste sin):

'n Predikant wat 'n beroep aanvaar het, bly met die oog op die tugartikels, predikant van die laaste gemeente waarin hy gedien het, totdat hy in die beroepende gemeente(s) bevestig is, ongeag die datum van demissie. "Demissie" beteken dat hy nie verdere diens in die laaste gemeente lewer nie.

Motivering

Dit is tans nie uit die Kerkorde duidelik waar 'n klag teen 'n predikant wat al demissie ontvang het, maar nog nie in die nuwe gemeente bevestig is nie, ingedien moet word nie.

4.5 Art. 15

OPDRAG

Die opdrag van die bedienaar van die Woord is: die verkondiging van die Woord van God en die diens van die gebede;

die bediening van die sakramente;

die leiding van die erediens;

die behartiging van die verbondsonderrig;

die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek;

die behartiging van die herderlike sorg van die gemeente;

die uitoefening, saam met die ouderlinge, van die regering van, opsig oor en tug in die gemeente;

om as konsulent op te tree indien daartoe aangewys ooreenkomstig Bepaling 37F.

AANBEVELING 5

Die Sinode besluit:

Skrap die vierde opdrag (kursiveer) en vervang met "medeverantwoordelik saam met die ouderlinge" vir die verbondsonderrig".

Motivering

Ten einde artikels gelykluidend te maak – (verwys Art. 21).

4.6 Artikel 18**LEWENSONDERHOUD**

Die gemeente in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud.

AANBEVELING 6**Die Sinode besluit:**

Die artikel word gewysig om te lees:

Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord.

Motivering

Die bedienaar van die Woord word geroep tot die diens, hy word afgesonder, hy word gestuur. Hy is die gesant van Jesus, hy ontvang sy opdragte van die Here.

In die gemeente is hy die gas. Hy word getrakteer, en na sy, en sy gesin se welsyn moet ruim voorsien word.

4.7 Bep. 23F**AANBEVELING 7****Die Sinode besluit:**

Voeg by aan die einde “Indien die beswaar ongegrond bevind word, word die bevinding aan die gemeente bekendgemaak”.

Motivering

Die ongesensureerde posisie van die beklagde word so sonder benadeling gehandhaaf.

4.8 Art. 25**SOORTE**

Die gewone kerkvergadering is:

Kerkraad;

Kerkraad waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word soos bepaal in Art. 11 en 23;

ring en

sinode.

AANBEVELING 8**Die Sinode besluit:**

Voeg in na die eerste woord “Kerkraad”, “kyk Art. 33” en skrap die woorde “Kerkraad waar-

toe die gemeente tot deelname opgeroep word soos bepaal in Art. 11 en 23”.

Motivering

Arts. 11 en 23 reël reeds dat die gemeente vir bepaalde redes tot deelname opgeroep kan word. Dit is nie 'n ander soort kerkraadsvergadering nie.

4.9 Bep. 32 (Slotgedeelte)

Vestiging van eiendom, verbande, ens.

Alle vaste eiendom, verbande, hipoteke, notariële verbande, notariële aktes word geregistreer in die naam van (bv.): “Die Afrikaanse Protestantse Kerk Moot-Sentraal (’n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)”.

Die reg om met gemeente-eiendom, roerend sowel as onroerend, te handel, berus by die kerkraad van die betrokke kerk (gemeente) kragtens besluit van die kerkraad geneem op ’n gewone vergadering met meerderheid van stemme.

AANBEVELING 9**Die Sinode besluit:**

Numereer voor “Vestiging van eiendom . . .” 32A.7 en voor “Die reg om . . .” 32A.8.

Vervang in die laaste sin “gewone vergadering” met “kerkraadsvergadering”.

4.10 Art. 33**SAMESTELLING VAN KERKRAAD**

Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens.

AANBEVELING 10**Die Sinode besluit:**

Voeg voor “Die kerkraad . . . en diakens” die numerering in “Art. 33.1”. Voeg in die volgende nuwe bewoording as Art. 33.2 en Art. 33.3

Art. 33.2 die ouderlingeraad bestaan uit die ouderlinge en die bedienaars van die Woord as selfstandige vergadering volgens kerkordelike bevoegdhede;

Art. 33.3 die diakonie bestaan uit die diakens as selfstandige vergadering volgens kerkordelike bevoegdhede.

Motivering

1. Die bewoording van die Arts. 33.2 en 33.3 het weggeval uit die Kerkorde 1992 en moet teruggeplaas word.

2. Die Kerkorde het die Ouderlingevergadering veel selfstandige bevoegdhede gegee.

4.11 Art. 34

Voorsitter van die kerkraad

Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies is.

AANBEVELING 11

Die Sinode besluit:

1. Voeg in tussen “kerkraad” en “vergader” die woorde “ouderlingeraad en die diakonie” om soos volg te lees en numereer as Art. 34.1

Art. 34.1 Die kerkraad, ouderlingeraad en die diakonie, vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies is.

2. Voeg as Art. 34.2 in

Art. 34.2 Die kerkraad/ouderlingevergadering mag egter in bepaalde omstandighede die eie leraar, die konsulent of 'n predikant in ringsverband of enige predikant in die AP kerkverband (in hierdie volgorde van beskikbaarheid) versoek om as voorsitter op te tree.

4.12 Art. 35

Die ring word saamgestel uit naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroepeer en vergadering minstens een keer per jaar.

AANBEVELING 12

Die Sinode besluit:

1. Vervang “uit” met “deur”.
2. Bring aan kruisverwysing na Art. 37.8.

4.13 Art. 36.5

Ringsvergadering.

AANBEVELING 13

Die Sinode besluit:

Voeg 'n nuwe Art. 36.5 in wat soos volg lui:

'n Ring en buitengewone ring word ingevolge Bep. 37B saamgeroep deur die ringskommissie. Indien geen ringskommissie deur die vorige ring benoem was nie, roep die kerkraad van die gemeente wat in die ringsressort die oudste is, 'n ring op.

Motivering

Die huidige Kerkorde het dié saak nog nie gereël nie.

4.14 Art. 37.8

Nuwe artikel na Art. 37.7 na aanleiding van beskrywingspunt 21, nr. 5.21 in die Verslag.

AANBEVELING 14

Die Sinode besluit soos aanbeveel in hierdie Verslag, kyk nr. 5.21, beskrywingspunt 21.

4.15 Bep. 37.1

Niemand mag by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie.

AANBEVELING 15

Die Sinode besluit

Voeg in na “mag” “behalwe in die geval van 'n buitengewone ringsitting” om te lees

“Niemand mag, behalwe in die geval van 'n buitengewone ringsitting, by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie.

4.16 Art. 38.1

Die Sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: Art. 38.1.

AANBEVELING 16

Kyk vir aanbeveling onder Beskrywingspunte, Beskrywingspunt 20, nommer 5.20.

4.17 Art. 41

Die werksaamhede van die Sinode is:

AANBEVELING 17

Die Sinode besluit:

Voeg in by Art. 41 'n nuwe Art. 41.5 en verander die huidige Art. 41.5 na Art. 41.6:

“41.5 die bepaling van ringsressorte met die oog daarop dat die kerke (gemeentes – insluitend te-stigte gemeentes) wat binne elke ressort val, ringsvergaderings konstitueer (vgl. Art. 35).

Motivering

1. 'n Sinode konstitueer nie ringe nie – dit word deur plaaslike kerke gedoen. 'n Sinode bepaal egter die gebiede (ringsressorte) waarvan die kerke wat daarin val, ringe konstitueer.

2. Hierdie saak was nie in Art. 41 eksplisiet gereël nie. Art. 35 meld dit net terloops.

4.18 Art. 46

Evangelisasie

Die kerkraad rig hom deur middel van evangelisasie tot diegene wat, vervreemd van die evangelie, in ongelooft, bygeloof en kerkloosheid verval het, met die doel om hulle tot die gemeenskap van Christus en sy gemeente te herstel.

AANBEVELING 18

Die Sinode besluit:

Wysig die Artikel om te lees:

Art. 46

Evangelisering

Die Ouderlingevergadering rig hom deur middel van evangelisering tot diegene wat vervreemd van die evangelie, in ongelooft, bygeloof of kerkloosheid verval het, met die doel om hulle tot die gemeenskap van Christus en sy kerk (gemeente) te herstel.

Motivering

1. Die wêreldlike terrein na buite: Die bring van die evangelie aan ongelowige mense wat nog nie (of nie meer) ingeskakel is by die gemeente nie. Dit geskied deur gesprek, prediking of enige ander evangeliseringsmetode. Hierdie terrein vir evangelisering word onderverdeel ten opsigte van die benaderingswyse van die objekte, naamlik die buitkerklike en die heiden.
2. Evangelisering geskied onder leiding van die Ouderlingeraad, daar dit die suiwer leer raak wat uitgedra word.

4.19 Art. 47

Sending

Ooreenkomstig die opdrag van Christus, die Hoof van die kerk (gemeente), is sendingwerk in eerste instansie die roeping van elke lidmaat van die kerk (gemeente). Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel.

AANBEVELING 19

Die Sinode besluit:

Wysig die artikel om te lees:

Art. 47

SENDING

Ooreenkomstig die opdrag van Christus, die Hoof van die kerk (gemeente), is sendingwerk in die eerste instansie die roeping van elke lidmaat, en gesamentlik dié van die plaaslike kerk (gemeente), onder toesig van die ouderlingevergadering. Indien wyer belange van die sending dit vereis, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel.

Motivering

1. Sending is evangelieverkondiging.
2. Dit moet onder leiding en toesig van die ouderlinge geskied, daar dit die suiwerheid van die leer raak.

4.20 Bep. 53A

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, kan by 'n ouderlingevergadering skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die aangeklaagde.

AANBEVELING 20

Die Sinode besluit:

Voeg aan die einde na "aangeklaagde" by "wat 'n afskrif van die klag insluit".

Motivering

Op die oomblik is dit nie so duidelik wat met "kennisgewing" bedoel word nie. Sommige lidmate verstaan daaronder dat die klaer aan die aangeklaagde bloot berig gee dat daar 'n klag is — dit het die gevolg dat die aangeklaagde nie die aanklag besit ten einde sy verweer te kan voorberei nie.

4.21 Art. 56

Het betrekking op 'n klag of gerug teen 'n predikant, emerituspredikant en teologiese student.

AANBEVELING 21

Die Sinode word versoek om die advies hieronder verstrek op die eersvolgende Sinode te laat dien vir beoordeling en invoeging as bepaling indien deur die Sinode goedgekeur.

Art. 56

Die KKS het tussentyds Art. 56 soos volg geïnterpreteer, sodat die adviseurs eenvormige advies kon aanbied:

1. *die ouderlingevergadering oordeel oor die substansie van 'n klag. Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel. Die weg van apèl bly natuurlik steeds oop. Indien die ouderlingevergadering egter oordeel dat die klag wel substansie het, besluit hy oor voorlopige stuiting ("erns van die saak dit regverdig") al dan nie, en is dan verplig om die saak onder die aandag van die ringskommissie te bring sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek;*
2. *die "gesamentlike ondersoek" word deur die ouderlingeraad en die ring behartig.*

4.22 Art. 66

WYSIGING VAN KERKORDE

AANBEVELING 22

Die Sinode besluit:

Wysig die opskrif van Art. 66 om te lees:

"BINDING EN WYSIGING VAN KERKORDE"
en verander die inleidende sin soos volg so dat die artikel soos volg lees:

"Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beskrywingspunt of in 'n beswaarskrif aan 'n Sinode".

Motivering

Dit blyk dat daar steeds kerkrade is wat meen dat die Kerkorde nie bindend is nie, maar bloot adviserend, omdat die Kerkorde dan nêrens sou reël dat dit bindend is nie, terwyl Art. 3 Kerkorde 1992 dit wel bepaal het, maar wat nou versoek word om gewysig te word.

4.23 Ordereël 27

Permanente en tydelike kommissies

AANBEVELING 23

Die Sinode besluit:

Voeg in by Ordereël nr. 27 aan die einde van die laaste sin die volgende:

" , en ontbind by konstituering daarvan; die enigste taak wat dan nog oorbly, is die lewering van die rapport."

Motivering

Die byvoeging laat meer reg aan die bedoeling geskied.

4.24 Ordereël 31.1 en 31.2

Censura morum

AANBEVELING 24

Die Sinode besluit:

Kyk kruisverwysing Beskrywingspunt 15, nr. 5.15 in die Verslag.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 Ring van Germiston 1993

5.1.1 Lidmaatsvoorregte en grense van gemeentes B.1.1

Ring van Germiston (Benoni)

Die Sinode beklemtoon die wenslikheid daarvan dat gemeentede moet inskakel by die gemeentes binne welke gemeente se geografiese grense waar hulle woonagtig is.

Die Sinode herbevestig egter die besluit van die Sinode van 1989 naamlik dat:

"Die Sinode is bewus daarvan dat in hierdie vroeë groeistadium van die AP Kerk dit nie oral prakties moontlik sal wees om streng grenslyne te handhaaf nie en versoek ringe en kerkrade om die aangeleentheid baie taktvol en soepel te hanteer. Lidmate moet eerder deur liefdevolle bearbeiding as deur dwangmaatreëls gelei word om in te skakel by die gemeente waarbinne hul woon".

Die Sinode bepaal dat lidmate wat buite die grense van die gemeente waarby hul ingeskakel is woon, nie bloot deur hierdie feit gediskwalifiseer is van deelname aan enige regte en voorregte van die gemeente waarvan hy so 'n lidmaat is nie.

Motivering

Dit stel die posisie van die volgende gevalle duidelik:

Die lidmaat wat aan 'n gemeente behoort en daar na aangrensende 'n gemeente gestig word maar die lidmaat om praktiese of sentimentele redes verkies om by sy oorspronklike gemeente ingeskakel te bly.

'n Leraar wat met volle opdrag in 'n gemeente werk binne welke gemeente se grense hy nie woonagtig is nie.

Die laaste paragraaf stel dit buite twyfel dat daar nie verskillende klasse van lidmate kan wees nie.

- sommige wat vir voorregte kwalifiseer en
- ander wat nie kwalifiseer nie.

AANBEVELING 25

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

5.1.2 Lidmaatsvoorregte en grense van gemeentes B.1.2

Ring van Germiston (Primrose)

Die Sinode besluit dat belydende lidmate of bedienaars van die Woord (uitgesluit leraars met beperkte opdrag en leraars wat in kombinasie-gemeentes is), wat in 'n bepaalde gemeente woon maar in 'n ander gemeente ingeskakel is, in die geval van 'n lidmaat, of in geval van 'n leraar wat nie in die gemeente woon waar hy permanent die Woord bedien nie, (uitgesluit die lidmate waarna die 1989 Sinode in sy besluit 3-9.2, bl. 397 van die Handeling van die Sinode verwys), nie as kerkraadslede, hetsy ouderling, diaken of leraar-voorsitter van daardie betrokke gemeente mag dien nie. Uitsondering kan net in buitengewone omstandighede, met goedkeuring van die betrokke Ring, verkry word.

Motivering

Volgens die Kerkorde, Artikel 4, Verkryging van lidmaatskap, is lidmaatskap net aan 'n kerk (gemeente) verbind, en word verkry deur inhandiging van 'n attestaat wanneer 'n lidmaat hom/haar permanent in die volgende gemeente vestig.

In die kort geskiedenis van ons geliefde kerk het dit reeds geblyk watter onhoudbare kerkregtelike flaters begaan is deurdat lidmate wat buite die betrokke gemeentegrense woon, nie toegelaat is om as kerkraadslede te dien nie, terwyl leraars, wat ook slegs maar lidmate is, ongeag waar hulle woon, sittingsreg en keurstem op kerkrade, ringe en die Sinode toegeken word volgens algemene usansie. Algemene usansie of gebruik kan tog nie net as argument gebruik word slegs wanneer 'n leraar betrokke is nie.

Aanbeveling deur die ring goedgekeur

Die Sinode herbevestig die sinode besluit van 1989 (Handeling van die Derde Sinode, bl. 397, punt 3.9.2.):

“Die Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat ter wille van ordelike bediening daar eventueel duidelike gemeentegrense behoort te wees, en verwys die vasstelling van voorlopige grense na die ringe en gemeentes. Die

Sinode is bewus daarvan dat in hierdie vroeë groeistadium van die APK dit nie oral prakties moontlik sal wees om streng grenslyne te handhaaf nie, en versoek ringe en kerkrade om die aangeleentheid baie taktvol en soepel te hanteer. Lidmate moet eerder deur liefdevolle bearbeiding as deur dwangmaatreëls gelei word om in te skakel by die gemeente waarbinne hulle woon.”

Die Sinode neem kennis daarvan dat die volgende besluit van die Sinode van 1990 (Handeling Vierde Sinode, bl. 601, 43.4) geen wesenlike verandering aan die besluit van 1989 aangebring het nie:

“Die Sinode besluit in beginsel dat gemeentegrense vasgestel word en versoek kerkrade en ringe om daaraan aandag te gee”.

Die Sinode oordeel dat die situasie rondom grensvasstelling van gemeentes en ringe in vele gevalle nog so vloeibaar is dat grense nie altyd suiwer gehandhaaf kan word nie. Daarom besluit die Sinode dat die handhawing van gemeentegrense nie so rigied toegepas moet word dat die geldigheid van 'n kerklike vergadering aangetas word wanneer 'n lidmaat of kerkraadslid lidmaatsvoorregte geniet in 'n ander gemeente as dié gemeente waarbinne hy woon nie.

Die Sinode doen 'n ernstige beroep op lidmate om ter wille van die goeie orde in te skakel by die gemeente waarbinne hulle woon en op leraars om binne die gemeente se grense te woon waar hulle dien.

AANBEVELING 26

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

5.2 Verdeling van Ring van Germiston B.2

Ring van Germiston

Die Ring van Germiston beveel by die Sinode aan om goed te keur dat die Ring van Germiston verdeel.

Motivering

Die ring bestaande uit 12 gemeentes, is een van die grootste ringe in die APK. Weens die grootte van die ring is die ringswerk te veel vir een ringskommissie, veral as dit by tugsake kom. Die geografiese uitgebreidheid van die ringsgemeente bemoeilik ook die ringswerk.

Aanbeveling deur die ring

Die Sinode keur dit goed dat die Ring van Germiston volgens hulle eie aanbeveling in twee verdeel en verwys die aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Ringsgroepeerings en Ringsindeling om in oorleg met die afgevaardigdes vanuit die ringsgebied van Germiston 'n finale aanbeveling in die Sinode voor te berei.

AANBEVELING 27

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

5.3 Wysiging aan KO Bep. 34D B.3**Ring van Germiston**

KO Bp. 34D tweede paragraaf. "Die kerkraad *kan* so 'n vergadering ...".

Aanbeveling deur die ring: "Kerkraad *moet* so 'n vergadering belê ...".

Motivering

Die feit dat die AP kerk "verkoop" word as 'n gemeente kerk of "lidmate" kerk waarin lidmate van die APK (anders as in die NGK) 'n "sê" het in sake wat veral die lidmate raak, soos byvoorbeeld, eredienste, gesamentlike of afsonderlike dienste, ensovoorts. Die gevaar bestaan dat kerkrade nog steeds besluite neem wat veral die lidmate raak, sonder om die gemeente se gevoel te toets. Sulke besluite veroorsaak 'n ongelukkigheid onder lidmate en veroorsaak dat die APK onder dieselfde loop as die NGK – waar lidmate maar moet verlief neem met kerkraadsbesluite ensovoorts. Lidmate wil nie net gesien word wanneer kerkraadslede verkies word of wanneer 'n leraar beroep word nie.

Aanbeveling deur die ring

Die Sinode wysig KO Bep. 34D wat tans lui:

"Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing, die gemeente e enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad *kan* so 'n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan)"

soos volg:

"Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing, die gemeente te enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad *moet* so 'n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan)".

AANBEVELING 28

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

5.4 Die Openbare Erediens: Art. 42 (Kerkorde p. 34, 1992-uitgawe) B.4**Ring van Newcastle**

Die Sinode word gevra om 'n duidelike uitspraak te lewer ten opsigte van Art. 42.1 nl. "Openbare Samekoms van die Gemeente", wie presies hiermee bedoel word.

Motivering

Hierdie openbare samekoms kan tog nie net vertolk word as net synde gemeentede nie. Daar is ook talle besoekers wat nie lidmate van die gemeente is nie. Hierdie besoekers of belangstellendes kan nie weggewys word nie. Die probleem ontstaan egter wanneer daar 'n anderskleurige hierdie "openbare samekoms" wil bywoon. Hier moet nie verwarring wees ten opsigte van Art. 3 nie. Dit gaan nie oor lidmaatskap nie, dit gaan oor meedoen aan die gemeentebyeenkoms.

Voorstel

Dat die betrokke gedeelte van Art. 42.1 as volg moet lees:

Die erediens is die openbare samekoms van die gemeente en belangstellendes wat vir lidmaatskap van die gemeente kwalifiseer.

Tot ontmoeting met offergawe.

AANBEVELING 29

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

Art. 42 handel oor die plaaslike kerk en Art. 4 reël die lidmaatskap van 'n plaaslike kerk waarbinne die erediens gereël word. Besoekers by 'n erediens affekteer of wysig nie die wese van

die erediens nie en daarom is geen wysiging nodig nie.

5.5 Prosedure by opname van lidmate vanuit 'n ander AP kerk p. 56 **Kerkordebepalings ens.** **1992-uitgawe B.5**

Ring van Newcastle

Die Sinode word versoek om bylae 2 paragraaf 1 tot 15 as volg te wysig.

1. Bly so.

1.1 Bly so.

1.2 In die gesprek moet die predikant of ouderling hom daarvan vergewis of die persoon hom NOG STEEDS met Kerkorde Art. 1, 2, 3 vereenselwig.

1.3 Bly net so.

1.4 VERVAL.

Nuwe 1.4 Indien die attestaat binne 30 dae van uitreiking ontvang word, word die name dadelik na 1.1 en 1.2 en 1.3 nagekom is, afgekondig.

1.5 VERVAL.

Motivering

'n Lidmaat kan tog nie kerkloos wees nadat hy sy attestaat ingehandig het by 'n nuwe gemeente nie. Paragraaf 1.5 kom daarop neer dat die lidmaat nie aan 'n gemeente kan behoort vir 'n tydperk nie.

AANBEVELING 30

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

Na die inhandiging van 'n attestaat is 'n lidmaat tog wel lidmaat van die gemeente en nie kerkloos nie. Na die prosedure gevolg is soos bepaal in Bylae 2 word hy as volle lidmaat aangeteken. Tot tyd en wyl die prosedure afgehandel is, staan die lidmaat nogtans onder die tug en opsig van die ouderlingeraad binne wie se grens die lidmaat nou woon. Kerkloos is nie ter sprake nie — slegs oordrag van lidmaatskap.

5.6 Beskrywingspunt B.6

Ring van Bethlehem

Die Ring besluit dat geen lidmaat uit 'n ander APK gemeente aanvaar sal word wanneer daar geen woonadresverandering plaasvind nie en spreek sy misnoeë uit teenoor gemeentes wat dit reeds gedoen het.

Ring se Motivering

Daar is reeds etlike gevalle bekend waar lidmate uit 'n gemeente padgee om die moontlikheid van tug te ontwyk of omrede hulle ontevrede raak oor een of ander probleem. Die aannemende (ander) gemeente dra dan by tot hierdie ontduiking van die Bybelse weg om met sulke lidmate te handel.

AANBEVELING 31

Die Sinode besluit

- 1. aan die beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie;***
- 2. dat beide, attestate en reisattestate voorsiening moet maak vir die nuwe woonadres om vóór indiening van die attestaat/reisattestaat by die plaaslike kerk, deur die lidmaat self ingevul te moet word.***

Motivering

1. Kerkorde Art. 4 (1992) en aanverwante bepalinge maak voldoende voorsiening vir ordelike beweging van lidmate van een plaaslike kerk na 'n ander.
2. Die leemte wat deur die beskrywingspunt uitgewys word in die bestaande vorms, word deur aanbevelings 3.2 hierbo gevul.
3. Vasstelling van grense en eerbiediging daarvan is 'n aangeleentheid wat deur ringe/ringsvergaderings hanteer moet word (vgl. KO Art. 37.4; 37.5).

5.7 Beroeping van leraars B.7

Ring van Beaufort-Wes

Die kerkraad van die APK Beaufort-Wes beveel aan dat, indien 'n leraar binne drie jaar beroep sou word en so 'n beroep sou aanvaar, die beroepende gemeente verantwoordelik gehou word vir 'n pro rata gedeelte van die leraar se verhuiskoste waar hy in diens is.

Motivering

Bykans 40% van die huidige getal leraars in die APK is reeds langer as drie jaar in 'n gemeente. Aan die ander kant is daar diegene wat selfs na 'n tydperk van sewe maande weer beroep word en verhuis. Dit hou ernstige finansiële implikasies vir gemeentes in en veral indien 'n leraar vir so 'n kort tydperk in 'n gemeente diens gedoen het.

AANBEVELING 32

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

5.8 Beskrywingspunt B.8**APK Arnot/Hendrina**

Die Sinode besluit dat dit nie wenslik is dat le-
raars van die APK beroepbaar sal wees binne
die tydperk van drie jaar vanaf datum van or-
dening/bevestiging in 'n gemeente nie.

Motivering

Dit is vir 'n jong gemeente stremmend op ge-
meentebou om binne die bestek van drie jaar
die hele proses van beroeping en wat daarop
volg te herhaal.

AANBEVELING 33

*Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt is
nie ontvanklik nie.*

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

5.9 Kerke in verband B.9**Ring van Graniet**

Die Sinode besluit om die plaaslike kerke
ernstig aan te spreek wat nie Sinodebesluite,
soos vervat in die Handeling van die Sinode
en/of Kerkorde nakom nie.

Motivering

Die Afrikaanse Protestantse Kerk vergader in
Sinode as afgevaardigdes van plaaslike AP Ker-
ke. Die plaaslike kerke neem besluite wat nage-
kom moet word, as akkoord van ooreenkoms.

In die praktyk geskied dit egter nie altyd nie:
bv. AP Kerk "X" steur hulle nie aan Sinode-
besluite en die Kerkorde nie; terwyl AP Kerk
"Y" met groot seën hulle uitleef binne die Skrif-
tuurlike orde en beginsels; soos vervat in die
Kerkorde en Sinodebesluite.

Die probleem in die praktyk ontstaan dat lid-
mate na AP Kerk "X" verwys as 'n "lekker"
kerk; en na APK "Y" as 'n "moeilike" kerk!

Selfs predikante, wat veronderstel is om die
leiding te neem, verontagsaam hierdie orde-
reëls en beginsels!

Dit skep groot verwarring en onmin in die Af-
rikaanse Protestantse Kerk, en verbreek die on-
derlinge eenheid.

AANBEVELING 34

*Die Sinode besluit dat nie aan die beskry-
wingspunt gevolg gegee word nie.*

Motivering

Die beskrywingspunt is algemeen en vaag. Die

Kerkorde en sinodale besluite is in elk geval
bindend.

5.10 Beskrywingspunt B.10**Kerkraad Pretoria-Sentraal insake maatskap-
like werker**

Die Sinode besluit om die pos van maatskap-
like werker vir die Afrikaanse Protestantse Kerk
te skep wat deur die BRKA geadministreer en
gefinansier sal word. Die betrokke amptenaar
sal vanuit die SKK in Pretoria werk en alle ge-
meentes landwyd met hulp en raad bedien.

Motivering

Die Kerkraad van Pretoria-Sentraal het met ont-
steltenis kennis geneem van die maatskaplike
verval onder APK-lidmate en die dringende be-
hoefte aan ondersteuning en begeleiding van
diesulkes.

Onderstaande is byvoorbeeld enkele gevalle
waarmee die kerkraad van Pretoria-Sentraal
worstel:

- 'n 18-jarige ongehude moeder wat self haar
baba probeer versorg
- 'n 18-jarige dogter wat probeer om te reha-
bilitateer nadat sy bykans twee jaar lank 'n
swerweling was
- 'n 50-jarige suster wat alleen haar man en
moeder wat albei beroerte gehad het en hul-
peloos is, moet versorg
- 'n 30-jarige vrou en haar baba wat deur haar
man verwerp is en oor geen heencome bes-
kik nie
- 'n bejaarde moeder wie se seun verhoor-
afwagting is op 'n moordklag.

Bogenoemdes en ander het materiële en siel-
kundige hulp nodig. Die kerkraad verleen hulp
so goed soos hulle kan, maar beskik nie oor
die nodige kundigheid nie. Sommige van bo-
genoemdes het dus by ander kerkgenootskape,
insluitende die Rooms-Katolieke Kerk, om
hulp aangeklop. Soms is dit selfs op aanbeve-
ling van kerkraadslede gedoen omdat die APK
nie oor die nodige en noodsaaklike maatskap-
like dienste beskik nie. Hierby word ook gevind
dat APK-lidmate wat gekwalifiseerde maat-
skaplike werkers is, op die oomblik in diens
van ander kerkgenootskappe en organisasies
tree. Uit voorafgaande blyk dit dus noodsaak-
lik te wees dat maatskaplike diens die aandag
van die kerk sal geniet.

Alhoewel slegs 'n enkele pos van maatskapli-
ke werker tans aangevra word, word dit in die
vooruitsig gestel dat die maatskaplike diens
mettyd so sal uitbrei dat kantore oor die hele
land geopen sal word.

KKS Evaluering

Die ring het nie die beskrywingspunt gesteun en goedgekeur nie.

Derhalwe is dit nie as beskrywingspunt ontvanklik nie.

Terwyl die begeleidende skrywe van ds. AP Viljoen op 'n appèl dui maar nie in die vorm van 'n appèl gegiet is nie, is dit eweneens nie as appèl ontvanklik nie.

AANBEVELING 35

Die KKS beveel in die verband nietemin by die Sinode aan:

'n Skrywe is van die AP Kerk Pretoria-Sentraal ontvang insake 'n pos vir 'n maatskaplike werker wat nie as beskrywingspunt of as appèl ontvanklik is nie, maar dat die saak wel gedien word deur Art. 48 soos volg te wysig:

Skrap die res van die sin ná “die plaaslike kerke (gemeentes)” en vervang met “die betrokke ring of sinode om hulp kan nader in die volgorde”.

BYLAE “A” BY 5.10

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK*(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***Pretoria-Sentraal**

Tel. (012) 342-2959 Brookstraat 170
BROOKLYN
0181

8 Maart 1993

Die Direkteur van Kerkadministrasie
Afrikaanse Protestantse Kerk
Posbus 11488
BROOKLYN
0011

Geagte broeder

BESKRYWINGSPUNT VIR SINODE

Ontvang hiermee meegaande beskrywingspunt van die kerkraad van die APK Pretoria-Sentraal. Dié beskrywingspunt is nie deur die Ring van Moot-Sentraal op sy vergadering van 1 Maart 1993 goedgekeur nie.

Die kerkraad stuur dit dus nou direk aan u volgens punt 1.2 op bladsy 124 van die Kerkorde.

Die kerkraad verneem verder van u hoe te werk gegaan moet word ten einde hierdie dringende behoefte by die betrokke kommissie ahangig te maak.

Die uwe

AP VILJOEN

5.11 Art. 23

Wie is verkiesbaar in die Kerkraad? B.11

Ring van Olifantshoek

Die Sinode besluit dat slegs lidmate wat ’n werklike persoonlike belydenis van kindskap van die Here en geloofsekerheid gesmaak het, en dit ook bevestig met hulle lewe, voortaan toegelaat sal word om in die kerkraad van die AP Kerk te dien.

Motivering

1. ’n Gesprek met iemand anders oor sy saligheid is onmoontlik as ’n kerkraadslid nie self daarvan kan getuig nie.
2. Slegs ’n wedergebore kind van die Here sal ’n ware roepingsbewustheid vir sy taak hê volgens die Skrif en Kerkorde.

3. Slegs ’n wedergeborene sal weet waaroor dit eintlik in Kerk en Christenwees gaan.
4. Slegs ’n wedergebore kind van die Here sal ware liefde in sy hart hê vir die lidmaat wat hy moet besoek.
5. In baie gemeentes van die AP Kerk is kerkraadslede die oorsaak van veel spanning en onmin deur kliekvorming en liefdelose ontaktvolle optrede.
6. Slegs ’n wedergeborene sal enduit gemotiveerd bly en ’n geloofwaardige boodskap hê.

AANBEVELING

Die Sinode besluit dat nie gevolg gegee word aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

1. Die beskrywingspunt skep ’n spesiale klas van gelowiges wat nie in die Skrif verantwoord word nie.
2. Ampsdraers word deur die kerkraad en gemeente gesamentlik gekies en is onderworpe aan approbasie.
3. Art. 23.3 reël reeds die saak.

**5.12 Beskrywingspunt in sake
eenvormige, korrekte
naamgewing B.12**

Die Sinode besluit:

“Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van eenvormige en korrekte naamgewing deur gemeentes, aangesien belangrike implikasies ter sprake is”.

Motivering

1. Volgens Skrif, Belydenisskrifte en Kerkorde onderskryf ons kerkverband die beginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel en die Gereformeerde-presbiteriale kerkbegrip. Daarvolgens is elke gemeente kompleet kerk: ’n selfstandige, volledige openbaring van die Liggaam van Christus, met *onder andere* hierdie implikasie dat slegs die *plaaslike kerkraad* die reg het om met gemeente-eiendom te handel.

2. Volgens Bep 32A van die 1992-Kerkorde (bo-aan bl 28) word alle vaste eiendom, verbande, hipoteke, notariële verbande, notariële aktes in die naam van (bv.) “*Die Afrikaanse Protestantse Kerk Moot-Sentraal* (’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)” geregistreer. Dáármee word die korrekte naamgewing van ’n gemeente duidelik en suiwer aan elke gemeente voor-gehou.
3. Talle AP Kerke se briefhoofde en tjeks (en aktes?!!) weerspieël daarenteen ’n *kolle-gialistiese* kerkbegrip (en kerkregeringstel-sel), (bv.) “*Afrikaanse Protestantse Kerk, ge-meente Ogies*”. Die implikasie dáárvan is: Die *gemeente Ogies* is ’n onderafdeling/tak van die (landswye) “*AP Kerk*”, dus afhanklik, ónselfstandig. Die registrasie van eiendom in só ’n foutiewe naam kan ernstige reper-kussies hê – soos talle NG-gemeentes er-vaar het.
4. “Kerk” en “gemeente” is presies dieselfde, dit wil sê dit is sinonieme. Albei word weer-gegee met één Griekse woord: *ekklésia*. “*AP Kerk Ogies*” en “*AP Gemeente Ogies*” beteken dus presies dieselfde.
5. Nie-eenvormigheid in ons kerkverband is verwarrend, veroorsaak probleme en onno-dige kostes (deur latere regstellings) en strek nie tot eer nie. Boonop moet ’n ge-meente se korrekte naam op ál sy dokumen-tasie, ens., verskyn, *veral* briefhoofde, ak-tes en tjeks – nie net op sommige nie.

AANBEVELING 37

Die Sinode besluit daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt.

5.13 Beskrywingspunt in sake Lidmaatskap van Persone wat elders werk/skoolgaan B.13

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

1. Waar ’n persoon gedurende die week bin-ne die grense van een gemeente woon of werk of as skolier studeer, maar Sondae as ’n reël in die grense van ’n ander gemeente verkeer, word hy/sy lidmaat in dié gemeen-te waarop die betrokke Ouderlingevergade-rings, met inagneming van sy/haar wense, ooreenkom.
2. Hierdie besluit word in die Kerkorde opge-neem by wyse van ’n Artikel of ’n Bepaling of ’n “Sinodebesluit”.

Motivering

Ten opsigte van gemeentegrense handel die

Kerkorde slegs oor die feit dat die vasstelling van grense die lasgewing van die Ring is (1992 KO 37.4).

Die Kerkorde handel nêrens oor hierdie aspek van lidmaatskap nie.

Die praktyk het egter bewys dat daar lidmate is (belydende sowel as dooplidmate) wat hul-le in die week elders bevind as gevolg van hul werk of studies.

Waar skakel hulle as lidmate in?

As gevolg van ekonomies-finansiële druk werk lidmate in (ander) dorpe of stede maar is vanaf bv. Vrydagaand by die huis waar sy/haar per-manente belange is.

Die besluit sal verder voorkom dat lidmate tus-sen kerke/gemeentes sonder bediening gelaat word. Die betrokke kerkraad moet dus volle ver-antwoordelikheid vir sulke lidmate aanvaar, be-halwe wanneer anders ooreengekom is deur die twee kerkrade.

AANBEVELING 38

Die Sinode besluit:

Daar word gevolg gegee aan die beskrywings-punt en as ’n sinodebesluit in die KO-boek op-geneem.

5.12 Beskrywingspunt in sake onderskrif by “AP Kerk” B.14

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

Die woorde “onder blanke Afrikaners” in ons kerk se naam word verander na “onder die Boervolk”, sodat ons kerk voortaan sal heet: “*Die Afrikaanse Protestantse Kerk* (’n Gerefor-meerde Kerk van Christus onder die Boer-volk)”.

Motivering

Die uitdrukking “blanke Afrikaner” bevat ’n teenstrydigheid. Daar bestaan nie so iets soos ’n nie-blanke Afrikaner nie. Ons praat ook nie van so iets soos ’n blanke Duitser, blanke Fransman, ens., nie. Die term “Boervolk” is ’n histories erkende en duidelike beskrywing.

AANBEVELING 39

Die Sinode besluit:

By die bespreking van die beskrywingspunt oor die onderskrif by die naam van die kerk word die Sinode tot ’n geslote vergadering verklaar.

Motivering

Vanweë die sensitiviteit van die saak word bogenoemde aanbeveel.

5.15 Beskrywingspunt in sake Ordereëls 31.1 en 31.2 B.15

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

1. Ordereël 31.1 word gewysig om soos volg te lees:

“Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens moet mekaar minstens een keer per kwartaal, teen die einde van kerkraadsvergaderings/ouderlingevergaderings onderling vriendelik en broederlik vermaan en opskerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste, sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word. Die *vergadering* oordeel of hy 'n voorstel tot vermaning of opskerpings goedkeur”.

2. Ordereël 31.2 word ook op ouderlinge-/kerkraadsvergaderings van toepassing gemaak.

Tans lees Ordereëls 31.1 en 31.2 soos volg:

CENSURA MORUM

31.1 Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens behoort mekaar na afloop van kerkraadsvergaderings/ouderlingevergaderings onderling vriendelik en broederlik te vermaan en op te skerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word.

31.2 Aan die einde van meerdere vergaderings behoort afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uiteen kan gaan soos dit vir onse Here welbehaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Hieroor word slegs genotuleer dat so 'n gesprek gevoer is en die lug so gesuiwer is, sonder om enige besonderhede te vermeld.

Motivering

1. Sedert die 16e eeu is onderlinge sensuur (censura morum) in reformatoriese kerkordes vervat.
2. Daar is 'n verskil tussen *moet* en *behoort*. Ampsdraers kan ampspligte nalaat wat nie skorsing nie maar slegs ernstige vermaning verdien. Omdat ampsdraers voorbeelde vir die hele kudde moet wees, *moet* enige

ampsversuim wat onder hulle voorkom, aangespreek word. Dit geld in die besonder die wyse waarop hulle hul ampte bedien. *Vermaning* hou in dat die vergadering lede liefdevol met die Woord en die wil van die Hoof, Christus, konfronteer. Dit beteken reghelp, aanspreek, aanmoedig, raadgee en selfs troos. Hierdie artikel handel eksplisiet oor vermaning in die (breë) kerkraad (alle ampte byeen) tussen ampsdraers oor alle dinge wat hulle ampdiens nadelig raak en tog nie van so 'n aard is dat die ampsdraer van die nagmaal afgehou moet word nie. Niemand kan hom egter op Mt. 18 beroep om te verhoed dat hy of 'n mede-ampsdraer in die kerkraad vermaan word nie, behalwe wanneer dit 'n sonde van so 'n ernstige aard is dat dit in werklikheid 'n klag onder artikels 53 en 55 teen die ampsdraer inhou.

3. Die vermaning moet *tydens* (aan die einde van) 'n kerkraadsvergadering geskied. Ordereël 31.1 bepaal dat dit *na afloop van* 'n vergadering moet geskied, dit wil sê *na* 'n vergadering. Dit is sinneloos, tensy uitdruklik bepaal word dat dit in teenwoordigheid van alle aanwesiges moet geskied.

AANBEVELING 40**Die Sinode besluit:**

Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt met die volgende wysiging in die tweede sin van die nuwe ordereël 31.1: tussen die woorde “mekaar” en “minstens” word die woorde “indien moontlik” ingevoeg.

5.16 Beskrywingspunt in sake van kerklike tug B.16

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

“Die Sinode dra dit aan die KKS op om, sonder óórreglementering, die *stappe van die kerklike tug*, waarvan daar in Bep. 53c van die 1992 Kerkorde sprake is, duidelik te omskryf”.

Motivering

1. Die gebrek aan omskrywing veroorsaak onsekerheid by die tugtoepassers, nl. die ouderlinge, en het in etlike gemeentes bygedra tot foutiewe optrede deur die ouderlingevergadering.
2. Volkome duidelikheid oor hierdie uiters belangrike aspek van die ouderlinge se ampswerk – en korrekte toepassing van die tug – kan 'n groot bydrae daartoe lewer dat elke AP Kerk daárdie belangrike kenmerk van die *ware kerk* weer vertoon: die toepassing van die kerklike tug.

3. Die Sinode sal moet reël hê die saak geïmplementeer moet word, bv. deur 'n Bepaling, of deur 'n "Sinodebesluit" agter in die Kerkordeboek, of in die tughandleiding waar-aan prof. FAH van Staden reeds werk.

AANBEVELING 41

Die Sinode besluit dat gevolg gegee word aan die beskrywingspunt, met versoek aan prof. Van Staden om dit duidelik in die gemelde Handleiding te beskryf.

5.17 Kerkorde Bepaling 44A (1992 uitgawe) B.17

Ring van Lichtenburg

Die Sinode besluit:

Voeg die volgende bepaling by, na "aanmeld vir toelating tot belydenisaflegging":

Voornemende lidmate wat aanmeld vir toelating tot belydenisaflegging moet die ouderdom van 16 jaar bereik het. In uitsonderlike gevalle mag 'n kerkraad verlof verleen tot belydenisaflegging op 'n vroeëre ouderdom.

Motivering

1. Die minimum ouderdom vir toelating tot belydenisaflegging word nêrens in die Kerkorde en Bepalinge vermeld nie. Dit gee aanleiding tot onsekerheid.
2. Met "uitsonderlike gevalle" word bedoel:
 - 2.1 Katkisant met swak verstandelike vermoëns wat die elementêre geloofswaarhede verstaan en glo maar nie in staat is tot gevorderde kennis nie.
 - 2.2 Katkisant wat by belydenisaflegging voor Nagmaal slegs 'n paar dae te jonk is.

AANBEVELING 42

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

1. Die Kerkorde is nie bedoel om elke besonderheid te reël nie, maar die algemene beginsels.
2. Die huidige bepaling gee wel 'n ouderdomsaanduiding, aangesien ons nuwe Verbonds-onderliggende boeke so geskryf is dat die kinders self moet werk, en dus beteken dat 'n kind nie kan begin voordat hy/sy kan lees nie en derhalwe normaalweg eers in st. 9 in die belydenisklas sal wees.
3. Die ouderdomsbepaling is ook van belang vir die kind wat 'n leerprobleem het en dus

nie meer op skool is op ouderdom 16 nie. Die kommissie glo dat ouderlingevergaderinge sodanige kinders met groot begrip, deernis en broederlike liefde hanteer. Die gewisse kennis wat by die ondersoek ter sprake is, sal hier met groot omsigtigheid hanteer moet word, so ook die feit dat die ander kinders gewoonlik reeds 16 jaar oud is of word in die belydenisklas.

4. Die kommissie oordeel dat as Gereformeerdes dit die ouderlingevergadering se verantwoordelijkheid volgens die Belydenisskrifte is om sorg te dra dat die basiese kennis van die suiwer leer aanwesig is en om in sy oordeel regverdig en billik teenoor al die dooplidmate van die gemeente te wees wat ondersoek word met die oog op aflegging van belydenis van geloof.

5.18 Art. 37H: Oudl. CN Coetzee (lid van KKS) B.18

Elke ring oefen kerkvisitasie uit deur 'n verslagvorm wat deur die Sinode opgestel en/of persoonlike visitasie.

Motivering

Op die Ringsvergadering van Germiston 27 Februarie 1993 was daar 'n sterk gevoel dat daar nie eenvormigheid is in die kerkvisitasie sover die verslagvorm en vrae aan kerkrade gestel word nie, omdat elke ring self die verslagvorm en vrae opstel.

Dit was nie 'n beskrywingspunt by die ring nie en kon nie daar dien nie. Daarom is gevra dat ons die versoek en verandering van Art. 37H aan die KKS voorlê, om as beskrywingspunt deur te stuur na die Sinode vir goedkeuring om so eenvormigheid te kry in die kerkverband deur die land.

AANBEVELING 43

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt het nie volgens die voorgeskrywe wyse van ononderteken ter tafel gekom.

5.19 Beskrywingspunt: insake Toelating van Gaste tot die Nagmaal B.19

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit dat:

1. Wanneer 'n lidmaat van kerk (gemeente) A (binne AP Kerkegroepering) in kerk B as gas

Nagmaal wil gebruik, neem hy, indien enigsins moontlik, 'n aanbevelingsbrief van sy Ouderlingevergadering of van die Voorster en Skriba van sy Ouderlingevergadering saam, wat soos volg lui:

"Die Voorster
Ouderlingevergadering
Kerk B

Adres Kerk A
Datum

AANSOEK OM AS GAS SAAM MET U GEMEENTE NAGMAAL TE GEBRUIK

Hiermee word getuig dat

.....
(naam van betrokke lidmaat/lidmate van Kerk A) belydende lidmaat/lidmate in hierdie gemeente is. Hy/sy/hulle het te kenne gegee dat hy/sy/hulle graag by u eersvolgende Nagmaalsgeleentheid as gas/gaste toegang tot die tafel van die Here sal wil hê.

Hierdie Ouderlingevergadering beveel hulle ingevolge Bep. 43C van die KO van harte by u aan.

Mag u 'n geseënde Nagmaalsviering hê.

U broeder in die Here

SKRIBA/VOORSITTER"

2. Wanneer lidmaat A in 'n ander erkende kerkgroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) saam Nagmaal wil gebruik, voorsien die Ouderlingevergadering 'n soortgelyke aanbevelingsbrief aan hom.
3. Lidmate moet van tyd tot tyd vanaf die kansel aangemoedig word om gelowiges wat uit ander erkende kerkgroeperinge (APK, NGK, ARK, NHK, GKSA) by 'n AP Kerk (gemeente) as gas Nagmaal wil gebruik, aan te spoor om 'n aanbevelingsbrief van hulle eie Ouderlingevergadering te bekom.
4. Indien 'n Ouderlingeraad geen brief van 'n aansoeker uit die eie kerkgroepering ontvang nie, moet die Ouderlingevergadering persoonlike getuienis uit eie geledere of uit eie gemeente oor die aansoeker bekom. Die ideaal moet egter nagestreef word dat 'n aanbevelingsbrief lewer ingedien word.
5. In die geval van die *kinders (of ouers) van lidmate* wat as gaste aansoek doen, moet die Ouderlingevergadering soepel in optrede wees indien daardie lidmate hulle familie aanbeveel.
6. Geen aansoeker uit 'n ander erkende kerkgroepering (APK, NGK, ARK, NHK, GKSA) sal as gas by 'n AP Kerk toegelaat word sonder 'n aanbevelingsbrief nie.

Motivering

1. Bep 33A van die KO reël dat die Ouderlingeraad, indien moontlik, voor elke Nagmaal vergader om te handel oor sake deur KO Arts. 21, 43, 44 en 50 – 59 gedek. Art. 43 handel oor die doop en die nagmaal.
2. Wanneer lidmate hulle kindjie in 'n ander gemeente wil laat doop, is hulle verplig om 'n toestemmingsbrief van hulle eie Ouderlingevergadering te hê (Bep 43A). Dit is nie net nodig ter wille van die administrasie in verband met die uitreiking van 'n doopseël nie, maar óók omdat die eie ouderlingevergadering getuienis oor die lidmate moet lewer. Bep. 43A praat van "lidmate, wat nie onder sensuur is nie". Daáror handel die toestemmingsbrief.
3. Wat die diepste beginsel by die een sakrament (die doop) is (nl. die eie ouderlingevergadering wat die lidmate ken en onder wies sorg en tugbevoegdheid die lidmate val, moet getuienis lewer), moet dit ook by die ander sakrament (die nagmaal) wees.
4. Bep. 43C reël dat die ouderlingevergadering van elke gemeente toesig hou oor die nagmaalstafel. Die Heidelbergse Kategismus (Antwoord 82) stel dit dat lidmate wat met hulle belydenis en lewe hulle goddeloos en ongelowig gedra, nie tot die nagmaal toegelaat mag word nie. Die kerk (via die ouderlingevergadering) is "verplig" om dié mense te weer. Bep. 43C sê ook dat die nagmaal net toeganklik is vir daardie lidmate wat nie onder sensuur is nie.
5. Wanneer 'n lidmaat in kerk (gemeente) A onder sensuur is, mag sy ouderlingevergadering hom nie tot die tafel toelaat nie. Dit beteken egter dat die ouderlingeraad van kerk (gemeente) B hom ook nie by hulle mag toelaat nie. Die vraag is hoe ouderlingeraad B kan weet of die aansoeker wel toegelaat mag word? Dit is die rede waarom 'n brief van die aansoeker se eie ouderlingevergadering noodsaaklik is. Dit is nie verantwoordelik om die onus maar op die lidmaat te werp om te sê hy sal verantwoording voor die Here oor sy optrede doen nie. Sy eie ouderlingevergadering tree dan nie so op nie! Hulle laat dit nie aan hom (die lidmaat) oor of hy wil nagmaal gebruik of nie – hulle verbied hom uitdruklik om dit te doen! Dan kan ouderlingevergadering B mos nie die houding hê dat dit 'n saak tussen die lidmaat en die Here is nie. Ouderlingevergadering B het die opdrag om te waak oor die heiligheld van die tafel sover dit vir mense moontlik is om dit te doen.

6. Dieselfde geld des te meer vir 'n aansoeker uit 'n ander erkende kerkgroepering, veral omdat 'n AP ouderlingevergadering geen tugbevoegdheid oor so 'n aansoeker het nie.
7. Indien hierdie saak van tyd tot tyd van die kansels af aan die gemeentes verduidelik word, sal die lidmate die sin daarvan verstaan en dit al hoe meer begin toepas. Dit moet in elk geval voor die voorbereidingsdiens en voor die nagmaalsdiens verduidelik word. Dan hoor die gaste dit ook en die lidmate leer om die saak betyds met hul familie en vriende wat kom kuler, te reël.
8. Wanneer 'n besoeker nie 'n aanbevelingsbrief saamgebring het nie, moet die skriba telefonies getuienis van die besoeker se eie predikant/skriba/wyksouderling probeer bekom. Dit noodsaak 'n reëling dat aansoekers (bv.) net tot 13:00 op die Saterdag wat die Nagmaalsondag voorafgaan, aansoeke mag indien. Dié praktyk moet egter vriendelik ontmoedig word.

AANBEVELING 44

Die Sinode besluit:

Die saak word behandel wanneer die sinodale opdrag nr. 54, as studiestuk van die KKS, voor die Sinode dien.

5.20 Beskrywingspunt: Wysiging van Art. 38.1 (KO 1992) B.20

Ring van Vereeniging

"... uit elke kerk (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word".

Wysiging voorgestel lees as volg

"Die Sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: uit elke kerk (gemeente) een bedienaar van die Woord (slegs een) en een kerkraadslid (hetsy ouderling of diaken) per gemeente, indien 'n gemeente geen leraar het nie, maag hy twee kerkraadslede afvaardig van wie een 'n ouderling moet wees".

Kommentaar deur KKS

Die beskrywingspunt motiveer nie die versoek tot wysiging van Art. 38.1 nie.

AANBEVELING 45

Die Sinode besluit:

1. *Gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie maar wysig artikel 38.1 soos volg:*

Skrap die woord "kerkraadslede" en vervang met "ouderlinge" en skrap gevolglik ook die woorde "van wie" tot "moet wees". Die artikel lui dan soos volg:

"... van elke kerk (gemeente) die bedienaars van die Woord (hoogstens twee) en twee ouderlinge per gemeente. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word".

2. Die Sinode besluit

om Art. 36.1 gelykluidend te wysig.

Motivering

Art. 21 omskryf die opdrag van die ouderlinge in die plaaslike gemeente waaruit blyk dat hulle mede-verantwoordelik is, met die bedienaars van die Woord, vir die uitoefening van die regering, opsig en tug, ens. Die diakens se verantwoordelikheid is volgens Art. 22 op 'n ander vlak nl. die van fondsinsameling en hulpbetoon aan diegene wat behoeftig is of in nood verkeer. In Handeling 6 word die ampswerk van die diaken duidelik geskei van dié van die ouderlinge-amp. Die diaken is dus nie in die regeringsamp aangewend nie en is dit Skriftuurlik en Kerkordelik korrek dat alleen ouderlinge as afgevaardigdes van die kerk (gemeente) in die Sinode verteenwoordig word.

5.12 Beskrywingspunt SKK B.21

Werkzaamhede van Ring

1. Die Sinode besluit om na Art. 37.7 'n nuwe artikel in te voeg as Art. 37.8 wat soos volg lees:

"die werkzaamhede van die ring is:

37.8 om wanneer die Sinode nie in sitting is nie, die ring te kan verdeel en/of met 'n ander ring(e) te reël vir die hergroepering van 'n gemeente(s), kyk Art. 35, met rapport aan die Sinode en onmiddellike kennisgewing aan die amptelike kerkblad".

2. Die Sinode besluit om Art. 35 wat soos volg lees:

"die ring word saamgestel uit naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroepeer en vergader minstens een keer per jaar",

uit te brel om te lees:

"die ring word saamgestel uit naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroepeer en vergader minstens een keer per jaar, kyk ook Art. 37."

Motivering

1. Die Sinode wat nou tweejaarlik vergader, is kerkordelik belas met die groepering van gemeentes in ringe. Dit beteken dat ringe wat te groot word vir effektiewe funksionering, twee jaar moet wag op 'n hergroepeer tot nadeel van die welwese van plaaslike kerke.
2. Dit gebeur dat naburige plaaslike kerke, wat nie tot dieselfde ring gegropeer is nie, dit ter wille van gemeentelike bediening nodig vind om in kombinasie te tree of 'n bedieningsooreenkoms aan te gaan, wat dit noodsaaklik maak om weens 'n verskeidenheid redes tot dieselfde ring gegropeer te wees.
3. Indien die ring(e) die bevoegdhede kry soos voorgestel, word effektiewe ringsfunksionering en gemeentelike bediening bevorder.

AANBEVELING 46**Die Sinode besluit:**

Gee gevolg aan die beskrywingspunt.

5.22 Beskrywingspunt:

**Privaatnagmaalbediening
KKS B.22**

AANBEVELING 47**Die Sinode besluit:**

Die Afrikaanse Protestantse Kerk bedien nie die Heilige Nagmaal as privaatnagmaalbediening nie.

Motivering

1. Die Nagmaal is 'n integrale deel van die Erediens.

Die Apostels het 'n innige band gehandhaaf tussen die bediening van die Woord en die breek van die brood (Hd. 2:42). In aansluiting by dié Skriftuurlike beginsel bepaal die KO van die Afrikaanse Protestantse Kerk Art. 43.2 dat die viering van die Nagmaal gepaard moet gaan met die amptelike bediening van die Woord in 'n erediens. Kerkregtelik word onder erediens verstaan die openbare samekoms van die gelowiges wat plaaslik institutêr vergader is as die sigbare vergestaltig van die kerk van Christus, onder leiding van die besondere ampte. Die erediens begin by die votum en eindig met die uitspraak van die seën.

Die simboliek van die Nagmaal druk die eenheid van die huisgenote van die geloof uit wat institutêr in hulle saamverbonde en saamvergaderde erediens tot uiting kom. Die liturgiese beginsels en belydenis van die eenheid en

gemeenskaplikheid kom nêrens duideliker tot openbaring en belewering as juis in die Nagmaal nie. (Vgl. N.Gb., Artikel 35.)

Onder die Reformatore was daar verskil van mening oor die bediening van die Nagmaal aan siekes by hulle huise. *Luther* het dit summier verwerp. *Melanchton* het dit goedgekeur mits die familieleden ook teenwoordig is. Dordt reël die Nagmaalbediening in Art. LXIV aldus: "De bediening des Avondmaals zal alleen geschieden, waar toezicht is van Ouderlingen, volgens kerklijke orde, en in een openlijke orde, en in een openlijke samekomst der gemeente".

Bullinger, Beza en Voetius was van oordeel dat die Nagmaal *nie* buite die gewone erediens om gehou kan word nie. Die Gereformeerde Kerke in Holland het laasgenoemde standpunt gehuldig. Die sinode van Middelburg, 1581, was dan ook beslis van oordeel dat die sakrament nie anders bedien sal word nie "dan in de algemeene verzameling, ter plaatse waar de gemeente gewoonlijk saamkomt".

Die beginsel ten opsigte van die Nagmaal bly:

Die Nagmaal is 'n gemeenskapsmaaltyd vir die hele gemeente (1 Kor. 10:16, 17) wat in 'n openbare samekoms van die hele gemeente moet geskied (1 Kor. 11:20, 21).

Individue wat nie aan die Nagmaal kan deelneem nie weens omstandighede soos siekte sondig nie, want nie die *ontbering* van die sakramente is sonde nie, maar die *veragting* daarvan.

Verdere redes vir die afwysing van privaatnagmaalbediening word deur die Heidelbergse Kategismus gebied. (Die Heilige Gees werk die geloof deur die gepredikte Woord en sterk die geloof deur die gepredikte Woord en die sakramente.)

As vanweë hoë ouderdom of langdurige siekte 'n lidmaat nie meer in die openbare erediens kan deel nie versterk die Heilige Gees die geloof nog steeds deur die Woord. Vandaar die noodigheid van meerdere Woordversorging aan bejaardes en krankes tuis.

6. SINODALE OPDRAGTE

**6.1 Diensooreenkoms Redakteur
Boodskapper**

Opdrag 1991 Sinode, Sakelys, p. 2128, punt 6.8.

**AANBEVELING 48 HANDELINGE p. 283
PUNT 6.9**

Die KKS doen verslag dat die voorstel van die SKK eerbiedig is met 'n enkele wysiging aanbeveel by die SKK rakende status.

6.2 Beperkte Opdrag – geleidelike uitfasering

Die Stelsel van Beperkte Opdrag

Die sinodale besluit – Sakelys vyfde sinode 1991 en Notule p. 309 – 310

1. Die stelsel van beperkte opdrag word geleidelik uitgefaseer;
2. die KKS moet die sinode adviseer hoe uitfasering in werking gestel moet word;
3. die sinode besluit dat die professore wel met beperkte opdrag kan voortgaan.

Die Sinodale Opdrag

Die opdrag van die sinode, pt. 1.2 hierbo aan die KKS is om die sinode 1993 te adviseer in verband met 'n metode vir uitfasering van beperkte opdrag.

In die studiestuk wat oor “die beginsel van beperkte opdrag kerkordelik omskryf” handel, vgl. Sakelys sinode 1991 p. 136 v., word op p. 139 ná beredenering, 'n metode vir uitfasering van die stelsel aangebied.

Handhawing van die oorspronklike bedoeling

Dit was aanbeveel dat die oorspronklike bedoeling van die stelsel van beperkte opdrag gehandhaaf moet word. *Dit het besluit van die sinode geword.*

Die oorspronklike bedoeling

Die Sinode 1987 het besluit dat 'n persoon net in een besondere amp kan dien, met ander woorde dat 'n persoon met predikantstatus nie terselfdertyd ook as ouderling mag dien nie, met die gevolg dat gedurende 'n periode van 'n klein aantal predikante, 'n paar emeriti, wat besondere waardevolle diens in 'n sinodesitting sou kon lewer, uitgeskakel was;

met op daardie stadium reeds meer as 100 gemeentes met net 30 predikante is geoordeel dat emeriti, wat nog daarvoor kans gesien het 'n vakante gemeente kon bedien en wel op voltydse grondslag, maar met beperkte opdrag. 'n Dusdanige predikant sou dan meteen kwalifiseer as afgevaardigde deur 'n plaaslike kerk, waarin hy, na beroeping, bevestig was, na 'n meerdere vergadering.

Die Sinode 1991 het, soos onder pt. 1.3 hierbo aangetoon, besluit dat die teologiese professore ook onder hierdie kategorie (van emeriti) geplaas word vir beperkte opdrag.

Die probleem wat ontstaan het

Verskeie probleme het rondom die stelsel van beperkte opdrag ontstaan waarvan die belang-

rikste was dat gemeentes predikante, wat nie emeriti of dosente was nie en wat dus voltydse diens met volledige opdrag, vgl. Art. 15 van die KO 1992, kon lewer, met beperkte opdrag beroep het met noodwendig verminderde traktement ens. Dit het die pensioenfonds en mediese hulpskema onder andere nadelig getref en dusdanige predikante gedwing om 'n byverdienste te vind, wat in die praktyk neerkom op tentmakerbediening, wat nie deur 'n sinode goedgekeur is nie.

Uitfasering

In die verslag aan die Sinode 1991, Sakelys p. 139, aanbeveling 19 is aanbeveel dat uitfasering, sonder aantasting van die oorspronklike bedoeling soos onder pte. 3.1.1 tot 3.1.3 hierbo gestel, soos volg sal geskied:

dat die beroeping van predikante met beperkte opdrag, wat nie emeriti of teologiese dosente is nie, onmiddellik beëindig word;

dat predikante wat tans met beperkte opdrag dien, uitgenome emeriti of teologiese dosente, kragtens hul beroepsbrief (kontrak) hul diens in die gemeentes kontinueer tot by beroepsaanvaarding of emeritering of wanneer die kerkraad besluit om die beperkte bediening in volledig voltydse bediening te omskep.

AANBEVELING 49

Die Sinode besluit

1. dat die uitfasering van beperkte opdrag soos in pt. 4.1 en 4.2 hierbo gestel, geskied.
2. dat die omvang van beperkte opdrag soos volg is:

elke opdrag in Art. 15, KO 1992 vasgestel, deel van die beperkte opdrag is, met inagneming van Art. 10.9 betreffende die teologiese dosente;

elke opdrag in Art. 15 vasgestel vir beperkte opdrag dusdanig afgeskaal word dat dit uiteraard nie volledige diens sal wees nie, dog dat die opdrag steeds substansieel sinvol en tot voordeel van die gemeente sal wees;

dat kerkrade hulle sal hou aan die vasgestelde ooreengekome omvang van die beperkte opdrag met dien verstande dat alle partye by 'n eventuele uitbreiding van die opdrag erken word.

6.3 Beroepstelsel (KO 1992 Art. 11)

Sakelys 139, punt 5.4 en Handelinge p. 310, punt 5.4.

1. Die status quo word gehandhaaf en aan die

beskrywingspunt rakende die beroepingstelsel word nie gevolg gegee nie.

2. Die besinning oor die beroepstelsel word gekontinueer.

Die Beskrywingspunt Ring van Memel

Dat bestaande K.O. artikel 10 soos volg gewysig moet word:

1. Ten tye van 'n vakature moet die hele gemeente opgeroep word tot gebed waarin die leiding van die Heilige Gees in ootmoed, oorgawe en opregtheid gesoek word in die voorsiening van 'n leraar.
2. Die kerkraad vra in die amptelike blad van die APK aansoeke vir die betrokke vakature sonder dat die diensvoorwaardes bekend gestel word.
3. 'n Groslys bestaande uit al die aansoeke (asook nominasies uit die vergadering) word aan die gemeente voorgelê.
4. Die verkiesing geskied met geslote stembriefies en met volstreekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes uit die groslys soos in 3.
5. Geen propaganda mag ten gunste van 'n aansoeker gemaak word nie, dog inligting met betrekking tot kwalifikasies, ervaring en belangstellingsvelde kan aan die stemgeregtigdes beskikbaar gestel word, te behou soos in bepaling 10.5 op bl. 7 van die Kerkorde.

Motivering

Met hierdie stelsel van beroeping stel die gemeente homself in diepe verootmoediging, oorgawe en opregtheid onder die leiding van die Heilige Gees om te voorsien in die behoeftes van die gemeente.

In die tweede plek kry al die leraars van die kerk die geleentheid om aansoek te doen vir 'n vakature. Dit is van die uiterste belang dat so 'n leraar, alvorens hy aansoek doen vir die vakante leraarspos, hom ten volle onder die leiding van die Heilige Gees sal stel.

By die huidige beroepstelsel is daar geensins 'n bekendstelling met betrekking tot die kwalifikasies van ander belangstellingsvelde van leraars nie, en dit lei dikwels daartoe dat met agteraf propaganda ten gunste van 'n bekende leraar, die onbekendes uitgeskakel word. Inligting wat deur die leraars in hulle aansoeke voorsien word, kan 'n heilsame uitwerking hê deurdat dit getoets kan word aan die behoeftes van die gemeente. So 'n bekendstelling van kandidate moet steeds in toewyding aan en in verootmoediging voor die Here geskied.

Hierdie stelsel skakel ook die moontlikheid uit dat sommige leraars *nooit* beroep word nie, maar vergete bly en gevolglik in die groef van belangeloosheid verval. Deur aansoek te doen vir 'n vakature, dien tot 'n positiewe motivering en nuwe werkywer. Die huidige stelsel werk in die hand dat talentvolle predikante uiters gesog is en oorval word deur beroepe wat daartoe kan lei dat die *behoefte*s van die gemeente uit die oog verloor word, en die begaafdheid van 'n persoon voorop gestel word.

Die Sinode van 1990 het soos volg besluit:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende Sinode.

Motivering

Die beskrywingspunt impliseer ingrypende veranderinge in die bestaande beroepstelsel. Vir sinvolle oorweging daarvan is deeglike ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van die voorstelle nodig.

Oorweging en ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van 'n verandering van die beroepstelsel of alternatief.

1. In die Gereformeerde stelsel van kerkregering word die leraar deur die plaaslike gemeente beroep.
2. Daar is wel verskil in die wyse waarop dit geskied in verskillende kerkverbande.
3. By al die variasies is daar in hoofsaak drie metodes wat gevolg word.
 - 3.1 Die lidmate self kies sonder of uit 'n voordrag van die kerkraad.
 - 3.2 Die kerkraad kies sonder of ná voordrag van name deur die gemeente.
 - 3.3 Of die kerkraad beroep en lê die naam van die verkosene vir approbasie aan die gemeente voor.
4. Telkens word daar op *bepaalde gebreke* in die beroepstelsel gewys en kom daar uit die praktyk 'n geroep om verandering daarvan.
5. Die besware is só algemeen en dit raak die welsyn van die kerk so intiem dat 'n ondersoek na die waarde en betekenis van die beroepstelsel noodsaaklik geword het.
6. Die *gevaar* is dat ons die stelsel kan *vervang* met een wat óf nie reg aan die gegewens van die Skrif sal laat geskied nie, óf in stryd met die Gereformeerde stelsel van kerkregering sal wees.
7. Die kritiek op die stelsel het aan die lig gebring dat dit noodsaaklik is om die praktyk

aan die beginsel te toets en die prosedure aan te pas by die keuse van die tyd.

8. In 'n boek wat deur dr JD Vorster geskryf is nl. "die Beroepstelsel", het hy 'n indringende ondersoek ingestel na die oorsprong en ontwikkeling van die beroepstelsel, die leerstellige grond vir die beroepstelsel, die praktiese toepassing van die beroepstelsel, die besware en probleme in verband met die beroepstelsel en oplossings tot beter funksionering van die beroepstelsel.

- 8.1 In sy ondersoek het hy tot die volgende basiese beginsels gekom, nl die plaaslike gemeente is beskou as volledige kerk, wat geregeer word deur Christus, wat daarvoor verskillende ampte ingestel het en in en deur die gemeente die ampsdraers aanwys. Hierdie opvatting van die kerk en gesag van die kerk is bepalend vir die wyse van verkiesing tot die amp en die plasing van die leraar.

- 8.2 Daar is geen kant en klaar stelsel in die Woord van God nie. Die Skrif het beginsels wat nie verontagsaam mag word nie, veranderinge moet aan die beginsels getoets word. Ons noem die volgende:

- volledige samewerking met wedersydse erkenning van *amp* en *gemeente*. Tog is dit die Here wat kles deur die ampte en gemeente. (Vorster p. 30 – 33.)
- die leiding van die Heilige Gees moet tot sy volle reg kom, vergelyk Hand 13:2 en Vorster se uiteensetting p. 35. "Nie deur dobbelspel maar deur verootmoediging".
- die aandeel van die gemeente in die verkiesing van 'n leraar. Die gemeente en amp is ten nouste en onafskeidbaar aan mekaar verbind. Vergelyk N Gb. art 31. Die gemeente beroep uit 'n groslys – vry of op voordrag.
- die leiding van die amp by die verkiesing is ewe belangrik (Vergelyk Hd. 13:2, Mt. 16:19).
- die Kerkverband het 'n funksie om toe te sien dat by die beroep van 'n leraar alles *ordelik* verloop het.

9. Dr Vorster het die *praktyk* in die ver naamste Gereformeerde Kerke nagegaan.

Daar is voordele en nadele uitgewys van verskillende praktyke. Die een groot vraag was altyd hoe om leraars wat *buite sirkulasie* geraak het, of wat weens omstandighede 'n verandering sal verwelkom, onder aandag van gemeentes te *bring*. (Vergelyk p. 43 – 56) en hoe kan 'n leraar wat oortuig is dat hy nie in 'n bepaalde

gemeente vrugbaar kan werk nie 'n verandering wat 'n vernuwing is, kan maak?

10. Die besware en probleme in verband met die beroepstelsel word onder die volgende punte bespreek deur dr. Vorster.

- 10.1 die twyfel oor die leiding van die Heilige Gees

die leiding van die Heilige Gees moet nie *beperk* word nie. Die gemeente en kerkraad moet nie passief wees of uitgeskakel word nie;

- 10.2 eensydige beslissing oor die beroep:

die wortel van die kwaad lê hier in die praktyk dat die leraar alleen moet uitmaak wat die wil van God is en alleen moet beslis (Vorster p. 60). Die kerkraad moet saam met hom die verantwoordelijkheid dra en die beslissing neem. Die *mede-beslissingsreg* van die kerkraad moet ernstig oorweeg word.

- 10.3 onverantwoorde beroepe:

- beroepe word dikwels sonder kennis van die behoeftes van die gemeente of van die beroepene op hoorsê uitgebring. Die *getuienis* of aanbeveling op grond waarvan 'n leraar beroep word is nie altyd *betroubaar* nie.
- "mode-beroepe" kom veel voor. As 'n predikant baie beroepe kry, is vakante gemeentes geneig om te dink hy is 'n gewilde en goeie predikant. Dan reën die beroepe op so een en ander bekwames word vergeet. Daar moet veel liewer gelet word op die *aard en behoefte* van die gemeente en dan by die klas van persoon wat daarby sal inpas. Verskeie metodes is al vir die komplekse probleem aan die hand gedoen en beproef bv. predikante wat kan uitgenooi word om te preek m.d.o. op beroep of kommissie van advies met beperkte of omvattende opdrag. Dit het voordele maar ook nadele.

- 10.4 bespreking van kandidate:

om blindweg te beroep, gee baie misverstande. Genomineerdes is onbekend. Dit lei daartoe dat agteraf propaganda gemaak word.

'n Behoorlike bespreking van die kandidate in 'n wettige vergadering onder kontrole, sal *blinde* beroepe met teleurstellende gevolge beperk. 'n Beroep kan dan verantwoord word. Bepaalde informasie kan gekontroleer word. Dit maak 'n einde aan die idee dat die Heilige Gees sonder meer op meganiese of selfs magiese wyse lei en beskik. 'n Bespreking van kandidate kan 'n *heilsame* uitwerking hê.

10.5 die besondere eise wat ons tyd aan 'n beroepstelsel stel:

ons tyd van spesialisasie eis dat die regte man op die regte plek geplaas moet word. Ten opsigte van die saak het die *huldige* prosedure van beroep en *enigste* prosedure gefaai en is dit heeltemal ontoereikend.

11. OPLOSSING TOT BETER FUNKSIONERING VAN DIE BEROEPSTELSE

11.1 'n Radikale verandering in die stelsel is nie nodig nie en is dus buite die kwessie.

11.2 Ons verwerp die stelsel van *verplasing*.

11.3 Die reg van die gemeente moet gehandhaaf word om self sy leraar te kies.

11.4 Die gemeente moet tot verootmoediging en leiding opgeroep word.

11.5 Die leiding van die Heilige Gees moet bo alle twyfel gestel word.

11.6 'n Leraar wat baie kort in 'n gemeente is, bring skok en ontwrigting as hy te gou 'n beroep aanneem.

11.7 Om die *groslys* te vorm is dit nie ongereformeerd om 'n vakature te *advertiseer* nie.

11.8 Kandidate kan dan deur die kerkraad bespreek word en die gesuiwerde *groslys* kan dan aan die gemeente voorgedra word.

11.9 Na die nominasielyst gesuiwer is, mag die kerkraad *mededeling* aan die gemeente gee.

11.10 Die beroepstelsel sal baie beter funksioneer, en die ou Gereformeerde reëling wat eie aan die beroepstelsel is, weer herstel word, as, naamlik bepaal word dat die kerkraad saam met die leraar oor die beroep besluit.

11.11 Die beskrywingspunt van Memel vra nie *verandering* van die *beroepstelsel* nie, wat wel nuut is, is die *prosedure* wat gevolg word met die vorming van 'n *groslys* ni dat die vakature geadverteer word, daar aansoek gedoen word en dat die name dan op die *groslys* geplaas word.

Geen *Skriftuurlike* of *Gereformeerde* beginsel kom in gedrang nie.

Aanbeveling

1. Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt, behalwe punt 3.
2. Die kerkraad bespreek die aansoeke en suiver die *groslys* deur bespreking van die kandidaat en lê die gesuiwerde *groslys* aan die

gemeente voor en gee mededelings aan die gemeente oor die kandidaat.

3. Die Sinode besluit om die prosedure van die beskrywingspunt as *alternatiewe* prosedure vir die vorming van die *groslys* goed te keur.

AANBEVELING 50

Die Sinode besluit:

gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

1. NGb. Art. 31 bepaal dat bedienaars van die Woord van God moet deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde soos die Woord van God leer geskied. Daarom moet terdeë daarteen gewaak word dat met onbehoorlike middele ingedring word. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.

2. Die stelsel van aansoek doen vir 'n vakature bring 'n sekulêre aksent in die kerk waar die amp van die predikant as 'n betrekking beskou word en is in stryd met die gees van Art. 31 NGb.

6.4 Beknopte Handleiding by kerklike tug

Sakelys p. 253 en punt 5.5. Handeling p. 310, punt 5.5. Bylae A.A.

AANBEVELING 51

Aangesien 'n handleiding reeds goedgekeur is, wat net geredigeer moet word oordeel die Sinode dat dit ontstaan vir afhandeling en nie weer voor die Sinode hoef te dien nie.

6.5 Tentmakersbediening – Sakelys p. 142, Handeling p. 310, pt. 5.6

Mag 'n predikant wat in die bediening staan, en 'n gemeente bedien (wat in sy sorg toevertrou is), 'n deeltydse werk aanvaar vir 'n bykomstige inkomste?

Art. 18 KO bepaal dat die gemeente verantwoordelik is vir sy lewensonderhoud.

En nou vra ons of hierdie bepaling van Art. 18 KO volgens die Woord van God is.

As die Woord van God nader ondersoek word, vind ons dat God reeds in die OT bepaal het dat hulle wat die tempeldiens verrig ook daaruit sal lewe. So lees ons in Num. 18:21: "Ek gee

aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms”.

Die Here het, behalwe die priester in die tempel, ook nog profete geroep om vir die volk te profeteer en te waarsku. Ook hulle was voltyds in diens van God en moes versorg word.

In 1 Kon. 17:6 lees ons hoe die Here vir Elia gesorg het by die spruit Krit, en toe die spruit droog word, stuur die Here hom na die weduwee in Sarfat.

In vers 16 lees ons dat die meel in die pot nie opgebraak het nie en die olie in die kruik nie minder geword het nie.

Ons lees ook in 1 Kon. 19:19 – 21 dat Elisa alles laat staan en Elia volg, en ook die verdere geskiedenis van Elisa hoe hy homself toewy aan sy opdrag as profeet. Ons lees ook van Jesaja, Jeremia, Eséiël en Amos wat voltyds opgetree het as profete.

So ook in die NT lê die Woord van die Here die versorging van die bedienaar van die Woord op die gemeente. In Mt. 10:10 en Lk. 10:7 sê Jesus self dat die gemeente hulle moet versorg. In 1 Kor. 9:14 lees ons, die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe. Sien ook 2 Tm. 2:16 en Gl. 6:6 – 8.

Die predikant word deur die gemeente beroep en word daardeur van God na die gemeente gestuur om as bedienaar van die Woord met al sy gawes, talente, kragte en tyd in diens van Christus, deur wie die amp ingestel is, in die gemeente te werk.

Hy is met sy algehele toewyding (Rm. 1:1), 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God; met al sy tyd (Jn. 9:4): “Ek moet die werke doen van hom wat my gestuur het”; met al sy gawes en liefde (Jn. 21:15 – 17); met gewilligheid en volharding (2 Tm. 4:2): “verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig, weêrlê en bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering”.

Paulus het wel met sy hande gewerk om homself te onderhou soos dit beskrywe is in Hd. 18:3 en 1 Kor. 4:12. Hierdie werk van die apostel moet ons sien teen die agtergrond van sy omstandighede. Hy was nie gebonde aan 'n gemeente nie, maar het op sendingreise gegaan, die evangelie verkondig en gemeentes gestig. Die apostel wou nie 'n las lê op die nuutgestigte gemeente van Korinte nie. Hy gee ook vir ons 'n beskrywing van sy ontberinge in 1 Kor. 4:9 – 13, 2 Kor. 6:4 – 10, 11:23 – 27 as sendeling en wat hy moes ly ter wille van die evangelie. Daarom was dit nie die praktyk nie, maar 'n uit-

sondering. Nêrens word daar in die Bybel, Ou en Nuwe Testament, gesê dat 'n bedienaar van die Woord, wat in 'n gemeente staan 'n bykomende inkomste mag verkry deur 'n deeltydse werk te aanvaar nie. Hy is geroep deur Jesus die Koning van sy Kerk, en word afgesonder vir die evangelie en moet lewe uit die evangelie. Dit is 'n opdrag aan die gemeente om vir sy predikant te sorg, sodat hy geen kommer moet hê nie. Die gemeente wat dit nie doen nie sal gestraf word: Gl. 6:6 – 8.

AANBEVELING 52

Die Sinode besluit:

Tentmakerbediening word nie ingestel nie.

6.6 Status van Predikante

Sakelys 1989, p. 483, punt 4.
Sakelys 1991, p. 145, punt 5.8.
Handleiding, p. 311, punt 5.8.

AANBEVELING 53

Die Sinode besluit die Kuratorium voldoen aan die vereistes kragtens die Kerkorde.

Motivering

Die KKS bevestig aan die Sinode dat die Kuratorium aan die vereistes voldoen.

6.7 Toelating tot die Nagmaal

Sakelys, p. 145, punt 5.10, Sinode 1991.
Handelinge p. 311, punt 5.10.

Die Sinode verwys die aangeleentheid van toelating tot Nagmaal na die KKS vir studie en verslag aan die volgende Sinode (DV) Handelinge van die Vyfde Sinode, September 1991: bl. 311, pt. 5.10).

AANBEVELING 54

Die Sinode besluit:

- “die plaaslike kerkraad behoort homself op hoogte te stel van wie almal tot die Nagmaal toegelaat word. Dit kan alleen gebeur as die kerkraad vooraf kennis dra van lidmate van elders of besoekers uit die geledere van ander Gereformeerde Kerke se voorneme om aan die Nagmaal deel te hê. Oor elke sodanige persoon se deelname aan die Nagmaal behoort die kerkraad hom uit te spreek – in die lig van getuigenis wat voor hom dien, of by wyse van 'n skriftelike aanbeveling van die kerkraad van 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk; óf die mondelinge getuigenis van lidmate van die plaaslike kerk, wat***

met sodanige voornemende Nagmaalgebruiker se lewe bekend is”;

- 2. Bepaling 43c van die Kerkorde word soos volg aangevul: “en die ouderlingevergadering positiewe mondelinge of skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingevergadering, wyksouderling of predikant, of van ’n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die Nagmaal bedien word”.**

Motivering

Allereers spreek dit vanself, dat in die Afrikaanse Protestantse Kerk, as Gereformeerde Kerk van Christus, geen oop Nagmaal kan wees nie. Die ouderlinge het immers die taak om te waak oor die heilighede van die sakramente en om toe te sien dat dit nie onheilig word nie. Die sakramente is dus heilig, dit wil sê eksklusief, en om daardie rede nie toeganklik vir enigiemand nie.

Geen kerkraad sal dit oorweeg om somaar ’n vreemdeling, of iemand wat by geleentheid ’n erediens bywoon, se kind te doop, sonder dat hy ’n aanbeveling of grondige getuienis oor sodanige persoon beskik nie! Nóg minder so kan die Heilige Nagmaal sondermeer oop wees vir almal om aan mee te doen! Dié beginsel kom reeds uit die Ou Testament, waar geen vreemdeling toegelaat is tot die Pasga, alvorens hy nie eers ingelyf is by die volk van God deur die besnydenis nie (vgl. Ex. 12:48).

Aangesien die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het (Kol. 2:11 – 12), en die Nagmaal in die plek van die Pasga, geld dieselfde beginsel sonder enige twyfel ook in die Nuwe Testament. Trouens, meermale in die Nuwe Testament word dit ons met spesifieke erns op die hart gedruk (vgl. bv. 1 Kor. 5:11; 6:9; Gl. 6:19 – 21 en Ef. 5:5).

Wanneer ’n kerkraad nie, sover dit binne sy vermoë is, voorsorg tref om te verhoed dat die tafel van die Here onheilig word nie, word die ywer van die Here oor daardie hele kerk opgewek (1 Kor. 10:21 v. 11:28 – 31; Gl. 6:7 v. en Heidelbergse Kategismus, Sondag 30, antwoord 82).

6.8 Wysiging van die term Heilige Nagmaal deur oudl. Pretorius.

AANBEVELING 55

Die Sinode besluit:

Die status quo word gehandhaaf.

6.9 Lidmaatskap van die A.B. en Vrymesselary

Sinode 1991, Sakelys p. 145, punt 5.8.
Handelinge p. 311, punt 5.8

AANBEVELING 56

Die Sinode besluit:

dat die aangeleentheid as ’n laat-ingename stuk behandel word.

Motivering

Die finale voorbereide studiestuk was nog nie beskikbaar tydens die laaste vergadering van die KKS nie.

6.10 Regsadvies ten opsigte van eiendomsreg van die plaaslike Kerk

Sinode 1991, p. 145, punt 5.8.
Handelinge p. 311, punt 5.8.

Die vraag is of ’n wysiging van Bepaling 31 nodig is? Sou dit nie genoegsaam wees om ’n Artikel/Bepaling in die KO in te voeg wat meer of min soos volg lees nie: Wanneer ’n plaaslike kerk (gemeente) sy lidmaatskap van die verband van Afrikaanse Protestantse Kerke beëindig mag so ’n kerk (gemeente) nie langer die woorde “Afrikaanse Protestantse Kerk” in sy naam gebruik nie.

Dit sou noodwendig meebring dat so ’n kerk (gemeente) sy titels van vaste eiendomme en ander Aktes moet laat verbeter. (Sien egter notas hierna uiteengesit.)

Nota 1

Dit is te betwyfel of daar sprake van opsegging van lidmaatskap uit die verband van Afrikaanse Protestantse Kerke deur ’n kerk (gemeente) kan wees as al die lidmate nie besluit om uit te tree nie. Indien daar slegs ’n minimum aantal lidmate *niet* uittree nie, dan bly die plaaslike kerk (gemeente) voortbestaan, bly lid van die verband en behou so ’n kerk (gemeente) sy eiendom. Die gemeente-eiendom is immers in die gemeente se naam geregistreer vlg. Bepaling 31 en bly sy eiendom solank so ’n kerk (gemeente) bly bestaan. Die uittreedende lidmate sal dan ’n nuwe kerk met ’n nuwe naam moet stig. Daar is geen beperking op lidmatgetalle vir ’n gemeente in die KO nie, immers kerke (gemeentes) met baie klein lidmaattalle is gestig. Bestaande lidmate het ’n gevestigde reg om te eis dat hulle kerk in die verband van Afrikaanse Protestantse Kerke bly al is hulle ook hoe min.

Nota 2

As die uittredende lidmate die eiendom van die vorige kerk (gemeente) bekom kan dit slegs gedoen word deur aankoop of skenking en dan kan oordrag slegs by wyse van transport, soos bepaal in Artikel 16 van die Wet op Registrasie van Aktes (Wet 47/1937), geskied. 'n Naamsverandering in terme van Artikel 93 van genoemde wet, kan gevolglik nie op die Aktes aangebring word nie. As uittredende lidmate meen hulle het 'n reg op die gemeente-eiendom kan hulle die Hof nader vir 'n verklarende bevel. Ek betwyfel egter sukses.

Nota 3

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n kerk (gemeente) sy regs persoonlikheid bekom het deur 'n kerk (gemeente) van die AP kerke in verband te word, vergelyk Bepaling 31. As so 'n kerk (gemeente) sy lidmaatskap van die verband van AP kerke opsê, verbeur hy sy regs persoonlikheid en sal hy op 'n ander wyse weer regs persoonlikheid moet bekom. Hy sal in elk geval nie bevoeg wees om met AP kerk (gemeente) eiendom te handel nie. Daar kan dus 'n nuwe regs persoon tot stand kom en sal 'n endossement kragtens die bepalings van die Akteswet (Artikel 93) nie vir so 'n gemeente beskikbaar wees nie. Ek meen verder dat as al die lidmate van 'n kerk (gemeente) van die AP kerke in verband besluit om lidmaatskap van die kerkverband op te sê dan het hulle verder geen handelingsbevoegdheid met gemeenteeiendom nie. Daar bestaan dan nie 'n AP kerk (gemeente) nie, terwyl die eiendom nog in so 'n kerk (gemeente) vestig. Dit kan dus wees dat die eiendom bona vacantia raak en 'n hooggeragshofbevel sal aangevra moet word om te beslis oor die eiendomsreg van sulke eiendom en die bevel sal duidelik moet bepaal wie met die eiendom kan handel.

Nota 4

Hierdie is nie 'n aanbeveling vir uittreders om uit 'n moeilike situasie te kom nie. Dit is egter moontlik dat as so 'n wegbreekaksie beplan word dat 'n aantal lidmate uit die kerk (gemeente) bedank en 'n ander kerk stig. Die oorblywende kerkraad kan dan met gewone besluit die eiendom aan die ander kerk skenk/verkoop en op die gewone wyse aan 'n begiftigde/koper oordra deur transport. (Vgl. Bepaling 31 (laaste paragraaf) kragtens Artikel 16 van die Wet op Registrasie van Aktes (Wet 47/1937). Daarna kan die res van die gemeente bedank en by die nuwe kerk aansluit. As al die lidmate nie bedank nie dan kom die argument in Nota 1 weer ter sprake.

AANBEVELING 57

Die Sinode besluit om te volstaan met die riglyne hierin neergeleë.

6.11 Ondertekeningformulier vir Predikante**AANBEVELING 58**

Die Sinode besluit dat die opdrag afgehandel is.

Motivering

Die KKS rapporteer dat die saak afgehandel is.

6.12 Vroueaksie

Sakelys, p. 238, punt 1.2.2, punt 2.
Handelinge p. 346, punt 1.2.2, punt 2.

AANBEVELING 59

Die Sinode besluit – neem kennis van die verslag van die KKS.

Die KKS het nie hieraan betyds aandag kon gee nie.

6.13 Rasionalisasie van Sinodale Kommissies

Handelinge, p. 357.

RASIONALISASIE VAN SINODALE KOMMISSIES**1. Die sinodale besluit 1991**

Die Sinode gee opdrag aan die KKS om 'n studie te maak en die sinode te adviseer oor die *rasionalisasie* van Sinodale Kommissies, gesien vanuit die *Kerkorde* en *lasgewings* van die Kommissies; dit sluit in die *aantal* Kommissies; die *grootte* van Kommissies; die *frekwensie* van vergaderings. (Dr. Cl van Heerden; prof. FAH van Staden).

2. Belangrike Wegwysers

By die ondersoek met die oog op die rasionalisasie van Sinodale Kommissies is daar 'n aantal belangrike wegwysers wat deurslaggewend is vir 'n sinode. Die belangrikste is die *Kerkorde* en *sinodale besluite*.

2.1 Die Kerkorde

2.1.1 Die Kerkorde is wesenlik sinodale besluite, maar geen ander sinodebesluite mag in stryd met die artikels en bepalings, wat die Kerkorde uitmaak, wees nie. *Die Kerkorde is*

die akkoord van al die plaaslike kerke in die Afrikaanse Protestantse kerkverband, vasgestel deur die sinode(s), saamgestel deur die afgevaardigdes van die kerkrade van al die plaaslike kerke in die kerkverband (art. 38.1 en 38.2).

2.1.2 Die owerheid of staat en die houe erken die Kerkorde as die *konstitusie* of *grondwet* van die kerkverband.

2.1.3 Die Kerkorde kan net deur 'n sinode uitgebrei, verkort, gewysig, aangepas en verwoord word "*by wyse van 'n beskrywingspunt of in 'n beswaarskrif aan 'n sinode*", art. 66 gelees met beps. 66A.1, A.2 en A.3.

2.1.4 Aangesien geen kerkorde-artikel of -bepaling daarvoor voorsiening maak nie, kan geen sinode enige kerkorde-artikel of -bepaling *ignoreer*, *opskort* of *oortreding* kondoneer nie.

2.1.5 Die Kerkorde is *bindend* vir alle belydende lidmate, ampsdraers en kerklike vergaderinge.

2.2 Kerkorde en Lasgewings van Kommissies

Aangesien die Kerkorde bepalend is, kan geen sinodale kommissie 'n lasgewing hê wat strydig met die Kerkorde is en kan die Kerkorde nooit as vertrekpunt vir lasgewings en die uitbreiding daarvan geld nie. Lasgewings, soos ander sinodale besluite is ondergeskik aan die Kerkorde. Lasgewings en sinodale besluite moet daarom steeds aan die Kerkorde getoets word vir geldigheid.

2.3 Kerkorde en Sinode

Die Kerkorde bevat algemene beginselreëls vir die plaaslike kerke en die meerdere kerklike vergaderinge, wat ter wille van eenvormigheid binne die kerkverband aangevul is met reëls (*jus constitutum*) wat die eenvormigheidsdoel dien.

Daarom bevat die Kerkorde ook reëls vir die samestelling, vergaderings en werksaamhede van die sinode as dié meerdere kerklike vergadering, wat volgens art. 41.3 tot werksaamheid het "*die vasstelling van die Kerkorde en ander bepalinge vir sy werksaamhede in ooreenstemming met die Kerkorde*".

Elke sinode moet daarom juis die voorbeeld stel van onderworpenheid aan die binding deur die Kerkorde.

2.4 Die werksaamhede van die Sinode

Die *sinode* het homself gebind aan en beperk tot die werksaamhede in art. 41 vasgestel. Art. 26.2 *bind* en *beperk* dan die sinode onverbid-

delik en absoluut aan en tot die werksaamhede in Art. 41 vasgestel, te wete "*'n sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n ring of kerkraad via 'n ring na hom verwys is, omdat dit nie deur die ring afgehandel kon word nie*".

2.5 Sinodale Kommissies

'n Sinode kan as vanselfsprekend *nét kommissies benoem* tydelik of permanent van aard, met betrekking tot sy werksaamhede.

Indien 'n saak voor 'n sinode sou dien, wat nie onder sy werksaamhede tuishoort nie, moet noodwendig eers vasgestel word of dit nie by 'n ringsvergadering of kerkraadsvergadering tuishoort nie. Indien dit nie by dusdanig gemelde vergaderinge tuishoort nie en dit wel van algemene belang vir dié kerke in kerkverband blyk te wees, kan die Sinode dit op 'n ad hoc-basis hanteer.

3. DIE KERKORDE EN SINODALE KOMMISSIES

3.1 Bestaansreg van sinodale kommissies

Die Kerkorde art. 41 bepaal welke sinodale kommissies bestaansreg het. 'n Sinodale kommissie kan nét deur 'n sinode benoem word om 'n bepaalde opdrag of meer uit te voer met verlag aan 'n volgende sinode en kan geen ander sake elewillig op sy sakelys neem vir behandeling nie.

Ten opsigte van die *rasionalisasie* van bestaande sinodale kommissies en dus wat die "*aantal*" betref, *spreek die Kerkorde die finale woord* en nie lasgewings of enige ander sinodale besluit nie, vgl. pte. 2.1.1 en 2.2 hierbo.

3.2 Aantal Kommissies

Dit blyk dat daar tans, volgens "afdeling IV", agter in die kerkordeboek opgeneem, p. 110 – 121, 15 sinodale kommissies bestaan met nog 'n paar ad hoc-kommissies, uitgenome die Kommissie vir Bybelverklaring wat nie genoem word nie.

Getoets aan Art. 41 sal die volgende kommissies sondermeer reg van bestaan hê:

3.2.1 Kuratorium (Art. 41.4 gelees met veral Art. 10);

3.2.2 Kerkregtelike Sake (Art. 41.3 – alhoewel net 'n sinode die Kerkorde kan interpreteer, kan 'n sinode, wanneer geen Sinode in sitting is nie, ter wille van die welwese van die plaaslike kerke in kerkverband 'n kommissie ingevolge algemene lasgewing 3.1 p. 107 (1992) met

opdrag benoem om die Kerkorde te interpreteer; om ook 'n studie te maak van die Kerkorde met die oog op moontlike leemtes, teenstrydighede, verbetering ens. en die sinode te adviseer);

AANBEVELING 60.1 – KYK AANBEVELING 61

Dit word aanbeveel dat die Kuratorium en Kommissie vir Kerkregtelike Sake voortbestaan soos tans met hulle lasgewings.

3.2.3 Formullere en Liturgie en Kerksang en -Musiek (Art. 41.5 “Die behandeling van alle sake wat in eerste Instansie by hom tuishoort”, gedagtig daaraan dat die Kerkorde artikels en bepalinge bevat van algemene beginselaard en ter bevordering van eenvormigheid in die kerkverband. Daarom word daar in die Kerkorde, art. 42 in verband met die “openbare erediens” bepalinge vir eenvormigheid gegee ten opsigte van die liturgie, liturgiese formullere en kerksang en in art. 43 ten opsigte van die “sakramentsbediening”. Dit is logies geredeneer net 'n sinode, as die vergadering van die afgevaardigdes van die kerkrade van die plaaslike kerke, waar dusdanige algemene beginsel-besluite, wat ook eenvormigheid bevorder, geneem kan word. Die kerkrade van al die plaaslike kerke in die kerkverband is immers daar per afvaardiging aanwesig.

LW. Belde kommissies kan sodra die opdragte uitgevoer is ten opsigte van formullere en liturgie, byvoorbeeld in die vorm van 'n “kerkboek” of “psalm- en gesangboek” ontbind word en kan indien daar later nuwe opdragte sou kom of herbenoem word of as 'n ad hoc-kommissie benoem word. Dit is egter glad nie nodig om 'n kommissie sonder opdrag te kontinueer nie. Dit lei gemaklik daartoe dat eie opdragte strydig met die Kerkorde ontstaan.

AANBEVELING 60.2 – KYK AANBEVELING 61

Dit word aanbeveel dat die Kommissies vir Formullere en Liturgie en Kerksang en Musiek voortbestaan totdat hulle opdragte uitgevoer is.

3.2.4 Jeug en Verbondsonderrig en Kerkleer en Etiese Norme – Art. 41.2 stel as 'n sinodale werksaamheid “die vasstelling van die Belydenisskrifte”, met ander woorde dit bring die kerkleer ter sprake. Die kerkleer, “die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formullere van Enigheid . . .”, Art. 1. Dit gaan dus per slot van rekening om “die Bybel as die heil-

lige en onfeilbare Woord van God” waarop die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband “gegrond” is, Art. 1. In die verband is daar 'n band tussen die Skrif, die kerkleer en die etiek. Daar word egter 'n probleem aanvoel ten opsigte van die wye en vae “en ander aktuele sake” volgens die lasgewing, kerkordeboekie, p. 114, pt. J.3. Dit maak die deur ver en wyd oop vir 'n sinodale kommissie om enige saak maar eiewillig ter tafel te neem, terwyl die bedoeling tog duidelik gaan om spesifieke sinodale opdragte en nie wye, vae sake nie. Sake wat aktueel is, buite Skrif, leer en etiek aan die Skrif verwant, moet eerder op 'n ad hoc-grondslag behandel word. Kyk later onder *Sentrale Kerke-kommissie*.

AANBEVELING 60.3 – KYK AANBEVELING 61

Dit word gevolglik aanbeveel dat die Kommissie bekend moet staan as die “Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek” en dat die sinode die dosente in die Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek en Christelike Etiek as adviseurs op die kommissie benoem.

Die Jeug en Verbondsonderrigkommissie kan net as sinodale kommissie geregverdig word onder Art. 41.5 (eerste sinsdeel tot by “tuishoort”) gelees met Art. 44 “Verbondsonderrig” onder die argument van eenvormigheid in die kerkverband. Die “verbondsonderrig” is totaal die funksie van die predikant (Art. 15) en die ouderlingevergadering (Arts. 21, 4 en 44), dus van die plaaslike kerk en nie die ringsvergadering of sinode nie. Die sinode kan in die verband hoogstens 'n diens aan die plaaslike kerke in kerkverband lewer om eenvormigheid te verseker, óók ten opsigte van standaard ens. by wyse van verbondsonderrigleermateriaal, -registers, -diplomas ens. Volgens sy lasgewing handel die Kommissie hoofsaaklik adviseerend met betrekking tot verbondsonderrig. Die woord “jeug” verskyn net op p. 114, pt. H.5 in verband met 'n verslagvorm aan ringe, wat gerus maar afgeskaf kan word, omdat dit net 'n bietjie argivale waarde het.

AANBEVELING 60.4 – KYK AANBEVELING 61

Dit word gevolglik aanbeveel dat die Kommissie bekend moet staan as die “Kommissie vir Verbondsonderrig”.

3.2.5 Finansies en Argief, Video's en Foto's – die bestaan van albei hierdie Kommissies kan met “moeite” tuisgebring word onder Art. 41.5 en dan as 'n afgeleide werksaamheid, wat 'n toegevoegde werksaamheid word. Die sinode

het vir sy vergaderings (sakelyste, notules, handeling, vergaderingruimte, administrasie, personeel ens.), kommissies (vergaderings, reiskoste, administrasie), die Teologiese Skool (instandhouding), teologiese dosente (traktement ens.), publikasies (kerkboek, boeke vir verbondsonderrig ens.) en ander sake noodwendig fondse nodig. Dit sou vir 'n sinode tydrowend wees om begrotings uit te werk, onmoontlik om self oor die begroting te waak, tendense te bepaal ens. Daarom sal 'n sinodale kommissie vir die doel geregverdig wees.

Dit is ook so dat 'n sinode kragtens sy toegesegde werksaamhede belangrike dokumente, materiaal en ander moet behou en bewaar wat gaandeweg belangrike historiese waarde kry. Hierdie bewaring geld vir plaaslike kerke en ringe en alhoewel dit plaaslik bewaar kan word, is daar baie voordele daaraan verbonde dat dit sentraal geskied. Vir die doel ontstaan 'n afgeleide werksaamheid vir die Sinode wat 'n *Argiefkommissie* regverdig.

AANBEVELING 60.5 – KYK AANBEVELING 61

1. *Dit word derhalwe aanbeveel dat die Sinodale Finansiële Kommissie behou word soos tans.*
2. *Dit word egter aanbeveel dat die Kommissie vir Argief ens. net bekend sal staan as die Sinodale Argiefkommissie. Materiaal soos foto's, video's en ander word net maar later argiefstukke. Die omslagtige naam is onnodig.*

3.2.6 Sentrale Kerkekommissie en Redaksie van die Boodskapper

3.2.6.1 Hierbo is die *Redaksie van die Boodskapper* as 'n aparte kommissie getel, alhoewel dit saam met die *Publikasiekomitee* subkommissies van die SKK is. (In die kerkordeboek, p. 118, pt. 0 staan daar egter "die Kommissie is verantwoordelik vir" wat op selfstandigheid dui en waarby later aangesluit sal word.)

3.2.6.2 Soos reeds aangetoon, is *die Sinode*, vanuit sy lys van werksaamhede onvermydelik belas met *publikasies*, waaronder *die amp-telike spreekbuis* van die kerkverband, soos elke Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika inderdaad 'n spreekbuis het. Vir dié doel en ander sake het die eerste Sinode, sonder om veel rekening te hou met Art. 41, 'n sinodale kommissie geskep, bekend as die Sentrale Kerkekommissie, wat ongelukkig deur die oë van veel in die kerkverband na luid van die NG Kerk se Algemene Sinodale Kommissie of die sinodes se Sinodale Kommissies totaal in die verkeerde en ongereformeerde lig gesien word.

3.2.6.3 Nadat die *Raad vir Kerkadministrasie* opgerig is met 'n bestuur bekend as die *BRKA* het die *SKK* die *Sentrale Kerkekantoor, administrasie en baie finansiële verpligtinge* verloor. Die *SKK se funksies* is, volgens sy lasgewing afgeskaal tot die *sinode*, (met alles wat daarmee saamgaan, vgl. sy lasgewing, kerkordeboek p. 119–120, pte. 1–7), "*die Boodskapper*", *publikasies*, *skakeling met ander kerke*, (soos gelees met Art. 64 "ekumeniese betrekkinge" wat in totaal aan die "kerke in kerkverband" toegesê is en dus op 'n gesamentlike optrede dui, wat die beste vanuit een sentrale punt, te wete die sinode gedoen kan word, waarvoor die sinode 'n kommissie benodig), *skakeling met die owerheid en media* namens die kerkverband, die verskaffing van 'n diens aan plaaslike kerke deur middel van *reisende predikante* en *diens aan hulpbehoewende gemeentes*.

3.2.6.4 Die praktyk

In die praktyk vergader die Dagbestuur van die SKK baie gereeld en handel met weinig uitsondering alle sake af. Die SKK vergader sporadies en neem hoofsaaklik kennis van die besluite van die Dagbestuur. Verder tree die Redaksie van die Boodskapper en die Publikasiekomitee in samewerking met die Dagbestuur selfstandig op. Die SKK as sodanig verrig nie werklik 'n funksie nie. Daarbenewens bring die verspreidheid van sy lede 'n finansiële las van duisende rande ten opsigte van reis- en verblyf-koste mee, wat, veral nie vandag met sy geweldige ekonomiese druk en die funksie wat vervul word, geregverdig is nie. Die feit van *streekverteenvoordiging* weeg nie op teen dié las nie en kan *predikante uit streke* gevra word om streeknuus aan "*Die Boodskapper*" te besorg.

AANBEVELING 60.6 – KYK AANBEVELING 61

Dit word gevolglik aanbeveel dat

1. *die Kommissie vir die Redaksie van die Boodskapper en die Publikasiekomitee totaal geamalgameer word tot 'n selfstandige sinodale kommissie, bekend as die Sinodale Kommissie vir Publikasies en "Die Boodskapper", wat self kan besluit of daar op 'n subkommissiebasis gewerk moet word al dan nie;*
2. *Die SKK verklein word tot 'n kommissie van vyf (die huidige Dagbestuur) of ses lede, sonder Dagbestuur, met as opdrag die sinode, ekumeniese sake, owerheid en mediaskakeling, sake van aktuele belang wat die sinode as ad hoc-opdragte gee, hulpbe-*

hoewende gemeentes, diens van reisende predikante en sake, wat by geen ander kommissie tuisgebring kan word nie wat mag voorkom.

3.2.7 Die Kommissies vir Barmhartighedsdiens, Gemeentelike Bediening, Kapelaansdienste, Onderwys en Opvoeding en Sending

In verband met hierdie Kommissies is die Kerkordebepalings en beperkings bindend en móét dit gehoorsaam word.

3.2.7.1 Barmhartighedsdiens –

die lasgewing van die Kommissie bevat net twee pligte, naamlik *advies op versoek van kerkrade*, maar skryf nooit voor nie” en tree as skakel op wanneer AP kerke ‘n *gesamentlike barmhartighedsdiens* loods”. Hierdie lasgewing bewys dat hierdie Kommissie geen permanente bestaansreg het nie. Art. 48 plaas *barmhartighedsdiens*, soos dit moet wees, op die skouers van die *plaaslike kerk*. Dit is die funksie van die diakens wat in die AP kerkverband volwaardig uitgebou moet word in elke plaaslike kerk. Dit is ‘n lofwaardige uitdaging! Dit is werklik twyfelagtig of enige kerkraad (diakonie) al oolt hierdie Kommissie vir advies gevra het en oit sal vra. Die tweede lasgewing handel oor Inrigtingversorging, wat volgens Art. 48 nog eers by plaaslike kerke en dan ringe berus aler die sinode ter sprake kan kom.

Alhoewel daar behoeftes vir Inrigtingversorging mag bestaan en moontlik sal toeneem, is dit vir die AP kerkverband tans ononderneembaar vanweë fondse en die owerheid se houding.

Daarom het hierdie Kommissie tans geen funksie of bestaansreg nie.

3.2.7.2 Gemeentelike bediening

Art. 45 handel oor “*ampsbediening*” en bepaal dat dit *by die predikant en ouderling in die plaaslike kerk berus*. Dit sluit die ring en sinode uit. Dit is geen vertrekpuntbepaling nie. Juls vanweë die beperking van Art. 45 is enige sinodale bemoeienis totaal buite orde. Die eerste vier lasgewinge is in elk geval ‘n duplikasie van die werksaamhede van die Publikasiekomitee, waar dit werklik tuis behoort. Punt 5 van die lasgewing is geheel in stryd met Art. 45, want terwyl die lasgewing van die Kommissie vir Barmhartighedsdiens nog melding maak van “*advies op versoek*”, word hier sondermeer gereël “*gee leiding aan kerkrade*” sonder versoek of as advies. Die Sinode kan volgens Art. 45 nie op hierdie terrein funksioneer nie. Dit skakel die ring, as ‘n belangrike kerklike vergadering

en wat in die AP kerkverband net nie genoeg tot sy reg kom nie totaal uit, kyk Arts. 37.1 en 37.2.

Daarom het hierdie Kommissie nie ‘n funksie as sinodale kommissie en bestaansreg nie. Predikante en ander kundiges kan oor die sake onder lasgewing 5 genoem, publiseer sodat hulle kundigheid beskikbaar word, sonder dat ‘n sinodale kommissie met groot koste daarvoor en in stryd met Art. 45 bestaan.

AANBEVELING 60.7 – KYK AANBEVELING 61

Dit word aanbeveel dat die Kommissies vir Barmhartighedsdiens en Gemeentelike Bediening geskrap word.

3.2.7.3 Kapelaansdienste en Onderwys en Opvoeding

Die twee lasgewinge van die *Kommissie vir Kapelaansdienste* is wesenlik *skakeling met die owerheid*. Daarom kan hierdie diens voortaan daaronder geplaas word en dus verplaas word na die SKK. Die vraag is of veel meer bereik kan word as wat bereik is met hierdie owerheid? Die SKK kan, met Sinodale magtiging, in sy lasgewing inskryf dat die reg van die koöptering van kundiges op die gebied van kapelaansdiens en onderwys op ‘n ad hoc-basis vir ad hoc-aangeleenthede verleen word. Dit kan dan ewegoed vir enige ander skakeling met die owerheid geld.

Die lasgewing van die *Kommissie vir Onderwys en Opvoeding* het grootliks te make met aangeleenthede wat *die owerheid raak*. Daar die lasgewings sal veel eerder deur die Kommissie wat belas word met owerheidskakeling in die huidige onsimpatiese bedeling wat die onderwys betref, uitgevoer kan word as ‘n Kommissie wat af en toe vergader. Die SKK kan as skakelkommissie met die owerheid dié funksies oorneem en ook meteen skakel met diegene wat leiding neem in verband met volksele skole of dit self inisieer.

AANBEVELING 60.58 – KYK AANBEVELING 61

Dit word derhalwe aanbeveel dat die Kommissie vir Kapelaansdienste en die Kommissie vir Opleiding en Onderwys geskrap en die pligte na die SKK oorgeplaas word.

3.2.7.4 Sending (Evangelisasie)

Art. 46 oor *Evangelisasie* en Art. 47 oor *Sending* bepaal beide dat *hierdie werksaamhede tot die terrein van die plaaslike kerk behoort*

en by Sending dat "*indien wyer belange van die sending dit verels, kan naburige AP kerke (gemeentes) met mekaar skakel*". Hier is selfs nie eens sprake van *die ring* nie, laat staan nog *die Sinode*. Die feit dat 'n sinode deur 'n besluit Sending en Evangelisasie verbind het, doen niks af aan die beperking van die artikels nie, aangesien die Sinode nie die beperking opgehef het nie.

Op p. 119 onder pt. P van die kerkordeboek word nog net *lasgewings vir Sending* gegee. Daar is nie lasgewings vir Evangelisasie nie. *Dié Sendinglasgewings is totaal in stryd met Art. 47 en ook Art. 46 as dit saamgelees sou word.* Die lasgewing doen die vreemdste ding ooit, naamlik om 'n kerkorde-artikel, wat *sendingwerkzaamheid* tot die *plaaslike kerke* beperk as *vertrekpunt* te neem in plaas van as *eindpunt* en dan daarvandaan, in stryd met die Kerkorde, die Sinode totaal te betrek by die sending soos lasgewings 3, 4 en 5 bepaal. 'n Sinode kan nie eens soos pt. 5 bepaal ad hoc-opdragte oor sending gee nie, aangesien dit totaal buite sy werkzaamhede val. Die Sinode kan ook nie "*praktiese riglyne onder die aandag van kerkrade*" bring "*wanneer deur sinodes versoek nie*", aangesien sinodes geen sodanige bevoegdheid kragtens die Kerkorde het nie.

Die feit dat die Sinode in die AP kerkverband kragtens die Kerkorde totaal van sending uitgeskakel is, doen geen skade nie en plaas sending waar dit tuis behoort as "*roeping van elke lidmaat van die kerk (gemeente)*".

Dit is die grootste winspunt in die Kerkorde van die AP kerkverband dat die lidmaat, plaaslike kerk, kerkraad en ouderlingevergadering tot hulle reg kom en dat die Sinode nie kerkordelik toegelaat word soos dit in 'n vorige kerkverband beleef is om feitlik elke kerklike werkzaamheid aan te trek as 'n sinodale werkzaamheid, waar sinodale kommissies, met predikante in sinodale diens met kantore en personeel, soos 'n baba met 'n waterhoof ontwikkel het tot waar die plaaslike kerk en die ring in vele opsig werkloos gelaat is of net die finansierders van hierdie waterhoofkoninkryke geword het.

Die Sinodale Sending (Evangelisasie) Kommissie bestaan strydig met die Kerkorde.

AANBEVELING 60.9 – KYK AANBEVELING 61

Dit word aanbeveel dat die Kommissie vir Sending geskrap word.

4. SAMEVATTING

Uit die ondersoek met die oog op die rasionalisasie van Sinodale Kommissies gesien vanuit die Kerkorde en lasgewings van die bestaande Kommissies, is bevind dat

4.1 die volgende Kommissies nie bestaansreg volgens die Kerkorde het nie en afgeskaf moet word, te wete *Barmhartigheidsdiens, Gemeentelike Bediening en Sending (Evangelisasie).*

4.2 die Kommissies vir Kapelaansdienste en Onderwys en Opvoeding met werkzaamhede wat te make het met die *skakeling met die owerheid* afgeskaf kan word, aangesien hierdie funksies uitgevoer kan word deur die SKK, wat belas is met *skakeling met die owerheid* en dat dit voordelig is om die owerheid uit een bepaalde mond aan te spreek.

4.3 die Sentrale Kerkekommissie met bepaalde lasgewing, soos beredeneer, ontkoppel moet word van die *Publikasiekomitee en die Redaksie van Die Boodskapper*, sodat laasgenoemde twee, wat eksklusief met publikasies handel totaal tot een Kommissie geamalgameer kan word;

4.4 die Sentrale Kerkekommissie sinvol verklein kan word, soos beredeneer, met die pligte soos aangedui en die toevoegings soos onder aanbeveling 4.2 gedoen;

4.5 die Kommissie Argief, Video's en Foto's herbenoem behoort te word tot *Argiefkommissie*, die *Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme* tot die *Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etlek* en die *Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig* tot die *Kommissie vir Verbondsonderrig*;

4.6 die Kuratorium, die Kommissie vir Kerkregtelike Sake en die *Kommissie vir Finansies* onveranderd gelaat behoort te word;

4.7 die Kommissie vir Formuliere en Liturgie onveranderd gelaat moet word totdat die kerkboek gepubliseer is en waarna dit afhangend of daar enige sinodale opdragte na vore mag kom, as 'n ad hoc-kommissie kan funksioneer;

4.8 die Kommissie vir Kerksang en -Musiek onveranderd gelaat moet word totdat dit sy opdrag afgehandel het, waarna dit, afhangend van enige sinodale opdragte wat na vore mag kom, as 'n ad hoc-kommissie kan funksioneer; en

4.9 die Kommissie vir Bybelverklaring ingevolge Art. 41.1 as 'n volwaardige sinodale kommissie met lasgewing gekontinueer word en aldus in die kerkordeboek opgeneem word; en

bestaande *ad hoc-kommissies* kontinueer totdat hulle opdragte afgehandel is.

AANBEVELING 60.10 – KYK AANBEVELING 61

Dit word aanbeveel dat die Kommissie vir Bybelverklaring voortbestaan en in die kerkordeboek opgeneem word met lasgewing.

5. DIE GROOTTE VAN KOMMISSIES EN FREKWENSIE VAN VERGADERINGS

KURATORIUM – 11 lede, vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis;
 KERKREGTELIKE SAKE – 10 lede (adviseurs te koöpteer), vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis;
 FINANSIES – 5 lede, vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis;
 FORMULIERE EN LITURGIE – 3 lede, vergader om sy opdrag te voltooi;
 KERKSANG EN -MUSIEK – 5 lede (met reg van 3 gekoöpteerdes), vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis;
 VERBONDSONDERRIG – 3 lede, vergader volgens die eis van sy pligte;
 KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK – 4 lede, met die teologiese dosente belas met die Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatiek en Christelike Etiek as adviseurs, vergader volgens eis van pligte;
 ARGIEF – 2 lede, vergader een keer per jaar;
 SENTRALE KERKEKOMMISSIE – 6 lede, vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis;
 PUBLIKASIES EN DIE BOODSKAPPER – 4 lede (met reg van 4 gekoöpteerdes), vergader so dikwels as wat sy pligte dit vereis;
 BYBELVERKLARING – 8 lede, vergader 2 keer per jaar;
 AD HOC-KOMMISSIES – die omvang van die opdrag bepaal die grootte van die kommissie, wat so dikwels vergader as wat die opdrag vereis om afgehandel te word.

AANBEVELING 61

Die Sinode besluit om die bostaande Aanbevelings 60.1, 60.2, 60.3, 60.4, 60.5, 60.6, 60.7, 60.8, 60.9 en 60.10 goed te keur.

Die Kommissie vir Kerkregtelike Sake vertrou dat hy hiermee sy opdrag bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode wysheid toe vir sy besluit in verband met die rasionalisasie van sinodale kommissies gesien vanuit die Kerkorde.

**6.14 Handeling met Verskille/
Geskille****Sinode 1991**

Die Sinode het 'n beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging nie goedgekeur nie en

die saak na die KKS vir studie verwys. (Sinode 1991, Handeling p. 358 pt. 2.11.)

Skrifgegewens

Die saak van verskille, geskille en gepaardgaande twiste, gebroke verhoudings en vyandskap loop deur die hele Skrif. So ook die hantering van sodanige sake. Daar hoef slegs gewys te word op die betekenis van die Tweede Tafel van die Tien Gebooe met die Here Jesus se samevatting van die Wet van God as die liefdesgebod.

Enkele Skrifgegewens uit die Nuwe Testament van besondere belang, is die volgende:

- Jakobus 4:1 – 2: Die lig val hier op selfsugtige begeertes as die diepere oorsprong en oorsaak van rusies, twiste, vegterye.
- Mt. 5:25: Die klem val hier, onder andere daarop dat alles in die vermoë gedoen moet word om so spoedig moontlik tot 'n skikking en versoening te kom. Beide in Jakobus 4:1 en Mt. 5:25 staan dit vas dat die eie verantwoordelikheid nie ontduik mag word nie. Hier in Mt. 5:25 – 26 word ons deur Christus voor God as uiteindelijke Regter geplaas, vergelyk vers 22.
- Johannes 7:24: Jesus Christus stel hier die algemene beginsel van 'n regverdige oordeel.
- 1 Kor. 6:1 – 11: Uitsers belangrike gegewens en riglyne in die beslegting van geskille en pogings tot versoening word deur die apostel Paulus hier beklemtoon. Elke lidmaat, ampsdraer en kerkvergadering behoort hierdie Skrifgedeelte te bestudeer. Paulus dui dit aan as 'n skande dat regsake nie deur gelowiges self, binne die gemeente tot rus gebring kan word nie.
- 1 Timotheus 6:3 – 6: Die apostel Paulus laat die lig hier skerp val op sondes wat by geskille kan voorkom en waarteen gewaarsku moet word, naamlik 'n sieklike behepthed met twisvrae, stryery oor woorde, voortspruitende sondes van afguns, twis, lastering, gemene verdagmakery en nuttelose stryery. Mense wat hulle hieraan skuldig maak word beskrywe as verdorwe in die verstand en van die waarheid beroof.
- Kolossense 3 vers 13: 'n Gesindheid of bereidwilligheid tot wedersydse vergifnis word hier beklemtoon en moet in 'n geskil sterk gestel word, nie alleen as 'n vereiste uit die Skrif nie, maar ook as 'n voorwaarde vir suksesvolle versoening.

Onderskeiding van begrippe

Verskille: onderskeid, die anders wees in een of ander opsig, afwyk.
 Geskille: Twis, onenigheid, dispuut of rusie.

Die betekenis van hierdie twee begrippe wys duidelik uit dat die sedelike gedrag volgens Christelike norme afwyk wanneer daar nie in liefde verskil kan word nie en twis en onenigheid ontwikkel (vgl. Kol. 3:13).

Noodsaaklike Kerkregtelike Onderskeidings

Wanneer daar nie duidelik en na die eis van die waarheid onderskei word, of daar wel met 'n tugwaardige sonde(s) te doene gekry word nie, word te maklik en foutiewelik na die tugartikels van die Kerkorde gegryp om sake te beredder – Kerkorde Artikel 52 bepaal dat die tug gaan “oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en die orde en dissipline van die gemeente indruis”. Kerkorde Artikel 53 maak onderskeid tussen “geheime sondes” en “openbare, ergerlike sondes”. In die Agenda van die 1991 Sinode, pp. 262 – 263 is tugwaardige sondes reeds kerkordelik verduidelik.

Uit die bogemelde moet dit reeds duidelik wees dat verskille en geskille op 'n ander, 'n eie wyse hanteer behoort te word, en tot rus gebring behoort te word, voordat dit in 'n tugsaak ontaard (vgl. Mt. 5:25).

Riglyne vir die hantering van Geskille

Met riglyne hier word nie bedoel vaste reëls of rigiede optrede nie, maar bloot praktiese wenke. Dit is van die allergrootste belang dat die herderlike gesprek, in die hantering van verskille en geskille tot sy reg sal kom.

Beslegting van 'n geskil, dit wil sê die twis uit die weg ruim, of die bylê van 'n geskil, dit wil sê die twis laat eindig, behoort by wyse van 'n broederlike gesprek te geskied. Hierin kan die wyksouderling, of die leraar, die ouderlingevergadering of 'n afvaardiging deur die ouderlingevergadering, as die noodsaaklike kerklike ampte optree ooreenkomstig Johannes 7 verse 24: “Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel”.

Dit is meesal van kardinale belang dat partye geleentheid gegun word om uit te praat en die hart skoon te maak. Daar moet dus meer begrypend geluister as baie gepraat word deur die persoon(e) wat die bylê van die geskil hanteer.

Daar behoort gestuur te word in die rigting van 'n wedersydse verstandhouding van partye wat alle partye en die gemeente se beste geestelike belange dien.

Veral as daar 'n verharding van gesindhede of onwilligheid om die geskil by te lê, ontwikkel

het, behoort daar, voordat verdere versoenningspogings plaasvind, individueel pastorale bearbeiding plaas te vind. Soms misluk pogings om geskille te besleg, bloot omdat die pastorale opsie nie behoorlik benut is nie (vgl. 5.1 hierbo).

Slot

Die bogemelde wil nie aanspraak maak op volledigheid nie. Reglementering van optrede word in hierdie saak nie as verstandig en in beste belang beskou nie. In Kol. 3:14 – 15 word dit gestel dat die band wat die gemeente tot volmaakte eenheid saambind die liefde vir mekaar is. Die gemeente, as liggaam van Christus is geroep tot innerlike rus en onderlinge eensgesindheid.

In sy kommentaar op Kolossense wys wyle prof. Jac Müller daarop dat die woord “heers” in vers 15 eintlik beteken: skeidsregter wees, reël, arbitreer, “en die bedoeling is dat wanneer daar konflikte in ons binneste is, 'n botsing van motiewe, drange en begeertes, dat ons dan die vrede van God (Christus) moet laat bepaal wat die regte gedraglyne vir ons is; ons moet dit laat heers en die beslissing gee, deurdat dié weg gekies word, wat nie die innerlike vrede en gemoedsrus in Christus verstoort nie, maar bevorder en bevestig. Dan word nie alleen die vrede van God, gegrond op die versoening deur Christus bewaar nie, maar die belange en welsyn van die medegelowige word ook behartig”.

Die KKS vertrou dat hiermee die nodige leiding uit die Skrif aangetoon is, en dat hierdie volvoering van die sinodale opdrag, mag bydra tot innerlike rus en onderlinge eensgesindheid in alle AP kerke.

AANBEVELING 62

Die Sinode besluit om hierdie riglyne te aanvaar.

6.15 Sinodale Kommissie vir Appèl

Sakelys p. 13, punt 21.6 en Handeling p. 358.2.3.

AANBEVELING 63

Die Sinode volstaan met die vorige besluit.

Motivering

Soos aanvaar tydens Sinode.

6.16 15% Oorbetaling op Erflating

AANBEVELING 64

Die Sinode besluit om die opdrag te kontinueer.

Motivering

Die KKS het nog nie die studie in verband met die opdrag kon afhandel nie.

**7. VOORLEGGING DEUR KKS
KRAFTENS SY LASGEWING, L.2
EN L.6, KERKORDE 1992. p. 116**

7.1 Kondoneer – Kondonasie**7.1.1. Inleiding**

Die Kerkorde (1992) van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband maak nêrens voorsiening vir kondonasie nie. Geen Sinode het ook enige besluit daaromtrent geneem nie, vgl. Handelinge sinodes, 1987, 1988, 1989, 1990, 1991.

7.1.2. Begrip en betekenis

Die woord “kondoneer” beteken kwytskeld, oorsien, vergewe. Die selfstandige naamwoord “kondonasie” beteken dan kwytskelding, vrystelling, “vergifnis”. In kerklike terminologie beteken dit dan dat die meerdere vergadering, ’n sinode ’n oortreding van ’n kerkorde-artikel of -bepaling of van ’n sinodale besluit deur ’n kerkraad/ouderlingevergadering/ring op versoek van laasgenoemde kwytskeld, oorsien, vergewe. Die daad van oortreding met gevolge, wat nie ongedaan gemaak kan word sonder meestal ernstige reperkussies nie, word deur die kwytskelding, vrystelling, “vergifnis” as goed, as reg, as binne orde gereël, sodat dit nie langer ’n oortreding is nie.

7.1.3. Die Oortreding

Die oortreding deur ’n kerkraad/ouderlingevergadering/ring van ’n kerkorde-artikel, -bepaling en sinodale besluit kan om ’n paar redes geskied, waaronder onkunde, nalatigheid, ignorering, geringskatting, doelbewustheid, tegemoetkomeenheid ens. Wat ook al die rede moet die oortreding van ’n kerkorde-artikel of -bepaling in ’n ernstige lig gesien en beoordeel word en nie maar ligtelik reggemaak word nie soos hierna verduidelik.

7.1.4. Die akkoord van die Kerkverband

Die Kerkorde is ’n baie belangrike boek, dokument, publikasie in die kerkverband. Dit is die akkoord van die plaaslike kerke in die kerkverband soos met mekaar ooreengekom en vasgestel in die meerdere vergadering, ’n sinode deur die afgevaardigdes uit die kerkrade van

al die kerke in die kerkverband. Hierdie akkoord is bindend vir al die kerke in kerkverband.

’n Kerkorde stel meestal die beginsels ten opsigte van die algemene sake, wat al die kerke raak, vas, wat meteen eenvormigheid van handeling in die kerkverband bevorder. Dit bied min rigiede voorskrifte, sodat kerkrade van plaaslike kerke veel ruimte vir selfstandige handeling gebied word en die vasstelling van eie besonderhede binne die gegewe beginsel.

Die staat beskou die kerkorde dan ook as konstitusie/grondwet van die kerke in kerkverband.

Kerkrade/ouderlingevergaderinge/ringe (en óók sinodes) is daarom verplig om in hul besluite en handeling nie net rekening te hou met die kerkorde-artikels en -bepalings nie, maar dit te hou vir, te handhaaf as en uitvoering daaraan te gee as bindend. Dit mag nie maar geïgnoreer, misken, geringeskat, of versuim word nie. Onkunde is geen verskoning nie. Dit mag ook nie oortree word as ’n gebaar van tegemoetkomeendheid of om ter wille te wees nie.

Die oortreding van die kerkorde-artikels en -bepalings as die akkoord van die kerkverband is daarom ’n ernstige aangeleentheid.

7.1.5. Vasstelling

Die afgevaardigdes uit die kerkrade van die plaaslike kerke in kerkverband stel in die vergadering van die sinode die Kerkorde vas. Dit is ’n gesamentlike handeling waarin ooreengekom word om volgens hierdie beginsels en voorskrifte in elke plaaslike kerk in die kerkverband en in die kerkverband te handel. Dit sny independentisme en eiewilligheid by die wortel af sodat geen kerkraad of meerdere vergadering dit kan ignoreer, misken, versuim, ter syde stel of kan wysig nie, behalwe soos in die vergadering van die sinode ooreengekom en in die Kerkorde vasgestel.

In Art. 66, Kerkorde 1992-uitgawe word dan bepaal wat die *modus operandi* vir die moontlike wysiging van die Kerkorde is, te wete by wyse van ’n beskrywingspunt of gravamen met die absolute beperking “slegs deur ’n sinode”.

7.1.6. Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande is dit dan duidelik dat daar in die Afrikaanse Protestantse kerkverband geen moontlikheid van kondonasie bestaan nie, selfs nie as ’n bevoegdheid van ’n sinode nie.

7.1.7 Moontlikheid/Noodsaaklikheid

Die vraag kom dan na vore of daar noodsaak is vir die skepping van kondonasiemoontlikheid of nie? By behoeftebepaling moet die volgende faktore in aanmerking geneem word:

- 7.1.7.1** die bindende krag van die Kerkorde op al die plaaslike kerke (kerkrade) in kerkverband soos onder punte 4 en 5 hierbo gestel as die akkoord van die kerke in kerkverband;
- 7.1.7.2** die feit dat die Kerkorde hoofsaaklik beginsels vasstel ten opsigte van sake van gemeenskaplike belang en ter bevordering van eenvormigheid laat veel ruimte aan kerkrade om oor besonderhede self te besluit, wat die behoefte vir kondonasië minimaliseer;
- 7.1.7.3** die Kerkorde as akkoord van die kerkverband wil juis dissipline in die plaaslike kerke in kerkverband skep en bevorder en independente en eiewillige optrede, wat in die reël dissipline benadeel uitskakel, terwyl kondonasiemoontlikheid by voorbaat ruimte skep vir oortreding, independente en eiewillige handeling;
- 7.1.7.4** canonici en latere kerkregkundiges swyg oor kondonasiereg, wat geïnterpreteer kan of moet word dat dit of nie as essensieel geag en dus voorvoorsiening gemaak moes word nie of juis verswyg word as 'n teenproduktiewe vir die essensiële handhawing van die Kerkorde;
- 7.1.7.5** dit blyk dat waar kondonasië wel in kerkverbande toegelaat word dit eerder as usansie geld soos ontwikkel uit 'n gebruik sonder dat dit 'n geskrewe reël geword het;
- 7.1.7.6** oortreding van die Kerkorde moet nie bevorder word deur kondonasiemoontlikheid nie, maar bekamp word deur nie ruimte te skep vir oortreding wat weer kwytskeld, vrygestel, vergewe sal word as aansoek gedoen word nie, want 'n dusdanige oortreding kan, ter wille van lidmate betrokke, nie ongedaan gemaak word sonder oneindige onaangename gevolge nie;
- 7.1.7.7** indien geen voorsiening vir kondonasië gemaak word nie, is dit 'n opvoedingsproses vir kerkrade/ouderlingevergaderinge/ringe wat sal leer dat dit nie toelaatbaar is nie en ook nie kwytskeldbaar nie en daarom versigtigheid sal bevorder in die hantering van die Kerkorde.

AANBEVELING 65

Die Sinode besluit dat in die Afrikaanse Protestantse kerkverband die status quo ten opsigte van kondonasië gehandhaaf word, met ander woorde nie toegelaat word nie.

7.2 Hersiening van Besluit (Revisie)

Die Ordereëls vir Kerklike Vergaderings pte. 25 en 26 lui soos volg:

- 25. 'n Besluit van die kerkraad/ouderlingevergadering kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is indien die vergadering met 'n meerderheid stemme daartoe toestem. 'n Kennisgewing van hersiening kan gegee word om by die volgende vergadering voor die kerkraad/ouderlingevergadering te dien.
- 26. 'n Besluit van 'n meerdere vergadering kan teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is in hersiening geneem word, indien die vergadering daartoe toestem.

AANBEVELING 66

Die Sinode besluit:

wysig beide ordereëls deur by Ordereël 25 na die woorde "indien die vergadering" in te voeg "na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie" (daartoe toestem) en deur by Ordereël 26 na die woorde "indien die vergadering" in te voeg "na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie" (daartoe toestem). Die Ordereëls lui dan soos volg:

- 25. ***'n Besluit van die kerkraad . . . indien die vergadering na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie met 'n meerderheid stemme daartoe toestem. 'n Kennisgewing . . . te dien"***
- 26. ***'n Besluit van 'n meerdere vergadering kan teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is in hersiening geneem word indien die vergadering na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie daartoe toestem.***

7.3 Privaatnagmaalbediening

Kruisverwysing na beskrywingspunt B.22.

7.4 Advies Art. 16**AANBEVELING 67**

Die Sinode besluit:

By die interpretasie van Art. 16 oor die optrede van 'n predikant in 'n ander gemeente as

dié waarin hy kragtens 'n beroep of 'n bedieningsooreenkoms arbeidsaam is, moet die agtergrond wat in die kerkgeskiedenis tot die ontstaan van so 'n artikel gelei het, in gedagte gehou word. Predikers wat geen beroepe ontvang het nie, het rondgetrek en oral in gemeentes wat hul eie predikante gehad het, ongenooi gaan werk en traktering daarvoor verwag. Dit kon nie geduld word nie, want dit is indringing van een predikant in die diens van 'n ander. Verder misken dit die feit dat die plaaslike kerkraad die bevoegdheid het om te besluit wie as predikant in die gemeente mag werk.

'n Predikant van elders wat op versoek van die naasbestaandes van 'n oorledene, die begrafnis kom hou, tree egter nie in stryd met Art. 16 op nie — ook nie indien hy op versoek 'n huweliksbevestiging waarneem nie. Sou die kerkraad nie tevrede wees met die predikant wat die begrafnis kom hou of die huweliksbevestiging kom waarneem nie, kan die kerkraad wel die gebruik van sy gebou en eiendom weier. 'n Begrafnis en 'n troue is 'n familie-aangeleentheid en die betrokkenes besluit uitsluitlik en sonder goedkeuring van die kerkraad wie hulle wil hê die verrigtinge moet lei. 'n Begrafnis hoef nie eers per se deur 'n predikant waargeneem te word nie. 'n Huwelik ook nie, maar die persoon moet wel deur die staat as 'n huweliksbevestiger aangestel word.

Hierdie sinodebesluit moet agter in die Kerkordeboek by Bylae 1 ingevoeg word.

Motivering

Die besluit is eintlik selfmotiverend.

So 'n besluit is noodsaaklik aangesien sekere kerkrade nie duidelikheid oor Art. 16 het nie.

8. APPÈLLE

Die volgende appèlle is by die Sinode ingedien:

8.1 Ouderlingeraad AP kerk Parys teen 'n besluit van die Ring van Graniet.

8.2 Ouderlingeraad AP kerk Boksburg teen 'n besluit van die Ring van Germiston.

8.3 Appèl Krause.

8.4 Appèl JHE Adams teen 'n ringsbesluit van die Ring van Steynsburg.

MODUS OPERANDI

1. Alle tersaaklike dokumentasie is aan die verweerders beskikbaar gestel om hul verweer voor te berei en voor einde Mei 1993 in te lewer by die KKS.
2. Oor die ontvanklikheid van elke appèl sal 'n aanbeveling aan die Sinode gedoen word.
3. Alle beskikbare tersaaklike dokumentasie en inligting sal deur die KKS aan die Sinode in sitting voorgelê word.

AANBEVELING 68

Die Sinode besluit ter vergadering oor die hantering van elke appèl.

Verslag: Ad hoc-kommissie i/s Volkereverhoudinge, ens.

1. PERSONEEL

Proff. HS Theron, FAH van Staden, HCG Robertze, WJG Lubbe (sameroeper), R Maré; dr. MFM Pretorius, di. MC Adendorff, DR Schwartz, MP Taute, en die predikante van die gemeentes in Pretoria: di. NJ Rautenbach, RMJ Britz, DT van Loggerenberg, AE van den Berg en AP Viljoen. Laasgenoemde drie lede het versoek om van die Kommissie verskoon te word, en het dus nie die vergaderings bygewoon nie.

Prof. Lubbe is as Voorsitter verkies en prof. Maré as skriba. Nadat die publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" voltooi is, het prof. Lubbe en ds. Adendorff versoek om weens veelvuldige werksaamhede nie die verdere vergaderings waarop oor die vredestaak van die kerk besin moes word, by te woon nie. Prof. Theron is toe as nuwe Voorsitter verkies.

2. OPDRAG

Die twee opdragte van die Kommissie verskyn op bl. 345 van die Handeling van die Vyfde Sinode: 16 – 21 September 1991:

Eerste opdrag

"6.1 Persklaar

Die Sinode dra dit aan die ad hoc-komitee op om die verslag, soos voorgelê aan die Sinode, na afloop van die Sinode so gou moontlik persklaar te maak met inagneming van alle gedagtes deur lede van die Sinode geopper.

Afgevaardigdes kan binne 30 dae na Sinode kommentaar lewer vir oorweging deur die Kommissie.

6.2 Publikasie

Die Sinode dra dit aan die ad hoc-komitee op om die persklaar verslag aan die Publikasiekomitee te besorg vir publiserings en verspreiding.

6.3 Titel

Die Sinode dra dit aan die ad hoc-komitee op om 'n gepaste titel vir die verslag as 'n stuk APK-besinning oor Wêreld, Mens en Kerk vandag, te voorsien.

Die Sinode besluit dat dit na redigering aanvaar word as amptelike stuk".

'n Tweede opdrag is soos volg verwoord:

"Vredestaak

Die Sinode besluit om die ad hoc-kommissie te versoek om 'n studie te maak van wat die vredestaak van die Kerk is en watter implikasies dit vir sy rol in die samelewing het".

3. VERGADERINGS

Die Kommissie het op 20 Maart 1992, 19 Augustus 1992 en 3 Februarie 1993 vergader. Op laasgenoemde datum is die afhandeling van die rapport aan die vier teologiese dosente opgedra.

4. BEGROTING

Die Kommissie het vir R3 200 p.j. begroot (indien dit nodig sou wees om weer so 'n ad hoc-kommissie aan te wys).

5. UITVOERING VAN OPDRAG

5.1 Die eerste opdrag is afgehandel met die verskyning van die pragtpublikasie "Skriflig op Kerk en Volk". Dit word deur die Publikasiekomitee versprei.

Die Publikasiekomitee is ook versoek om dié werk in Engels te laat vertaal en te bemark.

5.2 Die uitvoering van die tweede opdrag (die Vredestaak van die kerk) is vervat in die meegaande Bylae Volk-A.

6. AANBEVELINGS

Die Kommissie beveel aan dat die Sinode soos volg besluit:

6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die publikasie "Skriflig op Kerk en Volk".

6.2 Die Sinode beveel by alle kerkrade aan om te poog dat dié publikasie deur elke gesin aangekoop en goed bestudeer word, aangesien ons standpunte oor baie belangrike sake daarin vervat is.

6.3 Die Sinode neem met dank daarvan kennis dat "Skriflig op Kerk en Volk" in Engels vertaal en wyd bemark sal word, selfs oorsee.

6.4 Die Sinode keur die begroting goed.

6.5 Die Sinode keur die Kommissie se aanbevelings oor "Die Vredestaak van die kerk" goed, neem kennis van die motivering, en stap verder van die saak af.

7. SLOT

Dit was 'n voorreg om op hierdie wyse diensbaar aan ons kerke in kerkverband te wees.

PROF. WJG LUBBE (EERSTE VOORSITTER)

PROF. HS THERON (TWEEDE VOORSITTER)

PROF. R MARÉ (SKRIBA)

Die Vredestaak van die Kerk

A. Die Kommissie beveel aan dat die Sinode die volgende besluit neem:

1. Die Sinode beskou dit as die vredestaak van die kerk dat in elke plaaslike kerk o.m. die vredesboodskap van die Skrif gebring word aan die lidmate, asook aan mense op die terrein van evangelisasie en sending.

2. Die vredesboodskap behels dat

2.1 die versoening wat Christus tussen God en sy kinders gebring het, verkondig moet word (vgl. 2 Kor. 5:20). "Vrede" beteken in die Ou en in die Nuwe Testament meestal en veral: vrede met God (Ef. 2:14–17) of met Christus. Christus het met sy kruisdood en opstanding vrede met God gebring (vgl. Kol. 1:20). Dit is 'n gegewene en nie 'n opdrag aan enige mens of aan die kerk nie. Die inisiatief gaan van God uit. Deur die sondeval het daar onvrede gekom. Die mens kan dit nie herstel nie. Net God kan dit deur Christus doen. Dit is dus 'n vertikale Godsdaad met 'n horisontale resultaat tussen gelowige mense. Buite Jahwe om is daar geen vrede nie (Ri. 6:24)

2.2 die kerk sy lidmate daarin onderrig dat

2.2.1 hulle, as dit moontlik is, sover as dit van hulle afhang, in vrede met alle mense moet lewe (vgl. Rm. 12:18);

2.2.2 vrede nie mag beteken dat gelowiges in dieselfde juk saam met ongelowiges mag trek nie, omdat die lig nie gemeenskap met die duisternis mag hê nie (vgl. 2 Kor. 6:14); sonder die vertikale vrede met God, kan mense nie horisontaal vrede met mekaar hê nie. 'n Gelowige en 'n ongelowige kan dus nie dié diepe vrede met mekaar hê nie;

2.2.3 die vrede wat Christus gebring het, nie blote uitwendige vrede beteken nie. Hy het self gesê dat Hy nie gekom het om vrede op aarde te bring nie, maar die swaard – daar kan nie vrede wees met iemand (of ook met volke) wat Hom nie liefhet bo alles nie (Mt. 10:34–37); daarom is Christus se vrede anders as dié van die wêreld (Jn. 14:27);

2.2.4 vrede en geregtigheid hand aan hand loop (Ps. 85:11);

2.2.5 vredemakers salig genoem word (Mt. 5:9).

3. Dit is nie die taak van die kerk om vrede tussen mense te skep nie. Die kerk is nie daartoe

in staat nie. Die kerk se taak is om die versoening in en deur Christus te verkondig. God laat die saad groei waar Hy wil en Hy gee vrede aan sy kinders.

4. Net soos dit nie die taak van die kerk as instituut is om 'n regeringsmodel vir die owerheid uit te werk nie, is dit ook nie sy taak om vrede tussen volkere en rasse te bewerkstellig nie – dis die taak van die owerheid en die leiers van die verskillende volke. Die kerk het wel die roeping om teen verkeerde regeringsmodelle en teen on-Bybelse vredesinisiatiewe te getuig. Staatsburgers (insluitend kerk-lidmate) moet die owerheid gehoorsaam (Rm. 13:1–7) in alles wat nie in stryd met God se wil is nie (Hd. 4:19; 5:29). Alle lidmate, en veral diegene wat leiersposisies beklee, moet as Christene in hul staatkundige bedrywighede soos 'n soutende sout werk (vgl. Mt. 5:13–16).

Die kerk as instituut het nêrens in die Skrif 'n opdrag ontvang om vredemaker tussen volkere te word nie. Om in vrede met ander te lewe, onderhewig aan die kwalifikasies in die vorige punte gestel, is wel 'n kenmerk van gelowiges. Wat normaalweg as taak van "die kerk" gereken word, lê eintlik op die vlak van gelowiges en van naasteliefde.

B. MOTIVERING

1. Uit die Skrif blyk wat die saak betref, die volgende:

1.1 "vrede" beteken meestal vrede met God of Christus;

1.2 soms het "vrede" te doen met voorspoed en seën, of by uitsondering met die afwesigheid van oorlog. Die teenoorgestelde van vrede is egter meestal nie oorlog nie, maar kwaad, sonde (Jes. 45:7; Jer. 29:11; Ps. 34:15). Iemand wat vrede het, is iemand wat God se guns geniet. 'n Goddelose het nie vrede nie (Jes. 57:21);

1.3 met die koms van Christus word van "vrede op aarde" gesing. Dit beteken dat die Here Jesus 'n volk vergader van mense wie se verhouding deur Hom met God reggestel word. So wys hierdie vrede op redding van sonde, van die dood, van die duiwel en van die hel;

1.4 die ware vrede behels stryd teen duiwelse magte wat die wêreld wil beheers;

1.5 ware vrede hang ten nouste saam met gemeenskap met God;

1.6 vrede met God sluit nie verdrukking in hierdie wêreld uit nie (Jn. 16:33). Deur Christus is die gelowiges egter meer as oorwinnaars;

1.7 vrede ("eirene") beteken ook "orde" (1 Kor. 14:33). God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede. Waar vrede heers, word dus ooreenkomstig God se wil opgetree;

1.8 Heb. 12:14 ("jaag die vrede na") wys nie op vrede tussen mense nie, maar op die Messiaanse vrede. Hierdie vrede heers oor die hart (Kol. 3:15), en bewaar die mens (Fil. 4:7) en gaan alle verstand te bowe (Fil. 4:7);

1.9 "vrede" wys wel soms op vrede tussen mense onderling. So sê Rm. 14:17 dat die koninkryk van God bestaan in regverdigheid, vrede en blydschap, deur die Heilige Gees. Vrede beteken hier dus 'n liefdevolle saamleef *tussen geloofsgenote*. Dit is ook die geval in Sag. 8:16 – die waarheid moet in die regspraak geld, dan sal daar vrede "onder julle kan wees". Vier keer word van vrede met "alle mense" gepraat (Mk. 9:50; Rm. 12:18; 2 Kor. 13:11; 1 Ts. 5:13) – kyk egter die kwalifikasies in punt 2 hier bo gestel;

1.10 wanneer daar van vrede tussen Israel as *volk* en ander volkere sprake is, moet 'n keuse deur die volk (die owerheid) gemaak word (vgl. Dt. 20:10 – 12). Israel kry selfs die opdrag om *nooit* in vrede met die Ammoniete en die Moabiete te leef nie (Dt. 23:6).

1.11 Op enkele plekke word uitdruklik van vrede as "sielorus" gepraat – Rm. 15:13 en Jn. 14:27. 'n Gelowige moet dus van binne "in orde" wees – dit is 'n voorsmaak van die eskatologiese vreugde en vrede. Dit is egter 'n gevolg van die vrede met God. Vrede is ten diepste nie 'n gemoedstoestand nie, maar 'n verhoudingstoestand (in die verhouding met God);

1.12 vrede word meermale ander toegewens of toegebid (vgl. Paulus se groet); dit het dan die betekenis van voorspoed, geluk, vrede wat iemand toegewens word;

1.13 dit moet vir 'n gelowige nie vreemd wees as goddeloses hulle haat en wil benadeel nie. Daar is ook goddeloses wat as "Christene" deurgaan: die wolwe onder die skape.

2. Verdere gevolgtrekkings:

2.1 Daar is geen opdrag dat die *kerk as instituut* vredemaker tussen volke moet wees nie. *Gelowiges* is vredemakers (vgl. Mt. 5:9).

2.2 *Gelowiges* moet vrede soek, najaag. Ware, diepe, eintlike vrede is egter nie met 'n ongelowige moontlik nie. Alleen mense wat met God versoen is deur Jesus Christus, kan hierdie vrede met mekaar deel.

[Afgesien van selfstandige navorsing is ook ruim gebruik gemaak van:

Jager, HJ: Kernwoorden van het Nieuwe Testament, bl. 61 – 65

Pop, FJ: Bijbelse woorden en hun geheim, bl. 547 – 551.]

Verslag:

Finansiële Kommissie

September 1991–9 Augustus 1993

1. PERSONEEL

Die volgende persone het op die FK gedien: Di. CF Swart (voorsitter), AJ Taute, brs. JS Campher, BJM Rossouw, PJ Uys en ds. LD Pienaar (skriba). Die Kommissie het brs. CC du Preez en CJ de la Rey gekoöpteer.

Na die bedanking van br. PJ Uys is ds. JH Engelbrecht (1e sekundus) opgeroep en later ook br. PC Wentzel (2e sekundus), nadat ds. AJ Taute afgetree het.

Die FK spreek graag sy dank uit vir die bydrae wat ds. Taute aan die Kommissie gelewer het, o.a. as voorsitter vir twee termyne.

2. VERGADERINGS

Tot die einde van Maart 1993 is 11 vergaderings gehou, waarvan 2 telefoonvergaderings was, een 'n gesamentlike vergadering met die BRKA, SKK en Kuratorium, en een saam met die BRKA.

3. LASGEWING DEUR SINODE

Die lasgewing aan die kommissie is soos volg hanteer:

3.1 Begrotingsbeheer

Dit is voortdurend toegepas. Die Afdeling Finansies het egter geworstel met probleme toe die boekhouding gerekenariseer is. Gedurende die eerste 6 maande van 1992 kon die rekenmeester nie die volledige finansiële state voorlê nie. Gelukkig is dié probleme opgelos en kon die FK verder sy taak van begrotingsbeheer na behore uitvoer. Spesifieke probleme i.v.m. die begroting van 1992 en 1993 sal later in die verslag behandel word.

3.2 Inbetalings van gemeentes

Hiervan is volledig en gereeld kennis geneem. Waar nodig, is aanbevelings aan die BRKA gedoen, aangesien die taak van invordering van die bydraes aan die BRKA opgedra is.

3.3 Begroting

3.3.1 Begroting vir 1993

Die opstel van die begroting vir 1993 is deur die Sinode opgedra aan die FK, BRKA, SKK en Kuratorium. Dit is gedoen op 'n gesamentlike vergadering wat op 20 Oktober 1992 gehou is. Die volle begroting sal later in die verslag getoon word.

3.3.2 Begroting vir 1994

Dit sal in 'n Aanvullende Verslag aan die Sinode voorgelê word, aangesien dit noodsaaklik is om ten minste 6 maande se syfers beskikbaar te hê om 'n sinvolle begroting op te stel.

3.4 Advies aan BRKA, SKK, Kuratorium

3.4.1 Na elke vergadering is die nodige gegewens aan bogenoemde kommissies oorgedra en aanbevelings gemaak waar die FK dit nodig geag het.

Die FK het nie altyd terugvoering gekry van wat met die aanbevelings gemaak is nie, hoewel die meeste gewoonlik aanvaar is.

3.4.2 In Februarie 1992 het die BRKA die FK om advies gevra i.v.m. die aankoop van die eiendom, nou bekend as die Jeugtuiste. By wyse van 'n telefoonvergadering is sekere besluite op 12 Februarie 1992 geneem en aan die BRKA voorgelê. Dit word behandel by Afd. IV, pt. 1.7.

3.5 Advies aan kerkrade

3.5.1 Geen sodanige advies is gevra nie.

3.5.2 Dit het wel tydens 'n navraag by kerkrade onder die FK se aandag gekom dat daar ringe is wat glad nie die kerkrade in hul ressort se finansiële state nagaan nie. Na aanleiding daarvan het die FK 'n brief aan alle kerkrade en ringe gestuur. Dié besluite van die FK word hiermee as aanbevelings aan die Sinode voorgelê:

3.5.3 AANBEVELINGS

3.5.3.1 Ringe word versoek om toe te sien dat

finansiële verslae van gemeentes deel is van die ring se visitasietaak.

3.5.3.2 Ringe word versoek om, as deel van hulle visitasietaak, gereeld elke gemeente in hulle ringsgebied se finansiële boeke fisies te ondersoek.

3.6 Geouditeerde state BRKA

Die behandeling van die geouditeerde state van 1991 het op 20 Oktober 1992 geskied, as gevolg van die probleme wat ondervind is met die rekenarisering.

Die verdere verduideliking hiervan sal by die behandeling van die begrotings in die verslag gegee word.

3.7 Besteding van Kommissies

3.7.1 Die FK het na elke vergadering die oorskrydings van kommissies van die Sinode ten opsigte van hulle begrotings aan die BRKA uitgewys.

3.7.2 AANBEVELING

3.7.2.1 Die Sinode gee opdrag aan alle kommissies om by elke vergadering van die betrokke kommissie by die Afdeling Finansies navraag te doen oor die stand van sy toegestane bedrag op die begroting.

3.7.3 Die bedrae van oorskrydings sal later in die verslag behandel word.

3.7.4.1 By vorige Sinodes is ad hoc-kommissies aangewys wat uiteindelik sonder begrotings gewerk het.

3.7.4.2 AANBEVELINGS

3.7.4.2.1 Die Sinode dra dit aan die TFK op om in geval van die aanwysing van ad hoc-kommissies dadelik die finansiële implikasies van sulke aanwysings te hanteer.

3.7.4.2.2 Die Sinode besluit om telkens na die aanwysing van 'n ad hoc-kommissie die verwagte omvang van sy werksaamhede uit te wys as riglyn aan die TFK vir beplanning van finansiële laste.

3.8 Advies aan kommissies

Dit is ingesluit in die bogenoemde.

3.9 Dokumentasie

Dit is opgedra aan die kantoorpersoneel onder leiding van die rekenmeester.

Aangesien rekenarisering baie voordele inhou by die boekhouding, is dit geheel en al gerekenariseer. Teen Augustus 1992 was die groeipyne gelukkig uitgeskakel.

3.10 Riglyne

Daar is nie nodigheid om daaraan te verander nie.

3.11 Traktementskaal

3.11.1 Die aanpassing van die traktementskaal van predikante is jaarliks gedoen. Br. CC du Preez, wat baie ondervinding hiervan het, het die basis van berekening opgestel na raadpleging met ander kerke en organisasies.

Dit is deur die Kerkkantoor in Februarie 1992 en Februarie 1993 aan kerkrade gestuur.

3.11.2 Die volgende besluite van die vorige Sinode word weer aangehaal:

3.11.2.1 Persentasieverhoging: Die Sinode volstaan met die huidige reëling nl. dat kerkrade vir hul eie begrotingsdoeleindes 'n persentasieverhoging vir traktement bereken teen die einde van die jaar. Die FK se opdrag is om, indien moontlik, voor die einde van Februarie, aanbevelings vir die aanpassing van traktementskale aan kerkrade te verskaf.

3.11.2.2 Traktementskale: Die Sinode versoek kerkrade vriendelik en dringend om sover moontlik die aanbevole skale toe te pas, ter wille van eenvormigheid en die uitkakeling van ongesonde kompetisie.

Hierdie saak kom weer voor by die beskrywingspunte.

3.12 Reiskostetariewe

Die FK het dié tariewe voortdurend bespreek en aanbevelings aan die BRKA en kerkrade gemaak. Die huidige tarief is (d.w.s. Maart 1993):

3.12.1 Vir Sinodale werk: 80c per km;

3.12.2 Vir gemeentewerk: 85c per km (aanbeveel aan kerkrade).

Hierdie saak kom weer voor by die beskrywingspunte.

3.13 Ander opdragte

3.13.1 Beskrywingspunt van Olifantshoek (1991)

Opdrag: "Die Sinode versoek die FK om ernstige aandag te gee aan die beginsel wat in die beskrywingspunt van Olifantshoek gestel word."

[Die beskrywingspunt het gelui: Die Sinode besluit dat daar nie 15% oorbetalings aan die BRKA van toepassing sal wees op fondse wat op Ringsvlak of gemeentevlak gestig word t.o.v. huisvesting en/of inrigtings (tehuise) vir bejaardes nie.] Handeling bls. 304 pt. 2.8.4.7.

Die FK het die saak as afgehandel beskou aangesien 15% bydraes en Trustfondse gedek word deur die besluit van die Sinode (1991) dat Trustgelde nie onderhewig is aan die oorbetalings van 15% nie.

3.13.2 Begroting vir 1993 (Handeling bls. 335 pt. 2.2.1)

Die opdrag van die Sinode 1991 was: "Die Sinode dra dit aan die FK, BRKA, SKK en Kuratorium op om die begroting vir 1993 op te stel sodat dit onder die heersende omstandighede aansluit en aangepas word by die goedgekeurde begroting vir 1992. Oorleg moet ook met ander kommissies gepleeg word soos nodig.

Hierdie vergadering het op 20 Oktober plaasgevind. Die verslag hiervoor sal by die begrotingsbehandel word.

3.13.3 Begroting van tweejaarlikse Sinodes (Handeling bls. 335 pt. 2.2.2)

3.13.3.1 Die opdrag lui: "Die Sinode dra dit aan die FK op om 'n praktiese reëling uit te werk vir die behandeling van die begroting met 'n tweejaarlikse Sinodesitting met verslag aan die volgende Sinode."

3.13.3.2 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die FK op om jaarliks 'n verantwoordelike begroting op te stel in oorleg met alle kommissies van die Sinode en die RKA.

4. WERKSAAMHEDE VANAF OKTOBER 1991

4.1 Ouditering van boeke en verklaring van ouditeur

Die volgende besluite van die FK word vir kennisname aan die Sinode voorgelê:

4.1.1 Op 23 Oktober 1991 het die FK besluit: Die volgende sal per brief onder aandag van alle kerkrade gebring word:

4.1.1.1 Kerkrade moet toesien dat hul finansiële boeke voor die ringsitting geouditeer word (die boekjaar 1 Jan – 31 Des maak dit moontlik

dat die stukke in 'n redelik stil tyd aan ouditeurs besorg kan word).

4.1.1.2 Kerkrade moet hierin word aan die Sinodebesluit dat die ouditeur 'n sertifikaat moet uitreik waarin verklaar word dat die 15% oorbetaal is.

4.1.1.3 Aan br. De la Rey (rekenmeester) is opgedra om so 'n sertifikaat op te stel.

4.1.2 Geouditeerde state aan Ring

Verder is besluit:

4.1.2.1 Aan Ringe sal die volgende versoek gerig word:

1. Ringe moet sorg dra dat elke kerkraad geouditeerde finansiële state by die ring indien.
2. Ringe moet toesien dat die sertifikaat in verband met juiste oorbetalings van die 15%-bydrae deur die ouditeur uitgereik is en aan die Kerkkantoor gestuur word.

4.1.3 Na aanleiding van navrae i.v.m. die ouditering van die finansiële boeke van kerkrade het die FK op 23 Junie 1992 besluit:

4.1.3.1 Vorige Sinodes het reeds besluit dat 'n kommersiële en finansiële rekenmeester (wat lid is van die Instituut van Rekenkundige Tegnici) ook boeke kan ouditeer en 'n sertifikaat kan uitreik.

4.1.3.2 Aan die Sinode word duidelik gestel dat hierdie besluit geneem is om veral verafgeleë gemeentes te help.

4.1.3.3 Aan die Sinode (en die kerkverband) word duidelik uitgewys dat bogenoemde besluite geneem is om orde in die kerkverband te verseker en dat die sinodale bydraes nodig is vir die noodsaaklike instandhouding van die werksaamhede van die kerk in breër verband.

4.1.4 Besluit van Sinode 1991 i.v.m. 15%-bydrae

Op 23 Oktober 1991 is besluit om die volgende gegewens aan kerkrade deur te gee:

4.1.4.1 Die besluit van die Sinode 1991 (Handeling bls. 303, pt. 2.8.4.1) tree op 1 Januarie 1992 in werking.

4.1.4.2 'n Herinnering dat tot 31 Desember 1991 op *alle* ontvangstes van die kerkraad 15% oorbetaal moet word.

4.1.4.3 Kerkrade wat meer as een bankrekening het, moet toesien dat op *alle* ontvangste 15% oorbetaal moet word.

4.1.4.4 Kerkrade moet daarop let dat alle rekeninge en boeke geouditeer moet word.

4.1.4.5 Ringe word versoek om in hul kerkvi-sitasie toe te sien dat bogenoemde uitgevoer is.

4.1.4.6 Kerkrade sal daaraan herinner word dat dié fondse wat aan die Kerkkantoor oorbetal word, nog steeds vir kerkwerk gebruik word – dat dit dus eintlik in diens van die Koninkryk van God aangewend word.

4.1.5 Agterstallige bydraes van gemeentes

4.1.5.1 Die FK het by meer as een vergadering kennis geneem dat die BRKA ernstige skrywes gerig het aan gemeentes wat nie hulle sinodale verpligtinge nakom nie.

4.1.5.2 Die FK onderskryf die optrede van die BRKA en het die volgende as motivering op-gestel om die BRKA te steun:

1. Alle gemeentes het 'n verpligting ten opsig-te van die kerkverband.
2. Alle gemeentes deel in die voorregte van die Kerkkantoor, kerklike publikasies, die naam van die kerkverband, die teologiese oplei-ding, ens.
3. Gemeentes wat agterstallig is met inbeta-lings moet gevra word om 'n beplanning en begroting in te dien van hoe hierdie ag-terstand uitgewis sal word, en hoe hulle toe-komstige beplanning ten opsigte van Sino-dale verpligtinge verloop.

4.1.5.3 Die FK het ook by die BRKA aanbeveel dat agterstallige bydraes van gemeentes wat ontbind het, afgeskryf word.

4.1.6 Brookhuis

4.1.6.1 Die FK het by elke vergadering kennis geneem van die verwickelinge i.v.m. die op-knap en verbeteringe by Brookhuis (deur mid-del van sy verteenwoordiger op die BRKA).

4.1.6.2 Die FK het by verskillende geleenthe-de aanbevelings aan die BRKA voorgelê, waar-op meestal positief gereageer is.

4.1.6.3 AANBEVELINGS

4.1.6.3.1 *Die Sinode besluit dat aangesien Brookhuis aangekoop is met fondse wat uit eie beskikbare fondse geleen is, moet die bedrag van aankoop mettertyd per begroting terugge-plaas word.*

4.1.6.3.2 *Die Sinode keur die besluit van die FK goed (20 Oktober 1992) dat die koste van die verbeterings aan Brookhuis oor 3 jaar uit die Sinodale begroting verhaal word.*

4.1.6.4 Ter wille van volledigheid word die vol-gende besluite van die FK, geneem tydens 'n telefoonvergadering op 27 Oktober 1992, aan die Sinode deurgegee:

1. Na verdere besinning oor die begroting vir 1993 versoek die FK die BRKA vriendelik, maar dringend, om die oprigting van die aparte geboue vir die Argief en Publikasie-afdeling by Brookhuis voorlopig terug te hou, totdat die ekonomiese en finansiële toestand (ook in kerkverband) verbeter het. (Die beplanning en goedkeuring van die planne kan voortgaan, maar die bouwerk word voorlopig teruggehou.)
2. Die FK oordeel dat die voortdurende droog-te heel moontlik 'n nog groter negatiewe uit-werking op bydraes uit gemeentes sal hê gedurende die volgende paar maande.
3. By die opstel van die begroting het die FK van die standpunt uitgegaan dat personeel-voorsiening op die oomblik voorkeur moet geniet bo die geboue. Daarom is, ten spyte van 'n begrote tekort, sekere verhogings aanbeveel.
4. Aangesien die FK die noodsaaklikheid van die bogenoemde fasiliteite terdeë besef, sal die FK so gou moontlik weer 'n aanbeveling wil maak vir voortgang van die werk, sodra die sinodale fondse dit toelaat.
5. Onder die huidige omstandighede versoek die FK weer eens dat op alle vlakke sover moontlik bespaar moet word (bv. aankoop van die nodige meubels en moontlike be-nutting van die bestaande fasiliteite), aan-gesien die daling in die ontvangstes uit ge-meentes van almal nou groot opofferings vra.
6. Bogenoemde aanbevelings moet gesien word in die lig van ernstige kommer oor die moontlike tekort op die begroting en 'n po-ging om die huidige omstandighede die beste te verwerk.

4.1.7 Jeugtuiste

4.1.7.1 Na 'n versoek om advies van die BRKA oor die moontlike aankoop van die betrokke eiendom, het die FK besluit (12.2.1992):

1. Die Finansiële Kommissie oordeel dat die aankoop van hierdie eiendom nie nou uit eie fondse gefinansier kan word nie.
2. Die Finansiële Kommissie beveel aan dat die aankoop gedoen word by wyse van 'n verbandlening oor 20 jaar. (Indien R50 000 as deposito uit eie fondse beskikbaar gestel word, sal 'n verband op R400 000 oor 20 jaar teen 19% rente per jaar 'n paalement van ± R6 500 per maand beteken).

3. Die Finansiële Kommissie bereken dat 25 studente wat R300 per maand betaal, 'n bedrag van R7 500 inbring. Dit laat 'n klein bedrag vir reparasies, onderhoud, ens.
4. Die Finansiële Kommissie beveel aan dat gepoog moet word om te onderhandel dat die R450 000 oordragkoste ens, insluit.
5. Aan die rekenmeester word opgedra om die beste moontlikheid met 'n finansiële instelling te beding teen die laagste moontlike rentekoers en om dié gegewens aan die BRKA voor te lê.
6. Die Finansiële Kommissie beveel aan dat die projek uiteindelik finansiëel selfstandig moet funksioneer en dat dit tans die minimum bydrae van (sinodale) fondse moet gebruik. (Dit sal ook beteken 'n eie, aparte kommissie vir toesig en kontrole uit dié projek se fondse.)

4.1.7.2 Op 'n vergadering van 7 Mei 1992 het die FK kennis geneem dat die aankoop van die eiendom wel uit beskikbare opgehoopde fondse gefinansier is en dat die verbandlening wat goedgekeur is, gebruik sal word wanneer nodig.

4.1.7.3 Verder is besluit: 'n Rentekoers van 14% per jaar sal op die interne lening gehef word, maar dat tot 31 Desember 1992 slegs 7% gehef sal word. Die rentekoers sal jaarliks hersien word.

4.1.7.4 Op 2 Februarie 1993 het die FK weer die finansiële posisie van die Jeugtuiste bespreek en besluit:

1. dat alleen die oorskot van R3 986 as rente aangewend word;
2. dat die BRKA-fonds die rentelas van die Jeugtuiste vir 1993 met 50% subsidieer (bereken teen 'n rentekoers van 12% per jaar);
3. dat die Beheerraad versoek word om die inkomste, veral losies, so te bereken dat die Jeugtuiste selfonderhoudend funksioneer.

4.1.8 Riglyne vir finansiële bestuur deur kerkrade

4.1.8.1 Die FK het dié stuk wat deur die rekenmeester opgestel is, goedgekeur en met groot dank aanvaar.

4.1.8.2 Die FK het 'n begeleidende brief met dié Riglyne aan elke kerkraad gestuur.

4.1.8.3 AANBEVELINGS

Die Sinode besluit dat:

1. *Elke kerkraad moet toesien dat 'n boekhoustelsel gebruik word wat 'n ontledings-*

kasboek insluit wat maandeliks afgesluit en gerekonsilieer word vir behoorlike kontrole.

2. *Elke kerkraad moet toesien dat beproefde metodes van finansiële kontrole gereeld toegepas word, soos in die handleiding van die rekenmeester uiteengesit en aanbeveel word.*
3. *Ringe word versoek om as deel van hulle visitasietaak elke gemeente in hulle ringsgebied se finansiële boeke fisies te ondersoek.*
4. *Die BRKA word versoek om dit aan gemeentes oor te dra dat streng by hierdie riglyne gehou word, veral in die lig van gevalle waar reeds ongerymdhede voorgekom het.*
5. *Ringe word ernstig versoek om toe te sien dat gemeentes aan hierdie riglyne hou.*

4.1.9 APK-Trustfonds

4.1.9.1 Agtergrond

Die APK-Trustfonds het in November 1989 tot stand gekom met die doel om leraars wat met hul oorkoms na die APK in die aktiewe bediening in ander Gereformeerde kerke gestaan het en hul pensioenvoordele met oorkoms verloor het, by te staan. Van gemeentes is gevra om op 'n voorgeskrewe skaal, volgens hul getalle van belydende lidmate, by te dra tot die fonds.

Die skaal is soos volg goedgekeur:

Getal lidmate	Rand per maand
Tot 20	5,00
21 – 50	10,00
51 – 100	20,00
101 – 150	30,00
151 – 200	40,00
201 – 250	50,00
251 – 300	60,00
301 en meer	70,00

4.1.9.2 Met die stigting van die APK-Trustfonds is besluit dat 'n bedrag van R4 000 per maand belê word tot 1 November 1993 en die Sinode het daarna besluit dat die ontbrekende bedrae maandeliks deur die Sinodale fonds voorsien word.

4.1.9.3 Aangesien die eerste leraars wat uit die APK-Trustfonds voordeel moet trek, gedurende 1993 aftree, word sekere aanbevelings nou aan die Sinode voorgelê.

4.1.9.4 AANBEVELINGS

Die Sinode keur die volgende reëlings rakende die bestuur van die APK-Trustfonds goed:

1. *Die APK-Trustfonds is tot stand gebring om addisionele voordele te voorsien aan leraars*

wat by ander Gereformeerde kerke in die bediening was en by hulle oorkoms na die bediening in die APK hulle pensioenvoordele verloor het.

2. *Bogenoemde leraars moet by aftrede 'n minimum bedrag van R1 500 per maand, voor kommutasie, uit die APK-Pensioenfonds ontvang, bereken vanaf 1 Maart 1993.*
3. *Die bedrag in pt. 2 genoem, word saamgestel uit die toepaslike uitbetaling uit die Pensioenfonds en 'n toelae uit die APK-Trustfonds.*
4. *Die bedrag in pt. 2 genoem, word elke jaar op 1 Maart aangepas met die gemiddelde persentasie waarmee die traktementskaal aangepas word.*
5. *Die pensioentoeleae wat reeds aan afgetredenes betaal word, word elke jaar op 1 Maart aangepas. Hierdie aanpassing word jaarliks deur die FK bereken teen 'n koers wat wissel tussen 'n minimum van 0% en 'n maksimum van 5%, onderhewig aan die stand van die Fonds.*
6. *Aangesien dit noodsaaklik is dat die uitbetaling van die toelae een of ander tyd uitgefaseer word, word dit vir die doeleindes van bepaling van die toelae aanvaar dat leraars in pt. 1 genoem wat ná 1 Julie 1990 by die APK in diens getree het, vir berekening van die toelae beskou word asof hulle op 1 Julie 1990 in diens getree het.*
7. *In die geval waar 'n leraar vóór 1 Nov 1993 (die datum van uitbetaling van die huidige belegging) met pensioen aftree, sal die bedrag van die toelae, uit die APK-Trustfonds benodig, voorsien word uit BRKA-fondse. Sodanige bedrae sal dadelik uit die belegging terugbetaal word op 1 November 1993.*
8. *Die beginsel van die weduwee-pensioen, soos toegepas in die APK-Pensioenfonds, is ook van toepassing op hierdie toelae.*
9. *Aan die FK word opgedra om jaarliks 'n evaluasie van die APK-Trustfonds te maak, met gereelde verslag aan die Sinode.*

4.1.10 Begroting vir 1993

4.1.10.1 Die opdrag van die Sinode is reeds in die verslag aangehaal – 3, 13.2 (Handelinge 1991 bls. 335 pt. 2.2.1).

4.1.10.2 Voor dié gesamentlike vergadering het die FK vergader en 'n voorlopige begroting opgestel. Uit die beskikbare gegewens is die volgende kort verslag aan die gesamentlike vergadering voorgelê.

1. Die aangevraagde uitgawes van die verskillende instansies beloop R3 084 500.
2. Die ontvangstes van 9 maande (end September 1992) beloop R1 732 504. Die FK bereken

dat die ontvangstes van 1992 nie meer as R2 200 000 sal beloop nie.

3. Die FK kan dus nie die aangevraagde bedrae vir uitgawes aanbeveel nie.
4. Die FK beveel dus aan:
 - 4.1 Elke kommissie word gevra om sy begroting met groot verantwoordelikheid te hersien, sodat die groots-moontlike besnoeiing van uitgawes teweeggebring kan word en terug te rapporteer vóór 15 November 1992.
 - 4.2 Dat die BRKA en FK voor die end November 1992 dié hersiene begroting heroorweeg en finaliseer.
 - 4.3 Die huidige berekende tekort van R900 000 word uiteindelik voorsien deur 'n bankoortrekking, deur die BRKA gereël.
 - 4.4 Bogenoemde maatreëls mag die hou van 'n buitengewone sinode voorkom.

4.1.10.3 Die volgende besluite is op die gesamentlike vergadering geneem:

1. Aanbevelings van die FK:
 - 1.1 Word nie goedgekeur nie (4.1 hierbo).
 - 1.2 Verval (4.2 hierbo).
 - 1.3 Word met wysiging soos volg goedgekeur: Die huidige berekende tekort van R900 000 word uiteindelik, indien nodig, voorsien deur 'n bankoortrekking, deur die BRKA gereël, tot 'n maksimum bedrag van R1 miljoen (4.3 hierbo).
- 2.1 Die vergadering steun die aanbevelings van die FK aan die BRKA dat die BRKA kerkrade ernstig versoek om inbetalings van die gemeentelike bydraes getrou te doen, in die gees wat die sinode besluit het.
- 2.2 Die vergadering versoek die SKK om, indien dit nodig blyk, die Sinode van 1993 vroeër te reël as September 1993.

4.1.10.4 Die begroting vir 1993 is soos volg deur die gesamentlike vergadering goedgekeur:

TOTALE BEGROTING

1. ONTVANGSTE	R2 200 000
2. UITGAWES	
2.1 Kuratorium	
Dosentevergoeding	R 455 950
Reiskoste: Dosente	28 800
Reiskoste: Vergaderings	30 000
Biblioteekfonds	20 000
Willie Lubbe Studiefonds	30 000
	R 564 750

2.2 SKK

Sinode-uitgawes	R 50 000
Bedieningsuitgawes	350 000
Die Boodskapper	150 000
Reiskoste: Vergaderings	40 000
Studiefonds: Leraars	150 000
(FK aanbeveling R50 000)	
	<u>R 740 000</u>

2.3 BRKA

Bankkoste	R 6 000
Diverse	5 000
Huur van Toerusting	8 000
Instandhouding van geboue, ens.	40 000
Munisipale Koste	40 000
Ouditgelde	2 250
Posgeld	20 000
Regskoste	5 000
Reiskoste: Administrasie	30 000
Reiskoste: Vergaderings	45 000
Salarisse: Administrasie	1 020 000
Skryfbehoeftes	40 000
Spaarplan-leraars	13 000
Telefoon	35 000
Versekering	8 000
Verversings	10 000
	<u>1 327 250</u>

Kapitale items:

Meubels en Toerusting	75 000
Verbeterings: Geboue	350 000
	<u>R1 752 250</u>

2.4 Kommissiewerk

Argief	R 3 000
Barmhartigheidsdiens	3 000
(FK aanbeveling R8 000)	
Bybelvertaling	7 000
Ekklesia (ad hoc)	2 000
Finansies	10 000
Gemeentelike Bediening	2 000
(FK aanbeveling R6 000)	
Jeug	9 000
Kapelaansdienste	2 000
(FK aanbeveling R7 000)	
Kerkleer en Etiese Norme	10 000
Kerkmusiek	15 500
Kerkregtelike Sake	20 000
Liturgie	2 000
Onderwys en Opvoeding	10 000
Sending	7 000
(FK aanbeveling R10 000)	
Vaalterrein	4 000
Volkereverhouding (ad hoc)	3 000
Vroueaksie	3 000
	<u>R 112 500</u>

3. OPSOMMING

Kuratorium	R 564 750
SKK	740 000
BRKA	1 752 250
Kommissies	112 500
	<u><u>R3 169 500</u></u>

4.1.10.5 Besparing

Voortspruitend uit die opstel van die begroting is ook by die BRKA aanbeveel:

1. dat dringende besparing toegepas moet word by die aankoop van meubels;
2. dat 'n grondige behoeftebepaling steeds toegepas moet word;
3. dat personeelvoorsiening steeds voorkeur moet geniet, sodat die kerklike werksaamhede kan voortgaan, soos nodig.

4.1.10.6 Verduidelikings by die begroting

1. Munisipale koste (R40 000 teenoor R10 000 in 1992). Dit is te wyte aan die twee eienomme wat verhoogde uitgawe beteken.
2. Reiskoste – administratief (R30 000 teenoor R20 000 in 1992). Dit word meegebring deur verhogings in uitgawes asook al groter volume werk soos pos afhaal en versendings.
3. Salarisse – administratief (R1 020 000 teenoor R650 000 in 1992). Die gewone verhogings in salarisse is toegepas. Aansienlike uitbreiding in die getal personeellede is nodig as gevolg van die werk in die Kerkkantoor wat steeds uitbrei.
4. Instandhouding (geboue, terrein, meubels) (R40 000 teenoor R20 000 in 1992). As Brookhuis betrek word, sal heelwat ekstra koste vir instandhouding van twee eienomme nodig wees.
5. Telefoon (R35 000 teenoor R25 000 in 1992). As die administrasie na Brookhuis verskuif, sal addisionele telefoonvoorsiening nodig wees. Moontlike verhoging in telefoonhuur en -koste is ook ingereken.
6. Meubels en toerusting – kapitale items (R75 000 teenoor R30 000 in 1992). Met die uitbreiding van kantoorruimte, sal dit nodig wees om addisionele meubels aan te koop. Die FK verwys na sy versoek aan die BRKA i.v.m. die aankoop van meubels (pt. 4.10.5).
7. Verbeterings, geboue (R350 000 teenoor R15 000 in 1992). Die bedrag sluit die eerste deel in van die verhoging van die koste om Brookhuis op te knap. Die presiese bedrae sal later, as die werk voltooi is, verstrek kan word.
8. Kuratorium. Hoewel dit nie in die begroting goedgekeur is nie, moet gemeld word dat die Kuratorium R126 109 aangevra het vir 'n addisionele dosentepos. Die FK het geoordeel dat dit onder die huidige omstandighede nie moontlik is om dié bedrag aan te beveel nie.
9. Amptelike blad (SKK) (R150 000 teenoor R130 000 in 1992). Die FK het dié bedrag

wel aanbeveel as gevolg van verhoogde druk- en versendingskoste. Die FK het ook aanbeveel dat die intekengeld verhoog word as hulp om die uitgawes te dek. Dit is reeds gedoen. Die FK beskou Die Boodskapper as 'n baie belangrike middel in die Kerk se werksaamhede en het daarom so 'n verhoging aanbeveel.

10. Studiefonds, leraars (R150 000 teenoor R50 000 in 1992). Die beginsel van hulp aan leraars wat na die APK oorkom en hul studieleninge elders dadelik moet terugbetaal, is reeds by 'n vorige sinode aanvaar. Die FK het 'n bedrag van R50 000 aanbeveel, maar lede van die SKK het dringend gevra dat die bedrag na R150 000 verander word, aangesien die bedrag dadelik aan ander banke vereffen moes word.
11. Kommissiewerk. Soos uit die goedgekeurde begroting blyk, het die gesamentlike vergadering die aanbevelings van die FK in sommige gevalle nog verander, om verdere besparing teweeg te bring. In die 1992-begroting het kommissiewerk R144 500 beloop.

'n Verdere verandering is aangebring deur dat onder die hoof "Verversings" alle ete-uitgawes van kommissies inbereken is.

12. Ten spyte van die aanbeveling en besluit om, indien nodig, 'n bankoortrekking aan te vra, hoop die FK dat dit nie nodig sal wees nie. Die FK glo dat as elke gemeente gereeld sy sinodale bydrae lewer, in die gees van die sinodebesluite, die begroting verhaal sal word en die kerk se werk steeds sal voortgaan en groei.
13. Die FK oordeel dat die Sinode moet kennis neem van die volgende opmerking in die verslag van die ouditeur (3 September 1992): "Die RKA toon vir ons die tipiese beeld van 'n onderneming wat baie vinnig gegroei het en waar die bemanning van die finansiële administrasie nie hiermee tred gehou het nie".

Daarom het die FK weer eens sy innige dank uitgespreek aan die personeel van die Afdeling Finansies wat, ten spyte van probleme en groot werkdrukke, hulle taak nougeset nagekom het. Die FK het op 'n stadium bereken dat die personeel R7,5 miljoen hanteer het – 'n taak wat ons glo, groot verantwoordelikheid verg.

5. BEGROTING VIR 1994

Die begroting vir 1994 sal DV teen die einde van Julie 1993 opgestel word, sodat minstens 'n halfjaar se syfers beskikbaar is. Dit sal dan in 'n Aanvullende Verslag aan die Sinode voor-

gelê word, tesame met die verslae oor die vorige 2 jaar se syfers.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 Die volgende beskrywingspunte is aan die FK voorgelê en is behandel:

6.1.1 Ring van Graniet

6.1.1.1 Die Sinode besluit om 'n heffing van 10% te plaas op alle gemeentelike inkomste – slegs die rente op gemeentelike beleggings uitgesluit.

Motivering

As gevolg van die omvang van die oortrokke bankrekening van die BRKA is dit uiters noodsaaklik dat daar so spoedig moontlik 'n verandering kom in die situasie – eerder dan 'n 10% heffing, maar tog op alle gemeentelike inkomste.

6.1.2 Ring van Dendron

'n Kerkraad moet toegelaat word om rente wat betaal word op lenings af te trek van sy totale ontvangste vir die berekening van sy Sinodale bydrae.

6.1.3 Ring van Graniet

Die Sinode besluit om indringend te kyk, en ferm op te tree, teen plaaslike kerke wat nie hulle 15%-verpligtinge nakom nie.

6.1.4 Ring van Graniet

Ringe word versoek om seker te maak dat die kerke binne hulle ressort hul verpligtinge nakom.

Motivering

Die kerk ly skade onder hierdie onverantwoordelikheid van sommige plaaslike kerke, wat alle voordele geniet; en die groot oortrokke rekening waarmee die BRKA sit, is nie gerusstellend nie.

6.1.5 Ring van Vereeniging

Aanstelling van 'n interne ouditeur vir die APK. Die Sinode besluit om 'n interne ouditeur (wat 'n geoktrooieerde rekenmeester is) aan te stel.

Motivering

1. Dit sal 'n eenvormige, kundige en professionele ouditering meebring en wanpraktyke uitskakel.

2. Dit behoort nie meer te kos as wat gemeentes tans gesamentlik vir ouditering betaal nie.

6.1.6 Ring van Vereeniging

Hersiening van traktementskale. Die Sinode besluit:

Dat die aanbevole traktementskale in die heersende benarde ekonomiese omstandighede elke 3/5 jaar hersien word.

Motivering

1. Die steeds verswakke ekonomiese omstandighede met toenemende afdankings, uitdiensstellings, salarisvermindering, werkloosheid en algemene nood, gepaard met gedurige kostestygings het 'n nadelige uitwerking op gemeentes se finansies sodat daar 'n afplating en selfs verlaging van reële inkomste kan wees ten spyte van groei in lidmatetal.
2. In hierdie omstandighede is jaarlikse hersiening van traktementskale nie realisties of haalbaar nie.
3. Volgens die beroepsbrief is gemeentes reeds verbind tot 'n jaarlikse kerfaanpassing wat nog moontlik bygebring kan word.
4. Afgesien van bedieningskoste, moet gemeentes ook rekening hou met ontwikkelingsbehoefte soos doelmatige plekke van aanbidding, geskikte huisvesting vir leraars, doeltreffende administrasie en behoorlike besoldiging van amptenare asook noodleniging en barmhartigheidswerk wat oral 'n groter behoefte word.

Gemeentes moet in staat wees om 'n balans te handhaaf tussen al die eise aan hulle finansiële vermoëns.

5. Veral kleiner gemeentes kan begin noustrop trek en as gevolg daarvan hulle leraars se werkklas onrealisties verswaar deur kombinasies of bykomende ooreenkomste aan te gaan in 'n poging om met die stygende bedieningskoste tred te hou. Die koste styg egter so dat bediening buite die vermoë van sulke gemeentes raak.

6.2 AANBEVELINGS

Die FK lê die volgende aanbevelings aan die Sinode voor:

6.2.1 Beskrywingspunte 6.1.1 (Ring van Graniet) en 6.1.2 (Ring van Dendron) word gesamentlik behandel. T.o.v. gemeentelike bydraes keur die Sinode goed dat:

1. **die basis van Sinodale bydrae soos in 1987 en 1988 besluit, word weer toegepas. Die Sinode bevestig ook die besluit van 1988, nl. die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste.**
2. **Alle gemeentes dra tot die Sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.**
3. **"Totale kontantontvangste" sluit o.m. in:**
 - insamelings van susters, jeug, diakonie, ens.
 - rente ontvang op beleggings van die kerkraad.
4. **In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetal, nie 'n tweede keer bereken vir die persentasie-bydrae nie.**
5. **Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie kontantontvangste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, is dit 'n kontantontvangste.**
6. **Die Reserwefonds word verander na 'n Bedryfsfonds, sodat die beginsel en ideaal van die kontantbedryf van die administrasie bereik kan word. (Notule 1988, bls. 41, pt. 8.1.2 en 8.1.3.)**
7. **Die persentasie vir die Sinodale bydrae word elke jaar deur die FK hersien, in die lig van heersende behoeftes, en aan die Sinode voorgelê.**

6.2.2 Beskrywingspunt 6.1.3 (Ring van Graniet)

6.2.2.1 Die RKA besluit dat die beginsel van die beskrywingspunt aanvaar word t.w. dat ferm opgetree word teen Kerkrade wat hulle 15% bydrae versuim.

6.2.2.2 Die RKA besluit om te volstaan met die optrede van die BRKA nl. dat ernstige vermanings skriftelik gerig word aan alle gemeentes wat nie hul verpligtinge nakom nie.

6.2.2.3 Motivering:

Die reaksie op hierdie skrywes was baie positief en die FK oordeel dat dit voldoende is. (Raadpleeg Afd. 4 pt. 4.1.5)

6.2.3 Beskrywingspunt 6.1.4 (Ring van Graniet)

Die RKA neem kennis dat die FK reeds 'n brief aan kerkrade gerig het (Verslag Afd. 3 pt. 3.5) en besluit verder:

Ringe moet as deel van hulle visitasietaak sorg dra dat elke kerkraad gereeld sy finansiële

verpligtinge teenoor die RKA nakom. (Raadpleeg ook Verslag Afd. 4 pt. 4.1)

6.2.4 Beskrywingspunt 6.1.5 (Ring van Vereniging)

Die RKA besluit om die beskrywingspunt oor die aanstelling van 'n interne ouditeur in die Sentrale Kerkkantoor nie te aanvaar nie – op grond van die volgende redes:

1. Dit sal moeilik werk in die praktyk;
2. Dit sal nie die probleme oplos nie;
3. Elke kerkraad is verantwoordelik vir sy eie finansiële bestuur.
4. Voorsiening is juis gemaak dat 'n kommersiële en finansiële rekenmeester ook 'n kerkraad se finansiële boeke kan nagaan.

6.2.5 Beskrywingspunt 6.1.6 (Ring van Vereniging)

Die RKA besluit om die beskrywingspunt oor die 3/5-jarige hersiening van traktementskale nie te aanvaar nie.

Motivering

1. Die traktementskaal is 'n aanbeveling aan kerkrade.
2. As die aanpassings nie jaarliks gedoen word nie, het die ondervinding geleer dat die aanpassings dan 'n geweldige persentasie beloop; dus 'n nog groter skok na 3 of 5 jaar.
3. Die Sinode het reeds besluit dat die traktementskaal verband moet hou met ander instansies en kerke se besoldiging.
4. By elke aanpassing van die traktementskaal word sover moontlik, alle faktore in aanmerking geneem.

7. SLOT

Die FK hoop dat hy hiermee sy opdrag en lasgewing na behore nagekom het. Die Sinode word 'n geseënde en vrugbare sitting toegebid. Mag ook die finansies aangewend word slegs om die Koning van die Kerk te dien.

DS. CF SWART (VOORSITTER)

DS. LD PIENAAR (SKRIBA)

Verslag: Kommissie vir die Kerkargief

1. PERSONEEL

Die kommissie bestaan uit di. WM Grové (Voor-sitter tot emeritering), AP Boshoff (Waarnemende Voor-sitter), ouderlinge AHP Louw (Waarnemende Skriba), GC Gouws en mnr. AJ van der Nest (gekoöpteerd).

2. VERGADERINGS

Twee vergaderings is te Pretoria gehou op 3/2/1992 en 28/3/1993.

3. VIR KENNISNAME

3.1 Geen geskikte lokaal

Die kommissie kon nog steeds geen tasbare werk doen nie omdat 'n geskikte lokaal nog nie beskikbaar was nie. Die kommissie het nog geen antwoord van die SKK ontvang i.v.m. ruimte vir die argief in Brookhuis nie.

Die kommissie wil graag weet of daar nie TY-DELIK ruimte vir die argief by die Teologiese Skool ingeruim kan word sodra die kerk-administrasie na Brookhuis verskuif nie. Voordat 'n lokaal nie beskikbaar is nie, kan NIKS konstruktief gedoen word nie.

3.2 Hulpaanbieding

In die lig van die antwoorde op navrae wat van hierdie kommissie uitgegaan het, besin die kommissie daarvoor of hy nie meer doelgerig 'n OPVOEDINGSAKSIE (inligtingskonferensies) rondom BEWARING, INLIGTING en SKOLING aan die gang moet sit nie, veral met die oog op die vinnige wisseling van ons skribas (gewoonlik onbetaalde amptenare) in gemeentes en ringe.

Onberekenbare skade kan aangerig word. Elke ringskriba behoort die skakelpersoon te wees. Ringskribas kan per geleentheid, soos op die teologiese dag, saamgetrek word vir 'n konferensie – of tydens 'n soortgelyke geleentheid. Streekkonferensies kan ook gereël word.

3.3 Brief met riglyn

Uit vorige verslae en sinodale besluite is riglyne vir die gemeente se argief opgestel, en 'n bruikbare skema vir die inrig van 'n argief is

saamgestel. Hierdie stukke is uitgestuur aan alle gemeentes, ringe en sinodale kommissies.

Die kommissie is bereid om verdere afskrifte van genoemde stukke beskikbaar te stel aan enige gemeente, ring of sinodale kommissie wat hierin belangstel.

3.4 Dooplidmaatregister

Voordat 'n standaard dooplidmaatregister ontwerp kan word, is daar sekere vrae wat hierdie kommissie aan die adres van die KKS gerig het. Geen antwoord is tot op hede op hierdie navrae ontvang nie.

3.4.1 AANBEVELING

Die Sinode herhaal sy opdrag van 1991 aan die Permanente Kommissie vir die Kerkargief om voort te gaan met die ontwerp van 'n dooplidmaatregister.

4. WYSIGING VAN LASGEWING (KAVF) K.O. BOEK BL. 110

4.1 Bewaring van argiefmateriaal (lasgewing C 1)

4.1.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om punt 1 van die lasgewing soos volg te wysig:

Voeg by na die kommapunt 'n nuwe sin: "Vir die groot verantwoordelikheid en taak van die bewaring van alle argiefmateriaal in gemeentelike-, rings- en sinodale verband – is kerklike liggame (Kerkraad, Ring, Sinode en Sinodale kommissies) die eerste bron en hulp."

4.2 Skakelpersone vir Kommissie vir die Kerkargief

Gemeentelike-, rings-, sinode- en sinodale kommissies se skribas wissel teen 'n vinnige tempo wat meebring dat argiefsake hieronder ly. As die skriba, op elke terrein, in sy posbeskrywing spesifiek getaak word om argiefsake te hanteer, sal daar minder leemtes in ons "grondvlak argief" voorkom.

Die kommissie beveel aan dat skribas uit hoofde van hulle aanstelling as skakelpersone met die Kommissie van die Kerkargief sal

dien volgens riglyne wat deur die Permanente Kommissie vir die Kerkargief daargestel word.

4.2.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om lasgewing C1 verder uit te brei met die volgende besluit: "Die skribas van die kerkrade, ringe, sinodes en sinodale kommissies het as deel van hulle opdrag dat hulle die verantwoordelike persone vir versameling van argiefmateriaal en skakelpersoon met die Kommissie vir die Kerkargief is.

4.3 Inrigting van argiewe

4.3.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om lasgewing C8 te wysig om soos volg te lees: "skakel voortdurend met kerkrade, ringe en permanente kommissies met die oog op argiefbewustheid;"

5. VOORLIGTING

Die kommissie gewaar 'n leemte wat argiefsake aanbetref en wil dit graag ondervang deur skoling en inligtingskonferensies waarby skribas betrek word. Hierdie voorligtingskonferensies kan in sinodale verband, in ringsverband of op streeksvlak aangebied word.

5.1 AANBEVELING

5.1.1 Die Sinode besluit dat die Permanente Kommissie vir die Kerkargief 'n opvoedingsaksie rondom bewaring, inligting en skoling van stapel sal stuur waarby skribas betrek word.

5.1.2 Die Sinode oorweeg om betrokke instansies te subsidieer ten opsigte van koste vir hierdie konferensies.

6. ARGIVARIS

6.1 AANBEVELING

Die Sinode keur dit goed dat die BKRA gedurende 1993 'n argiefkundige persoon, deeltjys, kan aanstel, om uitvoering te gee aan die opdragte van die kommissie.

7. BESKRYWINGSPUNTE

7.1 Ring van Beaufort-Wes

Dat daar elke jaar 'n fotostatiese afdruk van die volledige lidmateregister en volledige doopregister aan die Ring voorsien word.

Motivering

1. Indien 'n volledige afskrif voorsien word, kan die vorige jaar se afskrif vernietig word.
2. Dit skakel foute uit, want fotostate is korrekte afskrifte. As dit met die hand oorgeskryf word — elke jaartal se lidmate net bygevoeg word, soos tans gedoen word — kan foute gemaak word.
3. Die afskrif by die sinodale argief is dan meer korrek, want as iemand wat byvoorbeeld al vir 10 jaar lid is, te sterwe kom, kan dit nie op die sinodale afskrif volgens die huidige stand van sake reggestel of aangeteken word nie.
4. Dit skakel arbeid uit — in baie gemeentes word die skriba se werk nog gratis in 'n persoon se privaat tyd gedoen en is dit nie 'n betaalde kantoorporpos nie. Dit skakel ook arbeid by die sinodale argief uit.

7.2 AANBEVELING

Die Sinode keur dit goed dat kerkrade jaarliks 'n netjiese fotostatiese afdruk van goeie kwaliteit van die volledige lidmate- en doopregisters aan die Ring voorsien vir deursending aan die Sentrale Kerkkantoor.

8. ANDER SAKE

8.1 Rekenaarprogram vir die argief

Die kommissie verwys alle navrae na ds DR Schwartz van APK Buhrmansdrif vir raad en leiding.

9. BEGROTING

Met die verstandhouding dat volgens 'n vorige begroting en daaropvolgende versoek, genoegsaam fondse beskikbaar gehou word vir die doelmatige toerusting van die uiteindelijke argieflokaal, vra hierdie kommissie weer net vergaderingskoste: R1 500,00.

Indien die Kommissie vir Finansies verhoging in die kilometer tarief vir reise voorsien, vra ons dat hulle goedgunstiglik bogenoemde bedrag dermate aanpas.

8. SLOT

Die Kommissie vertrou dat hy sy opdrag bevre digend uitgevoer het en bid die Sinode van 1993 die Hemelvader se rykste seën toe op sy vergadering en dit wat daaruit voortvloei.

Namens die Kommissie

DS AP BOSHOF
(WAARNEMENDE VOORSITTER)

Tweede Verslag van die Ad Hoc-Kommissie Insake “Ekklesia”

1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Prof. FAH van Staden, dr. Cl van Heerden, di. JJ (Jurie) Venter, AJ van Niekerk, JA du Plessis en AS van Jaarsveld.

2. PERSONEEL

As Voorsitter is aangewys ds. JJ Venter, en as skriba ds. AS van Jaarsveld.

3. VERGADERINGS

Die Kommissie se opdrag deur die Sinode 1990 is deur 'n besluit van die Sinode 1991 gekontinueer met dieselfde personeel. Vir die afhandeling van sy opdrag het die Kommissie slegs een keer weer vergader en wel op 9 Maart 1993.

4. SINODALE OPDRAGTE

4.1 Sinode 1990

“Die Sinode besluit om rustig voort te gaan met die benaming van die Kerk (Kerke) soos dit tans is, om 'n Ad hoc-kommissie te kies met die opdrag om die Bybelse gegewens en kerkregtelike beginsels te bestudeer en met 'n aanbeveling na die volgende Sinode te kom”.

4.2 Sinode 1991

“Die Sinode besluit om sy opdrag aan die Ad hoc-kommissie insake ‘Ekklesia’ deur die Sinode-1990 gegee, te kontinueer as 'n studie-groep met dieselfde lede en verslag aan die volgende sinode”.

5. VERSLAG AAN SINODE 1993

5.1 Hierdie verslag word as finale verslag eenparig deur die Kommissie voorgelê. Ds AJ van Niekerk was nie teenwoordig met die vergadering van 9 Maart 1993 nie.

5.2 Op die vergadering van 9 Maart 1993 is besluit dat die eerste verslag se inhoud herformuleer moet word met wysigings en aanvulling soos besluit.

6. STUDIEMATERIAAL

Die studiemateriaal, soos vermeld in die eerste

verslag aan die Sinode 1991 het grootliks dieselfde gebly.

7. BYBELSE GEGEWENS

7.1 Die Griekse woord “Ekklesia” beteken 'n vergadering van persone gekonstitueer deur duidelik omskrewe lidmaatskap. As begrip om die Kerk van Christus te beskrywe, vind ons in die Nuwe Testament twee gebruike nl. om die Kerk van Christus as universele Kerk aan te dui nl. “wat van die begin van die wêreld daar was en tot die einde daar sal wees” (NGB art 27), én om die Kerk van Christus in sy plaaslike verskyning aan te dui bv. “die gemeente van God in Korinthe” (I Kor. 1:2).

7.2 Ten tye van die verskyning van die Nuwe Testamentiese boeke het kerkformasies, kerkverband en vergaderings van die kerkverband nog nie bestaan soos ons dit vandag ken nie, veral nie georganiseer nie. Kerkverband het in wese en praktyk bestaan soos blyk uit die onderlinge verkeer tussen plaaslike kerke, korrespondensie en gemeenskaplike optrede bv. die hulpverlening deur die gemeentes van Macedonië aan gelowiges in Judea (2 Kor. 8:1 – 4).

7.3 Die Nuwe Testament ken 'n gemeenskap (koinonia) van selfstandige kerke (gemeentes) wat vrywilliglik 'n gemeenskaplike leer, kerkregering en erediens handhaaf. Hierdie gemeenskap dra 'n geestelike karakter en gee uitdrukking aan die eenheid soos blyk uit Skrifgedeeltes wat op kerkverband betrekking het. Daar is geen aanduiding dat 'n nuwe vorm van “kerk” tot stand kom nie. Die belangrikheid en noodsaaklikheid van kerkverband, blyk uit die volgende:

7.3.1 Die universele kerk (die een Liggaam van Christus) verskyn in die geskiedenis as plaaslike kerke wat tot stand kom, en gevolglik rus die kerkverband op Goddelike reg soos deur die Heilige Skrif geopenbaar.

7.3.2 Skrifgedeeltes wat die noodsaaklikheid van kerkverband aandui, is bv. 1 Kor. 16:1 – 3; 2 Kor. 8:1 – 4; 1 Kor. 11:16, 12:26; Rom. 15:26; 1 Kor. 14:26 – 40; 1 Kor. 7:17; Hand. 15.

7.3.3 Die plaaslike kerk word deurgaans as selfstandige kerk eerbiedig. Die eenheid van die bestaande kerke rus prinsipieel in die verhouding tot Christus as Hoof van sy Kerk en

vind sy uitdrukking in die gemeenskaplike belydenis en gemeenskaplike optrede.

7.3.4 Die kerkverband dien die welwese van die kerke. Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord (ooreenkoms) van die kerke in kerkverband as 'n uitdrukking van die eenheid deur Skrif en Belydenis. Vergaderings van die kerkverband in ooreenstemming met Skrif, Belydenis en Kerkorde, tree gevolglik op met bindende gesag, en alle plaaslike kerke en lidmate, moet solank hulle in die kerkverband soos deur die Kerkorde gereël, bly, die gesag van meerdere vergaderings as bindend aanvaar.

8. KERKREGTELIKE BEGINSELS

8.1 Die Gereformeerde kerkregering handhaaf die volgende uitgangspunte, nl. Jesus Christus as enigste Hoof van sy Kerk, die Heilige Skrif as enigste bron vir die beginsels van kerkregering (die sg. *jus constituendum*), die regering van die kerk deur die ampte wat Christus daartoe aanwys, die plaaslike kerk as selfstandige kerk en die noodsaaklikheid van die kerkverband vir die welwese van die kerke in kerkverband en die eenheid in Christus.

8.2 Toetrede tot die kerkverband deur 'n plaaslike kerk geskied deur wedersydse bewilliging. So word die vrywillige beginsel van toetrede gehandhaaf, aangesien 'n plaaslike kerk kan ontstaan en bestaan as 'n selfstandige, komplee, geïnstitueerde kerk, sonder kerkverband. Die volgende aanhaling verduidelik die beginsel: "Op dezelfde wijze echter als de enkele gelowige zich vrywillig onder het geestelyk opzicht van het plaaslyke instituut stelt en te eniger tyd uit dat instituut kan uittreden, zoo ook rust het verband van de onderscheidene gemeenten op onderlinge toestemming en kan daarom ook weer verbroken worden. De plaatselijke gemeente kan uit het verband treden zonder dat zy ophoudt kerk te zyn". (BB Keet: Na Honderd Jaar, pp. 12 – 13.)

8.3 Sodra 'n plaaslike kerk tot 'n bepaalde kerkverband toegetree het deur wedersydse bewilliging en solank daar in die kerkverband gebly word, is die gemeenskaplike akkoord soos vervat in die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls bindend vir alle plaaslike kerke en lidmate, met insluiting van o.a. die naam waarin eiendom geregistreer en waartoe die kerke in kerkverband besluit het.

8.4 Om konsekwent reg te laat geskied aan die gegewens vermeld in punte 7.1 tot 7.3.4 hierbo, moet die opvatting dat die kerkverband 'n nuwe heilsinstituut (kerk) tot stand bring deur die samevoeging van kerke in kerkverband, af-

gewys word. 'n Bekende voorbeeld van hierdie afwyking van punte 7.1 tot 7.3.4 is die hiërargiese eenheidstruktuur van die Rooms Katoelike Kerk. Ook word die opvatting van geen kerkverband of van 'n losse verband sonder enige bindinge soos verteenwoordig deur die Independentisme, deur die Gereformeerde kerkregering afgewys in ooreenstemming met punte 7.3.1 tot 7.3.4 hierbo. Die Kollegiale stelsel van kerkregering wat die kerk sien as 'n vereniging van mense wat besluit het om saam 'n kerklike gemeenskap te vorm, en die kerkverband as die groter vereniging waarvan die deelnemende plaaslike kerke takke is, word eweneens deur bogemelde Skrifgegewens en uitgangspunte sterk afgewys.

8.5 Deur die kerkregering as Presbiteriaal te karakteriseer, word uitdrukking gegee aan die Skrifwaarheid van die ouderlinge as regeeramp. Die gesag waarmee regeer word, of dit nou die ouderlingevergadering is, die gesamentlike kerkraad, die vergaderings van die kerkverband nl. ring en sinode – deurgaans bly die gesag in wese dieselfde nl. die Christusregering deur sy Woord en Gees. Daarmee is die binding van die gesag bo alle twyfel gestel. Wat onderskei moet word, is die gesagsterrein soos dit met betrekking tot die plaaslike kerk en die vergaderinge van die kerkverband nl. ring en sinode, in die Kerkorde as gemeenskaplike akkoord ooreengekom is.

9. TERMINOLOGIE

9.1 Teen hierdie tyd behoort dit deurgedring het dat die APK nie 'n replika of voortsetting is van enige ander bestaande kerkformasie of kerkinstituut nie. Gevolglik is ons voor die uitdaging gestel om ons gebruik van begrippe in ooreenstemming te bring met wat in paragrafe 7 en 8 hierbo gesê is, soos dit ook in die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls neerslag vind.

9.2 Begrippe wat ter sprake kom vir die doeleindes van hierdie verslag is: kerk(e), kerkverband, gemeente(s). In die algemene spreektaal word die begrippe kerk en kerkverband meermale gebruik asof hulle betekenis identies is. Die woord "gemeente" het ook feitlik ingeburger geraak as 'n aanduiding van die plaaslike kerk. Dikwels word gevolglik aan kerkverband gedink as 'n selfstandige heilsinstituut wat, sonder meer, met die term kerk beskrywe word en dat die plaaslike kerke (gemeentes) slegs noodsaaklike onderdele of takke verteenwoordig.

9.3 Die terme kerk en kerke, gemeente en gemeentes, kerkverband en kerkformasie het 'n

lang geskiedenis, het ingeburger geraak en nuwe terme sal waarskynlik net meer verwarring skep. Probleme om die gebruik van hierdie terme suiwer te hou in ooreenstemming met beginsels in paragrawe 7 en 8, noop ons tot die dissipline om voortdurend seker te maak wat ons bedoel, wanneer hierdie terme gebruik word.

9.4 Daar is vandag allerlei kerkformasies, kerkverbande en plaaslike kerke (gemeentes) wat nie onder 'n eenheidsbegrip tuisgebring kan word nie, omrede die enigste eenheidsbegrip wat die totaliteit omvat, die een Kerk van Christus (universele kerk) is en hierdie Kerk is alleen aan Christus self in sy omvang en diepte bekend. Aangesien die plaaslike kerk die enigste sigbare en kompleete kerk van Christus is, moet aan kerkformasie en kerkverband in terme van geestelike gemeenskap gedink word. As 'n uitdrukking van hierdie geestelike gemeenskap groepeer selfstandige plaaslike kerke (gemeentes) rondom Skrif en Belydenis, stem ooreen ten opsigte van gemeenskaplike sake in hulle kerkwees deur 'n gemeenskaplike akkoord (Kerkorde) en so het die APK sy kerkverband gevorm in die Gereformeerde-Protestantse kerktradisie.

9.5 Die term "gemeenskaplike akkoord" blyk na deeglike oorweging die geskikste term te wees om die Kerkorde te beskryf as konkrete uitdrukking van die eenheid in kerkverband. Die Kerkorde, soos ook die naam van die kerke in kerkverband, is nog altyd mense-werk, en gevolglik is 'n gelaaide Bybelse begrip soos verbond nie aan te beveel nie.

10. AANBEVELINGS

Om sy opdrag af te handel word die volgende aanbevelings eenparig deur die Ad hoc-kommissie vir goedkeuring deur die Sinode voorgestel.

10.1 Die Sinode besluit die naam van die APK soos vasgestel op die Sinode 1987 bly onver-

anderd soos dit ook op die voorblad van die Kerkordeboekie 1991, verskyn. (Let wel: Die enkelvoud hier bedoel om die versamelnaam van die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband te wees en beteken nie dat die kerkverband gelyk is aan 'n nuwe struktuur oorkoepelend oor die plaaslike kerke nie. So kan daar bv. nie gepraat word van lidmaatskap van die APK nie, maar wel van lidmaatskap van bv. die APK Bloemfontein).

10.2 Die Sinode besluit artikel 1 van die Kerkorde word verdeel onder die begrippe Kerkverband en Belydenisgrondslag en word verder gewysig om soos volg te lees:

"1.1 Kerkverband

Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes) wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.

1.2 Belydenisgrondslag

1.2.1 Die Afrikaanse Protestantse Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618 – 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

1.2.2 Die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius word as historiese algemene belydenisskrifte aanvaar."

11. Die Kommissie beskou sy opdrag hiermee as afgehandel en bid die Sinode die Here se leiding en seën toe.

DS JJ VENTER (VOORSITTER)

DS AS VAN JAARVELD (SKRIBA)

Verslag: Ad hoc-Kommissie insake Susters se plaaslike aktiwiteite, prinsipieel en prakties

1. VIR KENNISNAME

1.1 Personeel

Dr. WA Burger, dr. CI van Heerden, dl. IA Brink, AS van Jaarsveld, JA du Plessis en JJ (Jurie) Venter.

1.2 Vergadering

Slegs een vergadering is gehou: op 10 Maart 1993. Dr. WA Burger was met verskoning afwesig.

1.3 Opdrag

(Art. 157.3.2, bl. 370, in Acta van Sinode 1991.) "Dat susters se plaaslike aktiwiteite binne hulle eie gemeentes, prinsipieel en prakties, vir bestudering en advies aan kerkrade verwys word na 'n Ad hoc-kommissie bestaande uit dr. WA Burger, ds. IA Brink, ds. AS van Jaarsveld, ds. JA du Plessis, dr. CI van Heerden en ds. JJ Venter, wat aan die volgende Sinode verslag moet doen. Hierdie kommissie moet ook aandag gee aan daardie gedeeltes van dr. WA Burger se mosie wat verdere aandag benodig."

1.4 Uitvoering van opdrag

1.4.1 Sommige lede van die kommissie het hulle ontsteltenis uitgespreek oor die volgende:

1.4.1.1 Sonder dat hulle enige opdrag daartoe gehad het, het die Sinodale Kommissie vir Gemeentelike Bediening (in samewerking met die reëlingskomitee van die 1992-Susterskonferensie) 'n "Konsep Handleiding vir Susterswerk-saamhede in die Afrikaanse Protestantse Kerk" opgestel.

1.4.1.2 In die Voorwoord daarvan sê die Voor-sitter van genoemde KGB dat die konsep-handleiding "poog om twee sake te koördineer, nl. die besluite van die 1991-Sinode in verband met die kerkregtelike plek van die susters se werksaamhede in die plaaslike kerk (gemeente) en die kerke in verband; asook die dringende behoefte van susters om hulself ordelik binne die plaaslike gemeente te organiseer (soos aanbeveel deur die 1991-Susterskonferensie)."

1.4.1.3 Hoewel die Konsep-Handleiding die *Sinodale Opdrag* van die *Ad hoc*-kommissie

aanhaal (soos in punt 1.3 hierbo gestel), praat die KGB sy eie optrede goed deur dit te probeer dek met sy eie lasgewing (KO 1991, bl. 112):

"5. gee leiding aan kerkrade t.o.v. gesamentlike versorging met die oog op die bereiking van die Skriftuurlike doel van die gelowige, nl. die verheerliking van God.

Hierdie leiding geskied o.a. ten opsigte van:

- die opbouing van die gelowige in sy verhouding tot God en naaste;
- toerusting van die besondere ampte in hul roeping om die gemeente toe te rus;
- toerusting van die amp van die gelowiges in hul roeping tot dienslewering in diens van God . . ."

Hierdie lasgewing bring die KGB tot dié gevolgtrekking dat ook die toerusting van die susters vir hulle gemeentelike dienswerk volledig op die terrein van die KGB lê: ". . . net só gee hierdie kommissie aandag aan die toerusting van die susters op plaaslike en nasionale vlak binne die raamwerk van die sinodale besluite vir die uitvoering van hulle taak binne die gemeente." (Kyk Konsep-Handleiding, bl. 5, punt 1.3.)

1.4.1.4 Die KGB het klaarblyklik die volgende algemene lasgewinge – wat vir alle sinodale kommissies geld – misgekyk of foutiewelik geïnterpreteer (KO 1991, bl. 107 e.v.):

- "1.1 Die Kommissie ontvang slegs opdragte van 'n sinode van die AP Kerk.
- 2.1 Die Kommissie mag advies aanbied aan ander kommissies . . . indien daartoe versoek . . .
- 4.4 Die Kommissie is gebind aan: . . . vorige sinodebesluite.
- 7.3 Indien die Kommissie oordeel dat 'n beskrywingspunt by 'n ander kommissie tui shoort, verwys hy dit direk na daardie kommissie . . ."

(Terloops, geld dié bepaling, wat 'n *beskrywingspunt* betref, nie ook 'n *opdrag* nie?!)

1.4.1.5 Dit is vreemd dat die KGB spoedeisend op die *aanbeveling* van die 1991-Susterskonferensie reageer, maar die eksplisiete *opdrag* van die 1991-Sinode aan die Ad hoc-kommissie

oor die hoof sien. Die vreemdste is egter dat die KGB genoemde opdrag sommer oorneem!

1.4.2 Die hele Ad hoc-kommissie het groot waardering vir die werkstuk wat die KGB voltooi het (die Konsep-Handleiding), maar voel dat die KGB buite sy mandaat opgetree en hom aan ernstige kritiek blootgestel het.

1.4.3 Die kommissie gaan akkoord met feitlik die totale inhoud van die Konsep-Handleiding en sal probeer reël dat elke afgevaardigde na die Sinode 'n kopie daarvan onder oë kry (indien dit nie reeds deel uitmaak van die KGB se verslag aan die Sinode nie).

1.4.4 Die kommissie is van oordeel dat alle aspekte van dr. WA Burger se mosie deur die Konsep-Handleiding gedek is.

1.4.5 Ds. JA du Plessis het sy teenstem laat notuleer teen sekere aanbevelings van u kommissie en het toestemming ontvang om sy standpunt daaromtrent aan die Sinode te stel.

2. VIR GOEDKEURING

Die Sinode besluit:

2.1 Dat die Ad hoc-kommissie alle rede het om ontsteld te voel oor die optrede van die KGB betreffende hierdie hele aangeleentheid; om sonder enige magtiging die Ad hoc-kommissie se opdrag oor te neem.

2.2 Dat die KGB op uitnemende wyse die susters se behoeftes geïdentifiseer het, dog ongetwyfeld buite sy mandaat opgetree het, soos aangetoon in pt. 1.4.1.1 – 1.4.1.5 van hierdie verslag.

2.3 Dat die hele punt 1.3 van die Konsep-Handleiding in botsing is met KO art. 26.2, soos verder uitgebou in KO art. 49.1 en 49.2, en dus geskrap moet word uit die Konsep-Handleiding. (Art. 49.1 en 2 lui: “Die kerkraad moet lidmate van die gemeente toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees t.o.v. die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God.”)

Sodanige diens moet egter altyd geskied met verantwoording aan die kerkraad.”

KO Art. 26.2 lui: “’n Sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur ’n ring of kerkraad via ’n ring na hom verwys is, omdat dit nie deur die ring afgehandel kon word nie. Dieselfde geld vir ’n ring met betrekking tot ’n kerkraad.”)

2.4 Dat die hele kwessie van die susters se plaaslike aktiwiteite op die terrein van die plaaslike kerk (kerkraad) lê.

2.5 Dat die Konsep-Handleiding, soos deur die KGB gepubliseer, as basiese riglyne by kerk-

rade aanbeveel word vir gebruik en toepassing deur die gemeentesusters, met uitsondering/wysiging van die volgende:

2.5.1 Punt 1.3 daarvan: word heeltemal geskrap.

2.5.2 Punt 2.1 daarvan: is onnodig en word weggelaat.

2.5.3 Punt 2.2.2.2 se derde paragraaf word gewysig om só te lees: “kontroleer die susters-werksaamhede se fondse en lewer gereeld verslag aan die susters tot bevrediging van die kerkraad”; (ou lesing: “administreer die susterswerksaamhede se fondse en lewer gereeld verslag aan die susters sowel as aan die kerkraad”).

2.5.4 Punt 2.4 se tweede paragraaf word uitgebrei met die byvoeging: “Dit is wenslik dat alle fondse deur die gemeentekassier gehanteer word”.

2.5.5 By punt 2.4, onder opskrif “kermis/basaar”, word die woord “geesbou” vervang deur “onderlinge opbou”.

2.6 Dat die prinsipiële gedeelte betreffende die susters se werksaamhede genoegsaam deurgedink en omskryf is in Art. 157.3 van die Handeling van die 1991-Sinode, bl. 369 – 370, soos deur die Sinode goedgekeur as riglyne volgens Skrif, belydenis en Kerkorde.

2.7 Dat die praktiese gedeelte aangaande die susters se gemeentelike werksaamhede vervat word in punt 2.5 hierbo.

2.8 Dat die KGB die verantwoordelikheid sal neem t.o.v. landswye Susterskonferensies om sake wat daaruit voortspruit, af te handel of tot uitvoer te bring – moontlik d.m.v. ’n afgevaardigde of twee wat die KGB na elke Susterskonferensie stuur – in samewerking met die uitredende voorsitter, sekretaresse en reëlingskomitee.

2.9 Dat die lasgewing van die KGB gewysig word – deur die Tydelike KKS in samewerking met die Tydelike KGB – ten einde die skakeling van die Susterskonferensie met die kerke in kerkverband kerkordelik te reël.

3. SLOT

Die Ad hoc-kommissie vertrou dat hierdie enkele aanbevelings ’n sinvolle bydrae daartoe sal lewer dat die “Konsep-Handleiding” met groot vrug en tot seën vir elke gemeente gebruik sal kan word.

U broeders in die Here

JA DU PLESSIS (VOORSITTER)

JJ VENTER (SKRIBA)

